AFRIKAANSE LITERATUURGESKIEDENIS

DEUR

DR. G. DEKKER



AFRIKAANSE LITERATUURGESKIEDENIS

AFRIKAANSE LITERATUURGESKIEDENIS

DEUR

Dr. G. DEKKER

Professor in die Afrikaanse Letterkunde aan die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys.

NASIONALE PERS, BEPERK, Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria

1935

666/0530

NASIONALE PERS, BEPERK
KAAPSTAD

VOORWOORD.

Hierdie werk, geskrywe op versoek van die Nasionale Pers Bpk., is 'n poging om te voorsien in die reeds geruime tyd sterk gevoelde behoefte aan 'n samevattende literatuurgeskiedenis wat op die Middelbare Skool gebruik kan word. Ek wil hiermee my verpligtinge betuig aan die werke in die Bibliografie genoem, veral aan die uitvoerige geskiedenis van ons Poësie en van ons Prosa deur Drs. E. C. Pienaar en P. C. Schoonees onderskeidelik.

DIE SKRYWER.

Potchefstroom,
19 Sept. 1934.

INHOUD.

bladsy

Voorwoord

HOOFSTUK I: Inleiding 1

§ 1. Nederlandse geskrifte in S.A. ontstaan 1
§ 2. Die Afrikaanse taal 3
§ 3. Vroegste geskrifte in Afrikaans 5

HOOFSTUK II: Die Eerste Afrikaanse Beweging 8

§ 1. Algemene toestande 8
§ 2. Eerste roering 10
§ 3. Oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners. Karakter en strewe 11
§ 4. *Die Patriot* 15
§ 5. Verdere geskiedenis van *Die Patriot* 17
§ 6. Taalstryd van *Die Patriot* 18
§ 7. Ander uitgawes van die Genootskap 19
§ 8. Die houding van die Genootskappers teenoor Nederlands 21
§ 9. Verdere geskiedenis van die Beweging 22
§ 10. Die Eerste Beweging en die Bybelvertaling 23
§ 11. Kort aantekeninge oor 'n paar van die vernaamste figure 24
§ 12. Algemene karakteristiek van die letterkundige produksie van die Eerste Beweging 30
§ 13. Taalopvatting en -gebruik van die Genootskappers 34

HOOFSTUK III: Die Tweede Afrikaanse Beweging 36

§ 1. Dood van die Eerste Beweging 36
§ 2. Algemene toestand 36
§ 3. De Waal en *De Goede Hoop* 39
§ 4. Preller se manifes. Die A.T.G. 40
§ 5. In Kaapland 44
§ 6. Verdere vooruitgang. Die skool en die universiteite .. 45
§ 7. Die Kerk. Bybelvertaling 48
§ 8. Die tydskrifte 50
§ 9. Natal en die taalstryd 51
§ 10. Die volle erkenning van Afrikaans 52
§ 11. Verband tussen die Eerste en die Tweede Beweging. Verskil 53

bladsy

HOOFSTUK IV: Die Poësie van die Tweede Beweging 56

§ 1. Kommando-versies 56
§ 2. Eerste klanke. E. N. Marais 57
§ 3. Die Driemanskap 59
Algemene karakteristiek 59
Celliers 60
Totius 70
Leipoldt 80
§ 4. Die tweede groep van die eerste geslag 88
Langenhoven 88
Joubert 94
Visser 95
D. F. Malherbe 102
§ 5. Die Jongeres 107
Algemene karakteristiek 107
Keet 109
Fagan 110
Wassenaar 110
F. v. d. Heever 111
Kleinjan 115
Ander digters 117
C. M. v. d. Heever 118
Louw 120

HOOFSTUK V: Die Prosa 122

Inleiding 122
§ 1. Intrigeroman en Vertelkuns 124
Algemene karakteristiek 124
De Waal 125
Joubert Reitz, e.a. 127
Die Spookstorie—Van Reenen, Marais, Leipoldt 129
Grosskopf, Serfontein, Kamp 133
§ 2. Didaktiek 133
Von Wielligh 133
Langenhoven 136
§ 3. Mensbeelding 150
D. F. Malherbe 151
J. R. L. van Bruggen, Fichardt 155
Jochem van Bruggen, e.a. 156
Vroueskryfsters, e.a. 157
C. M. v. d. Heever 158
Van Melle 160

bladsy

§ 4. Realisme 160
Inleiding 160
Lub 162
Maré 162
Jochem van Bruggen 163
Marie Linde 171
De Roubaix 172
Jonker 172
Kruger, Coetzee, Mostert, Mikro 174
§ 5. Die Dierverhaal 175
Inleiding 175
A. Stories. Von Wielligh, e.a. 176
B. Uitbeelding 177
Sangiro 177
Die Hobsons 180
Schoeman 182
§ 6. Geskiedkundige Prosa 182
Inleiding 182
Preller 183
Biografieë 186
Belangrike tydperke 188
Persoonlike herinneringe 189
Satire en didaktiek 189

HOOFSTUK VI: Die Drama 191

§ 1. Die toneel 191
§ 2. Die drama. Wese en algemene peil 193
§ 3. Historiese dramas 196
§ 4. Bybelse dramas 197
§ 5. Klugte en blyspele 197
§ 6. Dramas uit die daaglikse lewe 199
§ 7. Verafrikaansing van buitelandse dramas en dramatisering van romans 201
§ 8. Leipoldt en Grosskopf 202

HOOFSTUK VII: Die Letterkundige Kritiek 206

Bibliografie 209

HOOFSTUK I.

INLEIDING.

§1. Nederlandse geskrifte in S.A. ontstaan.

Dit lê voor die hand dat ons as begindatum van ons letterkunde vasstel die jaar 1652, toe Johan van Riebeeck die Hollandse nedersetting aan die Kaap gestig het waaruit in die loop van 'n paar eeue 'n nuwe volk gegroei het. Dan bestaan ons letterkunde nie alleen uit geskrifte in Afrikaans nie maar ook uit geskrifte in Nederlands, die taal wat tot betreklik kort gelede die Hollandssprekende Afrikaner se kultuurtaal was. Hierdie literatuurgeskiedenis behandel die skriftelike uitinge in Afrikaans, maar ons moet kortliks stilstaan by die werke wat in Nederlands geskryf is. Die meeste daarvan is natuurlik nog nie die uiting van wat ons as die Afrikaanse volksiel sou kan bestempel nie — daarom behandel ons hulle slegs beknop en afsonderlik. **Ons letterkunde begin in 1652.**

Die eerste geskrifte wat aan die Kaap ontstaan het, is die werk van Nederlanders en gee 'n interessante beeld van ons voorouers. Dis die dagregisters wat die amptenare in opdrag van die Kompanjie moes hou. Besonder waardevol is die Dagverhaal van Jan van Riebeeck, wat hy reeds by sy vertrek uit Nederland in 1651 begin het. Hoewel dit 'n offisiële stuk is, tref dit deur dieselfde eienskappe wat so kenmerkend is van die Nederlandse reisbeskrywinge en skeepsjoernale (óok offisiële stukke) van die sewentiende eeu: die eenvoud en trouhartigheid, die aksent van waarheid waarmee die skrywer, tussen dorre weerberigte en ander mededelinge in, van die moeilikhede en ontberinge, die stryd teen die klimaat, wilde diere en verraderlike inboorlinge vertel, die romantiek van al die nuwe en wonderbaarlike, die rake tipering en gemoedelike spot wat getuig van 'n skerp mensekennis. In hierdie ou dagboek klink telkens die stem van 'n mens op, hoe onbeholpe die styl dikwels ook mag **Dagverhaal van Jan van Riebeeck.**

wees. Orals vind ons die gegewens van die ewig-menslike drama. Bekend is die figure van die sluwe Hottentotte Herry en Eva, wat hier geteken word.

Reisverhale.

Die reeks dagregisters loop deur tot 1795; daarin is ook opgeneem die reisverhale van ontdekkingsreisigers na die binnelande en om die kus. Van belang is hier veral die rapporte van die onvermoeide reisiger Pieter van Meerhoff.

Dagregister van Adam Tas.

'n Volgende werk van betekenis is die Dagregister van Adam Tas, waarin hierdie teëstander van Willem Adriaan van der Stel 'n kleurige beeld gee van die lewe van sy tyd, van die lewensgewoontes en geselligheid, van die kerklike toestande, van die verhouding tussen die vryburgers en die amptenare, bowenal ook van homself. Van belang is ook veral dat Tas hier nie as amptenaar skryf nie, maar uit eie inisiatief en as burger wat ook die sake bekyk vanuit die oogpunt van iemand wat reeds begin besef dat die belang van die moederland en die van die vryburgers nie altyd dieselfde is nie. Deur sy frisse, losse styl, sy rake spot met en tipering van sy tydgenote, veral ook deur die onbewuste self-openbaring is Tas se dagboek 'n menslike dokument, wat ons vandag nog boei, amuseer en ontroer.

18de Eeu.

Gedurende die agtiende eeu is daar tal van geskrifte gepubliseer, gedigte, reisverhale, briewe, dramas, selfs 'n roman in briewe, wat die kultuurhistorikus sal interesseer omdat hy daarin kan naspeur hoe die golfslae van die Europese geesteslewe hier aan ons Suiderstrand verrimpel. Vir ons is hulle van weinig belang — hulle mag uiting gee aan die gees van die Kaapse samelewing, 'n volksiel vertolk hulle nog nie, en die letterkundige waarde is uiters gering.

Voortrekkersgeskrifte.

Die eerste blyke in die letterkunde dat uit die eeuelange worsteling met die natuur en die inboorlinge, uit die politieke verdrukking en stryd 'n nuwe volk groei, is die geskrifte waarin Voortrekkers hulle wederwaardighede opgeteken het.

Dagboek van Louis Trigardt.

Die belangrikste hiervan is ongetwyfeld die Dagboek van Louis Trigardt. Ver van die beskawing, te midde van die barbare, het hierdie onverskrokke trekker sy dagverhaal van die heroïese tog geskrywe vir die plesier van sy vrou en uit onbewuste skryflus. Hoe sober en treffend, so amper

sonder 'n besef van eie heldedaad, word hier die grootse worsteling beskrywe. Wat 'n onbewuste humor in 'n skrywer wat temidde van al die gevare en ontberinge sy trekgenote so fyn kon waarneem en met soveel mensekennis kon teken in hulle tipiese eienaardighede en gebreke. Trigardt beskik oor 'n eenvoudige, pittige styl, die styl van die man wat sy stryd stry in die praktiese lewe. Dr. Conradie sê daarvan: ,,Die ontroerende skoonheid van hierdie verhaal, die Ilias van lyding, word verhoog en verdiep deur die eenvoud van taal en styl.'' En Preller, wat die dagboek uitgegee het: ,,vir 'n aankomende nasionale letterkunde ag ek die Dagboek van seer besondere waarde.''

Ook die Dagboek van Erasmus Smit, wat die ongeordende Trekker-predikant nagelaat het, die Journaal van sy teëstander, Sarel Cilliers, die vader van Dingaansdag, en die herinneringe van verskillende ander Trekkers bevat bladsye wat ons vandag nog ontroer deur hulle menslikheid.[1]) Erasmus Smit. Sarel Cilliers.

Die Hollandse geskrifte wat na hierdie tyd ontstaan, is letterkundig en kultuurhistories van veel minder betekenis en kan in hierdie beknopte oorsig nie behandel word nie.

§2. Die Afrikaanse Taal.

Saam met die Nederlandse (Noord-Nederlandse) en die Vlaamse (Suid-Nederlandse) volke behoort die Hollands-Afrikaanse volk tot die Dietse stam. Die naam ,,Diets'' is oorspronklik in die Middeleeue gebruik vir die volkstaal wat gepraat is in die ,,Nederlande'', d.w.s. die geweste langs die kusstreek wat vandag die grootste deel uitmaak van die koninkryke Nederland en België (DIET=volk). Die Dietse Stam.

Die Afrikaanse volk stam hoofsaaklik van die Noord-Nederlanders af, wat van 1652-1806 die besitters van die Kaap was. Die Nederlandse element is egter sterk vermeng met ander Wes-Europese volke, hoofsaaklik Franse en Duitsers.

Ook die Afrikaanse taal is nou verwant aan die Nederlandse — dis 'n dogter van die sewentiende-eeuse Nederlands. Tog Verskil tussen Nederlands en Afrikaans.

---

[1]) Vgl. verder oor Preller se uitgawe daarvan, Hoofstuk V, §6.

is daar opmerklike verskille tussen Nederlands en Afrikaans, baie groter as tussen Nederlands en Vlaams. Die twee tale verskil in woordeskat en woordbetekenis, in idioom en sinsbou, maar die groot verskil lê hierin, dat Afrikaans veel meer is wat ons noem 'n GEDEFLEKTEERDE taal. Laat ons dit verduidelik. In Nederlands word die werkwoord ,,nemen'' in die teenwoordige tyd as volg vervoeg: ik NEEM, jij NEEMT, hij NEEMT, wij NEMEN, jullie NEEMT, zij NEMEN. Vir al hierdie vorme het Afrikaans slegs: NEEM. Verder vorm in Nederlands, soos in al die Germaanse tale, tal van werkwoorde (die ,,sterke'') die verlede tyd en die verlede deelwoord deur wisseling van stamvokaal (ablaut): ik n a m, genomen. Hierdie verskynsel het in Afrikaans byna heeltemal verdwyn; dit bestaan nog slegs in 'n paar vorme: was, mog, had, werd, wis. Afrikaans gebruik óf, by lewendige vertelling, die teenwoordige tyd (ek NEEM), óf die voltooide tyd (ek het GENEEM). Ook in laasgenoemde vorm ontbreek die klankwisseling — Nederlands sou wees: Ik heb GENOMEN. Die ablautsvorm van die verlede deelwoord word in Afrikaans in hoofsaak nog slegs in oordragtelike betekenis gebruik: ,,gebroke hart'' naas ,,gebreekte mielies''. Ook die uitgang -DE of -TE vir die vorming van die verlede tyd van die ,,swak'' werkwoorde bestaan nie meer in Afrikaans nie. So is ook die meervoudsuitgang -EN, wat die Nederlandse skryftaal nog handhaaf, in Afrikaans afgeslyt tot -E, afgesien van die tallose gevalle waar Afrikaans die meervoud vorm deur -S. Naamvalsaanduiding deur buigingsuitgang, wat in Nederlands nog bestaan, het in Afrikaans verdwyn; ons gebruik daarvoor voorsetsels: Nederl. ,,JANS hoed'' word Afr. ,,Jan SE hoed''; deftige Nederlands ,,ik heb het den man gegeven'', ,,geeft Gode dat Gods is'', word in Afr.: ek het dit VIR die man gegee'', ,,gee AAN God wat VAN God is''. Vir die Nederlandse lidwoorde ,,de'' (manlik en vroulik) en ,,het'' (onsydig) besit Afrikaans slegs ,,die''. Om dit kort te sê: Afrikaans gee baie die indruk van 'n eenvoudiger, korter Nederlands.

Defleksie.

Al jare lank probeer die taalgeleerdes 'n verklaring vir die ontstaan van hierdie duidelike verskil te vind. Ons kan hier natuurlik nie op al die teorieë ingaan nie. Die verskil is toegeskryf aan die invloed wat Maleis-Portugees, Hottentots,

Oorsake van ontstaan van Afrikaans.

Frans op die Nederlands van die eerste koloniste gehad het. Dis tans wel duidelik dat ons die oorsake veral in die volgende faktore moet soek:

a. Die natuurlike ontwikkeling in die rigting van defleksie wat alle Germaanse tale deurmaak — dis b.v. duidelik merkbaar in Engels en, maar nie so ver gevorder nie, in Nederlands. Hierdie ontwikkeling is in Afrikaans besonder ver gevorder omdat remmende faktore soos die behoudende invloed van die skool, die skryftaal en 'n „algemeen beskaafd" die eerste tyd na die stigting van die Kaap nie werksaam was nie.

b. Die invloed van die kindertaal.

c. Die krom Nederlands van die vreemdelinge: Franse, Duitsers, Hottentotte, esv.

d. Die feit dat die eerste koloniste dialektiese Nederlands gepraat het.

Afrikaans en moderne Nederlands sustertale.

Ons kan dan ook met sekerheid konstateer dat Afrikaans ontwikkel het uit die Nederlandse dialekte wat vanaf 1652 aan die Kaap gepraat is. Afrikaans en Nederlands is dus sustertale en gaan altwee terug op die Nederlands van die sewentiende eeu. In sommige opsigte staan Afrikaans selfs nog nader aan daardie Nederlands van die sewentiende eeu as moderne Nederlands. Die taal, letterkunde en die kultuur in die algemeen van Nederland voor 1652 is dus die gemeenskaplike besit van die Nederlandse en die Afrikaanse volke, en ons kan met volle reg Vondel tot ons letterkunde reken. Om praktiese redes sal ons egter hierdie deel van ons geestelike skatte, wat uitvoerig in die Nederlandse literatuurgeskiedenisse behandel word, nie in ons beknopte oorsig van die Afrikaanse letterkunde opneem nie.

§3. Vroegste geskrifte in Afrikaans.

Vanaf die eerste volksplanting aan die Kaap in 1652 het die bogemelde faktore die ontwikkeling van Nederlands tot Afrikaans bevorder, en van ongeveer 1750 verskil die taalvorm wat aan die Kaap gepraat word, so sterk van die Nederlandse, dat dit 'n afsonderlike taal kan genoem word Hierdie taal was egter alleen 'n gesproke taal; die skryftaal en die enigste as beskaafd erkende spreektaal was Nederlands.

Selfs nadat die Kaap onder Britse bewind gekom het, het die Hollandssprekende koloniste alleen Nederlands as hulle moedertaal erken, en die spreektaal, wat ons vandag Afrikaans noem, beskou as 'n plat omgangstaal, ongeskik vir meer verhewe doeleindes.

Dis eers teen die laaste kwart van die negentiende eeu dat daar 'n besef ontstaan van die ongesonde toestand en dat die strewe opkom om die spreektaal te verhef tot skryftaal. Voor ons hierdie beweging, die Eerste Afrikaanse Beweging, behandel, moet ons eers 'n oomblik stilstaan by die vroegste geskrifte in Afrikaans.

Hierdie geskrifte nog nie ontstaan uit taalbewustheid nie.

Selfs nadat die Afrikaner hom nie meer Nederlander gevoel het nie, maar Afrikaner, was dit vir hom so moeilik om hom los te maak van die tradisionele skryftaal, Nederlands, dat die eerste geskrifte in sy spreektaal, Afrikaans, eers in die tweede kwart van die negentiende eeu ontstaan het. En selfs dán ontstaan hierdie geskrifte nie omdat die skrywers meen dat die spreektaal geskik is om as skryftaal te gebruik nie, maar uit ander motiewe: die skrywer is 'n vreemdeling wat dit interessant vind dat die spreektaal aan die Kaap so afwyk van Nederlands, en nou 'n staaltjie daarvan gee, óf hy skryf in Afrikaans met bybedoelinge wat niks te doen het met taalbewustheid nie.

Teenstra, 1825.

Die oudste geskrewe Afrikaans wat ons bekend is, is van 'n Groningse boer, TEENSTRA, wat om gesondheidsredes sy reis moes onderbreek en 'n paar maande aan die Kaap vertoef het. In sy boek DE VRUCHTEN MIJNER WERKSAAMHEID (1825), gee hy as staaltjie van die spreektaal wat hy daar gehoor het, 'n gesprekkie in Afrikaans.

Boniface, 1832.

In 1832 gee CHARLES ETIENNE BONIFACE, 'n gebore Fransman, wat 'n veelbewoë, avontuurlike lewe gelei het en hom in Suid-Afrika gevestig het, 'n hekeldrama uit, DE TEMPERANTISTEN, teen die voorstanders van die matigheidsbeweging; om die stuk boeiend te maak, las hy platkomiese dialoog in Hotnot-Afrikaans tussen Manus Kalfakter en Grietje Drilbouten in.

Kaatjie Kekkelbek. 1844.

Dieselfde vind ons in die in gemengde Hotnots-Afrikaans en Engels geskrewe stuk KAATJIE KEKKELBEK, OR LIFE AMONG THE HOTTENTOTS, wat waarskynlik in 1844 deur LAIDLER en REX geskrywe en in Grahamstad opgevoer is.

In dieselfde jaar skryf bogenoemde Boniface in DE NATALIER in 'n inleidingsartikel oor die eienaardige afwykinge tussen Nederlands en Afrikaans, en hy illustreer dit met 'n gesprek tussen 'n dorpenaar en 'n plaasboer.

Onder die eerste skrywers in Afrikaans moet ons veral noem Louis Henry Meurant, die seun van 'n Frans-Switserse vader en 'n Engelse moeder, wat egter in 'n Afrikaanse huisgesin opgroei. Gedurende die jare dat hy redakteur was van die Grahamstadse Hollandse weekblad Het Kaapsche Grensblad (1844-50) het daar in hierdie orgaan gedurig stukke in Afrikaans verskyn : samesprake en briewe oor die gebeurtenisse van die dag, die politiek, die verengelsing esv. 'n Aantal van hierdie stukke het hy klaarblyklik self geskrywe.

Meurant.

Het Kaapsche Grensblad.

Die belangrikste van hierdie eerste publikasies in Afrikaans is egter Meurant se politieke pamflet van 1861 oor die kwessie van die politieke afskeiding van die Oostelike Provinsie: ZAMENSPRAAK TUSSCHEN KLAAS WAARZEGGER EN JAN TWIJFELAAR OVER HET ONDERWERP VAN AFSCHEIDING TUSSCHEN DE OOSTELIJKE EN WESTELIJKE PROVINCIE. Hierdie samespraak, wat oorspronklik in „The Cradock News" (1860) verskyn het, is geskryf in die pittige, frisse taal van die boer en oor 'n aktuele onderwerp. Ook hier egter was die gebruik van Afrikaans slegs middel, al blyk daaruit dat die skrywer besef het dat hy die boer beter kan bereik deur in sy eie taal te skrywe. Meurant se stuk het blykbaar opgang gemaak; hy is dadelik nagevolg, sodat orals „Klaas Waarzeggers" opstaan, en na 1860 vind ons telkens die gebruik van Afrikaans in die pers, nie alleen in briewe en samesprake nie, maar ook in rympies. In 1861 het daar blykbaar selfs 'n bundel kindergediggies in Afrikaans verskyn van die hand van 'n „Kaapschen Boer". In 1870 verskyn REITZ se bekende KLAAS GEZWINT ZIJN PAERT in „Het Volksblad".

Zamenspraak.... 1861.

Reitz.

Ons herhaal : hierdie eerste skrywers skryf OOR Afrikaans as 'n interessant verskynsel of IN Afrikaans om hulle stof boeiend te maak of komies te kleur, maar (met uitsondering van 'n enkele rympiesdigter soos Reitz miskien) nie omdat hulle die behoefte voel om hulle eie nasionale spreektaal as skryftaal te gebruik nie.

Hoofstuk II.

DE EERSTE AFRIKAANSE BEWEGING.

§1. Algemene toestande.

Aangesien sowel die eerste as die tweede oplewing veel meer was as 'n blote taalbeweging, gebruik ons liewer die algemene benaming: beweging.

Dit sal nodig wees om in 'n paar woorde die algemene toestande te skets waarin die Afrikaner teen die vierde kwart van die negentiende eeu verkeer het.

Ekonomies.

Ekonomies was hulle baie verskillend van die van vandag. Daar was geen uitvoerhandel na Europa nie, ook nog nie na die Noordelike Republieke nie, waar die goudvelde nog moes ontdek word en die diamantvelde nog maar kort gelede ontdek was. Daar was dus geen markte van betekenis nie en maar min handel. As ons hoor dat die enigste spoorweë die van Kaapstad na Wellington en na Kalkbaai was, kan ons ons 'n indruk van die toestande vorm.

Taal.

Wat sy taal betref, het die Afrikaner in verdrukking gelewe. Vanaf die finale oorgawe van die Kaap aan Engeland het die goewerneurs daarna gestrewe om die Kolonie in alle opsigte te verengels. Veral die taalbesluite van Lord Charles Somerset (vanaf 1822) is berug. Op alle terreine van die openbare lewe is Engels tot die enigste offisiële taal verklaar. Nederlands, wat die Hollandse koloniste nog as hulle moedertaal beskou het, is uit die goewermentskantore, uit die geregshowe, uit die goewermentskole verban. Ons het almal al verhale gehoor van die strawwe wat aan die skoolkinders opgelê is as hulle hul eie taal gepraat het! Selfs word 'n aantal Skotse predikante ingevoer en sterk pogings in die werk gestel om ook die Kerk te verower vir Engels — nie sonder 'n groot mate van sukses nie!

Taalbesluite van Lord Charles Somerset.

Ds. S J. du Toit.

En „'n onbekende, vergete versmaker", A. van der Hoop, slaak in 1857 in sy besorgdheid die versugting:

> Maar toch blijv' ons steeds 't Nederduitsch
> De taal, waar wij den Heer in smeeken,
> Het liefst en het vertrouwlijkst spreken
> In kerk en school, en in ons huis![1])

Langsame verengelsing.

Aanvanklik stuit die regering op hardnekkige verset by die koloniste, wat nog aan die Hollandse régime gewoond is. Privaat-skole word opgerig met Nederlands as voertaal. Maar die volgende geslagte kom hoe langer hoe meer onder die Engelse invloed, wat later so sterk word, dat die aanddienste in die Hollandse kerk in Engels gehou word om daarmee die jong mense, wat opgaan in die steeds toenemende mode om Engels te wil wees, in die kerk te hou.

Hierdie treurige stand van sake het „Oom Jan wat Versies maak" (C. P. Hoogenhout) raak geteken in sy oorbekende gediggie „Fooruitgang":

Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy siin en hoor;
In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal fermoor.
Ag, hoe word ons folk ferbaster, daartoe werk ons leeraars saam.
Hollans nog in sekere skole: is bedrog, 'n blote naam!
Wi hom ni laat anglisere, word geskolde en gesmaad.
Tot in Frystaat en Transfaal al, oweral diselfde kwaad.
„Dis fooruitgang!" roep di skreeuwers, „dis beskawing wat nou kom!
Di wat dit ni wil gelowe, di is ouderwets en dom . . . ."

Op die Platteland

So was die toestand in die stad en op die dorpe. Op die platteland was die bevolking egter nog trou aan sy taal en tradisies, en afkerig van die Engelse mode. Maar die boer was magteloos — sy invloed op die landsake was gelyk aan niks. Wel het die Kolonie sinds 1872 verantwoordelike selfbestuur gehad, maar die boer kon nie self aan die regering deelneem nie: die taal van die parlement was mos

[1]) Gesiteer deur Dr. E. Conradie, Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, I, Pretoria, 1934, bl. 298.

Engels! En daarom het hy óf nie gestem nie óf vreemdelinge en fortuinsoekers parlement-toe gestuur wat wel Engels ken maar geen hart vir die boer het nie.

Die Afrikaner het ingeslaap en was op die punt om sy nasionaliteit, sy karakter te verloor. Gelukkig: toe die nood op die hoogste was, was die redding naby en het 'n klein groepie manne die volk wakker geskud en tot 'n besef van die gevaar gebring.

§2. Eerste Roering.

Pannevis die Vader van die Afrikaanse Beweging.

Dis interessant dat die eerste man wat die reg en die noodsaaklikheid van die spreektaal as skryftaal, van Afrikaans as draer van die Afrikaanse kultuur, ingesien het, 'n Nederlander was: Arnoldus Pannevis (1838-84). Hierdie deeglik onderlegde klassikus, met sy groot kennis van die moderne Europese tale, het in 1866 in Kaapstad aangekom. Dadelik het dit hom getref dat die spreektaal van die bevolking so sterk verskil van Nederlands. Hy het 'n betrekking aanvaar as leraar in die klassieke tale aan die Paarlse Gymnasium, die stigting van Ds. van der Lingen. Hier was o.a. Ds. S. J. du Toit een van sy leerlinge, op wie hy 'n groot invloed uitgeoefen het. Dadelik het Pannevis die bestaansreg van Afrikaans as afsonderlike taal besef en bepleit, maar dit het 'n hele paar jare geduur voor sy woorde weerklank gevind het.

Op 7 Sept. 1872 publiseer hy in die mees gelese Hollandse koerant aan die Kaap, De Zuid-Afrikaan, 'n brief oor De Bijbel in het Afrikaansch. Sy pleidooi vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling het heelwat korrespondensie in hierdie blad uitgelok. Hier het ons die eerste openbaring van die nuwe beweging, en Pannevis word tereg die vader van die Eerste Afrikaanse Beweging genoem.

Hoogenhout.

In 1873 publiseer C. P. Hoogenhout, ook 'n Nederlander, die eerste doelbewus in Afrikaans geskrewe boek: Die Geskiedenis van Josef voor Afirkaanse Kinders en Huissouwens, in hulle eige taal geskrijwe deur een Vrind. Besonder interessant is die verwysing op die titelblad na Korinte XIV: 6, waaruit die doelbewustheid van hierdie eerste publikasie blyk. In die „besluit" word die kinders

ook gevra om in hulle gebede „onse liewe Heer te vra dat die Bijbel tog vertaal mag worde in die Afrikaanse taal."

Hoogenhout was 'n onderwyser en 'n vriend en privaat-leerling van Pannevis. Op aansporing van sy leermeester stuur hy 'n vertaling in Afrikaans van Matteus 28 na „De Kerkbode" — dis natuurlik nie geplaas nie. Hier het ons waarskynlik die eerste proewe van Afrikaanse Bybelvertaling. Van hom is ook Gesprekke tussen Jan Vasvat en Neef Daantje Loslaat deur Klaas Waarzegger Jnr. in „De Zuid-Afrikaan" (1873), waarin hy die reg van die Oranje-Vrystaat op die Kimberleyse diamantvelde aantoon. Volgens sy eie verklaring het Hoogenhout onder invloed van Meurant se „Zamenspraak" van 1860 gestaan maar veral op aansporing van Pannevis geskrywe.

S. J. du Toit.

In Julie 1874 tree Pannevis se groot leerling, Ds. S. J. du Toit, in die strydperk. Onder die skuilnaam „Ware Afirkaander" skryf hy in „De Zuid-Afrikaan" 'n reeks briewe in Nederlands oor die Afrikaanse taal, wat hy op taalkundige en godsdienstige gronde verdedig. Klaas Waarzegger betuig sy instemming en vra hom om spelreëls op te stel, wat Du Toit doen, uitgaande van die grondstelling: „ons skryf soos ons praat." Hiermee begin die vrugbare saamwerking van hierdie twee manne vir die saak van Afrikaans.

Dr. Brill.

Belangrik is die lesing „De Landstaal" wat Dr. Brill, die rektor van die Grey-kollege, Bloemfontein, in Mei 1875 gehou het en waarin hierdie geleerde Nederlander op uiters simpatieke wyse en op wetenskaplike gronde aantoon dat Afrikaans geen veragtelike taal is nie — hy betoog selfs die moontlikheid van 'n groot toekoms vir hierdie taal.

§3. Oprigting van die G.R.A.-Karakter en -Strewe.

Aanleiding: Pannevis se brief aan die B.B.B.G

Die geskiedenis van die Afrikaanse Beweging is ten nouste verbonde met die strewe na 'n Bybelvertaling. Die voortvarende Pannevis het dit nie by sy brief in „De Zuid-Afrikaan" gelaat nie. Die 7de Nov. 1874 rig hy 'n brief, vermoedelik in samewerking met Hoogenhout opgetrek, aan

die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap waarin hy die behoefte aan 'n Afrikaanse Bybelvertaling betoog en Ds. S. J. du Toit, sonder sy medewete, aanbeveel as vertaler. Pannevis was nie taktvol nie, want hy noem Afrikaans ,,een soort verbasterd Hollands,'' ,,(een) dialekt, gevormd gedeeltelijk door verwaarloozing van de moedertaal.'' Die Bybelgenootskap antwoord dan ook dat hulle nie geneë is om ,,brabbeltalen te bestendigen'' nie, maar hulle verwys die saak na hulle plaaslike verteenwoordiger, Ds. Morgan, wat dit aanhangig maak by 'n predikante-konferensie op Wellington (Julie 1875), waar dit afgekeur is. Toe tree Ds. Morgan in verbinding met Ds. du Toit, wat die saak bespreek met ander manne wat in beginsel voorstanders was. Die gevolg was 'n vergadering op die Paarl op 14 Aug. 1875. Hierdie vergadering het tot die besluit gekom dat 'n Afrikaanse Bybelvertaling gewens, selfs noodsaaklik is, maar dat die tyd nog nie ryp daarvoor is nie. Maar dit het nie by hierdie negatiewe resultaat gebly nie. Die groepie manne het besef dat dit hoog tyd was om die volk bewus te maak van die reg en noodsaaklikheid om sy miskende spreektaal te verhef tot die ereposisie wat dit toekom. As die volk eenmaal so ver was dat dit Afrikaans sou gebruik as skryftaal, sou die behoefte aan 'n Afrikaanse Bybel vanself kom. Die verskil tussen Pannevis en die ander voorstanders was dat Pannevis wou begin met die Bybelvertaling en dit ook wou gebruik as 'n wapen in die taalstryd, terwyl die ander die volk eers wou versoen met hulle eie taal as skryftaal. Laat ons egter reeds hier opmerk dat hulle darem nie met slappe hande bly sit het nie — nooit het hulle die doel wat hulle bymekaar gebring het, uit die oog verloor nie, en Ds. du Toit het sy lewe lank werksaam gebly aan die vertaling.

Genootskap van Regte Afrikaners.

Die vrug van hierdie gedenkwaardige samespreking was die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners[1]), wat dus as direkte aanleiding gehad het Pannevis se korrespondensie.

Die oprigters was C. P. Hoogenhout, onderwyser, D. F. du Toit (Oom Lokomotief), onderwyser, Ds. S. J. du Toit, A. Ahrbeck, teologiese student, S. G. du Toit, aspirant

[1]) „Afrikaanders" was dit oorspronklik.

onderwyser, en G. Malherbe, D. F. du Toit (Dokter), P. J. Malherbe, wynboere. Pannevis was nie aanwesig nie — moontlik uit teleurstelling omdat sy lieflingsidee deur die ander voorlopig nog nie uitvoerbaar beskou is nie. Op die derde vergadering het hy egter toegetree, maar in 1877 weer bedank om gesondheidsredes en moontlik ook weens verskil van insigte. Later het o.a. aangesluit Eerw. J. P. Dempers, J. W. van der Rijst, G. R. von Wielligh.

Eers op die tweede vergadering het die Genootskap sy naam, statute en huishoudelike reëls gekry — die opstel daarvan was aan 'n kommissie opgedra. Hierdie „Algemene" en „Aparte Bepalings" gee die gees van die Genootskap met 'n seldsame doelbewustheid weer. Ons haal 'n paar van die vernaamste aan: Statute.

II. Die doel van ons Genootskap is: Om te staan ver ons Taal, ons Nasie en ons Land.

IV. Op al onse vergaderings en in alle officiele stukke moet die Afrikaanse Taal gebruik word.

VII. Ider lid moet gelowe in die Versoeningsdood van onse Heer Jezus Christus.

IX. Ons eerste werk sal wees om alle maande 'n blad uit te gé, wat die naam sal dra van „Die Afrikaanse Patriot", in die vorm van 'n boekie van sestien (16) bladsy'e.

X. Van tyd tot tyd word daar prysvra'e uitgeskrywe.

XI. 'n Woordeboek en Spraakkuns gé ons uit so gou as mo'entlik, en verder ander skoolboekies.

XVII. Idere vergadering sal met gebed geopen en gesluit worde.

Hierdie beweging is nie bloot 'n taalbeweging nie, dit staan vir 'n veel grootser ideaal: vir ons Taal, ons Nasie en ons Land. Hierdie manne wil die volk ophef op elke gebied, hulle droom, soos ook duidelik blyk uit die wapen wat later deur G. R. von Wielligh ontwerp is, van 'n Verenigde Suid-Afrika. En hulle put hulle besieling en krag uit die Christelike geloof van die vadere (artikels VII en XVII). Hulle was eenvoudige manne, hulle het nie die intellektuele stande verteenwoordig nie, al was daar predikante en onderwysers onder hulle. Nie tot die hooggeleerdes en Ideale.

ontwikkeldes het hulle hul gewend nie, die was óf verengels óf te geheg aan hulle „moedertaal", Nederlands. Nee, tot die volk, soos dit nog op die platteland geleef en die bolwerk teen die uitheemse invloed gevorm het, het hulle hul gewend —daardie volk, die nog onbedorwe kern van die Afrikanernasie, wou hulle wakkerskud. En hulle het daardie volk geken, saam met hulle gelewe. Aan hierdie juiste insig en aan die taktvolle en konsekwente toepassing van hierdie beginsel is die sukses van die Genootskap te danke. Die „Dalse (Daljosefatse) boertjies" het reg gesien! Die Eerste Afrikaanse Beweging was 'n volksbeweging—alleen met hierdie waarheid as uitgangspunt kan die strewe en optrede van die groepie manne, waarvan Ds. S. J. du Toit die besielende leier was, tenvolle begryp en gewaardeer word.

Dit was 'n Volksbeweging.

Dis verrassend om te sien met hoeveel praktiese idealisme en gesonde beleid die manne van die begin af te werk gaan. Artikels IX, X en XI het reeds dadelik die rigting aangegee wat hulle gemeen het om te moet inslaan om hulle ideale te verwesenlik.

Praktiese idealisme.

Die eerste publikasie van die Genootskap was die bekende Afrikaanse Volkslied, die produk van die samewerking van Pannevis, Hoogenhout, D. F. en S. J. du Toit. Hierdie lied met sy ses strofes vertolk pragtig die ideale en strewe van hierdie manne, hulle godsdienssin: 'n Ieder nasie het sy Land, sy Taal, sy Wet, sy Reg, sy Tyd, om dan te eindig met die ontroerende verse:

Volkslied.

Want al die nasies het één God.
Hy re'el ider volk syn lot;
Hy het ver ider volk syn taal,
Syn land, syn reg, syn tyd, bepaal.
Wie dit verag sal Syn straf dra.
O God, beskerm Suid Afrika!

Is dit nie opmerklik nie dat juis hierdie gedig waarin die ideale en geloof uitgespreek word, behoort tot die min werklik ontroerde kuns wat die beweging opgelewer het?

Manifes.

Die volgende publikasie, wat netsoos „Die Volkslied" eers in „De Zuid-Afrikaan" verskyn het en daarna afsonderlik in pamfletvorm gedruk en versprei is, was 'n manifes met die

aanhef: „Die Genootskap van Regte Afrikaanders groet al hulle landgenote en wens hulle vrede", waarin in 'n pakkende styl die regte van Afrikaans bepleit word. Treffend is veral die forse slot:

> Mar daar is daarom drie soorte van Afrikaanders. Dit moet ons in die oog hou. Dar is Afrikaanders met Engelse harte. En daar is Afrikaanders met Hollanse harte. En dan is dar AFRIKAANDERS MET AFRIKAANSE HARTE. Die laaste noem ons REGTE AFRIKAANDERS, en die veral roep ons op om an ons kant te kom staan.
>
> En wat gaat ons maak? . . . . Regte Afrikaanders, ons roep julle op om same met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is wat onse Liewe Heere ver ons gege het; en om same met ons te staan ver ons taal deur dik en dun; en nie te rus nie vóór dat ons taal in alle opsigte algemeen erkend is as die volkstaal van ons land.

Hierdie joernaliste het die mag oor die woord besit.

§4. Die Patriot.

Dadelik is ook uitvoering gegee aan art. IX, en op 15 Jan. 1876 verskyn, met 'n pittige inleidingsartikel, die eerste uitgawe van die maandblad Die Afrikaanse Patriot, wat die orgaan van die Genootskap sou wees. Met hierdie blad tree die Genootskappers op as doelbewuste leiers van die volk. Dit blyk reeds dadelik uit die rubrieke.

Rubriekindeling.

> Inleiding. Hierin sal die redaksie leiding gee oor belangrike landsake.
>
> Afrikaanse Correspondensie. Die Afrikaner moet leer om sy eie opinie te laat hoor nou hy sy eie taal het. „Die grootste gros van ons nasie was tot nog toe so's 'n doofstomme gereken. Maar nou het hulle mos hulle taal om hulle in te uit!
>
> Afrikaanse Geskiedenis. Die Afrikaner, wat in die Engelse skole stelselmatig geleer is om hom te skaam vir sy geskiedenis, moet geleer word om trots te wees op sy verlede en belang te stel daarin.

Afrikaanse Gedigte. „Julle kan nou rym en dig dat dit nie maklik is nie. Jonge Afrikaanders! julle kan mos fluks rym! Stuur julle gedigte, kêrels! Stuur mar! En die wat foute maak, dis niks nie, ons sal hom reg help." So spoor die redaksie die leser aan — so ontstaan die ware poësie nie, maar wel skryf- en leeslus, en daár was dit hulle om te doen!

Afrikaanse Taalkennis. Die blad, wat as motto gedra het die vyfde gebod, wou liefde, eerbied, belangstelling opwek deur bespreking van die wese van die taal.

Een maandelikse o'ersig van die vernaamste nuus, waarin die lesers, wat tot nog toe nie veel gelees het en nie meegeleef het met hulle tyd nie, op hoogte gehou sou word van die vernaamste gebeurtenisse.

Vra'e en andwoorde. 'n Rubriek bedoel om die weetgierigheid op te wek en te bevredig.

Sowel die Genootskap as „Die Patriot" moes die grootste spot en verguising verdra. Die Genootskap moes selfs die name van sy lede geheim hou om hulle te beskerm teen die wraakmaatreëls van die teenstanders; predikante en onderwysers is bedreig met afsetting, skoolkinders met verjaging as hulle aan die beweging deelneem. Die gevolg van die gedwonge geheimhouding was weer dat die Genootskappers beskuldig is van vrymesselary, terwyl die Vrymesselaars juis nie hulle name geheim hou nie maar hulle dade! Dis dan ook te begrype dat die skrywers in „Die Patriot" almal onder skuilname geskryf het. Die Engelse pers wou die blad eers dood swyg, maar toe dit nie wou help nie, het hulle ook met growwe spot gekom. Die sterkste teenkanting het van die Nederlands-Afrikaanse pers gekom en van die intellektuele Afrikaners, wat in die beweging 'n bedreiging vir die voortbestaan van Nederlands in Suid-Afrika gesien het. Afrikaans is uitgemaak vir 'n „patois", 'n hotnotstaaltjie, „goed vir half-geleerde Grikwas", maar ongeskik vir hoëre geestesuiting. „Patterjots" was 'n uitgesogte skeldwoord vir alles wat plat is. Toe Ds. du Toit die predikante nie gespaar het nie, het die Kaapse Sinode hom

sterk uitgespreek teen die blad en selfs besluit om 'n pamflet daarteen te versprei. En hoofregter J. H. de Villiers het betoog dat Engels tog maar die toekomstige landstaal was.

§5. Verdere geskiedenis van Die Patriot.

Die redaksie-adres was voorlopig: ,,Oom Lokomotief, kantoor ,De Zuid-Afrikaan'." Die naam ,,Oom Lokomotief" was dus oorspronklik die skuilnaam waaragter die agtereenvolgende redakteurs hulle verskuil het: C. P. Hoogenhout, wat moes bedank om familie-onenigheid te voorkom, J. W. van der Rijst, M. L. Rousseau, en van 1878-92 D. F. du Toit, D.P.sn., wat die vaste bynaam van ,,Oom Lokomotief" gekry het. Aanvanklik was ,,Die Patriot" 'n maandblaadjie met 'n jaarlikse intekengeld van 5/-. Die eerste jaar was daar nouliks 50 intekenare, wat teen die middel van die tweede jaar al tot 662 gestyg het; toe het die blad 'n weekblad geword. Die eerste jare kon dit egter staande bly alleen deur die groot offervaardigheid van die lede van die Genootskap. In 1878 was die posisie so benard, dat Ds. du Toit, in 'n vlaag van mismoedigheid, sterk daarvoor gepleit het om 'n voorstel aan te neem om saam te werk met ,,Het Nederlandse Genootskap" wat sou opgerig word, en gesamelik ,,Die Patriot" in eenvoudige Nederlands uit te gee. Gelukkig is hierdie weg nie gevolg nie, veral ook deur die verset van D. F. du Toit, en is die moeilikheid opgelos deurdat 'n aantal vriende 'n beperkte maatskappy opgerig het wat die blad oorgeneem het. Hierna het die Genootskap meer op die agtergrond gekom en nie meer openlik opgetree nie. In 1878 was die aantal intekenare 950, in 1879: 1500, in 1880: 3000. Hierdie sukses was nie te danke aan die taal van ,,Die Patriot" nie, dit was selfs ten spyte daarvan en te danke aan die politieke rigting wat die blad voorgestaan het, die leiding wat dit aan die plattelandslesers gegee het in politieke sake. In kragtige taal, wat toon dat hier uitstekende joernaliste aan die woord was en manne van christelike beginsels, het die blad sy stem laat hoor met die Anneksasie van Transvaal en die Eerste Vrvheidsoorlog. En as Ds. du Toit in 1880 die magtige Afrikanerbond stig, wat die belange van die Afrikaner oor die hele Suid-Afrika en op elke

Politiek van die blad.

gebied wil bevorder, is „Die Patriot" die platform waarvan hy praat. Geen wonder dat die blad tot in Transvaal gelees is, die mees gelese blad in Suid-Afrika was nie. „De Volkstem", wat homself „geen bewonderaar van dat blad" noem en hom ook nie sodanig betoon het nie, skryf reeds in 1880: „schoon wij de taal verafschuwen waarin de Patriot geschreven is en vele der door haar geuite gevoelens veroordelen, kunnen we toch de oogen niet sluiten voor het feit dat zij een van de krachtigste faktoren is geweest om het volk van Zuid-Afrika een besef te doen krijgen van zijne politieke rechten en verantwoordelikheden." Na 1892 kom daar onenigheid tussen Ds. du Toit en die ander redaksielede, omdat eersgenoemde in sy politieke sienswyse so radikaal verander het, dat hy die politiek van Kruger bestry en die van Rhodes steun. Oom Lokomotief en Hoogenhout verlaat die blad, wat deur Ds. du Toit se politieke rigting sterk agteruitgaan. Hoewel dit nog tot 1904 'n kwynende bestaan voortsleep, het dit na 1892 nie veel invloed meer uitgeoefen nie. Net so min as die taal die oorsaak van „Die Patriot" se bloei was, net so min was dit die oorsaak van sy val. Wel het die ultra-fonetiese, onnodig van Nederlands afwykende, spelling wat Ds. du Toit later gevolg het, die Afrikaanse saak kwaad gedoen.

§6. Taalstryd van Die Patriot.

Ons moet nou egter terugkeer tot die taalstryd van „Die Patriot".

Ons het reeds gesien dat die insig wat die Genootskappers getoon het toe hulle die platteland as arbeidsterrein gekies het, bewondering afdwing. Die wyse waarop hulle hul program ten uitvoer bring, doen dit nie minder nie. Hierdie manne gee blyk van 'n diep insig in die mentaliteit van die volk en in sy behoeftes. Dit het ons reeds duidelik geword uit die rubriekindeling van „Die Patriot", wat daarop gerig was om by die eenvoudige Afrikaner die behoefte aan geestesvoedsel op te wek en om in daardie opgewekte behoefte te voorsien. In die inleidingsartikels het die redaksie leiding gegee in landsake — dit het die Afrikaner daartoe gebring om belang te stel in die politiek, om te besef dat hy die reg en die

roeping het om ook sy stem daaroor te laat hoor. Die belangrike ontwaking op politieke gebied wat tot uiting kom in die Afrikanerbond, is deur ,,Die Patriot'' voorberei. In die rubriek ,,Afrikaanse Korrespondensie'' word die Afrikaner aangespoor om na te dink oor land- en volksake en self sonder skroom sy opinie daaroor uit te spreek. In die rubriek ,,Afrikaanse Geskiedenis'' word hy gewys op die mooie en grootse in sy geskiedenis, sodat dit kan dien as 'n bron van besieling en as 'n middel om die volk te bring tot bewuswording van eie nasionaliteit. Die afdeling ,,Afrikaanse Gedigte'' was bedoel om hom aan die skryf te kry — in die vreemde Nederlands kon hy hom nie uit nie, maar in sy eie spreektaal het hy al gou die vrymoedigheid gekry, en die redaksie is oorstroom met rympies van min of geen letterkundige waarde maar van groot waarde in die proses van mondigwording en bewuswording. Die artikels oor taal het die lesers algemene begrippe oor die wese van taal probeer bybring en die bestaansreg van die Afrikaanse taal bepleit. Taal- en spelreëls is bespreek, woordelyste opgetrek.

Werklik, hierdie program van aksie verras ons deur die sielkundige insig, en dit het van die begin af 'n nou kontak en samewerking tussen redaksie en lesers bewerk. Die resultaat was dan ook dat die Afrikaner leer lees het, sodat ,,De Zuid-Afrikaan'' tot die verrassende ontdekking gekom het dat sy intekenaretal gestyg het met die bloei van ,,Die Patriot''.

§7. Ander uitgawes van die Genootskap.

Dieselfde praktiese insig blyk uit die ander uitgawes van die Genootskappers, waarvan ons kortliks die vernaamste bespreek.

In 1876 verskyn 'n Afrikaanse grammatika: Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal, waaraan Ds. du Toit die grootste aandeel gehad het. Hoewel dit duidelik blyk dat hier geen geskoolde vakman aan die woord is nie, getuig hierdie werk telkens van 'n goeie insig in die wese van taal. Binne 'n paar maande was die oplaag van 1000 uitverkoop. In 1882 het 'n tweede druk verskyn, en in 1897

is dit omgewerk tot die breëre Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels, waarvan in 1902 'n tweede, hersiene uitgawe verskyn het.

1877. Die Geskiedenis van ons land in die Taal van ons volk, 'n populêr geskrewe boek wat 'n teëwig moes vorm teen die eensydige Engelse geskiedenisboeke wat op die skole gebruik is. Die vernaamste bewerker was Ds. du Toit. Die oplaag van 500 was binne 'n paar maande uitverkoop. In 1895 verskyn 'n tweede uitgawe.

Besonder karakteristiek is 'n uitgawe wat in 1877 begin is, dadelik groot opgang gemaak het en lank voortgesit is: Die Afrikaanse Almanak, burgerlik en kerklik. Hier was nou 'n uitstekende middel om die publiek te bereik. Behalwe die gewone almanak-stof (kalender, gegewens omtrent die regeringe, die kerkgenootskappe, esv.) het dit interessante leesstukkies bevat, herdruk uit ,,Die Patriot''. Belangrik is ook dat hier die versies by die kalender nie soos in die ander almanakke Europees van gees was nie, maar aangepas het by Afrikaanse toestande en seisoene. Die Almanak van 1877 is die eerste publikasie waarop die deur G. R. von Wielligh ontworpe wapen van die Genootskap pryk.

1879. Catharina, die dogter van die advokaat, deur Klaas Waarzegger, Jr. (C. P. Hoogenhout), wat geskryf was vir 'n prysvraag van die Genootskap. Dis die eerste Afrikaanse novelle.

1878. 't Spel- en Leesboek vir Afrikaanse Kinders, deur Oom Willem (J. W. van der Rijst). Die Genootskappers het besef dat hulle die jonger geslag moes win. Ook hiervan was die oplaag van 1000 eksemplare binne twee maande uitverkoop. In 1884 is dit herdruk.

1880. Eerste Afrikaanse Printjies Boekie ver Soet Kinders, deur Jan wat versies maak (C. P. Hoogenhout). Dit het in 1885 'n tweede vermeerderde en verbeterde druk belewe. 'n Tweede prenteboekie het egter nie verskyn nie.

1880. Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver vrind en vyand uit publieke en private bronne, bewerk deur 'n lid van die Genootskap van Regte Afrikaners (Ds. S. J. du

Toit), oorgedruk uit „Die Patriot". Dis ons belangrikste bron vir ons kennis van die eerste jare van die beweging. Wat die werk veral so waardevol maak, is dat 'n aantal van die oorspronklike dokumente daarin afgedruk word, o.a. die „Gesprekke" van Klaas Waarzegger Jr., die korrespondensie tussen hom en Ware Afrikaander in „De Zuid-Afrikaan", Dr. Brill se lesing, Pannevis se brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. In 1909 het 'n tweede druk verskyn met 'n volledige lys van Afrikaanse en Nederlandse boeke uitgegee deur die Paarlse drukpers.

In 1878 verskyn Afrikaanse Gedigte, Eerste Versameling, oorgedruk uit „Die Patriot"; dit word gevolg deur 'n hele reeks dergelike versamelinge.

§8. Die houding van die Genootskappers teenoor Nederlands.

Dis Ds. du Toit en sy medestanders dikwels verwyt dat hulle vyandig gestaan het teenoor Nederlands. Geen verwyt kon onregverdiger wees nie, want die teenoorgestelde is waar. Hulle kon later met reg daarop roem dat hulle tot die kragtigste voorstanders behoort het van die uit die Parlement, die staatsdiens, die geregshowe en die skole gebanne Hollands. Ja, hulle kon selfs met regmatige trots beweer dat die oplewing van Hollands 'n regstreekse gevolg was van die Afrikaanse Beweging. En wanneer in 1881 die sinode, begin te ywer vir die regte van Hollands op skool en in 1882 Hollands erken word as taal waarvan die volksverteenwoordigers hulle in die Hoër- en Laerhuis mag bedien, dan het Ds. du Toit en „Die Patriot" 'n groot aandeel gehad in die stryd wat die oorwinninge voorafgegaan het. Ds. du Toit was 'n sterk medewerker van die in 1890 opgerigte Taalbond en die eintlike insteller van die Taalbond-eksamens.

Die Genootskappers het Nederlands nie gehaat of gevrees nie, maar geëer en voorgestaan; hulle het besef dat die bloei van Nederlands, al kon dit nooit die landstaal bly nie, alleen tot voordeel van Afrikaans kon wees. Pragtig druk „Die Patriot" dit uit: „dat die voorstanders van Afrikaans oek verder die langs mogelike behoud van Hollands sal help

bevorder, as 'n dam teen Engelse o'erheersing, wetende dat die toekoms ons toebehoor. Hulle het geweet dat Afrikaans die taal is van die huisgesin: „Wie die Huisgesin het, het die toekoms in sy hand."

§9. Verdere geskiedenis van die Beweging.

Besonder interessant vir die goeie insig in die wese van die taal en in die verhouding tussen Nederlands en Afrikaans, is Afrikaans ons Volkstaal, 71 Theses of stellinge, neergeleg en verklaar deur S. J. du Toit (1891), waarin die skrywer ook die wenslikheid bepleit van 'n Afrikaanse Taalkongres. Volgens Von Wielligh het die Genootskap na 1891 sy vergaderinge gestaak; in 1895 by geleentheid van sy twintigste verjaarsdag word egter 'n vergadering gehou en besluit om hierdie heuglike feit te vier deur so 'n Afrikaanse Taalkongres op te roep. Die Kongres is gehou op die Paarl op 15-16 Jan. 1896 onder voorsitterskap van Ds. du Toit. Daar was ongeveer honderd afgevaardigdes uit die hele land. Transvaal en Vrystaat sou beter verteenwoordig gewees het as die Jameson-inval toe nie net plaasgevind het nie. O.a. is besluit om 'n Afrikaanse taalkunde op te stel. Ook verklaar die kongres hom ten gunste van Afrikaans as kerktaal en van 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Ds. du Toit en ander word aangemoedig om met die werk voort te gaan tot die tyd daar sal wees om van kerkweë 'n Afrikaanse Bybel uit te gee. Verder word besluit tot die uitgawe van 'n tydskrif, Ons Klyntji, wat van Maart 1896 tot Des. 1905 verskyn het, met 'n onderbreking van Maart 1902 tot Febr. 1903. Die redakteur was Ds. du Toit, aanvanklik bygestaan deur ds. Jan Lion Cachet (wat die naam van die tydskrif uitgedink het), C. P. Hoogenhout en G. R. von Wielligh. Die redakteur het die doel as volg geformuleer: „(Om) Afrikaanse skrywers en dus 'n Afrikaanse letterkunde te form . . . . Di Patriot het honderde geleer om te skrywe fer 'n koerant, Ons Klyntji moet tientalle leer om goed te skrywe." Pryse word uitgeloof vir oorspronklike werk: „Daarom sal op taal en styl net so gelet worde as op die inhoud. Alles suiwer Afrikaans: form en inhoud." Hierdie maandblad,

1896. Afrikaanse Taalkongres.

Ons Klyntji. 1896—1905.

met sy beskeie naam en sy oulike titelprent van 'n klein kindjie met skryfgereedskap en 'n suigfles en met die motto: „Klyn begin, aanhou win" (die leuse waaronder ook „Die Patriot" begin het), sou hom buite die politiek hou en hom ook nie met godsdienssake inlaat nie. Die inhoud het bestaan uit stukke van populêr-wetenskaplike aard, bydraes oor taal en geskiedenis, versies, raaisels, prosa-verhaaltjies — alles didakties van aard. Prysvrae oor taal en geskiedenis is uitgeskryf om die belangstelling en skryflus aan te moedig. In hierdie tydskrif het o.a. verskyn Magrita Prinslo, 'n historiese toneelstuk, en Di Koningin fan Skeba, 'n historiese roman, albei van S. J. du Toit; ook Di Afgunsduiwel en Di Baasduiwel van J. Lion Cachet en Jakob Platji van G. R. von Wielligh.

In 1905 moes die tydskrif gestaak word. Die moeilike omstandighede van die uitgewers, wat moes likwideer, die feit dat die redakteur tewens redakteur was van „Die Patriot", wat deur sy politieke rigting die vertroue van die volk verloor het, het die ondergang veroorsaak, terwyl die oordrewe fonetiese, onnodig van Nederlands afwykende, spelling die blad skade gedoen het. Ons Taal, wat in 1907 in sy plek gekom het en waaraan jonger kragte soos Totius, De Waal en Ds. Brümmer saamgewerk het, het reeds in 1909 gesterf. Ons Taal. 1907—1909.

In 1902 het die Patriot Woordeboek verskyn, 'n lys van Afrikaanse woorde met die Engelse ekwivalente. By die opstel hiervan is 'n dankbare gebruik gemaak van Pannevis se aantekeninge en van Mansvelt se „Idioticon". Patriot Woordeboek. 1902.

§ 10. Die Eerste Beweging en die Bybelvertaling.

Ons het reeds gesien dat C. P. Hoogenhout al in 1873 'n Afrikaanse vertaling van Matteus 28 na „De Kerkbode" gestuur het, maar dat dit in die snippermand te lande gekom het. Hoogenhout het blykbaar die hele Markus vertaal met die bedoeling om dit uit te gee, maar dis nooit gepubliseer nie. Ook het ons gesien dat die oprigting van die Genootskap sy direkte aanleiding gehad het in die brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap waarin Pannevis aandring op 'n Afrikaanse Bybelvertaling (1874).

Hoewel die Genootskap na die oorname van ,,Die Patriot'' deur die Paarlse Drukpers My., Bpk., minder aktief opgetree het, het hy die saak van die Bybelvertaling nooit laat vaar nie. Op 'n vergadering in 1878 is besluit ,,in beginsel dat dit tijd is om die Bijbel in Afrikaans te vertaal''—hulle was egter van gevoele dat die tyd nog nie ryp was om 'n vertaling uit te gee nie. In 1884 is besluit om die saak aan te pak, fondse in te samel, 'n kommissie met die vertaalwerk te belas en belangstelling vir die saak op te wek. In 1885 is die vertaling opgedra aan Ds. du Toit, wat toe Superintendent van Onderwys in Transvaal was en op daardie oomblik nie met die werk kon begin nie. Heftige proteste het teen die besluite opgegaan, en in 1886 het sowel die Kaapse as die Vrystaatse Sinode hulle teen die vertaling verklaar. Intussen het Ds. du Toit, wat die werk as sy lewenstaak beskou het, 'n gelofte gedoen dat hy, as sekere goudspekulasies sou slaag sodat hy finansieel onafhanklik sou wees, sy betrekking sou neerlê en hom uitsluitend aan die vertaling sou wy. Aanvanklik het sy spekulasies geslaag, maar in 1890 het hy sy hele vermoë verloor en as arm man terug gekom na die Paarl, waar hy tussen al sy joernalistieke werk in, die vertaling ernstig aanpak, gesteun deur 'n aantal helpers. In 1889 het reeds van sy hand verskyn Di Bybel in Afrikaans, Dri Proewe, waarin hy die verskillende moontlike metodes van vertaling uitvoerig bespreek. In 1893 verskyn Genesis, in 1895 Mattéus, in 1896 Openbaring, in 1907 Psalme. Nie in boekvorm nie, maar in sy tydskrif ,,Stemmen des Tijds'' het verskyn Hooglied (1905), Handelinge (1908), Markus (1908). Al hierdie vertalinge was vergesel van verklarende aantekeninge en is waardevolle voorarbeid vir die volledige vertaling wat die Tweede Beweging tot stand sal bring en waaraan Ds. du Toit se seun so 'n belangrike aandeel sal hê.

§11. Kort aantekeninge oor 'n paar van die vernaamste figure van die Eerste Beweging.

Die Eerste Beweging was 'n volksbeweging. Dit sou dus ondoenlik wees, en trouens ook heeltemal onnodig, om al die medewerkers te noem en nader te bespreek. Von Wielligh

sê treffend: „Feitlik was elke voorstander en intekenaar op „Die Patriot" 'n medewerker, waarvan elkeen in sy kring volgens bekwaamheid, op sy eie manier en na sy vermoë meegewerk het vir die saak en nie vir sy sak nie."

By 'n paar figure wil ons egter kortliks stilstaan.

Pannevis.

Arnoldus Pannevis (1838-'89) kan met reg die vader van die Eerste Beweging genoem word. Hy is gebore op Ouderkerk, Nederland, en was 'n deeglike kenner van die klassieke sowel as van die moderne Europese tale. In 1866 kom hy in Suid-Afrika aan en word leraar aan die Paarlse Gymnasium. Hy is die eerste wat die reg en die noodsaaklikheid besef het om Afrikaans te verhef tot skryftaal en die eerste wat die vertaling van die Bybel in Afrikaans bepleit het. Deur hierdie briewe in „De Zuid-Afrikaan" gee hy die eerste stoot tot die Beweging, en sy brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap was die aanleiding tot die oprigting van die „Genootskap van Regte Afrikaners". Op die leiers van die beweging, o.a. Ds. du Toit en C. P. Hoogenhout, het hy 'n groot invloed gehad. Om gesondheidsredes moes hy hom van aktiewe medewerking onthou en stil op 'n plaas skoolhou. Hy het nie veel in Afrikaans geskryf nie. Onder die skuilnaam „Lusaticus" het hy 'n paar versies gedig.

S. J. du Toit.

Die siel van die Beweging was Ds. S. J. du Toit (1847-1911). Hy is gebore op Daljosafat, naby die Paarl, en studeer aan die Paarlse Gymnasium en die Kweekskool op Stellenbosch. In 1875 word hy predikant van die gemeente Noorder-Paarl. Vanaf die oprigting was hy op die redaksie van Die Patriot, vanaf 1890 hoofredakteur; ook was hy die redakteur van Ons Klyntji (1896-1905) en van Ons Taal (1907-09). Hy is die stigter van die Afrikanerbond (1879). Van 1882-89 was hy Superintendent van Onderwys van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Ook het hy gedurende hierdie jare sy gawes op ander gebiede in diens van die Republiek gestel. So het hy b.v. in 1883 met Kruger en Smit as lid van die driemanskap na Europa gegaan. Na 1890, as hy sy betrekking neergelê het en sy vermoë, wat hy deur goudspekulasies verkry het, weer verloor het, gaan hy terug na die Paarl. Van nou af wy hy hom aan die joernalistiek en aan die Bybelvertaling. Sy groot invloed op

politieke gebied het hy egter verloor deur sy houding teenoor Kruger en sy ondersteuning van Rhodes.

Ds. du Toit is een van die geniaalste manne wat Suid-Afrika nog voortgebring het. Hy het 'n skerp en diep insig gehad, 'n lewendige belangstelling op velerlei gebied en was daardeur 'n verbasend veelsydige man. In menige opsig was hy sy tyd ver vooruit — hy het al sterk en konkreet die ideaal gekoester van een verenigde Suid-Afrika onder eie vlag, hy het al daarvoor gepleit dat die jong Afrikaner hom op elke gebied moet bekwaam sodat hy binnekort die leiding sal kan neem en die vreemde fortuinsoeker oorbodig maak. Sy grootse ideaal op nasionale gebied, wat al die terreine van die lewe omvat en op Calvinistiese grondslag staan, vind ons mooi saamgevat in die program wat hy voorgestel het vir die Afrikanerbond. Nadat sy leermeester, Pannevis, sy oë geopen het vir sy eie taal, word hy die besielende krag van die Beweging. Orals merk ons hierdie rustelose gees en onvermoeide werker agter die optrede en die publikasies van die Genootskap. Hy was die Leier, die veldheer van die Beweging. Later het daar 'n groot ommekeer gekom in sy politieke rigting, waardeur hy lynreg ingegaan het teen die dierbaarste nasionale aspirasies en oortuiginge van sy volk. Wat die oorsaak hiervan is, is vir ons nog 'n geheim. Die gevolg was egter dat sy trouste bondgenote hom verlaat het, dat sy invloed verdwyn het en dat aan die saak van die Afrikaanse taal, wat steeds in die nouste verband gebring is met sy blad, „Die Patriot", groot skade aangedoen is. Laat ons egter nooit vergeet nie dat Ds. du Toit sy taal hartstogtelik liefgehad het en ten koste van groot opofferinge onskatbare dienste bewys het; dat hy reeds die magtige taak van die Bybelvertaling aangepak en tot sy lewensideaal gestel het. In tal van die Genootskap se publikasies het hy die vernaamste aandeel gehad. Ons vermeld hier van hom: Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal (1876), Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging (1880), Magrita Prinslo, of Liifde getrou tot in di Dood (1897), 'n historiese toneelstuk uit die dae van die Groot Trek, Di Koninginfan Skeba (1898), sy vertaling van Bybelboeke, Afrikaans ons Folkstaal, 71 Theses (1891). Ook op teologiese gebied het hy heelwat

C. P. HOOGENHOUT.

gepubliseer. As redenaar het hy beskik oor 'n groot welsprekendheid, as joernalis en skrywer oor 'n pittige styl wat telkens verras deur die fris persoonlike.

Die twee troue adjudante en stille medewerkers van Ds. du Toit was C. P. Hoogenhout en D. F. du Toit. Von Wielligh skets die aandeel van hierdie drie manne as volg: „Oom Lokomotief was die Staatmaker van die Genootskap, Ds. S. J. du Toit die bekwame en onvermoeide Leier, en Mnr. C. P. Hoogenhout die Baanbreker en 'n steunpilaar van die Taalbeweging."

Hoogenhout. Klaas Waarts

Casparus Petrus Hoogenhout (1843-1922), gebore in Amsterdam, het Suid-Afrika as sy vaderland aangeneem en meer as veertig jaar sy kragte aan die onderwys gewy. Hierdie stoere Christen en kindervriend het 'n groot liefde vir die Afrikaanse taal gehad en baie gedoen vir die bevordering daarvan. Sover bekend, was hy die eerste om 'n gedeelte van die Bybel in Afrikaans oor te sit. Bekend is sy Gesprekke tussen Jan Vasvat en Neef Daantje Loslaat deur Klaas Waarzegger Jr. (1873) en sy Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huissouwens in hulle eige taal geskrijwe deur een vrind (1873), waaruit duidelik blyk hoe vroeg hy al 'n voorstander was van Afrikaans. Hy was dan ook een van die stigters van die Genootskap en een van die ywerigste lede. Ook was hy lid van die „Patriot"-redaksie; hy het veral die rubriek „versies" behartig en self onder die skuilname „Oom Jan", „Neef Jan", „Oom Jan wat versies maak" gediggies geskrywe. Ook van „Ons Klyntji" was hy medewerker. Hy het meegewerk aan verskillende boeke wat Ds. du Toit uitgegee het, maar moes later om politieke redes met hom breek. Van hom is ook die novelle Catharina, die Dogter van die Advokaat (1879).

Oom Lokomotief.

Daniel Francois du Toit, D.P.sn. (1846-1922), die ouere broer van Ds. du Toit, is by die publiek bekend as Oom Lokomotief. In 1878 het hy sy betrekking as onderwyser neergelê om die redakteurskap van „Die Patriot" op hom te neem, 'n taak wat hy tot 1891 met die grootste trou en ten koste van groot opofferinge vervul het. Hy was 'n uitstekende joernalis en het deur sy pittige

artikels baie bygedra tot die invloed van die koerant — dis hy wat Ds. du Toit se strewe met die Afrikanerbond voorberei het. Hy het ook die gawe besit om 'n gemoedelike, vertroulike verhouding met die lesers te skep. Ook hy verlaat die koerant as hy nie met sy broer se politiek kan saamgaan nie. Nadat hy jare lank joernalistieke werk gedoen het in Bloemfontein, word hy bewaarder van die Vrystaatse argief.

F. W. Reitz.

President F. W. Reitz (1844-1934) het 'n loopbaan vol afwisseling gehad. Hy was eers advokaat in Kaapstad, probeer toe, sonder sukses, sy geluk as diamantdelwer, word weer advokaat, daarna regter en hoofregter van die Vrystaat. Van 1888-95 is hy president van die Oranje-Vrystaat; hy bedank om gesondheidsredes en word in 1897 Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Hy het die Tweede Vryheidsoorlog tot die einde deurgeveg. Van 1910-29 was hy senator.

Hoewel hy nie lid was van die Genootskap nie, omdat hy in die Vrystaat gewoon het, het hy van die begin af sy heelhartige steun gegee sowel moreel as finansieel. Reeds in 1870 het sy bekende gedig Klaas Gezwint zijn Paert in die „Het Volksblad" verskyn. Terwyl hy hoofregter was, het hy warm pleidooie gelewer vir Afrikaans. Die morele steun hiervan was des te groter omdat hy steeds openlik sy naam geteken het, iets wat destyds, om begryplike redes, 'n seldsaamheid was. Bekend is sy bloemlesing Uitgesogte Gedigte (1888), wat van vyftig gedigte aangegroei het tot twee-en-sestig. Sy Oorlogs- en andere Gedichten bevat hoofsaaklik gedigte ontstaan gedurende die Tweede Vryheidsoorlog.

J. Lion Cachet.

Jan Lion Cachet (1838-1912).

Hierdie simpatieke voorstander van Afrikaans is gebore in Amsterdam uit Joodse ouers wat onder invloed van die Joodse digter Isaac da Costa tot die Protestantse geloof oorgegaan het. Da Costa het 'n groot invloed op hom uitgeoefen. As jong onderwyser het hy na Suid-Afrika gekom; later word hy predikant, daarna professor aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk, eers op Burgersdorp en later op Potchefstroom. Ook hy was nie lid van die Genootskap nie omdat hy so ver weg gewoon het,

maar hy het steeds sy steun aan die Beweging gegee. In ,,Die Patriot'' was hy die skrywer van die geestige Swart Pilletjies, waarin menige teenstander in die politiek of op taalgebied die waarheid moes hoor. Ook Die Geldduiwel het oorspronklik in hierdie koerant verskyn. Van Ons Klyntji was hy steeds 'n getroue ondersteuner; o.a. het hierin verskillende gediggies verskyn en etlike ,,Duiwels'', wat later versamel is in die bekende werk Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het. Sy bekendste gediggie is seker wel die oulike ,,Di Afrikaanse Taal''. Ook vir die Bybelvertaling het hy hom baie geïnteresseer.

Melt J. Brink (1842-1925). Melt Brink.

Hoewel ,,die Afrikaanse Vader Cats'' geen lid van die Genootskap was nie en selfs teen Afrikaans as skryftaal was, het hy, soos De Waal tereg opmerk, ,,willens of onwillens meer gedoen om Afrikaners daaraan te herinner dat die taal van Holland nie langer vir Suid-Afrika deug nie, as enige ander''. Hierdie beskeie skrywer wat so min skool gehad het, het met sy grapperige versies, stories en toneelstukke in 'n taal wat tussen Nederlands en Afrikaans staan, uiters belangrike werk verrig op kultuur- en taalgebied. Hy het die volk laat lees in 'n tyd toe ,,Die Patriot'' se invloed aan tane was en daarmee ook die saak van die Afrikaanse taal. Tereg sê Prof. Smith van hom: ,,Hoewel sy taal vir ons vandag nie altyd bevredig nie, tog was so 'n tussending in daardie dae nie so onvanpas as baie dink nie. Die feit is en bly dat Melt Brink sê optree — al het hy dit self seker nie so bedoel nie — een van die sterkste aanvalle op die vesting van die Hoog-Hollandse skryftaal van Suid-Afrika was: die mense wat hom gelees het, het gewend geraak aan 'n taalvorm wat nie meer Nederlands was nie; en toe die afwykinge eers begin het, moes die eindresultaat suiwer Afrikaans wees.''

Sy Grappige Stories e.a. Versies, veral Die Reis naar Kaapstad van Oom Gijsbert van Graan is algemeen bekend en het aan baie genot verskaf. Sy tot onlangs so geliefde toneelstukkies is te talryk om hulle hier op te noem.

§12. Algemene Karakteristiek van die letterkundige produksie van die Eerste Beweging.

Propagandisties en didakties.

Uit die bostaande is dit duidelik dat die geskrifte van die Eerste Beweging propagandisties en didakties van aard is. Hulle het nie ontstaan uit die onkeerbare drang om uiting te gee aan sielsontroering nie, die bron waaruit alle ware kuns ontstaan, maar uit die drang om die bestaansreg van Afrikaans te bepleit, die volk wakker te skud en te besiel met liefde vir land en volk en taal. Ook wou die skrywers hulle lesers stig en vermaan, wyse lesse en nuttige informasie gee, opwek tot 'n godsdienstige en regskape lewe. Hulle wou die kinders op 'n onderhoudende manier kennis bybring en opvoed in deug en godsdiens. Hulle wou die eenvoudige leser ook aangename afleiding besorg deur grapperige stories.

Geen kunstenaars nie.

Werklike kuns kan ons dus nie verwag nie en sal ons ook byna nie vind nie. Dis miskien nie oorbodig nie om hier te wys op 'n verkeerde opvatting wat vandag nog alte dikwels verkondig word. Daar word beweer dat die manne van die Eerste Beweging, selfs ook manne van die Tweede Beweging, nie kunstenaars was nie omdat hulle op 'n eenvoudige wyse moes skrywe vir die volk. Hierdie bewering is misleidend. Langenhoven het ook eenvoudig geskrywe vir die volk, en hy het kuns gelewer. Die verskil is dat Langenhoven kunstenaar was en die manne van die Eerste Beweging gewoonlik nie — onder ander omstandighede sou hulle moontlik nooit geskrywe het nie; nou het hulle geskrywe om die volk te oortuig en om die bewys te lewer dat 'n mens in Afrikaans kan skrywe. Maar propaganda en didaktiek, hoe lofwaardig ook en hoe vrugbaar in hulle gevolge, is gewoonlik 'n swak bron van besieling; hulle het meer te doen met die verstand as met die hart. Selfs vir die ware kunstenaar is hulle 'n gevaar, laat staan nog vir hierdie manne wat nie in die minste die pretensie gehad het om kunstenaar te wees, en slegs selde die gawe!

Ons moet hierdie geskrifte dus nie gaan toets aan die norme van die ryk Europese letterkundes nie. Ons moet hulle beskou in die lig van hulle tyd, ons moet besef dat hulle waarde hoofsaaklik literêr- en kultuurhistories is, d.w.s.

van belang in die geskiedenis van ons letterkunde en kultuur. Ontroerende skoonheid moet ons hier nie soek nie. Die suiwer letterkundige waarde is gering.

A. „Die Poësie."

Ons plaas die woord tussen aanhalingstekens, omdat die grootste gedeelte van die gedigte blote rymelary en die naam van poësie onwaardig is. As ons daaraan dink hoe hulle ontstaan het, verwonder dit ons ook nie. Die redaksie van „Die Patriot" het met fyn sielkundige insig die lesers uitgenooi om gediggies te stuur. En toe die lesers skielik ontdek dat hulle kon „dig" in hulle eie spreektaal, was hulle so opgetoë en het hulle so geesdriftig geword, dat „elkeen wou rijm, van wijle Generaal Piet Joubert af, tot die veewagtertjie in die veld". En die redaksie moedig aan: „Stuur julle gedigte, kêrels! Stuur mar! En die wat foute maak, dis niks nie, ons sal hom reg help." Die Eerste Beweging is tereg vergelyk by die Rederykers. Netsoos die burgery in Europa teen die end van die Middeleeue mondig begin word het en ook op kunsgebied sy stem wou laat hoor, so het ook die Afrikaner hom met sy pas ontdekte taal mondig gevoel en wou hy ook „dig"! Maar albei het vergeet dat daar om te kan dig tog nog iets anders nodig is as die begeerte om digter te wees: nl. besieling. Digkuns is nie somaar 'n aangename speletjie, 'n gesellige tydverdryf nie! En die meeste van hierdie gediggies het ontstaan op die manier wat Hoogenhout beskryf in sy „Moeilikheid om liedjies te dig op 'n Boereplaas".

Daar is allerhande soorte gedigte gemaak: komies-verhalende gedigte, liefdesgedigte, sentimentele ballades, politieke en nasionale gedigte, gedigte oor die taal, godsdienstige liedere. Hulle is almal in die taal en die trant van die volk, die vorm is meestal gebrekkig en die taal baiemaal onsuiwer en dikwels plat. Maar hierdie volkskuns is 'n kosbare besit vir wie wil weet wat daar in die tyd geleef het in die volk; enkele kenmerkende eienskappe van ons volk kom ook duidelik daarin uit.

Ons kan hierdie gedigte natuurlik nie uitvoerig bespreek nie en bepaal ons tot 'n paar aantekeninge.

Daar het heelwat „volksliedere" verskyn. Die mooiste daarvan is die sangerige lied van Hoogenhout:

Waar Tafelberg begin tot ver in die Transvaal
Woon een verenig' volk—een algemene taal.

Ook uit Ds. du Toit se Transvaalse Frijheidsliid spreek ware ontroering:

Di Fiirkleur fan ons diirbaar land,
Di waai weer o'er Transvaal,
En wé di Godfergete hand,
Wat dit weer neer wil haal!

Ook die Afrikaanse Volkslied van Pannevis, Hoogenhout, Ds. du Toit en Oom Lokomotief ontroer ons nog deur die egtheid van gevoel. Hierdie drie liedere toon ons wel heel duidelik dat daar 'n nasionale ontwaking was.

Die Eerste Beweging is heel tekenend ons spotperiode genoem. Dit kom veral uit in die gediggies wat spot met die verengelsing (dink slegs aan Hoogenhout se Fooruitgang) en in die politieke gedigte, waaruit baie sterk die Afrikaner se ingebore terglus en spotsug spreek. Ons verwys hier slegs na die werklik geestige parodie op „Rule Britannia" en die honende lied op John Mackenzie. Dikwels is die spot ru, selfs plat en grof—slegs selde word dit kuns.

Naas hierdie spotliedere kry ons ook gedigte waarin die vaderlandsliefde die digter ontroer tot 'n meer verhewe toon, soos die sobere lied van F. W. Reitz op Louw Wepener:

Hy leg op Thaba Bosigo
G'n grafsteen sal hy ferge,
Syn monument het God gebou,
Die bouheer fan die berge.

en in Ons wil weer vry van „Republikein".

Onnodig om te sê dat die Afrikaner se liefde vir grapperige verhale, veral vir vrystories en spookstories, die aanleiding tot menige gedig was. Ons noem hier slegs 'n paar voorbeelde: Hoogenhout se Jan Bantjies, Ds. du Toit

se Hoe di Hollanders di Kaap ingeneem het, waarin die Grikwa-mentaliteit geestig uitgebeeld is, Reitz se Di Steweltjies van Sanni, Klaas Gezwint en zijn Paerd ('n vrye verwerking van Burns se Tam o' Shanter). Ook minneliedjies is daar volop : dink slegs aan Ds. du Toit se speelse Kêrels, Pas op en aan die bekende Sanni Beyers met sy refrein „hartjie, ek het lief vir jou" ('n vrye verwerking van Byron se Maid of Athens). Daar is ook romanses en ballades, sentimentele liedere wat soms direk teruggaan op motiewe uit die Europese literatuur: dink slegs aan die ballade Helena en Eduard, aan Hendrik en Fidelia en Ds. du Toit se Hendrik en Lettie. Ook is daar talryke godsdienstige liedere gedig, waarvan Gristen jy moet heilig lewe een van die mooiste is. 'n Enkele keer word die digter ontroer deur die natuur. Opmerklik is in hierdie opsig Ds. du Toit se Nag en Dageraad in Matabeleland.

B. Die Prosa.

Staan hoër as die gedigte.

Ook in die prosawerke moet ons nie die suiwere kuns van ontroerde skoonheidsoekers verwag nie. Tog staan die prosa hoër as die gedigte, al is die oes kleiner. Dis gedeeltelik seker wel dáaruit te verklaar dat die prosa nie soos die poësie deur almal beoefen is nie, maar hoofsaaklik deur die doelbewuste leiers wat 'n boodskap gehad het om te verkondig. Ons tref in „Die Patriot" menige bladsy geesdriftige en pittige prosa aan waarin die skrywer met krag en oortuiging sy saak bepleit. Manne soos Hoogenhout, Oom Lokomotief, Ds. du Toit was begaafde joernaliste en het oor 'n gespierde styl beskik.

Di Koningin fan Skeba.

Van belang is Ds. du Toit se Di Koningin fan Skeba, of Salomo syn oue Goudfelde in Sambesia (1898), waarin hy 'n reisbeskrywing en 'n historiese roman deur mekaar vleg. Die taal en styl is verrassend suiwer en sal menige hedendaagse skrywer nog beskaam. Dis nie 'n groot kunswerk nie, in die reisverhaal kom onnodige herhalinge van dieselfde gebeurtenisse voor, die tipering daarin is oppervlakkig, die historiese roman verplaas ons nie in die gees van die verlede nie, maar die geheel is

tog 'n onderhoudend geskrewe verhaal, en daar gaan 'n sekere bekoring uit van die vertroulike toon waarop die skrywer tot sy lesers spreek.

Sewe Duiwels.

Volkskuns is ook Ou Oom Jan (Ds. J. Lion Cachet) se Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het, wat nog altyd 'n geliefde volksboek is. Dit bevat 'n sewetal uitgesproke didaktiese sketse; in elke skets word op die noodlottige gevolge van een van die sewe hoofsondes gewys. Cachet besit die gawe om die werklikheid van die alledaagse lewe, tipiese eienaardighede van die plattelandsbewoner en die dorpenaar geestig te teken. Tog is hierdie werk in wese juis nie realisties nie. In sy didaktiese strewe teken Cachet ons die mensheid te veel as bestaande uit suiwer goeie en suiwer slegte mense — maar so is die mensheid nie! Daarom is Die Praatduiwel verreweg die beste skets — hierin teken hy met 'n fyn humor die sonde van skinder as 'n algemeen-menslike gebrek waarmee ons almal behep is.

Van Hoogenhout noem ons nog sy goedvertelde Geskiedenis van Josef en Catharina, die dogter van die Advokaat, die eerste novelle in Afrikaans. Die eerste Afrikaanse toneelstuk, hoewel dit nie baie dramaties is nie, is Ds. du Toit se Magrita Prinslo, of liifde getrou tot in di dood (1896).

Kultuur-historiese waarde.

Hierdie werke kan ons vandag nie meer ontroer deur skoonheid nie. Maar laat ons nooit vergeet nie dat hulle belangrike middele was by die taak wat die Genootskappers hulle self gestel het en wat hul tot 'n ongelooflike mate vervul het: om die volk wakker te skud uit die slaap wat sy doodslaap as volk kon word, om hom te besiel met nasionale selfbewussyn en trots, met liefde vir sy eie taal. Die Genootskappers het hierdie ideaal verwesenlik, hulle het hulle volk wakker geskud, hulle volk leer lees — 'n onskatbare seën! Ons pluk vandag die vrugte daarvan, want hulle het die Tweede Afrikaanse Beweging voorberei en moontlik gemaak.

§13. Taalopvatting en -gebruik van die Genootskappers.

'n Opmerking oor die taalopvatting en -praktyk van die Genootskappers is hier nodig. Ds. du Toit het reeds in 1874

as „Ware Afirkaander" in „De Zuid-Afrikaan" neergelê: „ons skryf soos ons praat." Dit was bedoel as grondslag vir die spelreëls. Maar hierdie beginsel het ook tot op groot hoogte die grondslag geword van die opvatting van die verhouding tussen spreek- en skryftaal. Dis ook begryplik: die volk moes aangemoedig word om te skryf, dan sou hulle ook lees! En nou was dit sielkundig juis gesien om hulle aan te spoor om te skryf soos hulle praat. Die leiers het self die voorbeeld gegee. Daar skuil egter 'n groot gevaar in hierdie opvatting. Die skryftaal moet na aan die spreektaal staan, sy krag daaruit put, maar dit moet meer doen: dit moet daardie spreektaal veredel, stileer. Dis dan ook geen wonder nie dat die taal van die manne van die Eerste Beweging, wat hulle om propagandistiese redes nog nie te veel kon bekommer om hierdie onderskeiding nie, gekenmerk word deur 'n gebrek aan gedistingeerdheid, selfs nie vry is van platheid nie. Waar die meeste skrywers Bolanders was, was dit ook dialekties gekleurd. Dit alles verklaar die ontstaan van die skeldwoord „patterjots" by die aan Nederlands of Engels gehegte teenstanders.

Hoofstuk III.

DIE TWEEDE BEWEGING.

§1. Dood van die Eerste Beweging.

„Die Patriot" het bly bestaan tot 1904, „Ons Klyntji" word eers gestaak in 1905 en herleef dan nog weer van 1907-9 in „Ons Taal", waaraan ook jongeres saamwerk. Van 1905-8 verskyn Ds. du Toit se vertalings van „Hooglied", „Die Psalme", „Handelinge" en „Markus". In 1906 word gepubliseer: „Afrikaanse Gedigte byeenfersameld uit wat in die laaste 30 jaar verskyn is." Dit alles moet ons egter nie onder die indruk bring dat die Eerste Beweging nog geleef het na die Tweede Vryheidsoorlog nie — dit het doodgeloop voor die oorlog. Die politieke omkeer van die leier het die saak baie skade aangedoen. In 1890 het Oom Lokomotief al gewaarsku: *„Aangaande Ds. du Toit kan ik alleen zeggen dat als de Patriot niet met hem breekt, hij de Patriot zal breken."* En hierdie voorspelling is bewaarheid. „Die Patriot" het 'n blad met weinig lesers en geen invloed geword. En Afrikaans, wat vir die groot massa nie te skeie was van die enigste koerant wat in Afrikaans verskyn het nie, het in diskrediet geraak. Ook Ds. du Toit se oordrewe fonetiese spelling, waardeur hy hoe langer hoe verder afgewyk het van die Nederlandse geskrewe taalbeeld waaraan die oog gewoond was, het 'n nadelige invloed gehad. Nee, die beweging was na die oorlog dood, en bogemelde publikasies het onopgemerk gebly — hulle verteenwoordig ook nie meer 'n lewende beweging nie, maar is in hoofsaak die werk van een man, 'n vereensaamde.

§2. Algemene toestand.

In die gewese republieke.

Na die oorlog het die toekoms maar donker gelyk.

In die Vrystaat en Transvaal was alles verwoes. Artikel 6 van die verdrag van Vereniging het bepaal dat „The Dutch

language will be taught in Public Schools in the Transvaal and the Orange River Colony where parents of the children desire it, and will be allowed in courts of law when necessary for the better and more effective administration of justice." Maar die nuwe regering was met ander ideale besield. In 1903 skryf Sargent, Direkteur van Onderwys in Transvaal, aan Lord Milner:

> Ons moet 'n beroep doen op Engeland en die broers en susters van die manne wat vir die Ryk geveg het, hulle vra om oor te kom om die deel van die werk te verrig wat hulle manlike familielede nie instaat was om te voltooi nie. Ons militêre operasies het tengevolge gehad dat die grootste deel van die seuns tans in die kampe is; en ek is oortuig dat ons geen beter geleentheid het as nou om hulle volgende jaar almal Engels te maak nie. Wat ons hier nou nodig het, is vroue, hoogs bekwame onderwyseresse, met 'n sterk vaderlandsliefde, wat bereid sal wees om hierheen te kom en die ontberinge van die kamplewe te deurstaan om die kinders van die burgers ons taal en ons ideale te onderwys. Leer die kinders langsamerhand ook ons groot imperiale ideale."

Owerheid se ideaal van verengelsing deur middel van onderwys.

Hierdie taal is duidelik genoeg! Wat Lord Charles Somerset en sy opvolgers vroeër in die Kaap-Kolonie beoog het en reeds goed op weg was om te verwesenlik toe die Genootskappers dit verydel het, sou nou ook in Transvaal en Vrystaat geprobeer word: langsame verengelsing, en daarby moes die skool die sterkste wapen wees.

Daar is moedige poginge aangewend om 'n damwal hierteen op te gooi. Ere aan die selfopofferende werk van die C.N.O.-skole, privaat-skole vir Christelik-nasionale onderwys, in stand gehou deur die finansiële opofferinge van die ouers en die onderwysers en met steun uit Nederland. Ook het die leiers gedurig gewaarsku en was die kerk nog altyd 'n bolwerk. Maar diegene wat hulle oë oopgehad het, moes die bittere waarheid erken dat dit gelyk het of die politiek van verengelsing sou seëvier, en „Jan wat Versies

C.N.O.

maak" se woorde van die sewentiger jare was weer van toepassing :

Engels ! Engels ! alles Engels ! Engels wat jy siin en hoor.

In die Kaapkolonie.

Ook in die Kaap-kolonie was die toestand droewig. Met die tydperk van krygswet en gedurende die tyd van angstige spanning oor die lot van die rebelle het die vloed van verengelsing weer opnuut en met volle krag ingesit. Selfs manne wat tot nog toe Nederlands gepraat het in die Parlement, begin daar nou ook al Engels praat. Wel het die invloedryke staatsman „Onze Jan" (Jan Hendrik Hofmeyr) vurig geywer vir Nederlands, die Taalbond herleef en goeie werk verrig, die Hollandse pers kragtig gestry vir die instandhouding van die Hollandse taal.

Drie tale.

Maar wat was eintlik die toestand? Goed beskou was daar in Suid-Afrika drie tale: Engels, onder die magtige beskerming van die owerheid, wat daarna gestrewe het om dit die enigste taal te maak, Engels die taal van die kapitalis en van so baie verengelste Afrikaners. Nederlands, die skryftaal van die Hollandse Afrikaner en die taal van die kerk, maar wat as spreektaal dood was in Suid-Afrika. Selfs onder die ontwikkeldes was daar maar min wat dit suiwer kon praat en skryf. Welmenende nasionale leiers, veral predikante en pedagoë, het nobele poginge in die werk gestel om die taal weer te laat herleef, dit weer opnuut in te voer. Die Taalbond wou dit vergemaklik deur die sogenaamde Vereenvoudigde Nederlandse Spelling in te voer en Afrikaanse idiome en woorde in Nederlandse gewaad toe te laat. Spellingvereenvoudiging beteken egter geen taalwysiging nie, en die toelating van Afrikaanse woorde en uitdrukkinge in Nederlandse gewaad was 'n erkenning van die feit dat die taal van die ou moederland nie meer die spreektaal was nie, nie die taal was wat in die hart van die volk gelewe het nie. Daarom was hierdie poginge gedoem tot mislukking. Want die spreektaal, die enigste taal waarin die Afrikaner hom spontaan en vry kon uit, was Afrikaans. Maar hierdie taal is nie erken nie, dis geminag, beskou as 'n „patois", 'n hotnotstaaltjie. Ander het dit erken as die moontlike toekomstige skryftaal, maar

J. H. H. DE WAAL.

dit sou eers in die verre toekoms wees — nou was die taal nog nie ryp daarvoor nie. Dr. Viljoen, die man van die Vereenvoudigde Nederlands, het selfs so ver gegaan om te beweer: „Verreweg de meesten, en daaronder genoeg Afrikaners van naam en betekenis, aan wier liefde voor volk en taal zelfs niet door de vurigste patriotten mag worden getwyfeld, zijn besliste tegenstanders van de verheffing van het Afrikaans tot schrijftaal, sterker nog — zullen in de keuze tussen Afrikaans en Engels onvoorwaardelijk de voorkeur geven aan het Engels."[1])

Dr. Viljoen se berugte bewering.

Die toestand was dus dat die Afrikaner die dreigende gevaar van verengelsing moes beveg met 'n skryftaal wat hy nie beheers het nie, wat nie die taal van sy hart was nie, en met 'n spreektaal wat hy nie wou of mog skryf nie. Op die manier moes hy wel seker die nederlaag ly.

Maar gelukkig het daar, toe die tyd ryp was, manne opgestaan wat nie alleen deurdronge was van die erns van die toestand nie maar ook besef het wat die enigste middel tot uitredding was: die verheffing van die volkstaal tot skryftaal, tot draer en tolk van die Afrikaner se geesteslewe.

§3. De Waal en De Goede Hoop.

Dit het J. H. H. de Waal al vanaf 1903 bepleit in Kaapland. In sy tydskrif De Goede Hoop het hy Afrikaanse stukke geplaas, oor Afrikaans as taal geskrywe, selfs spelreëls voorgestel — „spel volgens uitspraak, maar wyk nie onnodig van die Hoog-Hollandse spelreëls af nie", was sy grondslag. Ook het hy self aangename leesstof in Afrikaans verskaf in sy tydskrif. Maar „Patterjots" was hier in 'n baie slegte reuk, en sy pleidooi het op dowe ore geval. Hy is beveg deur die geleerdes en veral deur die manne van die Taalbond, wat met soveel moeite die Vereenvoudigde Spelling tot stand gebring het (die professore De Vos, Marais, Moorrees, Viljoen, almal van Stellenbosch). Ook „Onze Jan" was nie ten gunste van

Sy pleidooi val op dowe ore.

[1]) Die teenoorgestelde standpunt neem later Langenhoven in, wat in sy U Dienswillige Dienaar (bl. 123) sê: „Dit was moontlik vir my om Engelssprekend te word; dit was onmoontlik om Nederlandssprekend te word."

Afrikaans nie, en in sy eie blad moes De Waal versigtig wees. Die volharding van hierdie eerste en eensame stryder dwing ons bewondering af.

W. Postma.

Dat die enigste redding gelê het in die verheffing van Afrikaans tot skryftaal, was ook die oortuiging wat die vérsiende Ds. W. Postma reeds in 1903 op skrif gestel het maar eers in 1905 onder die skuilnaam „Jong Afrika" gepubliseer het in „De Vriend des Volks", waarvan die redakteur, Johs. Visscher, 'n warm voorstander van die saak was.

§4. Preller se manifes. Die A.T.G.

Dis eienaardig hoedat 'n beskouing wat gister, met hoeveel oortuiging en bekwaamheid ook gepropageer, geen weerklank gevind het nie, vandag skielik opgang maak — die tyd moet eers ryp wees. So het dit ook hier gegaan. En hier het veral die joernaliste 'n groot rol gespeel. Hierdie manne wat deur hulle werkkring die treurige toestande op taalgebied die beste kon peil, het die alarmklok gelui, en hulle het dadelik intellektuele Jong Suid-Afrika agter hulle gehad.

Waar De Waal die eerste stryder in die Suide was, het die Noorde sy kampvegter en stukrag gehad in Gustav S. Preller, die onderredakteur van die Pretoriase blad „De Volkstem".

Onze Jan: Is 't ons Ernst?

In Maart 1905 hou „Onze Jan" voor die Stellenbosse studentevereniging „Ons Spreekuur" sy beroemde rede Is 't ons Ernst?, waarin hy wys op die gebrek aan handhawing van die moedertaal (waaronder hy Nederlands verstaan). In April 1905 antwoord Preller in sy koerant met 'n reeks artikels, kort daarop as brosjure uitgegee: Laat 't ons toch ernst wezen. Gedachten over de aanvaarding ener Afrikaanse schrijftaal. Hierdie stuk is tereg die manifes van die Tweede Afrikaanse Beweging genoem. „De ernst is er, maar het is de harmonie die ontbreekt", is die antwoord op „Onze Jan" se vraag — die harmonie tussen spreektaal en skryftaal.

Preller: Laat 't ons toch ernst wezen.

G. S. PRELLER.

Preller poneer twee stellinge wat ons moet aanhaal :

1. De taal die in een land leeft, die in het ganse volk wortelt, heeft in dat land en onder dat volk de meeste kans op voortbestaan en laat zich niet uitroeien dan met de uitroeiing van het volk waarin ze leeft. De geschreven taal van enige natie regelt zich onwillekeurig, of behoort zich te regelen, naar de gesproken taal van die natie; anders lopen de twee naderhand zó ver uit mekaar, dat zij feitelik afzonderlike talen zouden zijn.

2. Afrikaans wortelt diep en leeft gezond in die gehele Afrikaanse natie. Geen andere taal doet hetzelfde. Onze schrijftaal verschilt zó ver van onze spreektaal, dat voor 't gros der Afrikaners het geschrevene als een vreemde taal is, die zij zelf nagenoeg nooit schrijven.

En sy konklusie is :

D a a r o m heeft Afrikaans in Zuid-Afrika de grootste en beste kans op voortbestaan. D a a r o m behoort onze schrijftaal veel nader bij 't Afrikaans te komen, dan waar zij zich tans bevindt.

Sy beweringe staaf Preller met bewyse uit ander tale. Hy toon ook duidelik aan dat Nederlands nie wortel in die volksiel nie. As joernalis moes hy daagliks die treurige gebrou van korrespondente korrigeer, 'n taaltjie wat nòg Nederlands nòg Afrikaans was en grotendeels Engels. Hy moes die beskamende ondervinding opdoen dat Afrikaners in Engels skrywe, „because my Dutch grammar is too rusty". Hy toon ook met onweerlegbare bewyse aan dat die taal van die predikante allesbehalwe suiwer Nederlands is.

Preller is gematigd en taktvol. Hy wil geen rewolusie nie. Hy wil eers die Afrikaner o o r t u i g, en „als overgangsmaatregel, totdat het Afrikaans algemeen geschreven wordt, omschrijven we onze gedragslijn als volgt: ‚Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen'." Met die onderwys wil hy hom voorlopig nie bemoei nie. As hom later gevra word of hy dan ook die kanseltaal, die taal van die Bybel en die Gesange wil verander, antwoord hy : laat Nederlands in Kerk en Skool gehandhaaf word : „Dis

wel ons ideaal dat 'n beskaafde Afrikaans eenmaal op die skoolbanke moet geleer en van die kansel sal gehoor worde, maar dit moet die gevolg wees van 'n erkende toestand, nie 'n middel tot 'n doel nie."

Preller besluit sy gloedvolle betoog met die oortuigendste argument wat hy kon aanvoer: die skone gedig Winternag van E. N. Marais.

Polemiek. Natuurlik het 'n lewendige polemiek gevolg. Al die argumente van vroeër het weer op die lappe gekom: Afrikaans is 'n patois, dit besit geen letterkunde nie, die aanvaarding daarvan as skryftaal moet noodwendig lei tot die nederlaag teenoor Engels, esv., esv. Die manier waarop Preller al hierdie teenstanders, wat soms grof en beledigend geword het, onvermoeid te woord gestaan het, sy takt en gematigdheid, dwing ons bewondering af.

Hy het sy „manifes" geëindig met 'n beroep op almal wat dit met hom eens was, om met hom in verbinding te tree sodat 'n vergadering kon belê word om 'n Afrikaanse Taalgenootskap te stig.

Byval. Preller het dadelik groot byval gevind, ook onder geleerdes in Nederland. Die Hollands-Afrikaanse pers het hom toegejuig. Op Pretoria en Bloemfontein is dadelik voorlopige kommissies gestig, en op 13 Des. 1905 is onder voorsitterskap van Dr. N. Hoogenhout (seun van die ou staatmaker van die Eerste Beweging) 'n vergadering gehou

A.T.G. op Pretoria en die Afrikaanse Taalgenootskap (A.T.G.) gestig. As bestuur is gekies: Dr. N. Hoogenhout, A. J. van der Walt, Johs. Visscher, Adv. N. de Wet, F. P. Nicholson, G. S. Preller en Iz. van Heerden, terwyl die volgende persone uitgenooi is om ook sitting te neem: H. C. Jorissen, Dr. D. F. Malan, Dr. J. D. du Toit (Totius), S. W. Pienaar, Ds. W. Postma, J. S. M. Rabie en Ds. Snijman.

Uit die statute. Om 'n indruk te gee van die strewe haal ons die volgende aan uit die statute:

Doel:

(a) Afrikaners te o'ertuig dat Afrikaans onse taal is, en dat die deur Afrikaners as hul spreek- en skryftaal behoort gebruik te worde.

(b) ontwikkeling van die Afrikaanse Taal in suiwere vorm.
(c) aankweking en ontwikkeling van 'n suiwer Afrikaanse nasionaliteitsgevoel.

Middele :

(a) deur Afrikaners aan te moedig Afrikaans te spreek, te lees en te skryf in al die omstandighede van hul lewe.
(b) deur te werk voor die oprigting van 'n Afrikaanse tydskrif.
(c) deur aanmoediging van verenigings voor die studie van die Afrikaanse taal en geskiedenis.
(d) deur behulpsaam te wees met die uitgifte en verspreiding van goedkope Afrikaanse boeke en andere geskrifte.
(e) deur pryse uit te loof of eervolle onderskeiding toe te ken voor opstelle en geskrifte in Afrikaans.
(f) deur die versameling van oude en hedendaagse Afrikaanse letterkunde en publikasie daarvan naar gelang van omstandighede.
(g) deur die onderwys van die Nederlandse taal en Afrikaanse geskiedenis op die skole te help bevorder.

Houding teenoor Nederlands.

Ons vestig veral die aandag op die eerste deel van punt (g): die verwyt dat hierdie manne vyandig gestaan het teenoor Nederlands is net so ongegrond as in die geval van die Genootskappers. Die belang van Nederlands vir Afrikaans is deeglik besef, en so lank as Nederlands die offisieel erkende taal was, het juis hierdie manne sterk opgetree om te waak dat dit gehandhaaf word. Preller het ook gedurig daarop gewys dat Afrikaans sy woordeskat uit Nederlands moet verryk, of, soos hy dit op sy tipiese manier gesê het: „Afrikaans is meer as Nederlands, dis Afrikaans plus Nederlands!" Daarom het hulle van dieselfde standpunt uitgegaan as die Genootskappers: dat 'n grondige kennis van Nederlands Afrikaans alleen tot voordeel kan wees.

§5. In Kaapland.

Teenstand.

In die Noorde was „die gras aan die brand". In die Suide het baie teenstand gekom teen die beweging. Veral van die kant van die Taalbond-manne wat hulle gevlei het met die skone illusie dat Nederlands in sy „vereenvoudigde" vorm nog die volkstaal sou word. En nou kom ander hierdie soete droom ru verstoor! Prof. De Vos, die voorsitter, waarsku teen die dreigende gevaar van verbrokkeling van kragte. So ook F. S. Malan, die redakteur van „Ons Land", wat self reeds vanaf 1899 onder die skuilnaam „Jan Kieser" sy populêre „Parlementse Praatjies" in Afrikaans geskryf het in sy koerant. Prof. Marais praat selfs van „de kombuistaal die in Pretoria verheerlijkt wordt" en ag Afrikaans ongeskik vir hoëre geestesuiting.

Byval.

Die jonger generasie het egter anders oor die saak gedink. In Okt. 1906 hou Dr. D. F. Malherbe voor 'n geesdriftige gehoor 'n lesing op Wellington oor „Is Afrikaans 'n dialek?" Wel het Dr. Viljoen kort daarop kou water op die gemoedere probeer gooi deur op dieselfde dorp sy lesing te hou oor „Wat is nu eigenlik onze Taal?" en die berugte uitspraak te doen dat die meeste Afrikaners teen die verheffing van Afrikaans tot skryftaal is en „in de keuze tussen Afrikaans en Engels onvoorwaardelik de voorkeur (zullen) geven aan het Engels". Maar ook hier was die tyd ryp vir die nuwe beweging. De Waal het in „De Goede Hoop" dadelik sy volle instemming met Preller betuig. Ons siteer hier 'n gedeelte van sy artikel, veral ook omdat daarin die houding teenoor Nederlands pragtig geformuleer word:

> Als onze natie niet haar taal, het onvervalschte Afrikaansch, als een degelijke, waardige, zelfstandige taal wil vereeren en haar trapsgewijze — zoo iets gaat nooit snel — tot schrijftaal wil verheffen, zal niet alleen deze kostbare erfenis onzer ouders voor ons verloren gaan, maar ook van 't heerlijke Nederlandsch zal er in ons land niets van overschieten. Deze twee talen gaan hand in hand. De beste vrienden van Nederlandsch in Zuid Afrika vindt ge bij de voorstanders van Afrikaansch. Werkt men Afrikaansch tegen, dan werkt men Engelsch — en Engelsch alleen — in de hand.

Maar De Waal se omstandighede en sy ervaring laat hom waarsku teen te grote voortvarendheid. Op 3 Nov. 1906 stig 'n aantal geesdriftige geleerde jong Afrikaners die Afrikaanse Taalvereniging (A.T.V.) in Kaapstad. A.T.V. Van die hoofbestuurslede noem ons slegs: J. H. H. de Waal, Dr. D. F. Malan, Dr. D. F. Malherbe, Dr. D. F. du Toit Malherbe, Dr. A. I. Perold. By die stigting is voorop gestel dat die vereniging nie teen Nederlands gekant is nie. Dit blyk ook uit die statute, waarin onder ,,Middele'' voorkom: ,,daarvoor te ijwer, dat degelike onderwijs in Nederlands op ons skole gegee worde, daar Nederlands die hoofdbron van Afrikaans is.'' Die statute toon verder dieselfde strewe as die van die A.T.G., behalwe dat hier ook neergelê word dat daar geywer sal word vir Hollands in die staatsdiens. Binne 'n paar jaar het daar takke van die A.T.V. bestaan op tal van dorpe.

§6. Verdere vooruitgang. Die skool en die universiteite.

Ook in die ander provinsies het die beweging gegroei.

In 1906 is daar op Potchefstroom 'n Afrikaanse Taalunie gestig op inisiatief van Totius, A. J. van der Walt e.a. Op Bloemfontein, waar die eerste tak van die A.T.G. nie lank staande gebly het nie, word 'n nuwe A.T.G. gestig; in die bestuur sit o.a.: Genl. Hertzog, Ds. W. Postma, Prof. Francken, Oom Lokomotief, J. S. M. Rabie, H. H. van Rooyen.

In ooreenstemming met die statute van die verskillende vereniginge is die propagandawerk in die verskillende sentra gevoer deur middel van lesinge, konserte, gesellige aande, prysvrae, lektuurverspreiding, brosjures, esv. Ook deur middel van die toneel. In Pretoria het van 1907 die Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging gereeld Afrikaanse stukke opgevoer, terwyl in die Kaap-Kolonie met die stukke van De Waal, Melt Brink en Langenhoven sukses behaal is.

In ,,De Volkstem'' van 12 Mei 1906 verskyn Die Vlakte van Jan Celliers, wat 'n groot morele steun was en na Marais se ,,Winternag'' weer opnuut die oortuigende bewys lewer dat Afrikaans wel deeglik geskik is vir hoëre geestesuiting. Eerste werke in Afrikaans.

Preller het die grondslae van sy belangrike werk oor Piet Retief gelê in die eerste uitgawe van sy studies oor hierdie voortrekker in „De Volkstem". De Waal publiseer Johannes van Wyk, wat oorspronklik in „De Goede Hoop" verskyn het, in boekvorm en verskaf daarmee die so gretig verlangde leesstof.

Taalkongres.

In Des. 1907 word 'n Hollandse Taalkongres gehou op die Paarl. Op inisiatief van Dr. Viljoen kom die Taalbond en die A.T.V. tot 'n ooreenkoms om saam te werk vir die Afrikaans-Hollandse taalsaak. Op die tweede kongres (Des. 1908) kon Dr. Malan al op 'n vyftigtal oorspronklike werkies in Afrikaans wys.

Telkens ontstaan daar nuwe verenigingе uit die nuwe strewe in al sy verskillende aspekte. So kan ons hier nog noem die oprigting in Pretoria van die Afrikaans-Hollandse Taalvereniging, wat hom beywer het vir die aanstelling van Hollandskundige leerkragte op die Transvaalse skole en vir die handhawing van Hollands in die staatsdiens. Dieselfde jaar word in Bloemfontein opgerig Onze Taal, wat Hollands en Afrikaans wil bevorder op die gebied van literatuur, toneel, sang en musiek.

Stigting van die Zuid-Afrikaanse Akademie.

Toe die Nasionale Konvensie in Kaapstad in 1908 die Unie voorberei, kom by die Afrikaanse leiers die gedagte op om al hierdie verenigingе en organisasies in 'n sentrale liggaam te verenig; hierdie liggaam sou dan tegelykertyd teenoor die Universiteite en die regering as gesaghebbende liggaam in taalsake kan optree. Aan hierdie laaste gedagte is uitvoering gegee met die stigting van De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst, wat tot doel gehad het „de handhaving en bevordering van de Hollandse Taal en Letteren, en van de Zuid-Afrikaanse Geskiedenis, Oudheidkunde en Kunst. Onder 't woord Hollands wordt verstaan: de beide taalvormen gebruikelik in Zuid-Afrika". Die middele daartoe aangewend is die instelling van eksamens in taal, letterkunde en geskiedenis, die uitskrywe van prysvrae oor wetenskaplike onderwerpe, esv.

Die belangrikste werk wat die Akademie verrig het, is ongetwyfeld die vasstelling (vanaf 1915) van Afrikaanse spelreëls en die opstel van 'n Afrikaanse woordelys, wat 'n

groot en dringende behoefte was, veral ook met die oog op Afrikaans as voertaal by die onderwys.

Die verdere verloop van die taalstryd kan kort saamgevat word. Die sege is verrassend snel behaal, veel gouer as selfs die grootste optimis durf droom het. Afrikaans op skool.

In 1914 het die Kaapse Provinsiale Raad op voorstel van C. J. Langenhoven, wat as redakteur van die Oudtshoornse koerant Het Zuid-Westen in sy geestige styl en verrassende redeneertrant toe reeds kostelike pleidooie gelewer het vir sy taal, eenparig besluit dat Afrikaans tot en met standerd vier van die laerskool gebruik mag word as voertaal i.p.v. Nederlands. Dieselfde jaar nog word hierdie beginsel ook aangeneem in die Vrystaat en in Transvaal. Dis ook in 1914 dat Langenhoven sy besielde rede oor „Afrikaans as voertaal" voor die Akademie uitspreek. Die onderwysers het aanvanklik egter baie besware gehad teen die Onderwysbesluite van 1914. Spoedig het hulle tot beter insigte gekom en selfs daarop aangedring dat die besluite ook vir die hoër klasse sou geld. Vanaf 1917 is Afrikaans geleidelik as voertaal ingevoer dwarsdeur die laer- en hoërskool.

Ook die universiteite het nie agter gebly nie. Hier het die inisiatief uitgegaan van die studente. In die Suide het van 1911 die Studenten-Werda-Komitee geywer vir Hollands en Afrikaans. In die Noorde is in 1916 Die Afrikaanse Studentebond (A.S.B.) opgerig wat op Christelik-nasionale basis die wetenskaplike ontwikkeling van sy lede en die bevordering van die Afrikaanse kultuur beoog. In 1918 versoek die studente van die Universiteit van Kaapstad die Senaat om Afrikaans as studievak en as voertaal. In dieselfde jaar rig die A.S.B. 'n selfde versoek aan die Universiteit van Suid-Afrika. Aan hierdie versoek is dadelik voldoen, en die Grey Universiteitskollege het die leiding geneem met die aanstelling van Dr. D. F. Malherbe as professor in Afrikaans. Stellenbosch, waar reeds van 1914 'n begin gemaak is met die invoering van Afrikaans as voertaal, het gevolg met die aanstelling van Prof. Smith in 1919 en van Jan Celliers in 1920. Vandag geniet Afrikaans gelyke regte naas Engels as voertaal by die hoër onderwys. Die Universiteite.

§7. Die Kerk. Bybelvertaling.

Die Kerk.

Die houding van die kerk ten opsigte van Afrikaans was aanvanklik dieselfde as tydens die Eerste Beweging. Ook nou was die kerk daarteen, maar ook nou het 'n aantal jonger predikante 'n leidende aandeel geneem in die stryd—dink slegs aan Dr. J. D. du Toit, Dr. D. F. Malan, Ds. N. J. Brümmer. Manne soos Ds. H. S. Bosman en Prof. Marais was bitter gekant teen die taal wat hulle beskou het as 'n patois. Maar al het Ds. Bosman beweer: „De Kerk sal nooit het Afrikaansch kunnen aannemen", die stroom was nie te kere nie. In 1914 neem 'n algemene vergadering van die Gereformeerde Kerk in Transvaal Afrikaans al in beginsel aan as taal en dring aan op die vertaling van die Bybel en die belydenisskrifte. Sommige predikante van dié Kerk het toe ook al in Afrikaans begin preek. In 1916 erken die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk Afrikaans as taal en dra aan 'n kommissie op om in samewerking met die ander Hollandse Kerke geskikte manne met die Bybelvertaling te belas. Dieselfde week erken die Verenigde Kerk van Transvaal Afrikaans, drie jaar later staan die Ned. Geref. Kerk in Natal en in die Kaapprovinsie die gebruik van Afrikaans by die erediens toe, mits daardeur geen aanstoot aan gemeentelede gegee word nie. In 1924 het die Kaapse Sinode Afrikaans met groot eenstemmigheid aanvaar as offisiële kerktaal. Vandag behoort 'n Nederlandse preek by ons tot die seldsaamhede.

Die Bybelvertaling.

Ons kan hier nie 'n uitvoerige geskiedenis gee van die Bybelvertaling nie en bepaal ons slegs tot die hoofsake.

Preller 1905.

Preller het reeds in 1905 die oortuiging uitgespreek „dat een gezaghebbende Afrikaanse vertaling van de Bijbel de doorslag zou geven aan Afrikaans als schrijftaal". Maar net soos die Genootskappers wou hy die Bybelvertaling tog nie gebruik as middel nie maar wag tot die tyd daarvoor ryp sou wees en die behoefte algemeen gevoel sou word. Die takt van hierdie standpunt blyk duidelik as ons sien dat

Langenhoven 1911.

Langenhoven, later een van die vurigste voorstanders, in 1911 nog sê: „As die Hollandse Kerk my sou vraag om die Bybel, die psalm- en gesangboek en die formuliere, wat aan my hart geheiligd is deur my vroegste herinneringe, in

Afrikaans o'er te set, dan sou ik dit te enemaal weier, al had ik die bekwaamheid daarvoor; en ik sou die voorstel (hoe onlogies ook) beskouw as heiligskennend. Dit sou vir my smaak 'n parodie wees." In 1914 begin die eerste duidelike stemme opklink. Dr. B. B. Keet hou voor die Stellenbosse tak van die A.T.V. 'n lesing oor „Die Bybel in Afrikaans". Hy bepleit 'n samewerking van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika en waarsku teen die verbrokkeling van kragte wat die gevolg sou wees as die saak moes aangepak word deur private inisiatief. Hierdie wenk word aangeneem deur die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in die Vrystaat (1916): „De Synode besluit tot het vertalen van de Bijbel in het Afrikaans en nodigt hiertoe de samenwerking van de Ned. Geref. Kerken in de andere provincies, alsook van de Gereformeerde en Hervormde Kerken. Zij draagt dit werk op aan een speciale kommissie die in onderhandeling zal treden met de Synodale Kommissie van gemelde Kerken ten einde de kundigste en geschikste mannen voor dit werk te erlangen." Hiermee is die bal aan die rolle. Vanaf 1916 is 'n aantal manne, deur die verskillende Kerke aangewys, besig met die vertaling. Ons kan hier nie ingaan op al die wysiginge in die personeel van hierdie kommissie nie en slegs meedeel dat die aantal langsamerhand verminder het tot vyf: Ds. J. D. Kestell (voorsitter), Dr. J. D. du Toit, Dr. E. E. van Rooyen, Dr. H. C. M. Fourie, Dr. B. B. Keet. 'n Aantal taalgeleerdes benoem deur die Akademie, het hulle van taalkundige advies gedien: Dr. D. F. Malherbe, Dr. T. H. le Roux, Prof. J. J. Smith (wat later bedank het) en Dr. S. P. E. Boshoff.

B. B. Keet 1914

Vrystaatse Sinode 1916.

Vertalers.

Ook het Prof. Dr. C. van Gelderen van die Vrye Universiteit, Amsterdam, na Suid-Afrika gekom en gedurende 'n verblyf van ses maande die vertalers waardevolle advies verleen in verband met vertaling uit die Hebreeuse grondteks.

Van die proefuitgawe van Die Vier Evangelieë en Die Psalme (1922) moes 'n tweede (hersiene) druk verskyn (1929) en is 70,000 eksemplare verkoop. Tydens die werk het die standpunt insake die wyse van vertaling langsamerhand verander; die Bybel wat tans verskyn het, is uit die grondtale oorgesit, met spesiale inagneming van die Statevertaling. Die volk het, toe dit nodig geblyk het om 'n

Proefuitgawe 1922

paar vertalers los te maak van hulle amptelike werk sodat hulle hul heeltemal kon wy aan die vertaalwerk (Dr. du Toit en Dr. Fourie), die oproep om finansiële steun beantwoord deur £5,000 by te dra tot bestryding van die onkoste.

Psalmberyming.

Ook met 'n Afrikaanse psalmberyming en 'n Afrikaanse gesangboek is 'n begin gemaak. Van Totius het in 1922 verskyn 36 Psalme in Afrikaans, met musiek van Jannasch. Tans het daar reeds 77 van sy beryminge verskyn in Die Nuwe Halleluja, terwyl hy in opdrag van die Geref. Kerk besig is om die resterende 73 te berym. 'n Volledige Afrikaanse psalmboek sal wel nie lank meer op hom laat wag nie. In 1923 publiseer Langenhoven ook sy Gesange in Afrikaans, terwyl van Celliers, Louw en Gerdener in 1924 verskyn het Proewe van oorsetting van die Gesangebundel in Afrikaans.

§8. Die tydskrifte.

Die Brandwag (1910-19).

Die A.T.G. het dadelik probeer om art. 3 van sy statute, die oprigting van 'n Afrikaans-Hollandse tydskrif, ten uitvoer te bring maar gestuit op gebrek aan geldelike steun. Met die totstandkoming van die Unie het hulle dit egter gewaag, en op 31 Mei 1910 het die eerste nummer van Die Brandwag verskyn, wat met vreugde ontvang is. Hierdie maandblad, met sy smaakvolle uiterlik en sy ryke verskeidenheid van inhoud, het waardevolle werk verrig. Tot 1919 was Dr. W. M. R. Malherbe die redakteur, daarna Preller. In 1922 moes die redaksie om finansiële redes kies tussen 'n goedkoper uitgawe of staak, en het tot die laaste besluit.

Ons Moedertaal. 1914-16.

In 1914 rig die Stellenbosse tak van die A.T.V. onder redaksie van J. J. Smith, T. B. Muller en G. C. Tomlinson Ons Moedertaal op. Hier was die Jong-Turke van die Beweging aan die woord en kom 'n sterk nasionale gees tot uiting. Nadat die blad van Nov. 1914—Aug. 1915 tydelik gestaak is weens die politieke verwikkelinge, is dit in Mei 1916 verenig met Die Huisgenoot, wat van sy oprigting onder die bekwame redaksie van Prof. Smith, tot 1918 bygestaan deur C. J. L. Ruysch van Dugteren, 'n groot rol in die Beweging gespeel het. Van Nov. 1923 verskyn dit as geïllustreerde weekblad en het dit onder

Die Huisgenoot. Opgerig 1916.

redaksie van Dr. H. G. Viljoen uitgegroei tot die mees gelese Afrikaanse tydskrif waarin menige skrywer gedebuteer het. In 1930 neem J. M. H. Viljoen die redaksie oor.

Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Opgerig 1922.

Naas hierdie populêre weekblad vir die huisgesin moet ons nog noem die in 1922 opgerigte Tydskrif vir Wetenskap en Kuns onder redaksie van Dr. D. F. Malherbe. Hierdie kwartaalblad wil „'n gees van ernstige studie help aankweek, geleentheid bied vir elkeen wat oorspronklike beskouinge het of nuwe resultate of nuwe materiaal om te publiseer". Ook wil dit help om die letterkundige kritiek op 'n hoër peil te bring.

Die Nuwe Brandwag. 1929-33.

Vanaf 1929-33 verskyn Die Nuwe Brandwag, aanvanklik onder redaksie van Dr. M. L. du Toit, sedert 1931 onder redaksie van Dr. G. Dekker en Dr. H. G. Viljoen. Soos die naam aandui wou dit die werk van „Die Brandwag" voortsit. Dank sy die groot vooruitgang wat die Afrikaner op intellektuele gebied gemaak het, kon dit egter hoër mik. Die strewe van hierdie kwartaalblad, wat behalwe oorspronklike poësie en prosa, boekbesprekinge, ook studies en beskouinge oor literatuur, die beeldende kunste, musiek en kultuur in die algemeen opgeneem het, was om uiting te gee aan die geesteslewe van die Afrikaner en hom in kontak te bring met die kultuur van ander volke. In 1933 moes dit weens wanbetaling van die intekenare gestaak word.

§9. Natal en die taalstryd.

Dat ons tot hiertoe nog geen melding van Natal in die taalstryd gemaak het nie, is nie uit minagting vir wat die Afrikaners in hierdie oorwegend Engelse provinsie gedoen het nie. Inteendeel, die stryd wat hier gestry is, dwing ons bewondering af.

J. S. M. Rabie.

J. S. M. Rabie het reeds in 1905 die stryd vir Afrikaans moedig oorgeplant in die kolonie en as redakteur van „De Afrikaner" openlik verkondig: „Onze toekomst is Afrikaans of niets", hoofartikels in Afrikaans geskrywe, en geprobeer om die taal ook erken te kry deur debatsverenigingе. Maar dis begryplik dat, waar dit hier nog veel meer as in die ander kolonies 'n stryd om die kulturele bestaan was, alle kragte gekonsentreer is op die handhawing van Nederlands. Waardevolle werk is verrig

Organisatie van Hollandse Taalvrienden. 1913.

deur die Organisatie van Hollandse Taalvrienden wat opgerig is in 1913 en beoog het die bevordering van Nederlands (later Afrikaans) op skool en in die goewermentskantore. Hulle het uiteindelik die eers geweierde reg van moedertaal-onderwys verower. Hier moet veral genoem word Prof. Dr. G. Besselaar, Adv. en Mevr. E. G. Jansen en Ds. G. Pellissier.

Saamwerk-Unie.

Van groot belang is ook die Saamwerk-Unie van Kultuurverenigingе, waarin Adv. Jansen die inisiatief geneem het. Hierdie unie word gesteun deur almal wat vir die taalsaak voel in Natal; van die jaarlikse kongresse gaan 'n groot besieling uit; sy orgaan Die Saamwerk doen uitstekende opvoedkundige werk. Hierdie liggaam het ook die eerste Afrikaanse taaleksamens afgeneem (vanaf 1917 — veral op inisiatief van Mevr. Jansen). Van 1927 is daar op hierdie gebied samewerking met die Taalbond deur die instelling van 'n gesamelike eksamenkommissie wat erken word as die eksaminerende liggaam van die S.A. Akademie. Die „Saamwerk-Unie" waak en veg nog steeds vir die belange van Afrikaans en het 'n groot mag geword.

§10. Die volle erkenning van Afrikaans.

Die finale volle erkenning van Afrikaans het gekom in 1925. In 1918 het die Parlement neergelê dat vir doeleindes van staatsdiensadministrasie die woord „Hollands" in art. 137 van die Grondwet Afrikaans insluit, behalwe „in gevallen van Wetsontwerpen en Wetten van het Parlement en van officiële dokumenten van beide Huizen". In 1925 is egter bepaal dat Afrikaans Nederlands ook vir parlementêre doeleindes sal vervang. Tegelykertyd word 'n staatstoelae toegeken vir die samestelling van 'n gesaghebbende Afrikaanse Woordeboek.

Hiermee het Afrikaans dus sy volle erkenning behaal op die gebied van staat, skool en kerk. Na die tydperk van stryd, van verowering van regte, het die tyd aangebreek dat innerlike verdieping en selfverwesenliking kan begin.

F.A.K.

Handhaaf en bou was die leuse van die Uniale Taal- en Kultuurkonferensie op Bloemfontein op 18 en 19 Desember en van die Federasie van Afrikaanse

Kultuurverenigingе (F.A.K.) wat hier gestig is. Nou is die suiwere taalstryd verby, nou moet die reg wat verwerf is, gehandhaaf word; nou moet die strewe ook breër en dieper word — die taal moet nou die draer word van 'n eie kultuur, 'n eie geesteslewe. Uit hierdie besef het ook die Afrikaanse kunsverenigingе met hulle kunswedstryde in groot stede soos Kaapstad, Johannesburg, Bloemfontein, Pretoria en ook op tal van dorpe ontstaan. Op die jonger generasie rus tans die groot taak om hulle die regte wat met soveel stryd en inspanning verower is, waardig te toon.

§11. Verband tussen die Eerste en die Tweede Beweging. Verskil.

Geen aansluiting by die Genootskappers nie.

Hoewel die Eerste Beweging doodgeloop het voor die Tweede begin het, is daar natuurlik verband tussen die twee, al is daardie verband grotendeels verborge en moeilik om te bepaal. Dit spreek vanself dat die werk van die eerste pioniers sy spore diep nagelaat het, al het die jongeres, in hulle besef dat hulle 'n ander koers moes inslaan, volgens hulle eie, nuwe insigte te werk gegaan en daardeur die voorgangers die indruk gegee dat hulle edele werk nie altyd na waarde geskat is nie.

Nawerking van die Eerste Beweging.

„Give a dog a bad name and hang him — sê die Engelsman. So is dit met die ou Pêrlspan. Ons kan ons onmoontlik aan daardie wiel laat binde," het Dr. Hoogenhout in 1905 gesê, en almal het gevoel dat Ons Kluntii nie die gewenste orgaan vir die nuwe beweging was nie. Hulle was reg. Die gevoel teen Ds. du Toit se politieke ommekeer, teen sy ultra-fonetiese spelling, teen die taalopvattinge van die Genootskappers was te sterk dan dat hulle kon waag om daarby aan te knoop. Tog het in die nuwe Beweging juis die saad ontkiem wat deur die in diskrediet geraakte „Pêrlspan" gesaai is. Manne soos Dr. Hoogenhout, Totius, Dr. D. F. Malherbe, De Waal het van jongsaf direkte invloed ondergaan van die Eerste Beweging, temidde waarvan hulle opgegroei het. Langenhoven erken self in U Dienswillige Dienaar (bl. 79): „Ek twyfel daar glad nie aan nie dat (die openbaring wat die Patriot my gebring het) deur lange jare en langes stille onderaardse weë

sy bydraag gedoen het tot my uiteindelike dweepsugtige ywer vir Afrikaans." Maar ook in breër lae en meer verborge moet die invloed sterk gewerk het.

Invloed van onderwys.

Daarnaas sal ook deeglik rekening gehou moet word met die vrugbare nawerking van die middelbare en hoër onderwys aan die onderwysinrigtinge in Kaapstad en Stellenbosch, aan die Paarlse Gymnasium, aan die Grey-Kollege-skool in Bloemfontein, waar die simpatieke Dr. Brill aan die hoof gestaan het; veral sal ons ook moet rekening hou met die werk van die Staatsgymnasium in Pretoria. Ook die oorseese studie wat tal van die leiers van die nuwe Beweging geniet het, is 'n belangrike faktor. Daardeur het hierdie intellektuele jong Afrikaners bewus geword van eie nasionaliteit, van die regte en roeping van hulle jong volkie.

Verskil.

Daar is 'n groot en diepgaande verskil tussen die twee bewegings. Langenhoven het die Eerste Beweging op sy raak manier as volg gekarakteriseer: „Dit was, om dit sonder minagting so uit te druk, 'n takhaar-beroep op takhare." Dit was die beroep van 'n paar volksmanne op die ongeleerde plattelandsbevolking — hulle het besef dat hulle volk in 'n slaap verkeer het wat noodlottig vir die voortbestaan van eie taal en tradisies kon word. Hulle het daarin geslaag om hulle volk wakker te skud, bewus te maak van eie nasionaliteit. En op taalgebied het hulle boodskap eintlik nog die minste ingeslaan.

Eerste Beweging.

Tweede Beweging.

Hoe heeltemal anders is dit met die Tweede Beweging! Tussen die twee oplewinge lê die Tweede Vryheidsoorlog, wat die volk wakker geruk het, die besef van nasionale saamhorigheid laat ontwaak het — diep in die volksiel gis en broei dit, groei Ideë wat worstel om tot uiting te kom: vir die eerste keer kry die Afrikaanse volk sy digters wat gestalte gee aan sy smart en weemoed, ook aan sy vreugde oor die heerlike natuur van sy land. Daarom is die Tweede Beweging in 'n ander sin 'n volksbeweging as die Eerste: nou is dit nie meer die plattelandsbevolking wat met bewonderenswaardige psigologiese insig en takt en met verrassende resultate bewerk word deur 'n klein groepie doelbewuste maar alleenstaande manne nie; nou neem die intellektueles die voortou, die manne van die pers, die jong Afrikaners wat in die buiteland gestudeer het, meegeleef het

in die kultuur van Europa en daardeur tot sterker nasionale besef gekom het — en daardie leiers gee hierin slegs 'n hewiger, bewuster uiting aan die volksiel as die volk self wat spoedig gehoor gee aan die roepstem. 'n Nog hewiger, nog direkter uiting van die volksiel is egter die kunstenaars, wat die bewuste leiers van die taalstryd die oorwinning help behaal het. In die Eerste Beweging moes 'n paar manne oortuigingswerk doen — daarom kon hulle nog geen digters oplewer nie: hulle ideale is nog te min gedra deur die volksiel. In die Tweede Beweging was die volk ryp, die kunstenaars en die leiers was slegs die meer bewuste tolke wat die volksiel nodig gehad het om bewus te word. Let op dat ook die Tweede Beweging veel meer is as 'n taalbeweging. Die doelbewuste en snelle verowering van die taalregte is slegs een openbaring van die mondigwording van die Afrikaanse volk op elke gebied.

Hoofstuk IV.

DIE POËSIE VAN DIE TWEEDE BEWEGING.

§1. Kommando-versies.

Die poësie wat ontstaan het gedurende die Engelse oorlog, kommando-verse, behoort nog heeltemal tot die Eerste Beweging.

Wijl vijanden aan ieder kant gedurig mij omringen,
Verzacht het toch mijn harde lot om liedjes hier te zingen,
Al zou er ook geen menschen zijn, die naar mijn rijmpjes hoor,
Zijn zij mij toch tot tijdverdrijf, en breng 'k de dag dus door.

Met hierdie motto voor sy bloemlesing van oorlogsgedigte gee Pres. Reitz die gees daarvan uitstekend weer. Dis kunstelose werk, vir die grootste deel gerymel, met baie spot, wat gewoonlik skerp en grof is, slegs 'n enkele keer fyn en geestig; slegs selde verdiep die spot tot humor, soos in die bekende gedig Die Lady Roberts, waarin die digter op tipies Afrikaanse wyse die ontbering wil weglag met 'n grap wat galgehumor word:

Lord Roberts is al huis toe
Die veldheer het getrap.
Maar d'ou vrouw het hij hier laat blij,
Sij hou van „Mieliepap".

Skerp is die spot in Die Proclamatie of Papieren Bom. Ware ontroering spreek uit die in Nederlands gedigte Vaarwel aan die Vierkleur:

Niet langer mag de vierkleur wapperen,
Met tranen gaven wij haar af.
Zij is met onze dode dapperen
Verdwenen in een eervol graf.

E. N. MARAIS.

§2. Eerste klanke. — E. N. Marais.

Na die oorlog skyn dit of alles verlore is, of die volksiel versmoor is in moedeloosheid en smart oor die verlore vryheid. En .... juis dán ontwaak die Afrikaanse digkuns. Dan klink hier en daar 'n fyn, yl stemmetjie op wat uiting gee aan die smart en die weemoed. Nóu is digkuns nie meer 'n aangename tydverdryf nie, maar heilige erns, die noodwendige uiting van die geperste siel. Preller het in sy mooi inleiding voor „Die Vlakte en ander gedigte" van Celliers (1908) 'n paar van hierdie gediggies wat so onopvallend verskyn het in koerante, afgedruk. Daar is die weemoedige As die soeklig van die wagskip (oorspronklik in Engels!) van Joubert Reitz, die mooi Daar rijs soms stemme in die nag en die innige liedjie met sy snikkend-weemoedige hoop:

Môre pluk ons blomme — môre
as die reen en mis eers o'er is,
as die modder opgedroog is,
as die son ons toelag — môre.

Die reen en mis en wolke,
wat ons son gekeer het gister,
keer hom maar vandag nog —
Maar ons wag ver môre!

* * *

Daar is die bekende Winternag van

Eugène N. Marais (geb. 1872.)

Hiermee het ons gekom by die eerste digterfiguur in ons letterkunde .... en een van ons suiwerste kunstenaars!

Hy is in die distrik Pretoria gebore, gaan skool in die Paarl, is van sy sestiende jaar weer in Pretoria, waar hy joernalis word. Vanaf 1892 besit hy sy eie blad Land en Volk, terwyl hy tewens mederedakteur is van Engelse blaaie en as sodanig 'n aktiewe aandeel neem aan die politieke stryd van die dae. Van

1898 studeer hy eers in die Medisyne, daarna in die Regte in Engeland. Ook reis hy baie. 'n Avontuurlike poging tydens die Engelse Oorlog om medisyne en ontploffingstowwe deur te smokkel na die Boerekommando's besorg hom 'n swaar siekte, waarvan hy lank die gevolge moes verduur. Daarna het hy weer 'n tydlank sy koerant uitgegee, is dan vier jaar vrederegter in Waterberg, waar hy interessante natuurstudies en hipnotiese proefnemings op diere doen. Later praktiseer hy weer as advokaat en as prokureur op Heidelberg en Pretoria.

Hoewel Marais ook verhale en interessante natuurkundige studies oor diere geskryf het (vgl. Hoofstuk V, § 1), is hy veral van betekenis as digter. Eers in 1925 is sy poësie gebundel met 'n mooi inleiding van sy vriend Preller. Dis slegs 'n handjievol gedigte, en hulle is ook nie almal van dieselfde gehalte nie, maar daar kom onder voor wat tot die suiwerste en edelste van ons jong letterkunde behoort. In hierdie verse, waarmee die Afrikaanse digkuns ingelui word, is Marais die tolk van die volksiel, gee hy as 't ware verligting aan die smart van daardie volksiel deur uiting daaraan te gee. Dit het hy veral gedoen in sy „Winternag", een van die juweeltjies van ons poësie, wat reeds in 1904 in „Land en Volk" verskyn het. In hierdie sobere, suiwer gedig, waardeur die skraal windjie van die Hoëveld kla, het hy in sy eie natuurstemming die smart en lyde van sy volk gesimboliseer. Die digter wat sy vrou so jonk moes afgee, is 'n pessimis. Dit blyk veral uit sy „Skoppensboer":

Gewis is alles net 'n grap!
Ons speel in die komedie mee
geblinddoek met 'n lamferlap
wat selfs die son 'n skadu gee.

Daar klink dan ook 'n weemoedige klank op in hierdie verse, soos b.v. in die pragtige heimwee-verse na die grootse natuur „Waar Tebes in die Stil Woestijn". Maar ons hoor ook 'n blyere klank in sy besielende „Die Smid", waarin hy so manlik aanspoor: „Blaas hoog die vlam". Geestig is die siening in „Klaas Vakie" van die seuntjie wat half aan die slaap is. Mooi is sy Boesman- en Kafferliedjies, waarin die tipiese mentaliteit van die inboorling goed geteken is

deur die beelde, die eentonige sang en die vrye maat. „Mabalel" munt uit deur die pragtige beelding. In sy Versamelde Gedigte (1933) is ons digkuns nog verder verryk met die ontroerde „Die Plaasvervanger" en die melodieuse „Lalasini".

Marais is woordkunstenaar—d.w.s. hy ver-beeld sy ontroering deur die musiek van die klankvolle, ritmiese woord.

§3. Die Driemanskap.

Na die eerste gediggies van Marais beleef ons digkuns plotseling 'n verrassende bloei in die poësie van Celliers, Totius en Leipoldt. In hulle kuns kom ineens tot uiting wat daar leef in die volksiel. Dis dan ook nie te verwondere nie dat die twee bronne van besieling waaruit hulle kuns ontstaan het, altans in hulle eerste werke, die oorlogsmart en hulle natuurgevoel is. Elkeen van hierdie drie kunstenaars verskil in temperament en siening, in wyse van uitbeelding, in een woord: as digterpersoonlikheid, sterk van die ander. Elders het ons die verskil as volg probeer karakteriseer: Algemene karakteristiek.

„Celliers, wat met 'n weemoedige glimlag droom van die so wreed verstoorde huislike geluk, fier vertel van heldedade of met forse stem aanspoor tot volharding en trou. Hy skilder ons die natuur in sy grootsheid en in sy intiemheid, ligte pastelle oorglans deur die goue luister van die Afrikaanse landskap, met sy dynsterige vergesigte en sonnige vlaktes, sy vervloeiing van sagte tinte. Celliers.

„Totius, die Calvinis, met sy visionêre krag en profetiese blik, die digter wat ontroerd kla oor die lyding van die Moeder, maar ook die boet-profeet en die siener wat agter en in dit alles Gods heilige Wil en Raadsplan sien. Totius, die stemmingsdigter wat sag ween oor eie leed en sielsverdriet, maar wat ook met fluisterende innigheid getuig van sy gemeenskap met sy God. Totius, die simbolis, vir wie die uiterlike verskyninge openbaringe is van 'n dieper geestelike waarheid. Totius.

„Leipoldt die hewig voelende—fel skryn in sy poësie die smart van sy volk op! Leipoldt, met al sy sintuie genietende van die natuur, juigende ‚somer en son en safier Leipoldt.

vir my!', maar ook die vereensaamde individualis, wat moedig alleen sy stryd stry, die grenselose pessimistiese, slegs tydelik bedwelm deur die roes van natuurvreugde om weer te ontwaak tot sy eensaamheid en pessimisme."[1])

Ons sal hierdie drie figure nader beskou.

Jan F. E. Celliers (geb. 1865).

Celliers is gebore op Wagenmakersvlei (Wellington). Sy eerste onderrig ontvang hy op Engelse skole in Kaapstad. In 1873 rig sy vader „De Volkstem" op in Pretoria. In 1874 volg sy hele familie hom daarheen per ossewa. Van 1872-'82 gaan Celliers skool op Wellington en Stellenbosch, daarna weer op Pretoria onder die bekende Meester Louis. Van 1887-'90 studeer hy in Delft en Leiden vir landmeter. Dit was egter nie werk na sy hart nie, en hy word staatsbibliotekaris op Pretoria, wat hy bly tot die oorlog. Dan neem hy die mauser op vir die vryheid en veg tot die bittere einde. Na die oorlog bring hy met sy gesin 'n paar jaar deur in Switserland en nege maande in Nederland. Self sê hy van hierdie tyd: „Ek sou seker nooit tot skrywe gekom het nie as ek nie die paar jaar in Switserland vry was van alle sleurwerk en heeltemal tot myselwe kon inkeer. Die paar vrye jare in Switserland, en veral die nege maande in Holland daarna, was van baie betekenis vir my geestelike en letterkundige vorming." In 1907 is hy weer terug in sy vaderland en neem 'n lewendige aandeel in die taalstryd. Tot 1919 is hy amptenaar—dan verlos die Raad van die Universiteit van Stellenbosch hom van hierdie sleurwerk deur hom met behulp van die Jan-Marais-fonds aan te stel tot buitengewone hoogleraar in die letterkunde, wat hy gebly het tot 1929.

Van hom het die volgende digwerke verskyn: Die Vlakte en andere Gedigte (1908); Die Rivier (1909); Unie-Kantate (1910); Martjie (1911); Die Saaier en ander Gedigte (1918); Jopie Fourie en ander nuwe Gedigte (1920); Die Lewenstuin (1923); Die Groot Geheim (1924); Liefdelewe (1924). Verder het hy 'n paar dramas en 'n bundel verhale geskrywe en verskillende romans uit Frans vertaal.

---

[1]) Die Nuwe Brandwag, 1933, I; herdruk in Causerie en Kritiek, Pretoria, 1934, bl. 90-1.

J. F. E. CELLIERS.

Van die drietal waarmee ons letterkunde begin, spreek Celliers die meeste tot die volk. Hy is die mins individualistiese van die drie en dig meer vír die volk — in hierdie opsig is hy meer volksdigter as Totius en seker meer as Leipoldt. Celliers besit 'n groot beheer oor die verstegniek en het 'n groot verskeidenheid van versmate beoefen, veral onder invloed van ander digters. Daarom is hy die Afrikaanse Pol de Mont genoem. Nes by die Vlaamse digter bedek die tegniese vaardigheid egter soms gebrek aan ontroering. Ons sien verskillende duidelike eienskappe in sy poësie. Daar is Celliers die landskapskilder, wat die natuur skilder in sy grootsheid, sy wegdeinende horisonte, maar ook in sy intiemheid, sy fluisterende aandstemminge. Daar is Celliers die vaderlander, wat met 'n weemoedige glimlag die bekoorlike beeld oproep van die idilliese huislike geluk wat so wreed deur die oorlog verstoor is. Want hy is veral gelukkig in die huislike kring met sy lief en leed, en hy is verwant aan die Nederlandse digters van voor 1880. Maar daar is ook die Celliers wat in kragtige verse dade van heldemoed en vaderlandsliefde verheerlik of op forse toon aanspoor tot trou teenoor volk en taal. Sy oë kan blits by dade van ontrou en verraad. Later word Celliers veral die mymeraar oor die lewensraaisels. **Algemene karakteristiek.**

'n Kort bespreking van sy werke sal hierdie eienskappe duideliker aan die lig bring.

Celliers het reeds in 1894 begin dig. 'n Paar van hierdie gedigte: „Ons Piekniek" en „Gefop, Oudjie", het hy later gepubliseer in Jopie Fourie en ander nuwe Gedigte. Dis tipiese Patriot-gerymel. Ook op kommando het hy 'n paar gedigte geskrywe. Een daarvan is „Ou Oom Willem aan sy verslete baadjie", wat al dadelik die latere digter van die huislike geluk verraai, veral in die bekende strofe: „ons abba saans die kleingoed weg."

Waar Totius 'n ontwikkelingsgang deurmaak waardeur hy groter diepte en rypheid bereik en opklim tot 'n hoogtepunt, begin Celliers in sy eerste bundel, Die Vlakte, met 'n hoogtepunt wat hy nie meer bereik het behalwe in „Martjie" nie. Hy openbaar hom dadelik as 'n verskunstenaar met 'n groot beheer oor die vorm en as 'n talentvolle landskapskilder. Die bundel bevat 'n groot verskeidenheid **Die Vlakte en Andere Gedigte. 1908.**

van stof en verskil hierin van Totius se bundels, wat almal sentreer om een hoofmotief.

Die titelgedig het 'n interessante wordingsgeskiedenis gehad. Die indruk wat die Transvaalse vlakte op hom gemaak het tydens 'n reis na Delagoa-baai met die opening van die Ooster-spoorweg in 1895, het in Celliers bly voortlewe en na uiting gesoek, veral terwyl hy in Switserland was. Toe hy daar een keer weer „The Cloud" van Shelley lees, voel hy plotseling intuïtief dat die vorm van hierdie heerlike gedig net die vorm was om uiting te gee aan „die stem van die vlakte van tien jaar tevore". Die gedig is so algemeen bekend, dat ons daar seker nie lank by hoef stil te staan nie. Wat 'n breë skildering kry ons hier van die vlakte in sy verskillende gedaantes; wat 'n pragtige klankskildering van die vlakte in sy lome middagrus, onder die versengende hitte van die somerson, dan van die opkomende storm in al sy fases, en daarna die vreedsame rus van die dankbare skepping na die woeste spel van die elemente. Dis deur die klank en ritme van sy verse, deur die verrassende beelde dat die digter ons hierdie grootse taferele skilder. Die gedig staan egter nie orals op dieselfde peil en bereik ook nie die diep simboliek van Shelley se gedig nie.

Dieselfde meesterskap oor die woord sien ons in „Die Veldwindjie", waarin ons die windjie hóór aanswel en wegsug; ook in „Die Dorp-sondag", waarin ons die gebeier van die kerkklokke hoor:

> Sondaars kom, sondaars kom!
> roep die klokke, om en om;
> hoor 't op die mure beier,
> rukke-golwend, wyer ..... wyer,

Wat 'n intieme beeldjie roep die slotverse nie op nie:

> Op die troue wag verlate,
> donkerwallend langs die strate,
> staan die huisies slaap-bevang,
> deur die verre kikker-sang,
> nag-omslote trou byeen,
> . . . . liggies blussend, — een vir een . . . .

Net so 'n wonder van woordmusiek is „Die Stem van die verte". Wie ken ook nie „Die Ossewa" nie, waarin navolging van Gezelle se „Twee Horsen" hom bring tot sy mooi uitbeelding van hierdie tipies Afrikaanse erfstuk? En dan „Eensaamheid", met sy mooi fluistering van die mistieke aandstemming en die liefdevolle siening van die osse.

Nie altyd is die besieling sterk nie — soms verval Celliers in 'n kunstige spel van metrum en klank waaraan waaragtige ontroering ontbreek, soos in „Die Voël".

In al hierde gedigte sien ons die bewuste kunstenaar, met sy bewuste beoefening van die skone vorm, wat sterk onder invloed staan van buitelandse kunstenaars — veral van die vrome Vlaamse digter Guido Gezelle. Die „Tagtigers" het nie veel invloed op Celliers gehad nie; tydens sy eerste verblyf in Nederland het hy nie eens kennis gemaak met Perk se I r i s nie, wat hy eers leer ken het nadat hy „Die Vlakte" gedig het. Celliers besit nie 'n hewige of sterk liriese temperament nie, en hy staan nader aan die gemoedelike, huislike poësie van De Génestet as aan die fel-liriese, revolusionêre en individualistiese poësie van Kloos e.a. Die verwantskap aan en invloed van De Génestet is dan ook goed merkbaar in hierdie bundel (trouens in byna al sy werk), veral in die Nederlandse gedigte „Gij en Ik", „De Tempel der reinheid" en ook in gedigte soos „Chamonix".

Verwantskap aan De Génestet.

Ons vind ook luimige gedigte soos „Wondere", „Afrikaner-troos", „Brand-vry", „'n Snaakse vryery". In hulle soort is hulle nie onverdienstelik nie — vergelyk hulle slegs met die onbeholpe rymelary van die Patriotters en met Celliers se eie Patriot-verse! Wat 'n dolle uitgelatenheid klink daar nie uit die galop-ritme van „More-mal" nie!

'n Kragtige, besielende toon klink daar uit die forse verse van „Trou". Hier is Celliers nou verwant aan die Vlaamse digter René de Clercq, wat ook invloed op hom uitgeoefen het.

Belangrik is die afdeling oorlogsgedigte, waartoe die lewendige vertelling „Japie Greyling" (die tweede deel van hierdie gedig staan egter laer) feitlik ook behoort. Waar Totius weemoedig kla oor die lyding van die vrou, maar daarin Gods Raadsplan sien, waar vir Leipoldt die oorlog-

smart nog 'n roue wond is wat hom dit laat uitskreeu van pyn, daar dink Celliers, wat oor die kinderlewe die bekoorlike ,,Klein Ondeug'' gedig het, veral terug aan die huislike geluk wat verstoor is en deurleef hy die gebeurtenisse weer opnuut. In ,,Oproeping'' beeld hy die rol van die vrou uit wat die kleinmoedige man oorlog-toe stuur. En dan kry ons die ontroerende beeld van die argelose kindergeluk in ,,Die laaste Aand'' en die weemoedige ,,Afskeids-more''. Kragtig is die ,,Vryheidslied''. Dan volg ,,Die Stryd'', met sy pragtige woordkuns, waarin ons onder die geruis van die reën die smeekgebed hoor opklim en later die krygsrumoer:

Droef en lang was die nag,
grijs en guur breek die dag
—ver ruis die re'en . . . .
In gebede geskaar,
in die re'en bymekaar
smeek ons af in gevaar,
Vader, Uw se'en!

Hier sien ons invloed van die Duitse vryheidsdigter Körner, van wie Celliers later ook vertaal (vgl. Die Saaier). Pragtig van uitbeelding is ook die aanhef van ,,Die Brand'' en ,,Veldbrand''. In ,,Die Kampsuster'' hoor ons van die lyding in die kampe, en in ,,In Memoriam'' belewe ons die oorlogsgeweld met sy snelle tragiek. Wat 'n tere stemmingsbeeldjie in die sobere ,,Berusting'' en in die klassieke, later ingevoegde ,,Dis al''. Mooi is ook die weemoedige herinnering in ,,Oorwinning''. Ten slotte wys ons op die, ook later bygevoegde, kragtige ,,Afrikaner-Boer aan Afrikaner-Brit''.

Die Rivier. 1909.

Die Rivier is 'n dertien-tal sange wat die loop van die stroom uitbeeld van sy ontstaan tot hy uitvloei in die oseaan. Dis tegelyk simbolies van die menselewe, wat uit die misterie ontstaan en weer in die misterie van die ewigheid verdwyn. Wat ons reeds in die vorige bundel gemerk het, vind ons hier in veel sterker mate: gebrek aan waaragtige ontroering wat lei tot 'n kunstige spel van klank en metrum. Tog is die werkie ryk aan pragtige woordskildering en stemmingsbeelde. Die mooiste is seker wel die diep ontroerde ,,Die Murasie''.

waarin die verlatenheid en verwaarlosing heel goed uitgebeeld word deur die droefgeestige verse met hulle langsame ritme. In Die Storie van Koba's dam kry ons verdienstelike suggestie van die spookatmosfeer.

Anders as Totius, wat by die totstandkoming van die Unie gedesillusioneerd spot; skrywe Celliers 'n Unie-Kantate. Unie-Kantate. 1910.
Dis 'n reeks lewendige sange waarin die geskiedenis van Suid-Afrika besing word. Die „Gees van die Wildernis" besing die geluk van die ongerepte aarde, waarop die „Wêreldgees" aankondig dat die aarde bevolk moet word. Die Seevaarders gaan op die koning se bevel jubelend Suidwaarts. Dan volg liedere van die verbaasde inboorling en 'n Voortrekkerslied — so trek die geskiedenis voor ons verby totdat die Unie-lied weerklink. Hierdie kantate tref deur die snelle opvolging van vlotte, lewendige sange.

In Martjie wou Celliers „'n eenvoudige skildering gee Martjie. 1911.
van 'n liefdesverhouding tussen 'n Afrikaanse meisie en jonkman in Afrikaanse omgewing, 'n algemeen-menslike tema op eie toneel opgevoer". Hierin het hy uitstekend geslaag. In hierdie idille gee hy ons 'n pragtige uitbeelding van die gelukkige lewe op 'n Bolandse plaas — die lome Sondagsrus, die vredige gesinslewe, die wandelinge en pieknieks van die jongspan. En in dié sfeer speel die liefdesdrama van Martjie hom af. Sielkundig suiwer is die langsame ontwikkeling van die Boeredogter se liefde vir Roelf geteken tot in die warm somernag in die tuin :

> magteloos, half biddend,
> half belydend
> ontbewe aan haar lippe net die woorde:
> „God . . . . 'k het lief!"

Martjie is as geheel Celliers se suiwerste kunswerk. Aan die gevaar van sentimentaliteit het hy byna heeltemal ontkom. Pragtig is die tipes geteken: Uitkyks noointjie, met haar ondeundheid en fierheid, vir wie die onskuldige spel egter spoedig erns word; die manlike Roelf; die Oom met sy ronde gulheid en tipiese tergsug, die moederlike Tante. Celliers het hier die vrye versvorm gekies, waardeur hy in staat gestel is om al die verskillende stemminge en

emosies uit te beeld, die lomerige middagstemming op 'n warm somerdag, die gesellig-intieme gees aan die ontbyttafel, Martjie se strompelende laaste skredes en hygende asem as sy vrees om te laat aan te kom by Roelf. Hierdie vrye versvorm sal Celliers van nou af gedurig gebruik.

Die Saaier en ander Gedigte. 1918.

In Die Saaier en ander Gedigte is Celliers die mymeraar wat ,,die sade van gedagte saai''. Dis 'n vae soeke en taste; hoewel dit nie sonder ontroering is nie, is die ontroering nie sterk nie en verdwyn soms heeltemal agter die gedagte.

Al wat ek voel,
al wat ek dink,
as ek so tussen my bome en plante sit
—ek sou dit so graag wil vertel;
maar ek kan nie, ek kan nie;
omdat ek self maar half weet wat dit is,
omdat ek die gedagtes, die gevoelens
nie kan vang nie.

Hiermee het die digter self hierdie poësie gekarakteriseer. Daarom is daar so min verbeelding, so min versinneliking in self gesiene, oorspronklike beelde van wat in die digter se siel omgaan. Want dit is tog wat ons van die digter verwag: dat hy sy ontroering deur die sinnelike middele van die woord, die ritme en die klank, en deur die beeld vir ons waarneembaar maak. 'n Gedig soos die pragtige Wolke, waarin hy die spel van die wording en oorgange in sy gedagtelewe versinnebeeld sien in die steeds veranderende gedaantes van die wolke, is dan ook seldsaam in hierdie bundel.

Die Saaier bevat egter ook nog ander gedigte en daaronder heelwat moois of verdiensteliks. Daar is die geestige werklikheidstekening van ,,Stille Werkers'' en ,,Waghondjies''; daar is die spot van ,,Papbroekland'' en die besielende ,,Kom-aan''. Die musikale liedjie ,,Op 'n aandwandeling'', met sy tere simboliek, is 'n juweeltjie. ,,Kerkhof-sipresse'' en ,,Berge-weemoed'' gee mooi natuurstemming, terwyl ons orals fyn vegies landskapskildering kry:

Bo die fyn-geveerde toppe van die bome
rafel die windjie die ligtend-witte wolke
in die blou uitmekaar
in stadig-statige optog trek hulle verby.

Mooi kom ook Celliers se skoonheidsgenieting uit in die, onder invloed van Gezelle geskrewe, „O, die heldere blou". Ons het reeds vroeër gewys op die invloed van die Duitse digter Körner; Celliers gee hier twee nie heeltemal geslaagde vertalinge van hom. Sy opstand teen die sleurlewe wat hy moet lei, vind ons in die bekende Ironie. In die treffende „President Steyn" gee hy blyk dat hy die gawe besit om die sobere epigram te skrywe. „Na Bloukrans", 'n dialoog, is nie besonder dramaties nie.

Hoewel hy hom in sy mymeringe, heel begryplik, nie meer so toelê op vormskoonheid nie, vind ons dit in ander gedigte wel — dink slegs aan die tegnies-knappe „Stormroes".

Jopie Fourie en ander Gedigte. 1920.

Jopie Fourie en ander Gedigte „is mees almal geleentheidsgedigte wat ontstaan het in verband met geskiedkundige en ander gebeurtenisse—groot en klein." Die grootste deel is ontstaan onder die indruk van die skokkende gebeurtenisse van 1914, wat so belangrik was vir ons nasionale bewuswording. Celliers is ons hier besonder simpatiek deur sy mooi vaderlandsliefde en die moedige eerlikheid waarmee hy sy gevoelens uit (vgl. b.v. „Die weg van eer"). Maar die ontroering wat ons by die lees daarvan aangryp, is meer gebore uit ons herinneringe aan die gebeurtenisse self as uit die gedigte, want as poësie is hierdie gedigte swak. Slegs selde tref ons 'n beeldende strofe soos die eerste strofe van die tweede gedig op Generaal Beyers („Vaalrivier"). Die meer besielde ritme van „Klokke lui" is seldsaam in hierdie bundel. Die ander gediggies gee ons 'n kykie in die gemoedslewe van die mens Celliers; dis gemoedelike „onderonsjens" wat sterk herinner aan die huislike poësie van die Nederlandse „predikantdigters" voor 1880 — tot sy sterwende hond ontlok hom 'n paar gemoedelike verse. Hierdie gedigte is egter arm aan digterlike ontroering en kon liewer ongepubliseer gebly het. Kragtig is die verse op die swoegende perd in „Verbygaan", oulik is

„Ma en Piet", wat in dieselfde gees is as „Waghondjies" in die vorige bundel. „In Assegaaiboskloof" gee 'n mooi uiting van herleefde lewensvreugde.

Die Lewenstuin en ander Gedigte. 1923.

Die Lewenstuin en ander gedigte. Hierdie bundel, wat open en sluit met 'n weemoedige sang, bevat 'n aantal liedjies, nie diep of hewig van ontroering nie, maar vlot en bekoorlik, met 'n tikkie weemoed:

> (so het ek) U (nl. Gods) glimlag ook ontdek,
> aanmoedigend, in berg en bos en stroom,
> in elke blom ontluikend op die veld.

Celliers is nie die modern-gekompliseerde siel wat Leipoldt is nie; nes Visser vertoon hy meer verwantskap met die ongekompliseerde De Génestet. Tot die bekoorlikste liedjies behoort „Suringblomme", „See-anemone" en „Eensame Huise", en veral die diepere „Vreug en Wee". Ook in hierdie bundel blyk nog die digter se beheer oor die vorm, veral in „Kalme See", waarin die matte golfslag ruis. Die vaderlander spreek uit sterker gedigte soos „Die blinde ou Voortrekker", „Kruger", die twee gedigte op De Wet en „'n Kinderskoentjie", waarin 'n paar strofes van ontroerende patos voorkom. Wie vergeet ooit die beeld van Kruger wat „hap vir hap" voor ons uitgekap word:

> Soos 'n berg, ongebuk,
> breed en bonkig van stuk,
> dis hy!
>
> Die gelaat, hap vir hap
> uit die kranse gekap,
> elke kerf, elke knou
> harde noodlot se hou;
> elke moet, elke merk
> vryheidsvyand se werk,
> dis hy!

En dan die pragtige verse op De Wet:

Stil, broers,
daar gaan 'n man verby,
hy groet,
en dis verlaas.
Daar's nog maar één soos hy;
bekyk hom goed.

Die groot Geheim. 1924.

Die groot Geheim is 'n lang allegoriese gedig in vrye, rymlose verse. Die floue glans van 'n mistieke lig trek die digter se oog. Nou skei hy hom af „van jonge dansers in die lewenstuin", en as hy die mistieke lig een dag duideliker as tevore sien soos die „skim van 'n hemel-hoë rotskasteel", aanvaar hy die soektog „na daardie ver en wonderlik Geheim". Eindelik bereik hy, na 'n lang en moeilike tog, die rots en ontmoet daar weer al sy reisgenote. Hy neem dan die woord:

Ons, groot Geheim se kinders hier vergaderd,
op hoër plato, wou suiwer weerklank gee
en soek van groot Geheim se wese en stem,
elk soos hy kan — ons kon nie anders nie.
Hoewel nie een in weg nie, een was ons
in soek en uitsien na die groot Geheim —
in strewe, wandel, optog, dwaling ook.
Dog, dwaal ten spyte, hier vind ons mekaar.

En die na bo wysende rotspunt leer hulle:

dat ons moet wees 'n enig volk van broers,
geen vraag moet ons verdeel, geen vrees, geen nood, —
in hoogste wet van Liefde sal ons win.....

Die groot gevaar van die allegorie is dat dit so lig verstandelik word, te konsekwent van toepassing, en dan vermoei dit die leser deurdat hy gedurig elke detail van die verhaal moet herlei tot sy sinnebeeldige betekenis. Aan hierdie gevaar het Celliers ontkom; die allegorie is heel eenvoudig, die dieper betekenis doem vanself op. Maar die digter het hier nie veel verder gekom as beskrywe nie — ons volg

verstandelik wat hy ons beskryf, en dan roep ons self 'n beeld op voor ons geestesoog. Werklike verbeelding, plastiek, ontbreek aan hierdie gedig. Slegs 'n enkele keer gee die digter uitbeelding en nie blote beskrywing nie.

Wie liefde gegee het en liefde ontvang,
het van die lewe die skoonste bereik en geniet.

Liefdelewe. 1924.

sing Celliers in Jopie Fourie. Dit is ook die grondtoon van Liefdelewe (1924). Dis nie 'n bundel persoonlike liefdesliriek nie, maar 'n reeks verse waarin die digter op intiem-huislike wyse die liefde besing. Op bevel van die Opperwese bring 'n engel 'n geesteskiem na die aarde om daar as mens te lewe en voorberei te word „vir die lig van onse woning". Dan word die mens se lewe beskrywe, waarby die liefde steeds die leidster is: sy kinderjare, sy jongelingskap, sy jonge liefde en rype huweliksvreugde. In hierdie bundel kom mooi gedigte voor, veral in die afdeling „Ontvangenis en geboorte", wat ontroerde sin-ryke verse bevat en bekoorlike uitbeelding van die aanvallige kind en van die moederliefde. Mooi is ook „Begeerlikheidsdaeraad", „Siekte"; en luister na die volgende uit „Sonnedans":

sondeurwewe
losse lokkies,
goud op goud,
vol hardloop-skokkies.

Hier het ons Celliers, die digter van die huislike vreugde, op sy beste. Teer is ook „Haar sprokie".

Maar in hierdie bundel kom ook weer duidelik Celliers se verwantskap met De Génestet se minder besielde tydgenote uit. Ook by hom word die huislike deur gebrek aan ontroering dikwels huisbakke, sonder verheffing.

Totius (geb. 1877).

Onder hierdie skuilnaam tree die digter Dr. J. D. du Toit op. Hy is die seun van die leier van die Eerste Beweging en gebore in die Paarl. Sy onderwys het hy ontvang op 'n Duitse sendingskool in Rustenburg en op die Hugenote-Gedenkskool, Daljosafat (Paarl).

TOTIUS.

Later studeer hy in die teologie aan die Teologiese Skool, Burgersdorp. Tydens die oorlog studeer hy aan die Vrye Universiteit, Amsterdam, waar hy in 1903 die doktorstitel in die Teologie behaal. Dan word hy predikant van die Geref. Gemeente van Potchefstroom. In 1911 word hy hoogleraar aan die Teologiese Skool van die Geref. Kerk aldaar. Vanaf 1916 tot 1933 was hy werksaam aan die Afrikaanse Bybelvertaling. Ook is die psalmberyming, waaraan hy reeds jare werksaam is, aan hom opgedra deur die Geref. Kerk. Van hom het op letterkundige gebied verskyn: By die Monument (1909); Verse van Potgieters Trek (1909); Wilgerboombogies (1912); Rachel (1913); Trekkerswee (1915); Kinderverse (1920); 36 Psalme in Afrikaans (1922); 50 Psalme in Afrikaans (1923); Passieblomme (1934).

Algemene karakteristiek.

Die grondtoon van Totius se poësie is weemoed oor die smartlike verlede, veral oor die lyding van die vrou. Maar as Calvinis sien hy in hierdie lyding die Raadsplan van God wat alles ten beste bestier. Sy vaderlandsliefde staan in die nouste verband met sy godsdiens, vloei daaruit voort. Hierdie Christelik-nasionale wêreldbeskouing is die agtergrond van sy hele gevoelslewe en poësie; dit maak hom die besielde profeet, soms ook die toornende boetprofeet wat terugkeer tot die ou geloof predik. Dit maak hom ook die siener wat agter die uiterlike skyn die geestelike waarheid en diepere sin sien. Totius is die simbolis.[1]) Dit kom veral uit in sy natuurpoësie. Die natuur bekoor hom nie so seer deur haar uiterlike skoonheid nie; daardie skoonheid besing hy heel sober. Wat hom tref is nie die pralende prag van kleur en gedaante nie, maar die nederige en tooilose skoonheid wat vir hom 'n diep geestelike waarheid onsluit, simbool word van eie sielelewe of van die van sy volk. Nêrens kom hierdie simboliek, wat die kern is van sy kuns, mooier uit as in die volgende verse op die wilgerboom nie:

Calvinis.

Simbolis.

O Wilgerboom,
beeld van my skuld!
So naak en uitgetoë
is ook my siel,
verarmoed en
so diep terneergeboë!

[1]) Oor simboliek in die kuns, vgl. Hoofst. V, §4, Inleiding.

Maar tog is jy,
so kaal en in
jou groue bedeldrag,
gelyk'nis van
'n stil geloof
en immer hopend wag.

So word die besembos die simbool van sy volk se onverwoesbare lewenskrag, die Transvaalse lente sonder sanggeskal of kleurgejuig spreek tot hom „van taaiheid en van moed", die platgetrapte, geskaafde doringboompie wat hom weer oprig en oor sy wonde drup die „salf van eie gom", is sy diepbeproefde volk; die ou put wat haar laaste druppel water gee aan die dorstige vee, is die opofferende moeder. Nie alleen in afsonderlike gedigte of verse vind ons hierdie simboliek nie, dis die agtergrond van al sy bundels, van sy hele kuns.

Soberheid

Dit spreek vanself dat ons in die poësie van hierdie digter nie moet soek na uiterlike skoonheid, na pralende beelde en heerlike woordmusiek nie. Sy kuns is sober, dis soos sy os „so sonder tuiggetooi". Maar uit hierdie tooilose verse klink 'n tere, innige sielsmusiek op vir wie die liefde, die geestesdiepte besit om daarna te luister — wie dít nie besit nie, wie alleen ontvanklik is vir uiterlike prag, vir luidklinkende woordmusiek of felle oë-skoonheid, wie nie luister na hierdie sagte sielsmusiek nie, hoor dit ook nie en wend hom teleurgesteld af.

Totius se poësie is nie altyd suiwer en diep van ontroering nie, en as die ontroering swak word, neig sy vers gevaarlik na berymde prosa. Die leser moet egter versigtig wees voor hy hierdie kritiek vel, want Totius eis in besonder sterk mate die liefdevolle aandag waarop elke kunstenaar reg het. Menigeen loop met 'n ongeduldige gebaar verby verse waaruit vir ander 'n diepmenslike stem opklink. Totius spreek nie luid of met 'n hewige aksent nie, bring die haastige skoonheidsoeker nie tot stilstand nie — dikwels fluister hy slegs, maar dis 'n ewigheidsfluistering vir wie dit hoor.

Totius se poësie vertoon 'n ontwikkelingsgang, waarin sy digterpersoonlikheid langsaam tot verdieping en rypheid kom. Ook is die invloed van ander kunstenaars daarin te

bespeure. 'n Kort bespreking van sy verskillende bundels sal dit aantoon.

Onder die skuilnaam Jaduto (Jakob du Toit) het Totius reeds gedurende die Eerste Beweging geproduseer. In Afrikaanse Gedigte, byeenfersameld uit wat in die laaste dertig jaar verskyn het (1906) kom vyf vertalinge en een oorspronklike gedig voor, almal herdruk uit Ons Klyntji. Hoewel Totius destyds veral Goethe en Schiller gelees het (egter ook die deur sy vader so bewonderde retoriese digter Bilderdijk!), is hierdie gedigte nog heeltemal in die gees van die Patriot-poësie en klink die stem van die werklike Totius slegs hier en daar op. Een van die vertalinge „Di Hyde-Rosi" het hy later verwerk en verdiep. Gedigte tydens Eerste Beweging.

By die Monument, wat, kort voor „Die Vlakte e.a. Gedigte" van Celliers, gepubliseer is op aandrang van Ds. W. Postma, is die eerste bundel poësie wat in Afrikaans verskyn het. Dit besing die oorlogsmart in drie reekse gedigte: „Die Kind", „Die Vrou", „Die Man". Hier dus reeds 'n sekere mate van bou, hoewel dit nog maar uitwendig is. Die bundeltjie vertoon duidelik die kenmerke van 'n eersteling, maar die tipiese van Totius se digkuns kom ook al te voorskyn. Gediggies soos „Daar Kom Hul", met die skrynende ironie van die slotverse: By die Monument. 1908.

Wees stil maar! nooit sal hul
Klein kindertjies vang,

en „In die Kamp" is nie hewig van ontroering nie — vergelyk hulle slegs met die gedigte waarin Leipoldt sy eerste hewige smart vertolk! Hulle is nog onbeholpe, arm aan digterlike beelding, maar wie goed luister, hoor agter die eenvoudige, stamelende woorde die stem van die ontroerde digter tril. In „Viermaal gesien", „Kindergraffies" en die eers in die tweede druk bygevoegde „Vergewe en Vergeet" krv ons reeds die mooi simboliek, in sagsingende verse van stil ontroering. In „Die Howenier was Weggegaan" gee die digter ons 'n veel betere, verdiepte verwerking van sy eerste vertaling van Goethe se „Haidenröslein". Dis egter veel meer as 'n vertaling; diep ontroerd en uiters kies beeld

die digter ons hier die vernedering van dogters van sy volk uit. Die „Lied van die Ossewa" is forser, maar nog vol onsuiwerhede onder die invloed van Da Costa, oor wie aanstons meer; dit bevat egter mooi beeldende verse. Ook die afdeling „Die Man" bevat baie wat onsuiwer is. Die bundel eindig met die op Perk se „Iris" geïnspireerde „Die Besembos" met sy bekende slotverse:

Ek leef en sal lewe.
My doodkry is min.

Verse van Potgieters Trek. 1909.

Verse van Potgieters Trek. Totius het van sy vader sy groot bewondering en liefde vir die Nederlandse Calvinistiese digters Bilderdijk en Da Costa oorgeërf.

Invloed van Da Costa.

Hierdie liefde is nog versterk deur sy omgang met Prof. Jan Lion Cachet, wat 'n vriend en leerling van Da Costa was. Totius staan deur sy lewensbeskouing nader aan hierdie digters as aan die revolusionêre „Tagtigers", die verheerlikers van die eie Ek en van die skoonheid. Ook is Totius in sy visionêre siening van die geskiedenis as openbaring van Gods Raadsplan verwant aan Da Costa, maar in die grond is hy tog so wesensverskillend van die Hollandse digter, dat die invloed nie onverdeeld heilsaam was nie. Da Costa is die hartstogtelike Joodse sanger wat wegsleep deur die klank en die ritme van sy swaardreunende, gloedvolle sange; fynheid, suiwerheid moet ons by hom nie soek nie. Totius is die sag-singende digter, sy poësie is nie 'n geweldig bruisende stroom nie. „Suiwerheid, teerheid, innigheid is die wese van sy kuns." En waar hy die forse toon van Da Costa wil aanslaan, doen hy homself dikwels geweld aan. Dit blyk duidelik uit sy tweede bundel. Ook hier weer 'n sekere eenheid, wat reeds uit die titel spreek. Hy gee ons hier 'n aantal sange wat in verband staan met die geskiedenis van die Groot Trek. Eers word Donker Afrika besing as 'n met lanferdoek omfloerste „kis der dooie", waarin verborge „wreed verwordingswerk verwoestend het begin". Maar

daar kom hy aan, al voor die ligtlijn spiedend,
en aan uw suidergrens: word lig! skuif op! gebiedend—
die trekker met sijn roer, sijn os, sijn wa, sijn Boek,
wat in uw binneland sijn dure vrijheid soek.

Episodes word vertel uit die stryd met die Kaffers, sange gegee oor die os en die ossewa, 'n kafferlied. Die onverwoesbare vryheidsdrang van die Afrikaner is die grondtoon van die boek, en Potgieter word gesien as die ideale trekker.

Die invloed van Da Costa, veral van sy gedig ,,Hagar", is voortdurend merkbaar. Ons sien dit in die hele opset van die bundel, in die statige klassieke versmaat, in die beelde en motiewe, selfs woordelike ooreenkomste. Ons vind dan ook heelwat retoriek en geswolle beeldspraak. Ook is die taal van Totius hier, nog meer as in sy vorige bundel, so sterk Hollands gekleurd, dat dit telkens indruis teen die Afrikaanse taaleie. Dis ook hieraan te wyte dat die werk nooit herdruk is nie.

Tog bevat die bundel heelwat moois. Mooi is ,,Die Vlakte", met die treffende inlassing van Psalm 42, vs. 4 (dit het die digter van Da Costa geleer). Hoe liefdevol is die ou staatmaker van die Trekker geteken in ,,Die Os", en met watter eenvoudige middele — ,,sonder tuiggetooi" en vol kalme majesteit stap hy hier voor ons. 'n Vergelyking tussen hierdie gedig en die aan stylmiddele amper te ryke ,,Ossewa" van Celliers gee 'n goeie insig in die kuns van die twee digters. Ontroerend is die vertelling in ,,Die Kindertjies", terwyl ,,Vegkop" uitstekend van beelding is en in „Moselekatse" (geïnspireer deur S. J. du Toit se ,,Nag en Dageraad in Matabeleland") die spookagtige van die toneel suggestief geteken is. Veel te min bekend is die ,,Kafferlied", waarin die kaffermentaliteit en die eentonige dreun van sy musiek mooi weergegee is.

In hierdie laaste gedig staan Totius onder die invloed van Guido Gezelle, wat in sy volgende bundel, W i l g e r b o o m b o g i e s, duidelik aan die dag kom. Gezelle is die kinderlik-vrome digter, wie se hele kuns gedra word deur sy ootmoedige liefde tot God; daaruit vloei sy groot liefde vir die natuur voort — die kleinste plantjie en diertjie is vir hom 'n openbaring van die heerlikheid en die liefde van God. Ook sy liefde vir sy volk en sy taal vloei voort uit sy tere geloof. Ook hy is simbolies, al is hy meer ontvanklik vir die uiterlike skoonheid as Totius en minder sober. Hy verklank sy ontroeringe in verse so ryk aan woordskoonheid en aan vormverskeidenheid, dat hy een van die grootste

Invloed van Gezelle.

Dietse woordkunstenaars is. Hierdie invloed was veel heilsamer vir die ontwikkeling van Totius se digterskap as die van Da Costa, omdat Totius veel meer wesensverwant is aan die innig vrome, „zoet gevooisde" Vlaamse sanger — daarom word hier ook bewaarheid Frans Coenen se uitspraak: „Geestelijke invloeden zijn dan hoogstens „eendere bewustwordingen", die vervolgens gelijkgezinden tot besef helpen van eigen gevoel."

Wilgerboombogies. 1912.

In Wilgerboombogies besing Totius nie die volksverlede nie. Hy gee ons hier persoonlike liriek.

Dit is maar ligte liedjies,
maar klein vergeet-my-nietjies,

gewy aan „drie liewe dode", sy vader, sy oudste broer en sy suster, wat tussen Aug. 1910 en Mei 1911 oorlede is. Hierdie weemoedige liedjies is simbolies. Die sonsondergang word geskilder as sinnebeeld van sy vader se dood, die aalwee-blom as simbool van sy broer, en die Mooirivier as beeld van sy suster se lewe, terwyl hy in die treurende wilger in sy winterkaalheid homself sien. Hierdie bundel is tot nog toe nie na waarde geskat nie. Die tere liriek van hierdie „vergeet-my-nietjies" behoort tot die innigste en suiwerste wat ons digkuns besit.

Rachel. 1913.

Wat grootsheid van opset en simboliek betref is Rachel ons belangrikste digwerk. Tussen die weemoedig-ruisende en kunsvolle voorsang: „Daar ruis 'n lied van lang verlee" en die nasang: „Ek het gesing van lang verlee" besing die digter in drie afdelinge agtereenvolgens die dood van Rachel, die lieflike idille van Jakob se eerste liefde en die droewige oorpeinsinge by die gedenkteken wat vir Rachel opgerig is. Dat die herinneringe kom na die droewige feit van die dood, is besonder goed gesien, en die oorgang is heel mooi. Elkeen van hierdie afdelinge bestaan uit twee reekse sange: telkens word 'n epiese sang waarin die geskiedenis van die Joodse Rachel, en aan die slot ook dikwels van die Afrikaanse Rachel, besing word, gevolg deur 'n liriese sang wat daarmee in die nouste verband staan en verdieping bring deur bespiegeling. Hierdie sange kan enigsins vergelyk word met die reisange in die klassieke treurspel. In die

epiese sange het Totius daar uitstekend in geslaag om die Oosterse sfeer te skep. Hul munt telkens uit deur die pragtige beelding. Die verband tussen die liriese sang en die voorafgaande epiese sang is soms baie nou en subtiel. Dit is bv. die geval met „Die oue put", „Trane", „Die Breekwater". In hierdie pragtige sange, wat behoort tot die beste wat Totius ons geskenk het en wat ons digkuns besit, kom die simboliek van die gedig tot sy innigste verdieping: Rachel, die Hebreeuse Rachel en die Afrikaanse Rachel, word die Allydensmoeder; alleen uit haar smart kan die lewe gebore word, soos die kiem eers kan opskiet as die graankorrel afgesterf het. In ander gevalle is die verband egter nie so innig nie, soms is dit selfs gesog en berus dit op willekeurige woordassosiasie, soos in die geval van „Stof", „Wanneer 'n stofstorm dig oordek", „Die liewe Poppespel", en „Die Sterretjie"; die twee laasgenoemde gedigte ruk ons ook uit die ou-testamentiese sfeer.

Naas die mooi beeldende en diep ontroerde verse kom ook menige vers voor wat dof is van beelding of prosaïes word deur gebrek aan besieling. „Rachel" is egter die hoogtepunt van Totius se kuns en toon 'n verrassende ontwikkeling van die digter vyf jaar na die publikasie van sy eerste bundel.

Trekkerswee. 1915.

Van 1915 is die oorwegend epiese werk Trekkerswee. Hierdie eenvoudige verhaal in drie versreekse is weer simbolies. Elke reeks begin met die aanhef: „Dis heuwels, heuwels, heuwels net sovér 'n mens s'n oog kan sien." Maar hierdie aanhef verander telkens van toon en simboliek. In „Silwer Strale" besing die digter die natuurskoonheid van die Rand voor die ontdekking van die goud. Hier in dié reine natuur lê die huisie van die voortrekker, Oom Gert, en kom Oom Koos, die Kolonialer, hom vestig. Hier beleef hulle kinders, Dina en Willem, hul liefdesidille. „Goue Gode" beskrywe hoe alles verander deur die ontdekking van goud en die opkoms van die Goudstad. Willem en Dina gaan te gronde in die opdringende skynbeskawing; tussen Oom Koos en Oom Gert lê nou die Goudstad. Dit eindig met die Engelse Oorlog. „Grouwe Grawe" speel in die tyd dat die Unie tot stand kom en die verlede vergeet word. Vereensaamd tussen die moderne gedoente wag Oom Gert

in gedurige gebed tot God op die terugkoms van Dina. Eindelik kom sy terug, na siel en liggaam verwoes. Hierin het Totius uitgebeeld die ondergang van 'n groot deel van sy volk onder invloed van die moderne skynbeskawing:

> Leg op my graf geen sooi met gras
> maar dek dit met die heuwel-as;
> want daarso lê begraaf jou eer
> en van die boervolk van weleer.

Maar Oom Gert eindig met 'n profesie:

> Maar eens herleef die nasie weer,
> waarvan ek sterwend profeteer.
> Eens word die groue heuwels klein,
> as God alleen weer groot sal syn!

Besonder mooi is in hierdie epiese gedig die suiwer Afrikaanse sfeer wat die digter skep en die tipies Afrikaanse segging. Nêrens het Totius so'n suiwer Afrikaans geskrywe nie, so vry van die Hollandse woorde en wendinge wat in sy vorige bundels so veelvuldig voorkom. Bekoorlik is veral die frisse idille waar die gedig mee begin, deur die eenvoudige, rustige verteltrant en die fyn trekkies realisme. Bekend is veral die „Oggendstond op 'n boereplaas". Die gedig vertoon egter ook oomblikke van insinking, veral by die oorgange in die vertelling — daar verval Totius in sy fout van verse wat gevaarlik na staan aan berymde prosa. Ook hier moet ons egter nooit die gees van die gemoedelike, realistiese verteltrant uit die oog verloor nie. Tussen die epiek in klink telkens liriek op: liries is b.v. die aanhef van elke versreeks, die bekende sang „Ek hoor van vreemde lente melde", die mooi simboliek van die wa en die tent, die tere mistiek van „so peins die siele aan God" na aanleiding van Oom Gert se gebed.

In Trekkerswee het Totius sy teleurstelling geuit oor die rigting wat op nasionale gebied ingeslaan is en wat tot die botsinge van 1914 gelei het. Daarna trek hy hom terug. Waar Celliers 'n Unie-kantate kon dig, het Totius slegs bitter gespot:

Laat nou vaar jul ideale:
Unie-son skiet Unie-strale
oor die donker wolke heen—
Boer en Brit is eind'lik een.

Daarna gee hy nou en dan alleen nog persoonlike liriek. Ons moet hier egter ook rekening hou met die feit dat Totius hom sedert 1918 wy aan die alle kragte opeisende taak van die Bybelvertaling en van die Psalmberyming. In 1920 gee hy nog sy Kinderverse, waarin hy die vreugdes en die smarte van sy seuntjie Jaapster teken. Eintlike kinderpoësie is dit egter nie, want „hy is meer besig met sy eie verwyderdheid van die kinderlewe as met Jaapster se versonkenheid daarin." Einde 1920 word hy getref deur 'n slag wat hom nog meer verwyderd laat staan van die lewe: kort na mekaar verloor hy sy jongste seuntjie deur 'n smartlike siekte en sy oudste dogter deur 'n weerligstraal. Sy smart snik hy uit in „Vier laaste snikkies"; hy kerm dit uit in „O, die pyngedagte". Wanhopig „grawe hy met sy gedagtes in die geheimenis"—totdat hy leer om te berus, om Kinderverse 1920.

net een ding te gelowe,
en dit is: God is goed.

'n Ander Totius tree nou voor die dag, die vereensaamde, die individualis, wie se siel oorweldig word deur 'n namelose droefheid en verlatenheid:

Net soos 'n skaap wat siek is, dwaal
en uit die kudde, stil aan 't wei,
verlate alleen wil agterbly—
so dwaal ek weg, en wil my gees
in eensaamheid gekoester wees.

Hierdie gedigte van sy laaste periode is deels in tydskrifte, deels in L. J. du Plessis se insiggewende Totius in sy Verse, 'n Biografiese verklaring van sy gedigte met bloemlesing gepubliseer.

In 1934, lank na die ontstaan daarvan, is hulle saamgevat in die roerend-sobere elegie Passieblomme waarin die digter na Onheil deur Onrus kom tot Berusting. Passieblomme. 1934.

Ten slotte nog 'n paar woorde oor Totius as psalmberymer. Totius se hele ontwikkelingsgang as digter het gedien as 'n uitnemende voorbereiding vir hierdie werk. Hier het die digter voor 'n moeilike taak gestaan — hy is gebonde aan die inhoud van die oorspronklike en aan die melodie, dit wil dus sê aan die versvorm, van die Nederlandse beryming. In tal van gevalle het die digter daarin geslaag om die ontroering van die oorspronklike weer opnuut te belewe — daar is hy nie berymer nie, maar vertolker. In menige geval het hy die Nederlandse beryming dan ook oortref. Ons wys hier b.v. op sy pragtige vertolking van Ps. 8, 19, 24, 33, 105, 130, 138.

C. Louis Leipoldt (geb. 1880).

Hierdie kosmopolitiese digter het 'n rustelose jeug gehad. Sy grootvader het in 1818 as sendeling in Suid-Afrika aangekom. Sy vader was 'n tydlank sendeling op Sumatra, maar het in 1879 na S.A. teruggekom en predikant van die Ned. Ger. Kerk op Clanwilliam geword. Hier is Leipoldt gebore en het hy sy kinderjare deurgebring. Skool het hy nie gegaan nie — sy vader het hom self onderwys gegee. Na sy Matrikulasie-eksamen wy hy hom aan die joernalistiek. Gedurende die Engelse oorlog is hy oorlogskorrespondent vir verskillende Europese republikeinsgesinde koerante. Ook was hy snelskrif-verslaggewer van die Rondgaande Hof wat oor die Kaapse rebelle gesit het. In 1902 is hy na Europa. Eers swerf hy rond as joernalis, later studeer hy in Londen in die Medisyne. Na sy artseksamen in 1907 bestudeer hy kindersiektes aan Duitse en Amerikaanse universiteite. In 1911 maak hy om gesondheidsredes 'n reis na Oos-Indië. In 1914 word hy mediese inspekteur van skole in Transvaal, in 1919 aanvaar hy dieselfde betrekking in die Kaap-Provinsie. In 1923 is hy verbonde aan die Pretoriase blad „Die Volkstem." Daarna vestig hy hom as kinderarts in Kaapstad. In 1934 het die Universiteit van die Witwatersrand aan hom 'n eredoktoraat in die Lettere toegeken. Van hom het verskyn die volgende digbundels: Oom Gert Vertel en ander Gedigte (1911); Dingaansdag (1920); Uit Drie Wêrelddele (1923); Uitgesoekte Gedigte vir Jong-Suidafrika (1925) — 'n bloemlesing vir skoolgebruik deur homself opgestel uit sy poësie; Die Bergtragedie (1932); Skoonheidstroos (1932).

C. L. LEIPOLDT.

Leipoldt is in meer as een opsig die interessantste figuur in ons jong letterkunde. Hy is die mees liriese en die hartstogtelikste digter wat ons besit. Sy vreugde en sy smart, sy liefde en sy haat het hy uitgesing in verse wat in hewigheid en direktheid onoortroffe is in ons digkuns. As individualis, as vereensaamde kan in ons kuns alleen die latere Totius enigsins met hom vergelyk word. Daarby is hy, in teenstelling met ons ander kunstenaars, uitgesproke kosmopoliet; hoewel hy 'n groot liefde het vir sy vaderland, voel hy hom ook veral wêreldburger en het hy die invloed ondergaan van die moderne Europese geesteslewe sonder dat hy daardeur sy sterk oorspronklikheid verloor het. Deur dit alles is hy 'n digter met 'n hoogs ingewikkelde kunstenaarspersoonlikheid en, hoewel tal van sy gedigte baie populêr is, bly hy vir die groot massa 'n onbegrepene, 'n vat vol teenstrydighede. Volksdigter in die sin wat Celliers dit is, digter wat dig v i r die volk, is hy dan ook slegs in sy eerste bundel, en ook daar is hy dit slegs tot op sekere hoogte.

Algemene karakterisfiek.

Individualis.

Kosmopoliet.

Ook hy begin as vertolker van die oorlogsmart, ook hy besing die natuur van sy land. Verder is sy poësie veral die bieg van sy worstelling en sielestryd om die oplossing van die lewensraaisel. Die poësie van hierdie digter is baie ongelyk; hy vertoon 'n groot gebrek aan selfkritiek en artistieke selfbeheersing, waardeur hy naas pragtige gedigte, diep van ontroering en skoon as woordkuns, verse gee wat swak van besieling en tegniek is, onbeholpe gestamel, grillige invalle van die onewewigtige mens Leipoldt, waaraan die digter nie veel aandeel gehad het nie.

Oom Gert Vertel en ander Gedigte. Hierdie bundel, wat in 1911 op sterk aandrang van Prof. Smith, en met 'n kragtige pleidooi vir die Afrikaanse taal van sy hand, verskyn het, is een van die kosbaarste skatte van ons letterkunde. Die digter sê in sy voorwoord: „Die meeste van die gediggies is gemaak geword toen ik nog half flou was met die skok van die oorlog, en toen die donder van die Engelse kanonne nog altijd in mijn ore was." En die ontroerde opdrag eindig met die woorde wat die grondtoon van hierdie bundel is: „want ons onthou". 'n Hartstogtelike digter gee hier uiting aan sy hewige smart en verontwaardiging oor die oorlogsonreg. Hy gee ons nie 'n bekoorlike

Oom Gert Vertel en ander Gedigte. 1911.

beeld van die huislike geluk wat so wreed verstoor is, geen uitbeelding van heldedade soos Celliers nie, hy gee nie soos Totius 'n weemoedigberustende sang oor die lyding „van lang verlee" nie. Nee — vir Leipoldt is die oorlog nog 'n vreeslike realiteit, die smart daarvan is vir hom 'n rou, oop wond wat brand en skryn. Hierdie verse is 'n kreet van afgryse en ontsetting oor al die onreg, wat vir Leipoldt nie slegs bly die onreg wat Brit aan Boer gedoen het nie, maar wat vir hom word die onreg van álle brute geweld. Hierdie smart spreek uit die titelgedig, die monoloog „Oom Gert Vertel", wat intens dramaties is. Oom Gert is nie slegs die spreekbuis van Leipoldt nie, hy is 'n lewende mens, hierdie ou Boer wat met hese stem „die storie van ons sterfte" vertel. Hy praat die taal en in die trant van die ras-egte Boer. Die hewige smart word nog geaksentueer deur die tragiese humor: Oom Gert is bang om by die vreeslike gebeurtenis van die teregstelling te kom; daarom wei hy uit oor allerlei beuselagtighede, en telkens as sy ontroering dreig om hom baas te raak, probeer hy dit verberg deur uitvluggies te soek om Gerrie weg te stuur of te kla oor sy besoeker se sterk tabak wat sy oë laat traan — maar daardeur verraai hy juis sy smart. Ampie mag die eerste mens in ons roman wees, Oom Gert is die eerste lewende mens in ons letterkunde. Bitter is ook die humor in „'n Nuwe liedjie op 'n ou deuntjie", waarin hy 'n sterwende kampseuntjie in die ewige slaap wil sus op die wyse van 'n lokasieliedjie:

Vou maar jou handjies dig tesame,
Sluit maar jou ogies en sê ame!

Maar die gedig eindig tog versoend, net soos „Vredeaand", waarin 'n Boer sy smart oor die vernederende vrede probeer wegspot en wegdrink maar eindig met 'n mooi lofrede op die vrou. Hewig is ook sy smart in „Japie", met die hartstogtelike uitbarsting van die slotstrofe tot klimaks. Onder sy oorlogsverse noem ons nog „In die Konsentrasiekamp", „Aan 'n Seepkissie", die effens sentimentele „Die ou Blikkie", en „My nuwe Vaderland". Die bundel word afgesluit deur die pragtige slotgedig, waarin die digter bid om „vrede

en rus vir ons almal wat lam is van swerwe", om moed en geduld en krag en hoop, en dan fluister die wind koel-vertroostend:

Moed, mense, hou moed!
Die kwaad sal verander in goed:
Die morelig kom uit die duister.

Ook in sy natuurpoësie is Leipoldt die hartstogtelike, spontane digter, wat nes die windswael sing:

Ver jou en mij? Nee, wragtie, ver homselwe,
Net om hij iets moet sê, iets, iets moet bring!

Ook hier verskil hy sterk van Celliers en Totius. Hy is nie soos Celliers die landskapskilder, wat die natuur as 't ware op 'n afstand sien nie, hy is nie soos Totius die simbolis nie, hoewel ook vir hom die natuur 'n dieper geestelike betekenis kry. Hy staan in die natuur, drink die skoonheid daarvan met al sy so uiters ontvanklike sintuie in en juig van vreugde oor al die genietinge. Die kleinste diertjie en plantjie merk hy op, en al die skoonheid wat hy sien en hoor en ruik en tas, bring hom in 'n roes van vreugde. Hoe mooi is „Oktobermaand", met sy kinderlike opgetoënheid en sy woordmusiek. Hoe skater hy van pret oor die verkleurmannetjie. Tot die skoonste sonnette in ons letterkunde behoort „Die Doringboom" en „Die Soutpan", soos „Opdrag" ook een van ons mooiste natuurgedigte is. In die bekende slampamperliedjie VII het Leipoldt self sy natuurliefde geteken:

Ik sing van die wind wat tekeer gaan,
Ik sing van die reën wat daar val,
Ik sing van ons vaal ou Karrooland,
Van blomme wat bloei by die wal,
Van water wat bruis oor die klippe,
Van duikers wat draf oor die veld,
Van vools wat daar sing in die bossies—
Maar nooit nie, nee nooit nie, van geld!

Soms is sy natuurpoësie egter te veel opsomming van afsonderlike trekkies wat nie 'n geheel word nie, soos in „Lenteliedjie". Ook „Die Apie" en „'n Praatjie oor die Trougees" staan nie hoog nie en hoort soos verskillende ander gedigte nie in hierdie bundel tuis nie.

Dat Leipoldt 'n begaafde verteller is, blyk uit „Woltemade se Spook", waarin hy die spookagtige goed uitgebeeld het. Let op hoe hy eindig met te wys op ons plig om te werk, om iets te doen vir ons land; dit is ook die hoofmotief van „In Amsterdam".

In die afdeling „Slampamperliedjies" gee die digter op verrassend-oorspronklike wyse uiting aan sy stemming, sy verwondering oor die raaiselagtige verskyninge wat die Sekretarisvoël of die „krulkop-klonkie" vir hom word, sy grillige humor, sy natuurliefde, sy kritiek, sy lewensgevoel („Die kriekie").

Voor ons afstap van hierdie bundel wil ons nog op twee belangrike eienskappe wys: Leipoldt is nie alleen die individuele kunstenaar nie, maar ook die individualis, homself smartlik bewus dat hy 'n eensame is wat verskil van sy medemense en nie deur hulle begryp word nie. Daarom vra hy in „Op my ou Karo" om op sy graf geen grafsteen te plaas nie, dog net te sê:

Rond oor die wêreld het hy gereis:
Nêrens was uitkoms vir sy hart;

* * * * *

Hy het gely — ja ons weet nie hoe!
Broer van ons almal, en maat van wie?

Daarom sing hy nes die windswael net vir homself, want:

'n Mens moet huil of lag, moet loop of stil sit,
En ek moet versies maak, *of praat met — wie?*

Hierdie gevoel van eensaamheid, hierdie individualisme word in die volgende bundels steeds sterker. En hierdie individualis verskil ook in sy taalgebruik sterk van die ander digters; by hom kry ons nie die „digterlike taal", die boeketaal, sterk vermeng met Nederlandse elemente, wat Celliers en Totius en ook die ander digters bewus gebruik nie. Sy

taal is die suiwere spreektaal van die Afrikaner, direk uit die volksmond, sonder opsetlike vermooiing. Daarom kan hy in „In Amsterdam" sê:

daar skort nog iets—
nog iets? nog iets?—'n hele boel!

En in hierdie taal verwoord Leipoldt al sy emosies; hy slaag nie alleen daarin om die ruige Boer, Oom Gert, daarin te teken nie, hy gee daarin ook pragtige woordmusiek, want hoe dikwels hy, veral later, ook sondig teen die vorm en die tegniek, Leipoldt is 'n woordkunstenaar wat uitbeeld deur die klank en die ritme van die musikale woord.

Dingaansdag. 1920.

Leipoldt se tweede bundel, Dingaansdag, was 'n groot teleurstelling vir sy bewonderaars. In sy voorwoord sê hy: „Dit is 'n aaneenskakeling van los gedagtes wat in die oorpeinsing van ons volkstoestande by my ingang gevind het." Hiermee het hy die juiste kritiek op hierdie gedigte gegee: ons verwag in poësie nie 'n aaneenskakeling van los gedagtes nie, maar ontroering. Dis nie 'n epos nie, maar 'n aantal gedigte wat almal min of meer in verband staan met die Groot Trek, met telkens mymeringe en natuurbeskrywinge van die moderne mens Leipoldt, wat ons uit die sfeer ruk. Hoewel daar wel enkele mooi liedjies in voorkom („Teen die blou van die jakarandas", „Nee huil maar", „O aandblom", „Die koperkapel") en hier en daar 'n mooi vers of beeld, is die ontroering oor die algemeen swak. Daarom kry ons ook so baie onsuiwere beelde, niksseggende verse. Die taal is telkens onbeholpe en allesbehalwe „van vreemde smetten vrij". Dis moeilik om in hierdie gestamel die woordkunstenaar Leipoldt te herken.

Uit Drie Wêrelddele. 1923.

Uit Drie Wêrelddele vertoon weer 'n styging. Wel openbaar hy ook hier sy gebrek aan selfkritiek en bevat die bundel heelwat minderwaardige verse en gedigte; ook is slegs weinig gedigte vry van storende insinkinge, en die taal laat dikwels te wense oor. Maar hierdie bundel is tot nog toe onderskat, deels om hierdie gebreke maar veral omdat slegs min lesers probeer het om deur te dring tot die siel van die eensame individualis wat hom hierin uit. Hierdie individualis leer ons ken uit die tiental sonnette maar veral

uit „By die vlei", „Die man met die helm" en die laaste slampamperliedjie. Dis 'n siel wat worstel met die raaisels van die lewe, wat heeltemal vereensaam is en diep pessimisties, maar die lewe moedig aanvaar as 'n taak wat hom opgelê is :

Wil jy stilstaan as ek voorgaan, wil jy stilstaan?
En die laaste skyn geniet
Eer die laaste straal verskiet?
Wil jy stilstaan as ek voorgaan, boetie, stilstaan?
Dink jy dag alleen is mooi
As die son sy strale strooi
Oor die laagland en die heuwel?
Moet jy so jou smarte sus?
Ek moet lewe voor ek sneuwel,
Ek moet arbei voor ek rus!
Wil jy stilstaan as ek voorgaan, boetie, stilstaan?

In sy politieke gevoelens het 'n groot omkeer gekom. Die digter wat in Oom Gert vertel gekreun het :

Vergewe? Vergeet? Is dit maklik vergewe?
Die smarte, die angs, het so baie gepla!
Die ijster het gloeiend 'n merk vir die eeue
gebrand op ons volk, en die wond is te na,
Te na aan ons hart en te diep in ons lewe—
„Geduld, o geduld, wat so baie kan dra!"

getuig nou :

Ja, ek was op die vlakte
Waar mense moed verloor :
Daar het ek in my siel gebewe;
Daar bitter, bitter smart deurlewe;
Daar baie dinge aangehoor—
Maar ek is uit die vlakte
En bo sy skadus oor!

en as iemand hom daaraan herinner „Scheepers lê begrawe in Graaff-Reinet se sand", vra hy hom : „Kêrel, droom jy nog van gisternag?" en wys hom op die grootse taak van die hede en die toekoms. („Droom en doen.")

Hierdie bundel bevat mooi natuurpoësie. „Uit my Oosterse dagboek" gee ryke skildering van die weelderige Oosterse natuur. Algemeen bekend is sy juigende „Die Beste", met die refrein: „Somer en son en safier vir my!" Hoe die digter sy sieleworsteling kan vergeet in intense natuurgenieting blyk ook uit die pragtige Slampamperliedjie XXVIII: „Gemmergeur in die tuin en die mirre van minjoenet."

Ook moet ons wys op die mooi dramatiese monoloog van „Van Noot se laaste Aand", waarin die liefde en wraaksug van die goewerneur se verlate minnares so sterk dramaties uitgebeeld is. Later het Leipoldt dit breër uitgewerk tot die drama „Die laaste Aand".

Veral in die afdeling „Slampamperliedjies" kom die onewewigtigheid en gebrek aan selfkritiek van die digter uit. Daar kom gedigte in voor wat nie veel meer as rymelary is nie. Maar ook hoor ons die Leipoldt van die eerste bundel („Op my ou ramkietjie", „Oupa is oud", „Ja vra my: Is jy dapper?", „Boggom en Voertsek"). „'n Voorspel tot 'n Afrikaanse Heldedig" is epies bedoel maar verloop in 'n aaneenskakeling van afsonderlike indrukke. Hier, soos in tal van gedigte, kry ons nog dikwels taalverwringing en taalonsuiwerhede.

Die eindindruk wat hierdie bundel individualistiese poësie nalaat, teken Leipoldt self in sy sangerige liedjie:

Op my ou ramkietjie
Met nog net een snaar,
Speel ek in die maanskyn,
Deurmekaar.

Maar ons sê nie saam met die mense „Halfpad mal!" as ons die eensame sanger sy wysies hoor speel nie!

Die Bergtragedie, wat grotendeels reeds voor 1900 ontstaan het maar eers in 1932 verskyn het, vertoon weer 'n groot insinking. Dit is 'n swakbesielde, wydlopige gedig waarin die hoofmotief oorwoeker word deur al die ongemotiveerde uitweidinge. Dis die verhaal van 'n seun wat Tafelberg beklim, deur 'n miswolk oorval word en dan in 'n afgrond val en verpletter word. Die siel verlaat die liggaam en styg uiteindelik op om saam te smelt met die Alsiel.

Die Bergtragedie. 1932.

Hier en daar kom 'n mooi siening en ontroerde verse voor, maar oor die algemeen is die besieling swak en verloop die gedig in onbeheerste uitweidinge.

Skoonheidstroos. 1932.

Veel hoër staan Skoonheidstroos. Leipoldt is hier nog die eensame individualis, maar die stryd in sy siel woed nie meer so hewig nie, en hy toon groter selfbeheersing. Hy vertroos sy afgestrede siel met die Skoonheid. Sy verbeelding skep nou vir hom:

'n Wonderwêreld waar net die skoonheid geld
As iets wat aansien het, as iets wat tel
Om lewe ryker, godliker te maak
Vir peinsend siele wat deur aards geweld
Verbyster word, deur werklikheid gekwel
Tot moedeloos twyfel aan die lewenstaak.

Veral opmerklik is die twintigtal sonnette, waaronder heel mooies voorkom („Kinderverstand", „In die Skemer", „As ek moet kies"). Hierdie bundel is ryk aan heerlike natuurpoësie en pragtige woordkuns („Branderlied", „Waarom", „Bosveldlied"). „Pater Servaas" is 'n geestig-ironiese gedig, terwyl „'n Kersnaglegende" 'n mooi siening gee van Judas wat eensaam ronddwaal op die Noordpoolvelde, „stok-oud, gebroke en alleen". „'n Kersnaggebed" is werklik 'n roerende gebed en eindig met 'n mooi klimaks. Ook hierdie bundel bevat nog heelwat swak verse en gedigte waarin die besieling kwyn sodat die digter 'n verstandelike begrip gee inplaas van 'n gesiene beeld; ook sondig hy nog teen die taal. Maar Skoonheidstroos bevat ryke skoonheid en gee ons die oortuiging dat hierdie digter ons nog baie kan skenk.

§4. Die tweede groep van die eerste geslag.

C. J. Langenhoven (1873—1932).

Verderop, waar ons sy prosa behandel, gee ons 'n breëre beeld van hierdie volkskrywer.

Soeker na „wyse lering".

Ook in sy poësie is Langenhoven die volkskrywer, die didaktikus en digter van „wyse lering". Ons moet in sy gedigte dan ook nie soek na skoonheid van vorm, na sange-

righeid of plastiek nie. Langenhoven dig nie deur die onweerstaanbare drang van skoonheidsontroering nie, hy gee sy selfverworwe lewenswysheid, hy vermaan en spot op gemoedelike wyse met die menslike gebreke en swakhede. 'n Enkele keer mymer hy oor die raaisels van die lewe of gee hy sy godsdienstige belewinge weer. Ander kere besing hy die geskiedenis van sy volk, volg hy die pad van Suid-Afrika. Wat ons in sy poësie sal tref, is dan ook nie die tere ritme, die sag singende of fel klinkende sang van die diepste ontroering nie. Kernagtigheid, geestigheid, puntigheid, gemoedelikheid is die kenmerke daarvan. In sy langere vaderlandse en godsdienstige gedigte word ons soms getref deur die verbeeldingskrag en 'n sekere mate van dramatiese bewoënheid. Oor die algemeen is dit egter meer pitkos vir die verstand as sielevoedsel. Langenhoven vertoon hier groot verwantskap met die Nederlandse digkuns van vroeër eeue, waarvan die didaktiek so 'n kenmerkende eienskap is, veral gedurende die sewentiende eeu — dink slegs aan Coornhert, Roemer Visscher, Cats, Huyghens.

Ons behandel hier: Ons Weg deur die Wêreld, afd. VIII (Versies) (1914); Die Pad van Suid-Afrika (1921); Gesange in Afrikaans (1922); Die Rubáiyát van Omar Khayyám (1923); Aan Stille Waters (Afdd. I en III) (1930).

Ons Weg deur die Wêreld. 1914.

In sy „Voorwoordjie" by die eerste druk van Ons Weg deur die Wêreld sê die skrywer: „Wat die versies betref — die skrijwer is nie 'n digter nie, maar daar is van die ou goedjies bij wat vir hom mooi is en dan kan hulle vir iemand anders hier en daar op 'n manier mooi wees. Diegene wat dit nie die moeite wêrd vind om te lees nie, sal dit maar oorslaan en mij vergéwe dat ek mij één ou talentjie nie in die sweetdoek begrawe het nie." Drie van die gedigte het reeds vroeër verskyn in Stukkies en Brokkies (1911). In 1922 herdruk Langenhoven Ons Weg deur die Wêreld in drie dele. Die gedigte vind plek in deel II; hy laat 'n aantal weg en voeg 'n aantal by. In die voorwoord, „Slaan maar oor", sê hy: „Van die versies van die vorige druk het ek die helfte weggegooi. Daardeur wil ek nie te kenne gee dat die ander helfte — wat hier herdruk word — van die verhewendste digterlike gehalte

is nie. *Maar ek het my oog nie op die ryk man met sy oorvloed van vreemde lekkernye nie, maar op die arme Lazarus wat nie genoeg van sy eie eenvoudige korsies kan kry om in sy gebrek te voorsien nie.*"

Hiermee het hy sy poësie dan ook goed gekarakteriseer. Die weglating van sommige gedigte gee blyk van selfkritiek, ander sou ons graag behou het. Die eerste gedig, „Die Bergstroompie", toon ons al dadelik dat ons hier nie te doen het met poësie wat ontroer en bekoor deur klank en ritme, deur die verrassende beeldende woord nie. Ons tref hier dieselfde gemoedelike toon as in sy prosa, maar waar hy ons tog die stroompie wil uitbeeld, verwag ons iets anders as die verstandelike „beelde" soos die volgende:

waar my bekie ontspring *met sy toekoms onder sy voet.*

of

Vat voggie en syfertjie hand-aan-mekaar.....

Dieselfde gebrek aan beelding vind ons in „Waterblasies". Shelley en Boutens het in „The Cloud" en „De Wolk" die wisselende spel van die wolk se gedaanteverandering so uitgebeeld dat dit vanself simbool geword het van die menselewe. Langenhoven se gedig mis hierdie gawe — hy moet ons self nugter wys op die simboliek.....wat daardeur geen simboliek is nie! Maar ons doen eintlik verkeerd met dit te toets aan die eise van diep ontroerde verbeelding van die sielelewe. Hierdie eerste gediggies is hoofsaaklik volksdidaktiek — dieselfde gedagtes het die digter dikwels veel pittiger en verrassender weergegee in sy spreuke in prosa. Hoe horterig begin b.v. „Hoe kan ek my naaste bemin?":

Op mij is 'n bevel
Geleg dat ik mij naaste moet bemin,
Ja liefhê as mijself. Hoe sal ik dit
Behartig? Kan ik dan mij liefde dwing?
Mij liefde is so min — mij bure is
So baje en so onbeminnelik!

Soiets is nie meer as prosa in versvorm nie. Tog gaan daar bekoring uit van die gemoedelik redenerende „Die Dakdrup", wat wel herinner aan Kamphuysen, al besit Langen-

hoven hier nie die kernagtigheid van die Nederlandse digter nie. Langsamerhand begin die gedigte pittiger word: vgl. b.v. „My eie Ek", „Naar Vader en Moeder", „Besit en Gebruik", „Die Mot en die Kers" (met die geestige woordspeling van die slotvers), „Wat is Waarheid", „Te duur vir Geld" en verskillende ander. Nes in sy spreuke gee Langenhoven hier selfverworwe lewenswysheid op geestig-persoonlike manier weer; hy is ook die mensekenner wat gemoedelik spot met die gebreke en dwalinge van sy medemense wat ook syne is.

Daarnaas sien ons ook Langenhoven die kindervriend. Is dit nie opmerklik nie dat die enigste gedig in hierdie bundel wat bekoor deur lieflikheid van klank en ritme, sy pragtige wiegeliedjie „Liefdes-onsin" is, so mooi getoonset deur Hullebroeck? In „Die sorg oor die wesie" is die kindertoon hier en daar goed getref. Hoe bekoorlik-intiem word die huislike vreugde in „Pappie se Tuiskoms" uitgebeeld. Langenhoven die dierevriend hoor ons reeds in „Ag wat, dis maar 'n hond", die liefdevolle uitbeelding van die hondjie met sy geproes van „haa-gag-gaa!" Die humoris spreek reeds uit 'n siening soos:

'n Natte neusie in my hand.
Bring troos uit hondehart.

Onder die later opgenome gedigte kom voor „Credo in meum patrem"; hierdie ontroerde mymeringe oor die lewensraaisel, hierdie stryd teen en sege oor die twyfel is belangrik vir die kennis van Langenhoven, wat, buite alle dogma om, innig godsdienstig is en langs eie weë kom tot oplossing van die misterie. Vir hierdie soeker, met sy mooi optimisme, is dit nes vir die Duitser Lessing:

Oneindig eed'ler om 'n mens te wees:
Ja selfs 'n dieremens met diereaard
En dierelus, 'n prooi van dieresins-
Bedrog, en met 'n gees wat naar sy God
Vertwyfeld soek omdat sy God vir hom
Te hoog en heilig is; maar tog dan met
Sy soek sy eie god'likheid bewys;

Steeds strydend met 'n wil en teen 'n wil
Wat deur sy eie dwang gedwing moet word
Om teen homself te stry; maar dan 'n wil
Wat god'lik is omdat hy aan Godself
Kan seg: "O God, ek wil nie," of "ek wil!"

In ,,Blauwkrans se Dageraad" kom hy tot 'n verrassende, gedurfde beeld as hy die daeraad vergelyk met die skyndooie wat opstaan uit die donker doodskis en as hy sy bruid omhels, 'n lyk in sy arms vind. In ,,Die More-skof" gee die digter ons 'n idilliese beeld uit die boerelewe. ,,Die doodgeloopte pad" is 'n hulde aan Generaal de Wet.

Die Pad van Suid-Afrika. 1921.

Eerste skoffies op die Pad van Suid-Afrika (1921) is 'n reeks taferele uit ons volksgeskiedenis vanaf ,,die woeste nag" voor ,,die verspieders van ver" nog altyd verby die Kaap geseil het, tot die aand op Blauwkrans. Dat hierdie werk algemeen geliefd en bekend is, is begryplik. Die digter behandel hier die aantreklike stof van ons nasiewording deur grepe te doen uit ons volksgeskiedenis. Hy is daarin nie suiwer epikus nie, maar gee sy eie kommentaar daarby. Wat die werk boeiend maak, is die lewendige wyse waarop menige dramatiese toneel weergegee word — daardeur leen gedeeltes sig so uitstekend vir voordrag. Hoe pakkend begin b.v. ,,Die Eerstelinge":

Ek daag jou, Freedrik Bezuidenhout —
kom uit jou spelonk en gee oor.

of ,,Die Galg" (Slagtersnek):

Haai julle, wat daar timmer aan die galg — sorg dat die steiers stewig staan.

Suiwer letterkundig gesien staan hierdie gedig, wat ongetwyfeld baie moet bygedra het tot ons nasionale bewuswording, egter nie hoog nie. Ons kry hier meer geesdrif as waaragtige digtersbesieling. Daardeur word die gedig ontsier deur geswollenheid en bombas, die verse is tegnies swak en verloop dikwels in prosa.

Agterin dieselfde bundel volg 'n drietal gedigte. Die eerste is die bekende Stem van Suid-Afrika; deur die vaderlandsliefde wat deur die gedrae, klankvolle verse tril, het dit ons volk stormenderhand verower, en dit word miskien nog ons nasionale volkslied. Die ander twee is in dieselfde toon gedig as „Die Pad van Suid-Afrika". Die Stem van Suid-Afrika.

Volledigheidshalwe noem ons die viertal godsdienstige gedigte agterin Skaduwees van Nasaret (1922). Hulle is arm aan ontroering—die beste is die interessante „Lied van die Kalvinis".

In 1930 het Langenhoven self 'n bloemlesing uitgegee van sy bydraes tot sy weeklikse rubriek Aan Stille Waters in „Die Burger". 'n Groot deel hiervan bestaan uit gedigte. Deel I („Korswil en Klug") bevat 'n reeks „limmerike". Hierdie puntdiggies oorrompel selfs die swaartillendste pessimis deur hulle verbluffende woordspelinge, die sprankelende vernuf, die spontane, onweerstaanbare snaaksigheid en grapperigheid, die geestige spot en satire. Ons siteer slegs een voorbeeld (uit „Die Grootmense se A B C"): Aan Stille Waters. 1930.

Professor Smith het begin by die A's
En gewerk met voorbeeldige H's—
Maar hy kom by die G's
En, bevange met vrees,
Slaan hy oor en vervat by die H's.

Verder bevat hierdie afdeling 'n verafrikaansing van Cowper se „John Gilpin" en van Southey se „The Well of St Keyne". Deel III bevat „Ballades", veral oor klassiek-mitologiese stof; oor die algemeen is hulle nie besonder geslaag nie. „Die herdershoring" is seker wel die beste. Verder „Minneliedjies", „Lieries en Verskeie", „Sonnette", „Dramaties en Histories" (hier noem ons veral die sinryke „Die Troef wat oorbly"), „Treursange en Troossange" en 'n reeks vertaalde sangklassieke.

In al hierdie gedigte hoor ons nie die spontane sang van die digter wat deur hewige ontroering tot noodwendige uiting gepers word nie. Dis die gevoelige en gemoedelike didaktikus wat ons deur sy gemoedelike versies stig en tot nadenke stem, sonder om juis hinderlik didakties te wees.

Gesange.

Omar Khayyám vertaal.

Sy gawe as vertaler het Langenhoven ook geopenbaar in sy verdienstelike oorsetting van 'n aantal gesange in Afrikaans en in sy vertaling van Omar Khayyám se Rubáiyát volgens die verwerking van Fitzgerald.

H. H. Joubert (geb. 1874).

H. H. Joubert is in Murraysburg gebore. Eers is hy onderwyser, en vanaf 1905 praktiseer hy as prokureur op Middelburg, Transvaal. As Celliers se Die Vlakte verskyn, gaan Joubert, wat reeds in sy skooljare die digkuns beoefen het — in Engels! —, ook daartoe oor om in Afrikaans te dig. Van hom het verskyn Verse oor Piet Retief en andere Gedigte (1911) en Dageraad en Sonneskyn (1918).

Joubert besit 'n sekere mate van tegniese vaardigheid, wat egter nie in diens staan van 'n hewige of suiwer ontroering nie. Hierby kom nog 'n groot liefde vir „mooi klanke" en „poëtiese beelde", waarby hy ryklik put uit die beelde- en klankevoorraad van ander digters. Die gevolg is dat hierdie poësie dikwels ontaard in sinledige klankespel.

Verse oor Piet Retief, 1911.

Verse oor Piet Retief is, soos Joubert self in sy voorwoord meld, geïnspireer deur Preller se Piet Retief en staan, wat die opset betref, onder invloed van Totius se Verse van Potgieters Trek. Joubert bereik egter in sy verse nooit die beelding van Preller se prosa nie. Die digter se tegniese vaardigheid blyk uit die verskeidenheid van metrum en rymskema en veral ook uit die sewende afdeling „Die Perdepatrollie op reis naar Sinkonyella", waarin die stap-, pas- en galopritme weergegee word. Maar selfs 'n vlugtige beskouing bring gou aan die dag dat hierdie bundel baie klinkklank bevat, gespeel met beelde en klanke aan ander digters ontleen, en slegs selde ware ontroering vertolk. Veral Perk en Celliers is geplunder. Om slegs op een voorbeeld te wys van hoe dit nie lei tot besielde skepping nie maar tot die saamflans van 'n dooie kleurdeken, noem ons hier „'n Roep van Vryheid".

Klinkklank.

Dagraad en Sonneskyn, 1918.

Hierdie gebreke vind ons nog sterker in Joubert se tweede bundel. Tot watter onsin soiets kan lei, blyk duidelik o.a. uit die dwase gedig „Sonneskyn".

A. G. VISSER.

A. G. Visser (1880—1929).

Hy is gebore in die distrik Fraserburg in 'n tent „in die tuin onder 'n groot safraanpeerboom" op die plaas Zaaifontein. „Miskien daarom dat 'n tuin vir my nog steeds so 'n bekoring het", merk hy self op. In 1891 is hy na die Hugenote-Gedenkskool op Daljosafat, waar ook Totius en D. F. Malherbe toe skoolgegaan het. Reeds in 1896 publiseer by Afrikaanse gedigte in Ons Klyntji en ontvang 'n pluimpie van die redaksie. Enkele daarvan is opgeneem in die bundel Afrikaanse Gedigte, byeenfersameld uit wat in die laaste dertig jaar verskyn het (1906). Ons noem hier „Die Cigarette" en „Oom Fani Brink di Wewenaar". Op sy agtiende jaar is hy onderwyser. Hy skryf gediggies in Hoog-Hollands, hoewel hy in 'n puntdiggie Afrikaans bo Nederlands plaas. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog kom hy in botsing met die militêre owerheid, bedank as hoof van die skool op Carnarvon en gaan in Edinburgh in die Medisyne studeer. Tydens sy studiejare reis hy baie rond (vgl. „Eheu Fugaces"). Daarna vestig hy hom as arts op Steytlerville en stel lewendig belang in die taalbeweging. In 1913 tree hy in die huwelik met Mej. Lettie Conradie; in 1916 vestig hy hom op Heidelberg. In 1920 tref hom die sware slag van sy vrou se dood. In 1927 tree hy weer in die huwelik met Marie de Villiers wat hy reeds in 1923 lief gekry het. Op 10 Junie 1929 is hy plotseling oorlede. Van hom het verskyn: Gedigte (1925); Rose van Herinnering (1927); Die Purper Iris (1930); Uit ons prille Jeug (1930).

Algemene karakteristiek.

Visser is in die breë lae van sy volk seker wel die geliefdste Afrikaanse digter. Sy eerste bundel, wat in 1925 verskyn het, het in 1932 al 'n agste druk belewe. E. N. Marais merk in sy „In Memoriam" voor daardie bundel op: „Dit verwek 'n merkwaardige gevoel om die gewaarwording te kry (sic!) dat, indien Dr. Visser vier jaar vroeër die Ewige Stilte ingegaan had, Suid-Afrika nooit die naam van een van sy mees populêre digters sou geken en sy skielike heengaan sou betreur het nie." Hy vertel hoe Visser alleen op sterk aandrang van hom en van die uitgewer Van Schaik toegestem het in die uitgawe van sy gedigte: „Die blote aan-die-hand-gewing dat hy die vergete gediggies sou voltooi . . . . en ander skrywe . . . . en publiseer het hy uitgelag. Die gediggies-skrywe was by hom altyd net 'n grappie vir die vermaking van slegs sy eie familie en onmiddellike vriende-

kring. Hy wou eenvoudig nie glo dat hy 'n digter is nie." Wat Marais hier vertel, hang saam met die karakter van Visser se poësie. Nog belangriker is die volgende mededeling: „In werklikheid was dit die arbeid van veel minder as vier jaar wat aan die naam en nagedagtenis van Dr. Visser hierdie mate van onsterflikheid geskenk het. Die meeste van sy gedigte is in minder as een jaar geskrywe."

Die arbeid van minder as vier jaar.

Hier het ons te doen met 'n verskynsel wat wel uiters seldsaam in die literatuurgeskiedenis is: 'n digter wat 47 jaar word voor hy in erns begin dig, en dan sy beste werk in een jaar skep.

Dat Visser die liefde van sy volk stormenderhand verower het met sy poësie, is begryplik. Dieselfde aangename, opgeruimde mens, die warme vriend wat hy vir 'n uitgebreide kring van vriende en pasiënte was, die vurige vaderlander en bevorderaar van eie kuns en kultuur kom tot openbaring in sy poësie.

Visser is nie 'n hewig voelende, sterk liriese natuur met 'n hartstogtelik bewoë sielelewe nie. Sy verse is grotendeels „onderonsjens", die vertroulike, intieme uiting van 'n ongekompliseerde gemoed — ons herinner hier aan wat Marais vertel van Visser se eie opvatting van sy poësie. Heelwat van sy werk bly gemoedelike, vlotte gediggies wat ons in kontak bring met die beminlike mens Visser. Maar hy het ook verse gedig waarin hy sy persoonlike, diep deurleefde smart en deur lyde gelouterde blymoedige lewenswysheid vertolk, verse wat die stempel dra van waaragtige poësie — hierin het hy bo sy persoonlike smart uitgestyg en dit weergegee in poësie wat deur die algemeen-menslike ontroer. Visser is hierin innig verwant aan die Nederlandse digter van „onderonsjens", De Génestet, in wie se beste verse ons dieselfde waaragtige toon hoor van die warm-menslike, opregte, ongekompliseerde gemoed. Visser is ook verwant aan die ondeunde, amper kwaaijongagtige De Génestet, wat in sy gesonde lewenslus so 'n onbedwingbare drang het om sy wyse, deftige tydgenote in jeugdige oormoed te skok, hulle laggende die waarheid te sê, sonder ooit haatlik of revolusionêr te word. Ook by Visser kry ons die grillige wendinge en onverwagte teenstellinge, die lus om sy lesers, tot wie hy in dieselfde gemoedelike verstandhouding staan, te

Verwant aan De Génestet.

terg met goedhartige spot. En naas die Afrikaanse digter wat uitmuntend geslaagde kinderversies gedig het, staan De Génestet met sy geestige satire op die geswolle „kinderversjes" van Van Alphen. Hierdie parallel word nie getrek om invloed te konstateer nie, want die sal daar wel nie wees nie.

Spontane sang.

Wat is dit wat ons, behalwe sy lewenslus en lewensblyheid, so bekoor in Visser se poësie? 'n Hewig bewoë ritme wat oorgevloei het uit 'n hartstogtelike sielelewe, stroom daar nie deur nie. Fors gehoue of suggestief verhulde beelde waarin sy sielelewe verbeeld word, vind ons nie dikwels nie. Ook tref sy kuns ons nie deur 'n sterk oorspronklikheid nie. In poësie kan ons drie faktore onderskei (nie skei nie!): ritme, klank en beeld. Van hierdie drie is dit veral die klank wat Visser se ontroering vertolk — klank, ja, maar nie die klank van die verse van tegniese knutselaars soos H. H Joubert wat bewus jag maak op „versmusiek" nie. Sy ontroering uit hom spontaan in verse wat veral gedra word deur die musiek. Sy beste gedigte is dan ook in innigste wese liedere, sowel die meer statige elegiese gedigte as die ligtere met hulle aansteeklike lewensvreugde.

Gedigte. 1925

Gedigte. Hiervan het reeds in 1926 'n tweede, sterk vermeerderde druk verskyn. Die gewysigde indeling is hier: „Van Rose en Liefde", „Van Volk en Vaderland", „Erns in Luim", „Die Kleinspan", „Om te sing".

Liefdeslewe.

Die eerste afdeling, Van Rose en Liefde, is gewy („Toewyding") aan Marie de Villiers, wat hy in die pragtige „Rosa Rosarum" as roos van rose uitnooi in sy roostuin. As sy aanvanklik sy liefde nie beantwoord nie en as in 1924 'n sware siekte hom tot maandelange afsondering noodsaak, herleef die verlede weer in sy siel. Sodoende bevat hierdie afdeling gedigte aan sy eerste vrou en aan sy tweede geliefde. Die gedigte op sy oorlede vrou is die innigste en suiwerste wat hy gedig het en behoort deur die skone sang, die elegiese toon, die deur smart gelouterde, blymoedige lewensgeloof tot die ontroerendste liriek in ons digkuns, wat nog so arm is aan liefdespoësie. Watter tere beeld gee hy van sy spelende Lettie en van die visioene wat sy vir hom optower in „Visioen". Die statige elegie „Laetitia" het al klassiek geword. Hoe skoon is die klimaks na die vier beelde van sy

geliefde as die bekoorlike nooi, die stralende bruid, die sielsgelukkige moedertjie, die bleke dode:

O, kalme Skoonheid van die dood!
Die Heer het menig' ligpaleis
En daarheen sal haar siele rys
En daarheen volg my liefde haar na:
Laetitia Beatifica!

Hoe innig die mymering in „Stella Eterna" oor die gestorwe vrou en moeder, wat eindig met die roerende bede:

O kom tot my in drome weer
Oor wydtes van onmeetlikheid;
'n Straal van lig en hoop send neer
Uit verre grens van Ruimte en Tyd!

En as hy in „Eheu Fugaces . . . ." die liefdesavontuurtjies van sy sorgelose studentejare besing, eindig hy weer by háár:

Maar eenmaal in die lewe kom
Die liefde weergaloos;
En eenmaal in die gaarde blom
Volmaak 'n wonderroos.

om dan weemoedig te sluit:

„Eheu fugaces anni" . . . . sing
Gedagtes wat nou skroei;
Op velde van herinnering
Pers amarante bloei!

Watter tere verheerliking van die huweliksvreugde in „Bede" en watter nobele hulde aan die liefde in „Vraag en Antwoord"!

Ligter van toon en weelderiger van kleur en beeld is die gedigte op sy nuwe geliefde, wat hy in „Rosa Rosarum", daardie gedig so vol kleurgloeiing en geur en sang, uitnooi in sy roostuin. Maar sy bly eers die „Prinses van verre" en hy die na liefde smagtende troebadoer („Princesse

Lointaine''). In bevallige liedere, waarin hy gebruik maak van die ou Europese liefdeslied en sy motiewe, verheerlik hy haar skoonheid: „Sachsen-gruss'', „Ballade van die Roos'', „Was ek 'n Sanger''. Wat 'n blye spontane sang in die laasgenoemde lied:

Was ek 'n sanger
Sou ek besing
Die lag en lewe
Wat lente bring.

Watter gedrae skoonheid in „Humoresk''. Tot die „tuingedigte'' hoort ook die mooi „Die Tuinman'', wat egter geen liefdesgedig is nie.

Van Volken Vaderland staan nie op dieselfde hoogte nie. In die sonnet „Vry'' klink die toon van 'n gebed op. Fors is die ritme in „Ruiters van die Nag''. Algemeen bekend is „Voor in die Wapad brand 'n lig'', met die mooi klimaks van die slotstrofe, en die lewendige „Voorslag''.

Die luimige Visser.

Erns in Luim toon ons die luimige Visser, wat ons telkens verras deur sy onverwagte wendinge en grillige teenstellinge, sy onskuldige tergery. Geestig is die satire „Lotos-land'', met sy opsetlik dwase slot. Hoe fyn het hy die klaagtoon van die teleurgestelde humorlose minnaar geparodieer in „Misère''. In „Die ewige misloper'' en „Hekelpuntjies'' gee hy geestige lewenswysheid in puntdiggies, wat egter nie altyd ewe oorspronklik is nie en ook nie altyd ontkom het nie aan die gevaar van hierdie genre nie: te veel vernuf en woordspeling . . . . „which is the lowest form of wit''!

Die kinderdigter.

Die Kleinspan bevat heel mooi kindergedigte, nie slegs gedigte *oor* kinders nie maar *vir* kinders — wat nog so skaars is by ons. Visser het hom goed ingelewe in die kindermentaliteit en die wêreld met al sy wonders gesien deur die oë van die kind, met sy ryk verbeeldingslewe. Daarvan getuig sy bundel kleuterversies, Uit ons Prille Jeug, en in hierdie afdeling: „Makoemazaan'', „Grondmannetjie'', „Die Tweeling'', „Kokkewiet''. Hoe gril die seuns nie by Outa Klaas se vertelling in „Die Mensvreter'' nie! En watter tere bevalligheid in die vir dogtertjies geskrewe „Met

'n mandjie rose'' en ,,Geen rosie sonder dorinkie''. Ook die volwasse leser geniet van al hierdie spontane jeugfantasie van die digter wat so 'n pure kind kan wees!

,,Om te sing'' bevat liedjies om te sing. Hulle moet eintlik nie as suiwere poësie beoordeel word nie, en is, nieteenstaande 'n enkele sangerige strofe of gedig, veel minder werklike sang, veel minder liedere as die gedigte in die eerste afdeling, wat hulle eie musiek besit.

Rose van Herinnering. 1927.

Rose van Herinnering. Hierdie bundel staan nie op dieselfde peil as sy eerste bundel nie. Die titel is slegs van toepassing op 'n betreklik klein aantal gedigte. Daarin is die roos weer die simbool van sy liefde. 'n Aantal van die gedigte is ,,rose van herinnering'', gewy aan sy eerste vrou, en het ontstaan tydens sy siekte en toe sy tweede geliefde nog ,,La belle dame sans merci'' (die skone dame sonder genade) was. Skoon sing hy in die titelgedig:

Wees jy, my lied,
Vir my 'n goue kelk
Waarin mét bloesems onverwelk
Die donkerrooie roos van my verdriet
Nog een te kort, te skone uur
Van smartelik' geluk
—Die tyd ontruk—
Sal duur.

Daar klink dan ook 'n toon van droefheid op in hierdie gedigte (,,Omdat die Dood . . . .'', en veral ,,Die Swarte Osse''). In ,,Terug na die ou Karo'' voel hy hom:

'n Wrakke, vroegvermoeide mens,
Gebroke en verwond.

en hy bid:

Laat hier . . . die Donker kom!

Die gedrae elegiese toon, die gloed en die melodieuse sang van die vorige bundel ontbreek hier, en liefdesgedigte soos ,,Salut d'amour'' en ,,La belle dame sans merci'' is skaars.

Die digter word hier meer beskouend in sy liriek — die ontroering is oor die algemeen nie so sterk nie. Dis grotendeels geleentheidsgedigte. Mooi is die forse „Ontwaking" en „Die lokstem van die Bosveld", met sy heimwee na die vrye natuur wat so mooi uitgebeeld word. In deel II weerklink die gesonde skaterlag van die luimige verteller. Die luim van „Toe die wêreld nog jonk was", „Vet", „Canto Lamentoso in A^{b}" (waaruit sy kennis van musiek blyk) is onweerstaanbaar, terwyl „Om die waarheid te sê" en veral „Borsbeeldjies" menige geestige puntdiggie vol gemoedelike satire bring.

Die Purper Iris.

Die Purper Iris en ander nagelate Gedigte het na Visser se dood verskyn. Dit bevat slegs twee liefdesgedigte, albei aan Marie. Die eerste is die titelgedig, een van die mooiste gedigte wat Visser ooit gedig het. Hoe word die rykdom van Oosterse beelding, vol Oosterse mistiek en wonder, gedra deur die skone musiek! Iets skoners as die volgende verse het Visser nie geskep nie:

Die meer weerspieël die groene woud,
'n Wuiwend' watervisioen;
Die hemel straal met louter goud:
Dis liefdes hoë, goue noen.
Wit voëls vorm 'n priesterry,
'n Skugter wildsbok kom en drink,
En aan die owersy staan Sy
As in gedagte diep versink,
Waar lotusblomme dryf en droom,
Najade van die watersoom.

Die digter se liefde het vir hom 'n mistieke wonder geword.

Die ander liefdesgedig is die lugtige, sangerige lied „Van Verlore-Vlei".

Van belang is verder die drietal kaffergedigte. „Umzinyati" vertel van die wreedheid en val van Dingaan. „Amakeia" van die roerende trou van 'n Kaffermeid wat die aan haar toevertroude blanke kindjie met haar lewe verdedig. „Impundulu" gee 'n mooi siening van die donderweer en van die Blitsvoël en daarmee van die kaffermentaliteit.

Verder bevat die bundel 'n verskeidenheid van gedigte : 'n lied op die Helpmekaar-ideaal („l'Idéal"), geïnspireer op die digter se skoonvader, 'n gedig op die Voortrekkerskerkie op Pietermaritzburg, 'n patetiese oorlogsverhaal („Na die Stryd"). Oorbekend is die forse „Nimmer of Nou". Langs die veel mooier „Amakeia" doen „Sneeuwitjie" aan as sentimenteel. „Die Ruiter van Skimmelperdpan" is egte huiwer-romantiek — uitstekend het die digter daarin geslaag om die spook-atmosfeer te suggereer. „Van 'n Grootmoeder" is 'n tere, suiwere gedig. Geestig is „Klein Woelwater", waarin die kindermentaliteit weer so goed uitgebeeld is, en die fantasie „Wit en Swart". Verder volg die luimige „Adam of die Paradys Herwonne", „Die Duisendpoot", „Die Uitleg", en 'n reeks puntdigte.

D. F. Malherbe (gebore 1881).

Hierdie kunstenaar-geleerde is gebore in Daljosafat (Paarl) en het, net soos Visser, sy eerste onderwys ontvang op die christelik-nasionale stigting daar, die Hugenote-Gedenkskool, waar o.a. Totius een van sy skoolmaats was. Nadat hy die Matrikulasie-eksamen op Wellington en die B.A.-eksamen op Stellenbosch afgelê het, studeer hy van 1902-6 in Duitsland in die Duitse Taal en Lettere. Ons het gesien hoe hy na sy terugkeer dadelik 'n leidende aandeel neem in die taalstryd. Nadat hy twee jaar onderwyser was op Carnarvon, word hy in 1910 professor in moderne tale aan die Grey-Universiteitskollege, en in 1918 word hy aan daardie inrigting aangestel tot die eerste professor in Afrikaans.

Hy het die volgende digbundels gepubliseer: Karroo Blommetjies (1909); Klokgrassies (1914); Vir Vryheid (1919); Die Timmerman (1921); Rivier en Veld (1922); Die Skaduwee van 'n Vrou (1923); Somerdae (1928).

Malherbe is produktief as geleerde, digter, prosaïs en dramaskrywer. Sy beste werk het hy gelewer as prosa-skrywer, maar ook as digter neem hy sy plek in in ons letterkunde. Hy is veral die lirikus, hoewel hy ook 'n paar lang epiese gedigte geskryf het. In sy liriek ontbreek nog te dikwels spankrag, een sterk ontroering wat deur die hele gedig stroom; daardeur slaag hy dikwels nie daarin om 'n skone, deur een sentrale emosie gedrae, geheel te skep nie, verval hy te dikwels in bespiegeling waar hy uitbeelding wou

gee. Hierdie gebrek openbaar hom veral in sy eerste poësie — later neem sy verse toe in digterlike krag en suiwerheid.

Karroo Blommetjies bestaan deels uit 'n aantal gedigte wat in De Goede Hoop verskyn het (1909) en reeds vroeër gedig was. Hierdie bundeltjie is nog heeltemal jeugwerk; dit getuig nog maar selde van eie belewing, is nog nie veel meer as oefeninge in die verskuns nie, vol moralisering en redenering en konvensionele bespiegeling; dit wemel hier nog van onegte beeldspraak en willekeurighede wat voortvloei uit rymdwang. 'n Enkele keer word ons verras deur 'n beeldende vers. In „Die Strand-brander" sit ook al die ritme van die see, wat Malherbe so lief het, terwyl „Winterawend Stemming" al in sekere mate 'n stemming vertolk, en „Droogte" en „Na die droogte", nieteenstaande tal van afgeslete beelde, al meer siening gee. Die reeks gedigte op „Die Berg", met hulle vermenging van beeldspraak, is swak. Karroo Blommetjies. 1909.

Ook in „Klokgrassies" kom hierdie gebreke nog baie voor. „Die Eikeboom" is nie veel meer as 'n rymoefening nie — die eikeboom self kry ons hierin nie te sien nie; in „Die Dorsmachine" hoor ons van „die raderwerk van die Dood" wat oor ons sal kom „en ons lewensboeke sal sluit"! Maar gedigte soos „Klokgrassies" en „Die Wingerd" gee tog al 'n suiwerder siening en stemming, al word hier nie die spontane simboliek van Totius bereik nie. Die bundel bevat egter twee juweeltjies: „Die See is vol van eeuwigheid", waarin die ruisende klaaglied en die rustelose deining van die see gevang is in die sagte, suiwere sang, en die wonderskone sonnet „Slaap", wat eers in die tweede druk opgeneem is. In hierdie twee gedigte, wat behoort tot die beste van ons liriek, het die uitbeelding vanself uitgegroei tot simboliek. Klokgrassies. 1914.

Vir Vryheid is 'n epiese gedig in vrye verse met ongereelde ryme. Dit gee taferele uit die Groot Trek na die vertrek van Piet Retief en sy manne na Dingaan en gedurende die droewige dae wat daarop volg. Deur die gedig loop die verhaal van die liefdesgeskiedenis van Jan Bruwer en Geertruid de Kok, wat eindig met die heldedood van Jan — Geertruid gaan egter nie gebroke sit en treur nie, maar openbaar haar as die moedige Trekkersdogter, wat die Vir Vryheid. 1919.

vertwyfelde man besiel tot volharding. Daar kom mooi gedeeltes voor :„Trekkerskerk is laag en nou", die uitbeelding van die jagtog en die rit deur die ongerepte weelderige Natalse natuur, „Dis draf en galop" — in hierdie verse met hulle galopritme, sien ons die heerlike landskap in al sy verskeidenheid vanuit die saal; die gedig „Dis donker, donker middernag" is vol suggestie van die naderende moord — wat 'n lieflike teer beeldjie in hierdie onheilspellende donkerheid :

droombeeld laat 'n kindjie lag,
moederarms omhels dit sag.

Mooi is ook die versoening tussen Sannie en Geertruid geteken; ook word ons 'n enkele keer getref deur 'n mooi afsonderlike beeld.

Maar oor die algemeen stel hierdie gedig teleur. Daar sit weinig beelding of ontroering in hierdie verse, wat dikwels aandoen as heeltemal willekeurig in vrye verse ingedeelde prosa. 'n Vergelyking met Celliers se Martjie, waarin die versvorm gebore is uit innerlike noodwendigheid, laat dit nog duideliker voel. Ook is die sielelewe van die verskillende tipes nie altyd oortuigend geskets nie — die motief van Jan se ontrou aan Sannie word nie nader uitgewerk nie, en is oorbodig. Telkens tref ons nog afgesaagde, niksseggende beeldspraak.

Die Timmerman. 1921.

Die Timmerman staan veel hoër. Dis ook 'n lang epiese gedig :

'n droewig-soet verhaal
waar weinige van weet,
van jarelank se soek en swerf
van vader- en kinderleed.

Sarie Gouws het haar moeder in die konsentrasiekamp verloor; ook die liewe Tant Mieta, wat haar opvoed as haar eie kind, ontval haar, en sy word opgeneem in 'n weeshuis. Steeds droom sy van ouerliefde en glo vas dat sy haar vermiste vader sal weersien. Haar vader, wat 'n vae gerug gehoor het dat sy dogtertjie nog lewe, swerwe na die oorlog

van dorp tot dorp as timmerman. Eindelik vind hy haar en word albei se droom vervul. Deur die hele vertelling van hierdie eenvoudige verhaal tril die ontroering, wat in 'n verskeidenheid van digmate uiting vind. Mooi is die skoppelmaailied, met sy swaairitme; mooi is ook die lied op die timmerman, met sy simboliek:

daar is kragte wat skawe,
wat vreet en verkwis,
tot die sielsgestalte
vol lieflikheid is.

Geslaagd is die beskrywing van Gouws in sy timmermansbedryf en van sy droom. Mooi is ook die liriese sang „Terug na die oue paaie" en die uitbeelding van die tere jeugherinneringe wat die kerkklok by Gouws opwek. Jammer dat Malherbe se kragte tekort skiet by die klimaks: as die timmerman sy dogtertjie herken:

sy stemorgane
is lam, sy tong is ysterswaar,
tot spotbeeld groei sy mondgebaar.

Die beeld van die vader se magteloosmakende ontroering wat uit hierdie laaste vers opskryn, is bederf deur die niksseggende twee voorgaande verse.

Rivier en Veld. 1922.

Rivier en Veld is 'n klein bundeltjie los gedigte. Die sangspel „Die Blom van Orleans" is blykbaar bedoel as die teks by 'n musikale komposisie en kan dus nie suiwer as poësie beoordeel word nie. Dis wel vlot van tegniek, maar word nie gedra deur 'n eie musiek nie — vergelyk slegs 'n werk soos Van Eeden se Lioba hiermee. Mooi is „Bosrand", waarin Malherbe in goedgeslaagde heksameters 'n rustige, breë skildering gee van die plaaslewe. Hoewel hier en daar nog 'n geforseerde vers voorkom, gee die digter blyk van 'n groot beheer oor hierdie vorm — veral het hy 'n mooi gebruik gemaak van die moontlikheid tot afwisseling wat dit bied deur die caesuur (ruspunt) nie aan 'n vaste plek in die vers te bind nie. Dit bevat die eenvoudige verhaal van hoe die op geld beluste Hendrik die mooi plaas, wat sy ouers met soveel moeite opgebou het, vir 'n groot som verkoop

nieteenstaande die smeekbedes van sy vrou en sy vader. Sy ou vader gaan in die koue Noordewind op die graf van sy vrou treur en doen daarby 'n dodelike siekte op. Dieselfde mooi aanwending van die heksameter vind ons in ,,Die Sabbat'' en ,,Na die land van Gadara'', waarin 'n breë skildering van Bybelse taferele gegee word. Behalwe 'n viertal sonnette bevat die bundel nog die gedig ,,Antjie Somers'', wat nie so seer 'n ballade is nie as wel 'n gedig oor die indruk wat hierdie spookverhaal op hom as kind gemaak het en oor die ontstaan daarvan. Hoewel dit mooi strofes bevat, staan dit tog laer as ,,Jakob Ontong'' en ,,Die Wolfhuis'' in Somerdae.

Die Skaduwee van 'n Vrou. 1923.

Die Skaduwee van 'n Vrou, wat weer 'n epiese gedig is, is 'n daling in Malherbe se kuns. In vyfvoetige rymlose jambes vertel hy hier die geskiedenis van die vriendskap van twee manne wat na aanleiding van 'n vrou oorslaan in haat en eindig met moord. Die werk is verdeel in drie afdelings, wat telkens voorafgegaan word deur 'n sang wat die toon en die inhoud simbolies weergee. Wel bevat dit mooi verse en beelde en is die klimaks aangrypend, maar die verse is dikwels geforseerd en die beelde gesog of onoortuigend, terwyl die verhaal ons sielkundig nie oortuig nie. Albert se ontstemdheid omdat Freek hom nie in vertroue neem oor sy liefde nie, sou begryplik wees — maar dat dit die dood van hulle vriendskap sou beteken! En dieselfde Albert gaan later sy vriend, as hy vir sy lewe vermink en hulpeloos is, uitsit by dieselfde nooi!

Somerdae. 1926.

Somerdae. Die digter karakteriseer self hierdie gedigte as volg (,,Voorwoord''):

> Dis glansies in die land van my arbeid,
> dis glimpies wat af en toe kom,
> plesiertjies soos kindergesiggies
> wat lag en weet nie waarom —
> verliefdheidjies skielik gebore,
> wat skuiwe oor my eensame pad,
> skimme en drome van gister,
> in vandag se gedaante gevat.

Veral mooi is die see-gedigte, waarin ons die geruis van die branders hoor, die skitterende kleurespel sien. Die toon van die meeste gedigte in hierdie bundel is juigend, opgetoë :

> Lewe is sang van strydende blyheid,
> sterkende sang op wêreldpad woes,
> lewe is arbeid dae en nagte,
> nimmer en nooit nie ruste en roes.

Maar „Winterryp" en veral „Verby" is weemoedige stemmingsgedigte, treffend deur sobere gevoel. Wat 'n tere siening van die suigeling in „Tuiskoms", en hoe beleef ons die angstige spanning van die gevaarvolle tog in „Die Bergpas"! Die tweede afdeling bevat ballades, waarvan „Jakob Ontong" en „Die Wolfhuis" die besgeslaagde is. Ook „Antjie Somers" is hier weer oorgedruk. In „Die Versoeking", waarin die versoeking van die Heiland uitgebeeld word, kry ons weer 'n mooi aanwending van die heksameter.

§5. Die Jongeres.

Dis nie maklik om 'n algemene karakteristiek te gee van die groep digters wat ons hieronder saamvat nie. Die indeling in geslagte en groepe bly altyd 'n gebrekkige hulpmiddel; die geestelike invloede wat op 'n jonger geslag inwerk, kom ook tot uiting in die werk van die ouere geslag, al is dit op 'n andere wyse en in 'n andere mate. As ons hier enkele algemene opmerkinge maak, moet dit dus goed verstaan word dat die draagkrag daarvan slegs betreklik is. Om dit met 'n paar voorbeelde toe te lig: ook Leipoldt en Totius is in hulle latere werk individualiste, reeds by die tweede groep van die oueres vind ons 'n ander houding teenoor die oorlog, reeds Visser is veral minnedigter — hierdie groep vorm in verskillende opsigte die oorgang tot die „Jongeres".

Met hierdie beperkinge voorop geset, wil ons egter wys op 'n paar karakteristieke eienskappe van die nuwere poësie.

Uiting van 'n nuwe tyd en 'n nuwe gees.

Hierdie kuns is uiting van 'n nuwe tyd en 'n nuwe gees. Die smarte van die Engelse oorlog behoort tot die verlede. Ons volk het 'n nuwe fase van sy ontwikkelingsgang

ingegaan, die periode van opbou op alle gebied. Die politieke vryheid word nou langs konstitusionele weg nagestreef, die tyd van ekonomiese en kulturele opbou het ingetree. Hierdie nuwe bedeling het egter ook sy stryd en worsteling: dink slegs aan die ekonomiese rampe en skommelinge, aan die politieke stryd en woelinge, aan die botsing tussen die ortodokse geloof van die vadere en die lewensbeskouing van die moderne wetenskap wat sy intog doen, aan die armblanke-probleem. Vir die Afrikaner het hierdie skielike oorgang van die agrariese lewe tot die moderne industriestaat nuwe stryd en lyding gebring — veral ook die stryd om die volkskarakter en eie lewensbeskouing te handhaaf teen die vloedgolf van vreemde invloede.

Dit alles word tot op sekere hoogte weerspieël in die poësie van die geslag wat in hierdie tydperk opgroei en mondig word.

Ook in hulle kuns is die oorlog nog 'n lewende motief — hulle besing egter nie meer soseer die smart en lyding nie, maar put uit die dade van heldemoed, uit die lewe en ideë van die heroïese figure van die verlede die besieling om hulle volk aan te spoor tot selfhandhawing. Die „Sturm und Drang" van die jongelingsjare as die mens verbysterd is by sy eerste bewuswording van die skone geheimenisse van eie siel en die raadselvolle van die lewe, het in die kuns van die ouere geslag geen vertolking gevind nie en kom hier tot uiting. Die digters is nie meer in die eerste plek tolk van die volksiel nie, maar van eie, individuele sielelewe; hulle juig en kla oor hulle minnevreugde en liefdesleed, hulle soek en tas na lig in die chaos waarin die botsing tussen die nuwe en die oue lewensbeskouing hulle gebring het. En veral in die natuur leef hulle hul stemminge uit, dáár soek hulle troos. Hulle is ook meer bewuste skoonheidsoekers.

Geen bloeiende digkuns nie.

'n Bloeiende digkuns het die jongeres egter nie geskep nie. Die enigste wat aan hierdie nuwe 'n sterk uiting gegee het, is Toon van den Heever, en hy swyg al van 1919! Nie alleen is die jongere poësie nog onvas van toon en vaag van lewensgevoel nie; die produksie is ook maar skraal. Dis opmerklik hoeveel van hierdie digters na 'n eerste bundel swyg.

A. D. Keet (geb. 1888).

Hy is gebore in Alice. In 1918 keer hy na 'n nege-jarige studie in die Medisyne in Amsterdam, terug met sy Hollandse vrou, ook arts, en vestig hom op Senekal, waar hulle saam praktyk uitoefen. In 1932 ontval sy in wye kring beminde vrou hom. Sy gedigte, wat ontstaan het gedurende sy Amsterdamse studentetyd, het in 1920 verskyn as Gedigte. Behalwe enkele verse in die tydskrifte het hy nog gepubliseer 'n bundeltjie kindergedigtjies Verspotte Gediggies vir Verspotte Kinders.

Keet vertoon 'n sekere verwantskap met Visser. Ook hierdie eenvoudige, beminnelike sanger is geen forse of ingewikkelde digterpersoonlikheid met 'n hewig bewoë sielelewe nie. Ook sy poësie bly grotendeels „onderonsjens". Sy beste verse is spontane sang en suiwer van ontroering, hoewel dit nie grootse of diepe of subtiele kuns is nie. Die bundel is verdeel in vier afdelinge: Van die Natuur, Van die Lewe, Van Liefde, Van Volk en Vaderland.

Die eerste afdeling bevat bekoorlike liedjies, hoofsaaklik na aanleiding van die Hollandse natuur. Die meeste hiervan het 'n groot bekendheid verwerf. Ons noem hier veral „Sneeuw", „Amsterdam", die stemmingsvolle „Awendmijmering" en die gedrae „Als 's Aands". In hierdie liedjies betoon Keet hom 'n skoonheidsontvanklike, wat in fynheid van klank en suiwerheid van ritme sy ontroering vertolk. Uit die tweede afdeling noem ons „Klaas Vakie", waarin die vakerigheid van die knikkebollende seuntjie goed uitgebeeld is, die weemoedige „Orchideeë" en „Verlate" en die geestige „Muskiete-jag". Gelukkig bevat die rubriek Van Liefde iets anders as die geswolle inleidende gedig „Liefde" sou laat verwag. In welluidende, bevallige liedjies vertolk die digter hier sy wisselende stemminge onder invloed van die liefde. Naas die speelse „Ik haat die felle daglig" en „Uit pure Pret" kom hier voor die innige „Waarom juis ik, o Heer?", vol deemoedige ontsag vir die misterie van die liefde. In die laaste rubriek is die vaderlander aan die woord. Hoewel hier wel enkele besielde gedigte of strofes voorkom („Slagvaardig", „Maar één Suid-Afrika", „Groot Suid-Afrika"), is die geesdrif hier sterker as die besieling, wil die digter harder praat as sy stem kan dra, en die gevolg is die

holle retoriek van ,,Suid-Afrika se Helde'' en ,,Aan my Moedertaal''. Trouens ook die ander afdelings is nie altyd vry van hierdie digterlike magteloosheid nie.

Na die dood van sy vrou het die digter sy diepe smart vertolk in enkele ontroerde verse wat in Die Huisgenoot verskyn het.

H. A. Fagan (geb. 1889).

Fagan is advokaat; hy was 'n tydlank subredakteur van Die Burger en professor aan die Universiteit van Stellenbosch; hy het ook verhale geskryf en die drama beoefen. In 1917 het hy 'n Eerste Digbundel gepubliseer.

Hierdie skraal bundeltjie, waarin ook 'n paar stukkies prosa voorkom, bevat weinig van waarde. Dit begin met „De Vrouwen van het Voorgeslacht'', 'n gedig in geswolle Nederlands, geskrywe op versoek van President Steyn. Mooi en bekend is die stemmingsvolle „Ouboeta'' en veral ,,Op Knysna-strand'', waarin die natuurbeeld 'n mooi vertolking word van eie sielelewe.

Theo Wassenaar (geb. 1892).

Theo Wassenaar is gebore in die distrik Middelburg, Transvaal. Van 1910-18 studeer hy in die Medisyne in Amsterdam. Na 'n paar jaar praktyk gaan hy weer na Europa, waar hy heelwat rondreis; hy promoveer in Amsterdam en vestig hom as oogspesialis in Pretoria. Sedert 1914 het gedigte van hom in tydskrifte verskyn, eers onder die skuilnaam Adeodatus. In 1921 gee hy die bundel Gedigte uit.

Gedigte bevat sy ryper werk, wat voorin geplaas is, en heelwat jeugwerk. Die gedigte is dan ook van baie ongelyke waarde. ,,Die Somer kom'', „Die Windjie'', veral ,,Blompie'', „Aandliedjie'', „Afskeid by die Groot Trek'', „Warrelwind'' is b.v. dadelik herkenbaar as die werk van 'n jong digter, deur die naïewe toon, die vreugde waarmee die kunstenaar rym en maat hanteer en deur die uiterlike siening van die dinge sonder innerlike eenheid. Tog gee dit blyke van begaafdheid en is die ontroering dikwels eg:

TOON VAN DEN HEEVER.

Die môre-son strooi diamant
Wyd oor die geurende veld,
Waar dufsend-duisende sonnetjies
Al stralende versmelt.

Tipies van jeugpoësie is die moralisasie in ,,Die Voolswerm'', maar die eerste strofe gee verrassende plastiek deur klank en ritme. So is ook die vierde strofe van ,,Die Slag van Bloedrivier'' vol belofte. Groter diepte vind ons reeds in ,,Diepte'', ,,Geheimenis'', ,,Die See'', ,,Hoe Ewig''.

In sy rypere gedigte het Wassenaar poësie gelewer wat tref deur die suiwerheid van ontroering en beelding, deur die gedragenheid. Die beste is wel die twee ,,See-sonette''. Luister slegs na die oktaaf van die eerste en na die tweede kwatryn van die tweede. Mooi is ook „Op die Toring I en II'' en veral ook ,,Dagbreek'', met sy mooi natuurskildering, en ,,O Sterre,'' ,,O Verre Berge''. Daar gaan wyding uit van hierdie gedigte met hulle beheerste maar diep emosie in ontroerde ritme en met hulle skone beelding. Wassenaar betoon hom ook een van ons beste beoefenaars van die moeilike sonnetvorm. Dis jammer dat hy na hierdie bundel swyg.

F. van den Heever (geb. 1894).

F. van den Heever, of soos sy vriende hom noem: Toon, is in Heidelberg (Tvl.) gebore. Na sy studie in die Regte in Pretoria het hy 'n skitterende loopbaan, en hy is reeds enige jare Regter in Suid-Wes-Afrika. In 1919 publiseer hy Gedigte, wat in 1931 herdruk word, met byvoeging van 'n sewetal en weglating van twee gedigte, onder die titel Eugene e.a. Gedigte. Jammer genoeg het sy Muse onder die druk van sy werk en blykbaar ook tengevolge van ongunstige kritiek gaan swyg.

Van den Heever is onder ons jonger digters die sterkste figuur en 'n interessante kunstenaarpersoonlikheid. Van die moderne gees in ons digkuns is hy naas Leipoldt en Louw die beste verteenwoordiger, omdat hy, nieteenstaande al die invloede wat hy deur sy breë intellektuele belangstelling ondergaan het, sy selfstandigheid bewaar het. Deur daardie breë belangstelling bring hy nuwe motiewe in ons letterkun-

de : uit die klassieke, die Germaanse verlede, die Madonnadiens. Hy is 'n digter met 'n enigsins intellektualistiese en sterk individuele temperament. Hoewel hy 'n vurige vaderlander is, is dit nie meer die oorlogsmart wat sy siel vervul nie. Hy is ontvanklik vir natuurskoonheid, maar hy besing nie die natuur terwille van die natuur nie. En waar Celliers, gevang in die roetine van die daaglikse sleurwerk, kla :

Ek wil die pen in die hemelblou,
in die geur van blomme doop;
in awendgloed,
in heldebloed,
in son en moredou.
Maar 'n kwelgees ruk die pen van my af,
en doop dit diep in swynedraf
en gryns : ,,dè, skrywe nou!''

sing Van den Heever :

Doop jy jou pen net in die westergloor,
Verag jy die grond so met trane deurtrap?
Jou skrif sal vergaan soos die kleure daar smoor,
Soos 'n lae gepeupel die hande klap.

Doop jy jou pen in 'n mensehart,
Skryf jy jou skrif met 'n siel wat wroeg?
Jou woord sal bestaan wyl 'n menseoog
By 'n mensesmart 'n traan kan voeg.

Wat Van den Heever tot kunstenaarsuiting pers, is die stryd en botsing in sy siel. Die raaisels van die lewe, die skynbaar redelose en wrede van die godsbestuur verbyster hom; teen wat hy beskou as starre dogma, kom hy in hewige verset. Die gevolg is 'n ontwrigte lewensbeskouing, pessimisme, selfs sinisme. Hierdie sielestryd het die digter uitgebeeld in ,,In die Park'', die dramatiese monoloog waarin hy eie lyde objektiveer in 'n kranksinnige wat uitstekend geteken is in die kronkelgange van sy malende gedagtes, in sy subtiele redeneringe en skielike hewige

sieninge. Invloed van Browning en ook wel van Leipoldt kan hier gekonstateer word, sonder dat Van den Heever se selfstandigheid skade gely het. Gedesillusioneer breek hy met wat vir hom tradisie en konvensie geword het, hy wie se siel oorstelp is van

'n wrede wilde see
Van ideale, dood, oordek met slyk.
(„Aan my Moeder.")

Die lewe word vir hom 'n klugspel:

Die heelal waai soos 'n wasem deur die tregter van 'n God
En die newels in die engte word wat ons „die hede" noem,
Waar die mens sy klein toneeltjie speel en op sy rede roem
Alvermoënd soos 'n suigeling, alwetend soos 'n sot,
'n Hanswors vir die Gode, 'n selftevrede sot.
(„Lof van die Verganklikheid.")

Daarom: wis uit die blou, die sterre, alle onbereikbare verlangens, en:

Swelg, in genot van skoonheid, liefde en lus in volle togte,
Gryp die heelal tot speeltuig van die sinne, droomgedrogte,
En wat hy inhaal, welk en walg, selfs Venus, die gesogte:
Ja, stof tot stof, is steeds gedoem
Die mens se vreug.
(„Wis uit.")

En in „Haelwit gestapelde wolke" spoor hy sy geliefde aan tot genieting van die oomblik:

Maar wyl lippe op lippe kan bewe,
Bied my jou mond, Lief, bied nou,
Eer ons gloed, eer ons hartstog begewe,
soos paleise deur winde gebou.

Van den Heever is ook minnedigter. „Aan Madonna", met sy welluidende, suggestiewe verse, sy mooi simboliek is as nobele uiting van teleurgestelde liefde nog onoortroffe in ons

digkuns. Ook Die Kus is 'n mooi vertolking hiervan. Ons noem nog „Virgo Rustica", „In die Lig van die Maan", en die meer speelse „Liefde en kou water", „Die Blomme" (in die maat van Leipoldt se „Oktobermaand") en die geestige „Die verhuising van Cupido".

Van den Heever se vaderlandsliefde sien ons in die bekende gedig „Ritrympie", met sy lewendige uitbeelding van 'n heldedaad, „Die laaste Trekker", met sy mooi klimaks en geïnspireer op Tennyson se „Ulysses", die pragtige sonnet „Die Beeld van Oom Paul", so fors en tog so gedrenk met weemoed. Die fel-satiriese „Vlaghysing" vertolk die digter se minagting vir alle prysgee van die onvervreemdbaar nasionale.

Hoewel ons Van den Heever nie in die eerste plek 'n natuurdigter kan noem nie, kom sy natuurliefde telkens voor die dag. Dink slegs aan „Sondagmore", met sy suiwer uitbeelding van die stemming, aan „In die Hoëveld", waarin ons die smagtende hyging van die teringlyer se asemhaling hoor, aan „In die lig van die Maan", „Die Afgrond roep uit tot die Afgrond", daardie forse gedig waarin die behoefte aan gemeenskap in die ganse skepping besing word.

In „Ritrympie" het ons die digter reeds gesien as lewendige verteller. So sien ons hom ook in „Radbod", waarin hy hom vereenselwig met die trotse heiden; hoe uitdagend skal die Wodanlied hier. Fel van dramatiek is ook „Die Skat van Petrossa", terwyl in „Die Possie" die geheimsinnige goed gesuggereer word.

Ons wys ook nog op die geslaagde uitbeelding van die kinderlewe in „Vir Eugene" en „Speeltoneel" en op die gemoedelike spot in „Hoe hulle in Afrikaans sou geskrywe het."

Ons was in die voorgaande 'n bietjie breedvoerig in ons poging om Van den Heever se digterpersoonlikheid en temperament te teken. Nes by Leipoldt, aan wie hy in sommige opsigte verwant is, is dit by iemand van sy sielestruktuur nodig om 'n beeld daarvan te vorm. Want hoe verskeie sy liriek mag lyk, die grondtoon daarvan is steeds dieselfde. Suiwer as skoonheidskeppinge gesien, vertoon hierdie gedigte egter groot gebreke. Van den Heever se intellektualistiese neiging bring hom dikwels tot duistere, gewronge verse

waarvan die betekenis moeilik op te spoor is en waarin die stem van die ontroering, die ritme flou word, soms heeltemal verdwyn. Deur die retoriese trek in sy poësie gee hy selde spontane sang. Ook neem die digter dikwels sogenaamde digterlike vryhede en gee hy blyk van 'n onsuiwer taalgevoel wat baie hinderlik is. Die wyse waarop hy ons taal en uitdrukkingsvermoë uit die Nederlandse bron wil verryk, is nie altyd geslaag nie.

Kleinjan. (Geb. 1895).

Kleinjan is die skuilnaam van die jonger broer van die bekende romanskrywer Jochem van Bruggen. Hy is in Johannesburg gebore uit Nederlandse ouers. Na sy skooljare op Engelse skole in Johannesburg studeer hy saam met Toon van den Heever aan die Transvaalse Universiteitskollege, waar hy sy M.A.-graad behaal. Daarna gaan hy na Amsterdam, waar hy in 1922 promoveer in die Opvoedkunde. Na sy terugkoms gee hy onderwys in Johannesburg en is sinds 1926 verbonde aan die Potchefstroomse Normaalskool.

Behalwe sy roman Japie, en, in samewerking met Dr. P. C. Schoonees, Inleiding tot die Studie van Letterkunde, publiseer hy twee digbundels, Lentestemme (1919) en Gedigte (1925).

Lentestemme. 1919.

Lentestemme bevat poësie uit Kleinjan se Pretoriase periode. In sy voorrede verklaar hy dat hy onder drie invloede gestaan het: „Die Renaissance kuns van Na '80 in Holland, die ideeë-wêreld van die Engelse belletrie, die skone natuur van ons land, die kulturale oorerwing en stralende hoop van Jong Suidafrika. Drie ontsaglike invloede dus, maar invloede, wat die basis kan vorm van 'n wije kunskoers, as ons net nie verval in naäperij nie, maar in alles probeer om die invloede wortel te laat skiet in eie sielelewe, en in eie nasionale kultuur."

Die verwagtinge wat hierdie voorrede opwek, word egter nie deur die gedigte vervul nie. Afgesien van heelwat juveniele onsin (dink slegs aan „Sic transit Gloria Mundi", met die voëltjie en sy glimlaggende siel!), is Van Bruggen se eie digtersgeluid in hierdie bundel maar swak en word dit heeltemal oorstem deur die onegte klank van beelde en uitdrukkinge wat hy van ander, veral van die Tagtigers, oorgeneem het. Sy gedigte wemel van stereotiep geworde beelde waar-

mee die Tagtigers hulle matte stemminge of wêreldveragting uitgebeeld het. Kleinjan volg hier op slaafse wyse digters na aan wie hy nie geestesverwant is nie. Die gevolg is retoriek, onegte poësie. Ook van ander digters hoor ons gedurig naklanke — b.v. van Gezelle. Wie 'n goeie insig wil verkry in die verskil tussen die sterk figuur van F. van den Heever en die tot sentimentaliteit, vaagheid, selfs weeklikheid geneigde Kleinjan, hoef slegs die twee digters se sonnette op die beeld van Oom Paul naas mekaar te lê.

'n Enkele keer egter slaag Kleinjan daarin om hom los te maak van al hierdie onegte romantiek en homself te wees — dan gee hy ons liedjies wat bekoor deur ligte bevalligheid en sangerigheid. Dink slegs aan „'n Luttel Skoonheid", „Die Koket", „Lenteliedjie". Ook in „Ballade" en die sonnet „Aan Generaal de la Rey" vind ons waaragtige ontroering.

Gedigte. 1925. In die „Paar woorde vooraf" tot Gedigte sê die digter: „Wat in hierdie bundeltjie aan die publiek voorgelê word is g'n blote ‚hersiene en verbeterde' uitgawe van ‚Lentestemme' nie. Die werkie bevat 27 nuwe gedigte en 'n verbeterde bloemlesing van die verse uit Lentestemme, wat die skrywer nie graag in die snippermand wil gooi nie." Die weglating en verbetering toon selfkritiek in die skrywer van „Inleiding tot die Studie van Letterkunde", hoewel nog heelwat gebrekkigs oorgebly het. Die nuwe gedigte is hoofsaaklik die vrug van sy Amsterdamse studentejare. Die eenvoud en suiwerheid van die eerste gedig „Heimwee" is, helaas, skaars in hierdie verse. Hulle vertolk hoofsaaklik liefdestemminge. Die onegtheid en sentimentaliteit het hierin nog glad nie verdwyn nie. Tog klink hier en daar die stem van die ontroering suiwer op: „Die Elegie van Massenet", „Afskeid". In „Die Maanpad", die lied van „al die malle manestrale dansend op 'n ry", gee Van Bruggen blyk van 'n fyn metriese gevoel.

Sinds die verskyning van hierdie bundel publiseer Kleinjan gereeld gedigte in die tydskrifte. In die beste daarvan — hulle is baie ongelyk van waarde — gee hy blyk van groter diepte en selfbeheersing. Hy is ook veral die digter van suiwer-kinderlike kleuterversies, waarvan hy onlangs 'n bundel gepubliseer het.

Naas en na hierdie digters se werk het daar heelwat bundeltjies verskyn waarvan die letterkundige waarde gering is en wat ons slegs volledigheidshalwe kan noem. Ander digters.

HARPER MARTINS gee gerymel in Die Losberg e.a. Gedigte (1916) en Die Rustelose Gees e.a. Nuwe Gedigte (1920). Van LODOVIKUS het verskyn Ontwaking e.a. Gedigte (1920), van JOHAN G. SMIT Afdrukkies van Indrukkies (1921), van THEO. W. JANDRELL Die ou Murasie e.a. Gedigtes (1924), van DIRK MOSTERT Elker Siele (1925), van BEN J. DREYER Liefdesliedjies en Kinderbietjies (1931), van HEIWEE die retories-metafisiese gedig Nirwana (1931), van F. C. L. BOSMAN Pluksels (1932), ontboeseminge uit sy studentejare, van EITEMAL (W. J. du P. Erlank) Weerklankies (1928)—sy Phaeton e.a. Gedigte (1931) gee belofte dat hierdie digter met groter selfbeheersing en konsentrasie hom sal kan ontworstel aan die klinkklank, en eie ontroering en siening in eie taal sal kan verbeeld.

Werklik verdienstelik is die bundeltjie Oorwinning e.a. Gedigte (1922) van WILLEM KAMP. Hierdie jeugverse bevat reeds 'n eie klank; veral die keuse en hantering van die rymlose vers in die lang titelgedig getuig van selfstandigheid. Dis te betreure dat Kamp se eersteling tot nog toe 'n eenling gebly het. Willem Kamp.

Lied van Ali e.a. Gedigte (1931) van I. D. DU PLESSIS bevat nog heelwat ondiepe jeugwerk, maar die „Vier Oosterse Gedigte" is suggestief van klank en beeld en ritme, terwyl verskeie liedere suiwer van toon en stemming is. Van hom het ook verskyn In die Sabie, 'n Hekeldig (1932). I. D. du Plessis.

Nie onverdienstelik nie is S. IGNATIUS MOCKE se eersteling Gedigte (1932). Van die jonggestorwe E. A. SCHLENGEMANN het na sy dood 'n bundel Gedigte (1934) verskyn. Van D. GILDENHUYS Getye (1934).

Simpatiek is die werk en strewe van die klassikus T. J. HAARHOFF, wat met sy Tria Corda (1931) weer belangstelling en liefde wil opwek vir die klassieke. Die vertalinge het die lof ingeoogs van bevoegde beoordelaars. Suiwerder van taaldeurvoeling en oortuigender as die oorspronklike gedigte van hierdie bundel is Die Liefde van Haarhoff

Catullus (1933), waarin beeldend-sangerige liedere voorkom maar die epiek soms insink tot alte groot nugterheid.

Ons poësie verkeer op die oomblik in 'n toestand van bloedarmoede — die produksie is power, en 'n duidelike rigting is daarin nie te bespeur nie. Daar is egter twee digters wat 'n nuwe en eie klank bring en ons hoop gee vir die toekoms: C. M. van den Heever en W. E. G. Louw.

C. M. v. d. Heever

C. M. van den Heever. (Geb. 1902).

Hierdie digter, wat ook as romanskrywer reeds werk van betekenis gelewer het, is gebore in die Konsentrasiekamp by Norvalspont. Nadat hy 'n tydlank onderwyser en joernalis was en die M.A.-graad in Hollands aan die Grey-Universiteitskollege behaal het, het hy na Utrecht, Nederland, vertrek en daar die doktoraaleksamen in die Nederlandse Lettere afgelê. Daarna het hy die doktorstitel van die Universiteit van Suid-Afrika verwerf op sy proefskrif Die Digter Totius, Sy Betekenis vir die Afrikaanse Letterkunde (1932). Hy betoon hom hier, nes in sy boekbesprekinge en kritieke in ons tydskrifte en dagblaaie, 'n begaafde kritikus wat deurdring tot die siel van die kunswerk. Sinds 1933 is hy professor in die Nederlandse en Afrikaanse Taal en Lettere aan die Witwatersrandse Universiteit. As digter het hy gepubliseer: Stemmingsure (1926); Die Nuwe Boord (1923) en Deining (1932).

Stemmingsure. 1926.

Stemmingsure is nog egte jeugpoësie, met al die tegniese onbeholpenheid, ondeurvoeldheid van taal en beeld en die gewilde, onegte wêreldsmart van die jongeling. Ook hoor ons naklanke van ander digters, soos b.v. van Perk. Tog word ons hier reeds telkens verras deur 'n fris gesiene beeld, 'n suiwer singende vers, 'n sangerige strofe of lied. 'n Strofe soos die volgende het dadelik belofte gegee:

> Daar in die sag-pers hemel, ver alleen,
> sit hoog die aandster soos 'n spatsel goud
> teen mure van die weste vasgesteen,
> die nag se hartjuweel, al wêreldoud.

So ook die musikaliteit wat die weemoedige stemming dra in 'n liedjie soos „Die Konsertina in die Nag".

Die Nuwe Boord. 1928.

Hierdie belofte word deur Die Nuwe Boord as geheel nog nie vervul nie. Van den Heever openbaar hom hier nie as 'n hewig voelende digter met 'n sterk liriese

aksent nie. Sy poësie is nie die sielebieg van iemand wat in smartelike botsing met die lewe gekom het nie, hy is die sagte mymeraar, effens weemoedig, 'n dromer:

> So fyn gevleg die tweelingsdraad,
> vas in ons wese droom en daad,
> dat wie die daad se oorsprong kry,
> begin maar by die mymery.

Juis in hierdie sag singende poësie is suiwerheid allereerste vereiste; en Van den Heever is hier nog lank nie altyd vry van die gebreke van sy eersteling nie. Menige mooi gedig of strofe word bederf deur 'n niksseggende of valse beeld of vers. Maar 'n enkele keer skep hy hier iets wat deur die suiwerheid van sy stille ontroering, deur sy innigheid uitgroei tot tere simboliek. „Die wêreld is hier wyd omkrans" behoort hierdeur tot die beste van sy poësie. Ook ander gedigte bevat skoonheid — ons noem hier: „Sag vou die Lelie", „Die Reën klop spattend", „Langs die Alwynbome", „Al langs my Gedagte", „Vergeet-my-nietjies", „Jy was my Geliefde".

Van den Heever staan aanvanklik, nes in sy prosa, onder invloed van D. F. Malherbe. In Deining vertoon hy 'n sekere mate van verwantskap met die latere Totius, die stemmingsdigter. Nie alleen is die hoofmotief van hierdie bundel onder invloed van Totius se „As ek oor bleekverlate sand" en „Daar is geen Dood" nie, maar net soos Totius se persoonlike liriek is ook hierdie bundel die verbeelding van 'n lewensstemming, die belewing van 'n digterlike droom. Byna al hierdie gedigte word op subtiele wyse verbind deur die lewenssfeer, die „skemering" waarin die digter

Deining 1932.

> Staan ..... en wag
> bo swartheid van die land.
> Want hierdie Deining bring
> (sy) donker boot
> na verre kimme van die Dood.

Hy lewe hier in 'n droomverdronke skemering, die gestaltes en beelde is versluierd, die musiek klink gedemp. Teerheid, suggestiviteit, nie hewigheid of forsheid nie, is die ken-

merk van hierdie poësie. Deur hierdie vergeesteliking van die uiterlike wêreld is Van den Heever 'n belangrike verskyning in ons digkuns; laat ons hoop dat hy een van die tekens is van die langverwagte vernuwing.

Die vooruitgang in tegniek is verrassend. In verse wat uitmunt deur die suiwerheid van klank, die beheerste bewoënheid van ritme, die fyne plastiek vertolk die digter hier sy ontroering. Luister slegs na die skone strofe uit die eerste gedig:

> O rustige deining van die see,
> die branders plooi en val en vou
> sag oor die sand, en skuiwend gee
> die see 'n soom — gewieg in blou!

Naas „Oor die Deining", „O koele Water van die Spruit", „Ontwaking in die Droom", die pragtig skilderende „Herfs in Holland", „Ek vrees nie meer die Dood" kom daar egter nog te veel gedigte voor waarin die eenheid in die skone onderdele ontbreek, die simboliek nie van binne uit groei nie maar van buite af in gedra word.

By Van den Heever merk ons die heuglike verskynsel dat hy sy taalgevoel verdiep en verfyn het, sy uitdrukkingsvermoë subtieler gemaak het deur die studie van die moderne Nederlandse liriek.

Louw.

W. E. G. Louw. (Geb. 1913).

Van hierdie jong digter het verskyn Die Ryke Dwaas (1934), 'n bundel gedigte wat van sy sestiende tot sy twintigste jaar ontstaan het. Soos alle jeugpoësie, selfs dié van 'n Keats, is ook hierdie verse dikwels nog te newelagtig, ontbreek in die groter gedigte nog volgehoue spankrag, waardeur die innerlike noodwendigheid en samehang soms skuil gaan. Ook is die beelde soms al te gewaagd en is die betekenis soms duister. Maar in hierdie bundeltjie tree 'n merkwaardige digterpersoonlikheid te voorskyn, klink die vaste stem op van 'n sterk individuele kunstenaar. Louw het hom diep ingelewe in die jongste Nederlandse liriek, wat hom tot 'n hewiger besef gebring het van sy eie lewensgevoel en

tegelykertyd sy uitingsmiddel versterk en verfyn het, sonder dat dit afbreuk gedoen het aan sy oorspronklikheid. Veral die invloed van en verwantskap aan Geerten Gossaert spreek heel sterk. By Louw vind ons dieselfde hewige konflikte tussen sonde en berou, trots en deemoedige oorgawe, individualistiese eensaamheid en behoefte aan die gemeenskap van die liefde. En, hoewel nog nie so brandend, so skrynend nie, vertolk hy dit in verse wat deurstu is van 'n sterk eie ritme, wat breek met die digterlike styl van die verlede, wat die retoriek dwing tot uitingsmiddel. Deur hewige innerlike botsing, deur verwikkeldheid en grootsheid van aanleg, deur verrassend individuele versinneliking van sy sielelewe kondig Louw 'n nuwe ontwikkeling in ons poësie aan. Ons wys hier op gedigte soos „Aan die Herkentenis", die aan Gossaert se „Libera Nos, Domine" herinnerende „Die Teken", op „Die Bereiking", veral ook op „Ondergang" en ons wil hier ons reël om karig te wees met sitate, breek deur „Verlore Seun" aan te haal:

Verwant aan Geerten Gossaert.

My hele droewig lewe is vergaan
In gryse moremis en winterwind;
'n Eenling, eensaam met my eie skande,
Noem die mense my verlore kind.

Om my klink die spot van haat en hoon
Wat nie verstaan die oorwinning van my skande;
Onder my vuil en vodde weet ek brand
Die verbloede heiligheid van Christushande.

Daarom draai ek in stilte van die mense weg,
En traag onder die donker daeraad
Stap ek teen die ylte van die seën,
Met trane, na Hom wat nooit my sal versmaad.

Chronologies behoort Louw tot 'n nuwe geslag. Laat ons hoop dat sy eersteling die eerste geluid is van 'n generasie wat aan 'n kragtige en gesonde geesteslewe skone uiting sal gee en daardeur ons kwynende digkuns sal vernieu.

HOOFSTUK V.

DIE PROSA.

Inleiding.

Hiermee kom ons by 'n interessante hoofstuk in die geskiedenis van ons jong literatuur. Interessant nie deur die vrugbare produksie nie, maar deur die duidelike ontwikkelingsgang wat daarin te bespeur is. Ons sien ons prosa in die tyd van minder as 'n kwart-eeu ontwikkel van blote lektuur, geskryf om die leeslus en die belangstelling in ons taal op te wek, tot ware kuns, wat ontstaan uit die drang om eie menslikheid en lewensaanvoeling om te skep tot lewendige gestaltes, tot 'n kuns ryk aan verskeidenheid van motiewe en stof en styl. Die ontwikkelingsgang loop van Johannes van Wyk oor Vergeet Nie en Japie na Ampie. As dan die nasionale bewuswording duidelik tot uiting kom in ons prosa, kry ons in plaas van die vernuftige intrigeverhaaltjies in 'n onnatuurlike styl, wat uit die vreemde, uit die wêreld van Jacob van Lennep en sy navolgers, stam, ons eie nasionale romantiek, 'n kuns waarin die oë oop gegaan het vir die skoonheid om ons heen: die realistiese roman en novelle, die karakterroman en die kortverhaal, die dierverhaal bring ons die self ontdekte en gesiene skoonheid in ons plaaslewe, in die natuur, in die dierelewe, in die mens.

Dis nog 'n jong kuns; alles is nog in wording, die verdieping, konsentrasie en artistieke selfbeheer wat alle bykomstighede versmelt om alleen die diepere essensie oor te hou en daardeur te kom tot die suiwere en sterke styl, ontbreek nog te veel. Didaktiek en uitwendige romantiek bly nog onsuiwere bymengsels, die realisme bly nog te dikwels blote weergawe van die uiterlike toevallighede. Maar die ontwaking het gekom, en naas kunswerke wat ons ontroer deur skoonheid, bring ons prosa ons veral belofte vir die toekoms.

Die tyd vir strenge skifting het nog nie gekom nie. Baie van die werke wat ons hier sal noem, sal nie meer genoem word in die literatuurgeskiedenis van die toekoms nie, maar ons het hulle nou nog nodig om ons ontwakende literêre besef te voed en om die groei van die dinge te kan waarneem.

Om 'n duidelike oorsig te gee van die groot aantal werke en skrywers, lewer vir die geskiedskrywer groot moeilikhede op. Ons wil ons indeling met 'n paar woorde motiveer.

1. Intrigeroman en Vertelkuns. Die verskil tussen hierdie twee is dat ons onder die tweede dié (meestal kort) verhale verstaan, waarin die onderhoudende wyse van vertelling hoofsaak is. 'n Diepgaande verskil is dit dus nie, en soms is dit moeilik om die skeiding te maak.

2. Didaktiek. Die neiging tot didaktiek vind ons in alle jong letterkundes; ook was dit altyd sterk kenmerkend van die Nederlandse letterkunde. Daarom sal ons hier alleen behandel die twee skrywers by wie die didaktiek die wese van hulle kuns uitmaak: Von Wielligh en Langenhoven. Die ander talryke skrywers, wat 'n didaktiese trek vertoon, openbaar ook ander eienskappe waarvolgens hulle beter gegroepeer kan word.

3. Mensbeelding. Hieronder behandel ons die werke waarin die skrywer met minder of meer sukses daarna strewe om die mens uit te beeld, waarin dit hom dus nie soseer te doen is om die lotgevalle wat sy karakters beleef nie as wel om die sielelewe wat daardeur tot openbaring kom.

4. Realisme. Die realistiese skrywers behandel ons afsonderlik. Ons moet egter daarop wys dat hierdie indeling nie streng lógies is nie: die meerderheid van die realiste hoort net so goed onder afdeling 3 tuis.

5. Die Dierverhaal. Dis seker oorbodig om op te merk dat heelwat en selfs die belangrikste skrywers wat ons hieronder behandel, nie dierverhale gee nie, maar uitbeelding van die dier.

6. Geskiedkundige Prosa. Verskillende skrywers het werke geskrywe wat onder verskillende afdelinge val; om die eenheidsbeeld van die outeur te bewaar, sal ons hom behandel onder die afdeling waarin sy belangrikste werk val.

§1. Intrigeroman en Vertelkuns.

Volkskuns.

Die intrigeverhaal, met sy primitiewe heldeverering, sy fantasie en die opsetlike en oppervlakkige didaktiek wat daar gewoonlik by te pas gebring word, spreek tot die volk en is dan ook eintlik volkskuns — daarom is dit altyd geliefd gewees en sal dit ook altyd geliefd bly. Dis dan ook opmerklik dat byna al Von Wielligh se werk hier ingedeel kan word en dat Langenhoven, die volkskunstenaar by uitnemendheid, opsetlik hierdie kunssoort beoefen het om leesstof te verskaf. Gewoonlik begin die literatuur van 'n volk met hierdie soort kuns, in watter vorm dan ook, maar ook nadat daardie letterkunde groter verdieping en verfyning bereik het, bly dit die gretig gelese leesstof van die breë lae van die volk en bring dit soms nog kunswerke van betekenis voort. Hierdie kuns soek nie na lewenswaarheid of mensekennis nie; die skrywer en sy lesers lewe hier hulle dadedrang uit, hulle heldeverering, wat diep in elke mens skuil, hulle sterk maar nie fyn of vergeestelikte verbeeldingskrag. Dis te begrype dat veral die historiese roman of verhaal hier 'n groot plek inneem: in daardie geïdealiseerde verlede het die verbeelding vry spel.

Die Historiese Roman.

Ook by ons was en is hierdie intrigekuns baie geliefd, met name die historiese roman. Dit verbaas ons nie, as ons in aanmerking neem hoe jonk ons letterkunde nog is — ons verkeer nog in ons kinderjare, en dis juis die kind wat behoefte het aan verhale wat sy ontluikende fantasie voed. Bowendien was tot onlangs die invloed van die Nederlandse Romantiek, die kuns van voor 1880, baie sterk by ons: veral die werke van die populêre verteenwoordiger van die intrigeroman in Nederland, Jacob van Lennep, was geliefd by geleerd en ongeleerd en het diep spore nagelaat. Die historiese roman wat veral die tydgees wil uitbeeld en die méns in daardie verlede sien, karakteruitbeelding gee, soos die kuns van Mevr. Bosboom-Toussaint, besit ons nog nie; nog minder die moderne historiese roman, waarvan die groot Franse kunstenaar Flaubert die vader is en waarvan Adriaan van Oordt en Arthur van Schendel die geniale beoefenaars in Nederland is — daardie grootse en suiwere kunstenaarsiening van die verlede as openbaring van skoonheid en menslikheid ontbreek nog by ons.

Invloed van Van Lennep.

Die kunswaarde van die groot meerderheid van die werke wat ons onder hierdie afdeling sal behandel, is gering. Ons behandel hulle dan ook meer om hulle literêr- en kultuurhistoriese belang. Want een belangrike feit moet ons nie uit die oog verloor nie: dis veral deur hierdie kunstelose lektuur dat ons volk leer lees het.

Ons het gesien dat een van die belangrikste produkte van die Eerste Beweging Di Koningin fan Skeba van S. J. du Toit is, wat in die raamwerk van 'n reisverhaal 'n historiese roman gee. 'n Voorloper van die genre tydens die Tweede Beweging is die Nederlander J. F. van Oordt (1856—1918), wat onder die skuilnaam D'Arbez die reeks historiese verhale uitgegee het wat as Zuid-Afrikaanse Historie-Bibliotheek so geniet is deur jong en oud. Watter herinneringe uit ons jeug roep die titel van die mees bekende, Mooi Annie, nie by ons op nie! Hierdie boeke, wat meer „romantiese histories" is as historiese romans, het in hulle tyd baie gedoen vir die instandhouding van Nederlands in ons land. Tans word hulle in Afrikaans oorgesit.

Van Oordt (D'Arbez).

Die Afrikaanse intrigeroman is onafskeidelik verbonde aan die naam van

Jan Hendrik Hofmeyr de Waal, geb. 1871.

Hierdie susterskind van „Onze Jan" is gebore op die plaas Bakkerskloof in die distrik Stellenbosch. Nadat hy aan die Normaalskool, Kaapstad, die Matrikulasie-eksamen afgelê het, hou hy 'n tydlank skool op Uitenhage en Utrecht. Daarna is hy 'n tydjie werksaam in sy vader se ysterhandel, waarna hy na Londen gaan om in die Regte te studeer en hom so te bekwaam vir 'n joernalistieke loopbaan. Hier is hy 'n studiemaat van die latere Generaal Smuts. Na sy terugkoms werk hy saam met „Onze Jan". In 1903 word hy redakteur van De Goede Hoop; in 1914 moet hy weens politieke verskille met die direksie hierdie betrekking neerlê. Hy gaan in die politiek en is nog steeds volksraadslid en een van die leiers van die Nasionale Party in Kaapland. 'n Tydlank was hy „Speaker" van die Unie-Volksraad. Die rol wat hy in die taalstryd gespeel het, is behandel in hoofst. III.

Behalwe 'n aantal toneelstukke het van sy hand verskyn: Johannes van Wyk (1906 as boek; vanaf 1904 reeds in „De Goede Hoop"); Stompies (1911), wat nes Die Twede Grieta (1912) ook oorspronklik in sy tydskrif verskyn het; Oupa en sy

Kleindogters (1923); **Oorlog tussen twee Dokters** (1931) — reeds in 1922 in „Die Huisgenoot"); **My Herinnerings van ons Taalstryd** (1932); **Die Eksentrieke Essie** (1934), wat volgens die skrywer in sy voorwoord „die laaste nuwe roman uit (sy) pen sal wees."

Geen letterkundige waarde nie.

Letterkundige waarde besit De Waal se romans nie. Dis vernuftig uitgedagte reekse van die grilligste toevallighede. Die mense wat daarin voorkom, is slegs daar terwille van die intrige; hulle is geen mense nie, hulle is poppe, die verpersoonlikinge van sekere eienskappe — gewoonlik engelagtige deug of duiwelse slegtheid; die outeur trek slegs aan 'n toutjie en dan dans hulle rond. Verder rig die skrywer, regstreeks of deur middel van sy persone, die nodige aantal didaktiese opmerkinge tot die leser. Van historiese sfeer, uitbeelding van die tydgees, wat juis die historiese roman tot historiese roman maak, geen sweem nie. De Waal laat sy verhaal in die verlede speel bloot om meer vryheid vir sy fantasie te hê. Die styl is kleurloos en geswolle; nêrens hoor ons 'n persoonlike klank of sien ons 'n oorspronklike beeld nie. Die heldinne is altyd „lelieblank van kleur", besit „sielvolle oë" esv. Almal beelde van die jaar nul! Bowendien krioel die taal van onbeholpenhede, taalfoute en anglisismes.

Preller se kritiek.

Laat ons die woord aan Preller gee. In 'n **Persoonlike appresiasie van J. H. H. de Waal s'n Roman Joh. van Wyk**" (De Volkstem, 19 Aug. 1906, vgg.) sê hy: „(Dis) op s'n best 'n vernuftig inmekaar gewarde verhaal van 'n paar mense met hul haat, afguns en liefde, wat s'n ‚boeiendheid' ontleen aan die manier waarop dit inmekaar geset is, aan die ontknoping en aan 'n gemaklike verhaaltrant. Die mens-tragedie daarin blyf klein.....die romantiek is partykeer voos, die stylmiddele gebrekkig, die psychologie hopeloos vals." Van die styl sê hy: „Die klompie afgejakkerde woorde.....wat 'n sukkellewe bymekaar gesweet het.....; die hele wêreld bekyk hul van die hopie waar húl op staan; ómdat húl die hang anderkant die built nie kan sien nie, is die aarde pannekoek-plat op syn pilare gegrondves."

Groot kultuurhistoriese belang.

Maar Preller wys ook op die groot belang van hierdie eerste roman van die Tweede Beweging: „Dis net die ding wat ons nodig het om te leer lees. Al die ander sal later

kom." Laat ons tog nooit vergeet nie dat De Waal hierdie eerste werk nie geskryf het uit kunstenaarsdrang nie, maar, net soos die Genootskappers, om leesstof te verskaf. As redakteur het hy sterk die behoefte hieraan besef, hy het prysvrae uitgeskryf, maar die resultate was bedroewend. Toe het hy self die hand aan die ploeg geslaan. En hy het hiermee 'n hoogs noodsaaklike werk gedoen en groot vrugte op sy werk gesien: Johannes van Wyk, wat reeds 'n sewende druk beleef het, en ook sy later romans is gretig gelees en het die Afrikaner se leeslus opgewek. Daarom kan die kultuurhistoriese waarde van hierdie werk nie lig oorskat word nie. Of dit in 1934 nodig was om nog 'n broertjie van „Johannes van Wyk" in die wêreld te bring, is 'n ander saak! Want artistieke vooruitgang val daar in hierdie werk nie te bespeur nie.

My Herinnerings aan ons Taalstryd is kultuurhistories 'n welkome aanwins. Deur dergelike persoonlike herinneringe kry ons 'n lewendiger kontak met die mense en die gees van 'n belangrike tydperk uit die verlede. Dis te hope dat sy voorbeeld deur ander gevolg sal word en dat ons sodoende 'n aanvulling en 'n korrektief sal kry op sy herinneringe, wat noodwendig onvolledig en subjektief is.

Soos gesê is die avontuurroman baie in trek en word dit druk beoefen. Die waarde van hierdie produkte is, literêr gesien, oor die algemeen so gering, dat ons in die meeste gevalle kan volstaan met 'n kort opsomming.

Joubert Reitz (1880—1919), seun van wyle President Reitz, het 'n drietal uiters romantiese verhale geskryf: Die Dolosgooier (1916), Beproewing (1918), waarvan die taal en styl swak is, en Wraak (1927).

Gordon Tomlinson (geb. 1889) se oorlogsroman Deur die Smeltkroes (1917) is sterk didakties.

Didakties en langdradig is die romans van D. P. du Toit, 'n susterskind van Ds. S. J. du Toit, wat onder sy Oom heelwat joernalistieke werk verrig het aan „Die Patriot" en „Ons Klyntji". Hy het geskryf: Sy Pa se Skuld (1918), Haar Ma se Skuld (1926) en Haar Broer se Skuld of Die Roosknoppie (1929).

Van A. du Biel (geb. 1884) noem ons Getrou (1914), Die Misdade van die Vaders (1919) en Kain (1922).

Van J. H. MALAN, wat ons ook by die historiese prosa sal ontmoet, noem ons hier Die Swerweling (1921) en Sonskyn en Skaduwee (1926).

Verder noem ons nog: WOLLA: My Groot Dag (1921), SLYPSTEEN: Broerliefde (1921), P. MEYERINK: 'n Pionier in Suid-Afrika (1922), P. R. GAUCHE: Die Drie Dogters (1923), NICO HOFMEYR: Fanie (1925), Op die Walle van die Vaal (1929), N. H. THEUNISSEN: Marianne (1925), sy Drosters, vir Kinders, (1932) sal ook volwassenes meer bekoor; HARPER MARTINS: By die Alwyn (1925), C.F.K. (Ds. C. F. Kies?): Die Vreemde Voorval van Kaptein Silas (1926), A. H. JONKER: Gebeurtenisse (1931), Die Kanker van die Jare (1932).

Dat die geskiedenis van ons land en volk, ook van die gekleurde rasse van ons land, nog steeds die verbeelding van ons skrywers boei, blyk uit die aantal histories-romantiese werke wat daar die afgelope jare weer verskyn het: N. J. VAN DER MERWE: Die Burgemeester van Sannaspos (1929), C. P. NAUDÉ: Ongebaande Weë (1931), waarin die herinneringe van 'n ou pionier van Suid-Wes-Afrika te boek gestel word, J. GYSBERT SLIER: Pagal (1932) en L. A. VISAGIE: Terug na Kommando (1932), twee oorlogsromans, die tweede gebaseer op werklike lotgevalle, „stranger than fiction", C. J. STRYDOM SCHEEPERS: Waar die Driedorings Groei (1933). Dis of in hierdie werke die stof versamel word vir die groot kunstenaar op wie ons nog wag. Dat hy sal kom, daarop gee G. C. en S. B. HOBSON se Op die Voorposte (1932) ons hoop — hierdie boek is die enigste kunswerk van enige betekenis onder hierdie groep.[1])

Vertelkuns.

Hieronder wil ons 'n kort oorsig gee van die skrywers by wie die drang om 'n kort storie te vertel op die voorgrond staan. Ook by hulle moet ons nie na lewensverdieping soek nie, hulle strewe slegs daarna om die uiterlike gebeur-

[1]) Nader bespreek in die behandeling van hierdie kunstenaarspaar onder die Dierverhale.

tenisse, wat vir hulle nog geen openbaring van diepste menslikheid geword het nie, lewendig en boeiend te vertel. Die sielkundige motivering staan op die agtergrond of is heeltemal afwesig; dikwels is die psigologie onwaar. Hoewel die styl selde 'n sterk persoonlike karakter dra, is dit gewoonlik onderhoudend.

Engela.

J. G. ENGELA (geb. 1862) het al vroeg „getrag in alle eenvoudigheid om ons volk tot meer lees aan te spoor." Van hom het verskyn Afrikaanse Verhale (1909), Geselligе Half-Uurtjies (1910), Gesels (1913), 'n Terugblik (1925), en Die Getatoeëerde „K" (1929).

Met hierdie bundeltjies het hy ongetwyfeld help voorsien in die so nodige leesstof. Engela is melodramaties en romantiekerig, maar kan grapperige voorvalle amusant vertel.

Fagan.

Van H. A. FAGAN het, behalwe 'n bundel vertalinge, Immensee e.a. Verhale van Theodor Storm (1918) en 'n bloemlesing Uitgesogte Afrikaanse Verhale (sonder jaar), 'n bundeltjie sketse verskyn Uit 'n Studente-Album (sonder jaar), wat 'n sekere belofte openbaar.

Van Reenen.

REENEN J. VAN REENEN (geb. 1884) gee in Die Agterstevoortrekkers (1917) 'n satire op die geleerde akademici. 'n Groep van die geleerde here gaan op die platteland rondreis om daar weer iets terug te vind van die gees van die Voortrekkers, maar ook „om (hulle) diep kennis vir almal wyd en syd bekend te maak." Telkens moet hulle uitvind hoeveel hulle nog van die eenvoudige boer kan leer. Van Reenen mis die sprankelende vernuf van Langenhoven, maar gee hier en daar goeie satire.

Die Spookverhaal.

Die geloof aan bonatuurlike gebeurtenisse en verskyninge, waarvoor die plattelander orals so ontvanklik is, is ook by ons diep gewortel. Dis dan ook begryplik dat hierdie dinge wat op die volksverbeelding so 'n indruk maak, soos blyk uit die algemene geliefdheid van die spookverhaal, ook die verbeelding van ons kunstenaars moes prikkel. Die essensiële gawe om in weinig woorde die huiweringwekkende sfeer van die bonatuurlike te skep, die beklemmende angs te suggereer, besit ons skrywers egter nog maar in geringe mate.[1])

[1]) Langenhoven se Spookstories word behandel in die hoofstuk oor hierdie skrywer se prosa.

VAN REENEN se twee bundels Celestine e.a. Spookstories (1919) en Verborge Skatte (1920) is sterk onder die invloed van die grootmeester van hierdie genre, Edgar Allan Poe, maar mis die Amerikaanse kunstenaar se groot gawe van beelding en suggestie van die bonatuurlike sfeer. Die Lokaas (1921) is 'n roman met swak sielkundige motivering.

Van Reenen is 'n vlotte vertaler, maar sy taal en styl vertoon weinig persoonliks en baie onsuiwerhede.

N. Marais

E. N. MARAIS se lewe het ons reeds bespreek by die behandeling van sy poësie. Van hom noem ons hier enkele werke. Margriet van Laastelust en die Wegraak van Sannie (1922) bevat twee lewendig vertelde oppervlakkige verhale. Die eerste speel in die tyd van Kommissaris Janssens, die tweede vertel op grappige wyse van die vernuftige streek waartoe gedwarsboomde liefde 'n vindingryke dogter bring. In Dwaalstories e.a. Vertellings (1927) gee Marais 'n paar van Outa Hendrik se eienaardige Boesmanverhale wat in hulle onsamenhangendheid die verbeelding so prikkel deur die tekenende byname en beskrywinge. Verskillende van die bekoorlike Boesmanliedjies wat in sy bundel gedigte opgeneem is, kom hier voor. Verder vertel hy 'n paar treffende voorbeelde van die Afrikaanse meisie se moed. Uit ,,'n Voëlparadys'' spreek die diereliefhebber, terwyl ,,'n Kleine Kekrops'' mooie tipering gee.

Marais se belangstelling in hipnotisme blyk uit sy studies daaroor in Natuurkundige en Wetenskaplike Studies (1928), wat ook interessante causerieë oor onderwerpe soos slanggif bevat. In Uit die Lewe van Mens en Dier (1928) is 'n paar stukke uit Dwaalstories oorgeneem. Verder bevat dit interessante vertellinge uit die geskiedenis van die inboorlinge en ligte sketse uit die boerelewe. Marais beskik oor 'n aangename, heldere styl. Ons noem ook nog sy bekende studies oor die ,,siel'' van die mier en van die aap in Die Huisgenoot. In 1934 het Die Siel van die Mier in boekvorm verskyn.

Marais stel groot belang in okkulte verskynsels, wat hy wetenskaplik-psigologies benader. Die Huis van die Vier Winde e.a. Verhale (1933) bevat drie verhale waarin die geheimsinnige, die skynbaar bonatuurlike hom

boei. Hy slaag daarin om die spookatmosfeer uit te beeld. Deur sy rustige, skynbaar so nugtere, maar in werklikheid tog suggestiewe verhaaltrant word ons voorberei op die geheimsinnige. Hy maak ernstig werk van sy historiese agtergrond en lokale kleur, wat, net soos by Leipoldt, die indruk van waarheid versterk. Deurdat die skrywer egter nie by die geheimsinnige verskynsel bly staan nie, maar dit wil verklaar en dan populêr-wetenskaplike redeneringe gee, doen hy dikwels afbreuk aan sy verhaal. Ook die ander stories gee blyke van 'n goeie vertellerstalent. In dieselfde gees is sy in 1934 verskene Die Leeus van Magoeba. Marais se taal en styl laat nog te wense oor.

Leipoldt.

LEIPOLDT is nie alleen digter en dramaturg nie, maar ontpop hom die laaste jare ook as 'n vrugbare prosaskrywer. Sy prosa openbaar egter 'n heeltemal ander persoonlikheid. Naas die hartstogtelike, die hewig-persoonlike van sy poësie, word ons hier getref deur die kalme geselser, die *causeur*, wat nooit sterk ontroerd is nie, nooit haastig nie, maar altyd die tyd het om alles omstandig te vertel, soms selfs pynlik langdradig en omslagtig word.

Spookstories.

Na sy Praatjies met die Oumense (1918), populêr-wetenskaplike praatjies op mediese gebied, en Kampstories (1923), 'n bundel boeiende verhale vir die jeug, gee hy 'n drietal bundels spookstories en verhale van bonatuurlike gebeurtenisse: Waar Spoke Speel (1927), Wat agter lê en ander Verhale (1930), Die Rooi Rotte e.a. Verhale (1932). In sy voorwoord tot die tweede bundel omskryf Leipoldt hierdie verhale self as „pogings om belangstelling te wek in ons verhouding tot verwikkelings wat ongewoon is en soms onverklaarbaar lyk. Dis nie die verwikkelings self wat ons belangstelling so veel hoef te prikkel nie as die manier waarop persone daarop reageer. Dis die reaksie, die subjektiewe indruk wat iets ongewoons en onverklaarbaars op die persone maak, wat die moeite werd is om te beskryf en te bestudeer." Hy wil dus nie so seer ons verbeelding prikkel deur 'n verslag van die gebeurtenisse self, deur 'n egte „spookstorie" nie, maar hy wil vir ons uitbeeld hoe 'n sekere mens reageer op die een of ander onverklaarbare, skynbaar bonatuurlike gebeurtenis. Maar om daarin te slaag, moet hy die leser kan vervul met die

afgryse, die angs en wroeging van sy tipes — en hierin het Leipoldt maar matig geslaag. Hy is 'n aangename verteller — ewe op sy gemak begin hy sy verhaal met 'n uitvoerige skildering van die omstandighede waarin die gebeurtenis plaasgevind het wat sy karakter vervul met 'n gevoel dat iets bonatuurliks plaasgevind het. Hierdie rustige, natuurlike inleiding, vry van effekbejag, gee dadelik die gewenste indruk van geloofwaardigheid, al is Leipoldt hier soms al te uitvoerig en langdradig. Maar as hy by die hoofsaak van sy verhaal kom, stel hy ons teleur, bly dit te dikwels verstandelik, is dit te min deurleef.

Die Speurverhaal.

Ons het gesien dat LANGENHOVEN met Donker Spore die eerste speurverhaal in Afrikaans geskryf het. Sindsdien is hierdie sensasielektuur druk beoefen. Ons noem slegs die naam van Hendrik Brand! Ook LEIPOLDT het hom aan hierdie genre gewaag: Die Moord op Muisenberg (1932), wat blote ontspanningslektuur gebly het en alleen volledigheidshalwe genoem word, net soos Die Verbrande Lyk (1934), wat 'n skerpsinnige uiteensetting gee van die verhoor en uitspraak in 'n moordsaak.

Verder noem ons van Leipoldt nog Galgsalmander (1932), 'n languitgerekte historiese roman wat speel in die Kaap-Kolonie kort na die Groot Trek. Dank sy die uitvoerige beskrywings kry ons wel 'n beeld van hierdie samelewing, maar dit mis die essensiële van 'n roman: menslike stryd en botsing; die wyse waarop die hoofpersoon se lewensgeheim verborge gehou word vir die leser, is al te kunsmatig, en die geheim lyk na die onthulling onbeduidend.

Dieselfde onbedwingbare neiging tot eindelose uitspinning, wat die belangstelling en die verbeelding van die leser vermoor, vind ons in die psigologiese roman Die Donker Huis (1931), waarin die ontwikkelingsgang van 'n seun en die gevolge van 'n liefdelose opvoeding beskryf word — ook hier ontbreek die kunstenaarsuitbeelding.

Die aangename causeur betoon Leipoldt hom in Uit my Oosterse Dagboek (1932), waarin hy die reisherinneringe weergee, maar veral ook in onderhoudende, gemoedelike styl baie wetenswaardighede meedeel oor die lande en volke van die Ooste en hulle geskiedenis, met vermelding van sy

G. R. VON WIELLIGH.

bronne. Sy styl is hier beter versorg en bereik soms mooie beelding.

Ander Skrywers.

Van O. GROSSKOPF is die kostelike boekie Patrys Hulle (1926), waarin die kinderlewe en die kindermentaliteit so fris en waar uitgebeeld is. In Swart Slang (1930) betoon hy hom 'n boeiende verteller van kort verhale.

'n Vlotte verteller is ook E. SERFONTEIN, met sy drie bundels Kort Verhale (1927), Los Hande (1930), wat hier en daar geestige tipering bevat en waarin ook 'n geslaagde spookstorie voorkom, en Ernst en Luim (1932).

Hier moet ons ook noem WILLEM C. KAMP. Sy bundel verhale van ongelyke waarde, Matteo en Leonardo (1933) wek die verwagting dat hy, met 'n ernstiger artistieke strewe, groter verinnerliking kan bereik. Nieteenstaande onbeholpenhede van vertelling is die titelstuk 'n skrynende verhaal, sober maar sterk.

§2. Didaktiek.

G. R. von Wielligh (1859—1932).

Von Wielligh is gebore uit 'n geslag waarvan die stamvader offisier was in die diens van die V.O.I.C. Deur 'n groot finansiële verlies wat sy vader gely het, het sy skoolopvoeding eers laat begin. Reeds op sy elfde jaar maak hy met sy vader 'n handelstog na Boesmanland. Hy gaan later studeer aan die Paarlse Gimnasium. Hy word landmeter en beklee reeds op sy vyf-en-twintigste jaar die pos van Landmeter-Generaal van die Zuid-Afrikaanse Republiek. In 1903 word hy tengevolge van 'n ongeluk byna heeltemal blind. Deur mediese behandeling is nog soveel van sy gesig gered, „dat hy nou in sy regteroog 'n kwart natuurlike gesig teruggekry het. Hy lees met 'n sterk bril en 'n dubbelde vergrootglas — sy neus byna op die papier, en dan sien hy nog maar vyf tot ses letters tegelyk." Tog het hierdie nobele idealis deur sy ongelooflike ywer in diens van sy volk 'n hele reeks van werke geskryf en oortref hy selfs Langenhoven in vrugbaarheid. Afgesien van tal van tydskrif-artikels het van sy hand verskyn: Dierestories (in 1907 'n voorlopige bundel; van 1917-22 vier bundels); Jakob Platjie (1918); Eerste Skrywers (1918); Boesmanstories (vier bundels, 1919-21); Staan jou Man (1920); Robinson Crusoe (1920); Huis en Veld (1921); Nimrod Seeling (1921); Ghwennie Barneveld (1922); Langs die

Lebombo (1923); Die Vrouens van Vrindenburg (1924); Baanbrekerswerk (1925); Ons Geselstaal (1925).

Laaste stem uit die Genootskap.

Von Wielligh neem 'n eienaardige plek in ons letterkunde in. Hy was die laaste stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners. Vanaf 1876 tot die politieke ommekeer van die blad het hy in Die Patriot geskrywe. Ook was hy medewerker van Ons Klyntji, waarin 'n gedeelte van Jakob Platjie verskyn het, en van Ons Taal. Sy werke verskyn tydens die Tweede Beweging maar openbaar almal die gees van die Eerste Beweging: hulle is propagandisties, moraliserend, didakties. Deur hierdie eenvoudige lektuur het Von Wielligh waardevolle dienste bewys aan sy volk. Naas die jongeres, wat kuns gelewer het wat meer gebore is uit ontroering, die smart en ideale van die volksiel vertolk het, gestreef het na skoonheid en hulle gerig het tot die ontwikkeldes, het hy die breëre lae van die volk voorsien van aangename, leersame en suiwer nasionale leesstof. En hy is gretig gelees, het 'n gevierde skrywer geword, tot die jongeres in hierdie onkritiese lof waarmee sy werk ontvang is, 'n gevaar gesien het vir die ontwikkeling van ons letterkunde, 'n bedreiging vir ons letterkundige smaak. Hulle het toe skerp kritiek op sy werk uitgebring, aangetoon dat die suiwer letterkundige waarde daarvan gering is. Hierdie kritiek moet die troue stryder in sy ouderdom seer gemaak het. Hy het die slagoffer geword van die onverbiddelike wet van ontwikkeling. Die ontwikkelingsgang van ons volk, wat hy deur sy opoffering en idealisme help bevorder het, het die tyd ryp gemaak vir iets anders as hy kon bied, die behoefte doen ontwaak aan werklike kuns. En die kritiek van die reaksie is altyd skerp, mis die strenge objektiviteit.

Gretig gelese volkslektuur.

Reaksie teen sy werk.

Kultuurhistoriese waarde.

Geringe kunswaarde.

Von Wielligh se werk behoort nouliks tot die kuns. Dit word hier behandel omdat literatuurgeskiedenis noodwendig ook kultuurgeskiedenis is, rekening moet hou met die kulturele faktore wat van belang is by die ontwikkeling van die literatuur. En kultuurhistories is Von Wielligh 'n uiters belangrike figuur en moet ons volk 'n groot skuld aan hom erken. Selfs die jeugdige leser van hierdie geskiedenis hoef slegs by hom self na te gaan wat hy

aan hierdie eenvoudige werke te danke het, hoeveel hulle bygedra het tot sy ontwakende leeslus en belangstelling in eie taal, volk en land. Kuns is dit egter nie, dit is ook nie as sodanig bedoel nie en pretendeer nie om dit te wees nie. Daarom is die gryse skrywer se klag: „Selfs in kultuurwerk word die neus ingesteek om kuns uit te snuffel" begryplik. As voortsetter van die ideale en strewe van die Genootskappers het Von Wielligh sy beskeie talent bly aanwend om volkslektuur te verskaf. En die minder bevoorregtes het dit dankbaar aanvaar, en ons kan dankbaar wees dat dit vandag nog gretig gelees word deur hulle. As ons egter die literêre waarde daarvan wil bepaal, hoef ons dit slegs met die werk van Langenhoven te vergelyk om te sien hoe uiters gering dit is. Von Wielligh was volks*krywer*, wat sy liefde en ywer in diens van sy volk gestel het, Langenhoven was volks*kunstenaar*.

Ons hoef dan ook nie stil te staan by die afsonderlike werke nie. Von Wielligh openbaar die gawe van 'n breedsprakige verteltrant, 'n gemoedelike geselstoon waarvan 'n sekere bekoring uitgaan. Die eenvoudige lesers word geboei deur die avontuurlike lewensloop van so baie van sy helde, wat amper almal swerwers is en die vindingrykheid en praktiese sin van Robinson Crusoe besit. Op sy reise deur die lengte en breedte van ons land het die skrywer 'n skat van uitdrukkinge en woorde versamel en vir ons bewaar. Dit gee aan sy taal die bekoring van die gesproke woord, hoewel sy strewe om hierdie tipiese woorde te gebruik oorsaak is dat ons af en toe „die indruk kry dat die mense daar is terwille van die taal en nie die taal ter wille van die mense nie." Behalwe 'n enkele keer as hy 'n Hotnot goed teken in raak dialoog, is Von Wielligh se tipes nie mense nie. Hulle is slegs die spreekbuise van die skrywer, wat deur hulle sy uitgebreide kennis van vroeëre sedes, gewoontes en toestande, veral van die Boesmans en Hottentotte, aan ons wil meedeel. Ons is hom dankbaar vir hierdie leersame inligtinge, veral omdat heelwat van die gegewens so langsamerhand verlore gaan, en dit gee aan sy werk kultuurhistoriese waarde, maar hy het dit nie gegee in artistieke vorm nie.

In sy taal tref Von Wielligh ons dikwels deur die lewende volkspraak, maar dikwels verval hy in banaliteit en platheid.

As hy bewus mooi wil skrywe („praalskrif" noem hy dit) verval hy in onegtheid, geswollenheid.

Onder sy werke wys ons veral op die mooi vertelde Dierestories [1]) en op Eerste Skrywers, 'n baie belangrike bydrae tot ons kennis van die Genootskappers.

C. J. LANGENHOVEN (1873—1932).

Hierdie skrywer, wat altyd onwillig was om biografiese gegewens omtrent homself te verskaf, het in Die Huisgenoot (1930-31) „twee stukkies rekenskap" gepubliseer: „Die Wording van 'n Skrywer" en „My aandeel aan die Taalstryd", wat later gesamelik uitgegee is onder die titel U Dienswillige Dienaar. Hierin gee hy ons hoogs belangrike en interessante gegewens omtrent die faktore wat invloed gehad het op sy geestelike ontwikkelingsgang.

Hy is in 1873 op Hoeko (Ladismith, K.P.) gebore. Sy moeder moes haar lewe inskiet by sy geboorte, en die tingerige babetjie is deur sy kinderlose oom en tante, wat vir hom „Pappie" en „Mammie" word, opgevoed. Die enigste-kindjie-trek kan ons gedurig merk in sy kuns, veral in die selfvertedering.

Na sy eerste privaat-onderrig tuis, in Engels, van 'n reeks „goewernauntie-aunties" besoek hy die goewermentskool op Hoeko, waar die Hollandse meester Bloemkolk 'n groot en heilsame invloed op hom uitoefen. Dankbaar gedink Langenhoven sy leermeester, wat hom 'n deeglike kennis van Nederlands bygebring het en hom so 'n groot liefde vir die Bybel ingeboesem het, die boek wat Langenhoven ook as boek van letterkundige skoonheid altyd as sy kosbaarste besit bly beskou het. Sy Matriek behaal hy op Riversdal — hier neem hy al 'n leidende aandeel in die oprigting van 'n (Engelse) debatsvereniging en 'n (Engelse) weeklikse skoolblad „in manuskripvorm aan die muur gehang". In 1895 behaal hy aan die Victoria-kollege, Stellenbosch, sy B.A.-graad, en in 1900 die graad van LL.B. Die joernalistiek het veral sy liefde gehad, en vanaf 1912 was hy redakteur van die Oudtshoornse koerant Het Zuid-Westen, waarin hy optree as 'n vurige en talentvolle voorvegter van Afrikaans. In 1914 word hy gekies tot lid van die Kaapse Provinsiale Raad. In dieselfde jaar neem daardie liggaam sy historiese mosie aan om Afrikaans op die laerskool toe te laat. Van nou af neem hy 'n aktiewe aandeel in die politiek. Later word hy volksraadslid en senator. Langenhoven was 'n verbasend vrugbare en veelsydige skrywer. Sy politieke geskrifte en sy skoolboekies sal ons hier nie bespreek nie. Sy vernaamste prosawerke

[1]) Vgl. hieroor hoofst. V, §5 (bl. 176).

C. J. LANGENHOVEN.

is: Stukkies en Brokkies (1911); Ons Weg deur die Wêreld (1914); Sonde met die Bure (1921); Doppers en Filistyne (1922); Die Eensame Hoop (1922); Die Opdraende Pad (1923); Loeloeraai (1923); Die Lig van Verre Dae (1924); Geeste op Aarde (1924); Herrie op die ou Tremspoor (1925); Brolloks en Bittergal (1925); Mof en sy Mense (1926); Donker Spore (1926); Die Krismiskinders (1926); Skaduwees van Nasaret (1927); Die Wagtende Wêreld (1928); Aan Stille Waters (1930); Die Wandelende Geraamte en ander Verskynings (1931); U Dienswillige Dienaar (1932); Die Mantel van Elia (1933).

Langenhoven is 'n unieke figuur in ons letterkunde. Eintlik moes ons sy prosa, sy poësie en sy dramatiese werk as een geheel behandel het, want deur al die werke van hierdie vrugbare skrywer wat soveel verskillende kunssoorte beoefen het, straal dieselfde gees — hulle word almal gedra deur dieselfde ideaal.

Word hom eers laat bewus van sy roeping.

Die eienaardige verskynsel dat hierdie vurige voorvegter van die regte van Afrikaans, wat in sommige opsigte meer as iemand anders gedoen het om sy volk daardie regte deelagtig te maak, hom eers op betreklik late leeftyd bewus word van sy heerlike roeping, verklaar Langenhoven ons self in „U Dienswillige Dienaar". Die man wat as student in 1893 kon skrywe: „For intellectual training Africander Dutch offers no scope, for it has no literature, and a very poor vocabulary", vertel dat „daar was in ons buurte deur al my groeijare heen geen sterk-bewuste nasionale gevoel nie," en: „Dat ek byna veertig jaar oud geword het voor ek ooit daardie roeping besef het en ernstig aan die werk gegaan het om my bydraag van diens te gee aan die opbou van my verwaarloosde en versmaaide taal, was die regstreekse gevolg van daardie ontbrekende en deels verkeerde invloede op my kindergemoed". Selfs „Die Patriot", wat vir hom was „'n openbaring soos 'n stem uit die hemel: my taal kan ook geskryf en gedruk word!", kon by hom geen „nasionale ontwaking teweegbring nie", al twyfel hy „daar glad nie aan nie dat hierdie ervaring deur lange jare en langs stille onderaardse weë sy bydraag gedoen het tot (sy) uiteindelike dweepsugtige ywer vir Afrikaans". Wanneer die man wat só sterk die onmoontlikheid besef het van Neder-

lands as die taal van die Afrikaner, dat hy liewer Engels sou kies (en ook gekies het!) „as noodkeuse"[1]), hom eenmaal bewus word van die moontlikheid van Afrikaans, word hy gedurende meer as twintig vrugbare jare die onvermoeide stryder vir die regte van sy taal — meer nog: hy word hom bewus van sy roeping om sy arme, geestelik en intellektueel verhongerende volk geestesvoedsel te verskaf. Wat die Patriotters nagestreef het, het hy bereik — hy is die vervulling van hulle ideaal. Want die Patriotters was geen kunstenaars nie, hulle kon 'n klein deel van hulle volk langs verstandelike weg deur die krag van logiese betoog oorreed. Langenhoven, as geniale kunstenaar, meer nog: as gebore volkskunstenaar, kon die siel ontroer van sy hele volk, hy kon wegsleep, oortuig. Dit is die wonder waarvoor ons hier staan, dat juis toe hy so nodig was, toe die tyd om hom geroep het, hierdie kunstenaar te voorskyn getree het om te voorsien in die skreiende behoefte aan geestelike leeftog van sy tot nasionale bewussyn ontwaakte volk.

Langenhoven vergelyk met die Patriotters.

Volkskunstenaar.

Langenhoven is in die eerste plek volkskunstenaar, nie omdat hy dit doelbewus wou wees nie, maar omdat hy dit is by die grasie Gods. Hy kom voort uit die volk, hy leef innig saam met sy volk, hy deel die verlangens en ideale, die mees karakteristieke eienskappe en eienaardighede van sy volk. En aan wat nog grotendeels onbewus gesluimer het in sy volk, het hy, begaaf met die gawe van die fonkelende, geestige woord, bewuste uiting gegee. Uit die besef van hierdie hoë roeping put Langenhoven sy besieling. Wat by die Patriotters, by De Waal en Von Wielligh didaktiek bly, word by hom spontane, besielde kuns, al is daardie besieling gewoonlik nie hewig en sy kuns nie groots of fors nie en al het ook Langenhoven soms die gehalte van sy werk verlaag deur sy kuns verstandelik in diens van sy roeping as volkskrywer te stel.

Individualisme.

Dis 'n eienaardige verskynsel dat die individualisme, wat so 'n kenmerkende trek is van die Dietse ras, so weinig tot uiting kom in die Dietse letterkunde. Dit is b.v. opmerklik die geval in die Nederlandse literatuur voor 1880. Ook in ons

---

[1]) Vergelyk hiermee die bekende uitspraak van Dr. Viljoen: „De meesten....zullen in de keuze tussen Afrikaans en Engels onvoorwaardelijk de voorkeur geven aan het Engels."

volkskarakter tree die individualisme sterk op die voorgrond, dit het hom ook reeds dikwels in ons geskiedenis geopenbaar en dreig soms om in gebrek aan dissipline te ontaard. Tog vind ons nog maar enkele uitgesproke individualiste in ons literatuur. Langenhoven is een van die weinige, maar hy is dit slegs in sekere sin. Sy individualisme verskil van die van Leipoldt of Totius of Toon van den Heever. Langenhoven voel hom nooit vereensaam nie, hy stry nie 'n bittere stryd in eie siel nie, hy is altyd die mondstuk van die volk. Sy individualisme is die individualisme van die volk, met sy wantroue van alles wat vreemd is, alle uitheemse modes, sy jaloerse liefde vir die eie nasionale, sy geestige spot en gevatheid, sy skerp oog vir die skynheilige, die onregte en die belaglike, sy pittige volkswysheid, sy vroomheid, sy regverdigheidsbesef, sy vaderlandsliefde. Juis omdat sy individualisme in so 'n direkte verband staan met sy volk, kan Langenhoven die volksgevoel bespeel soos 'n orrel, waarin hy telkens ander registers ooptrek: spot, satire, verhewe erns, vroomheid, sagte weemoed. En Langenhoven besit die gawe van die woord, hy beskik oor 'n beweeglike, lenige styl wat al hierdie sentimente kan vertolk op verrassend oorspronklike wyse. Sy taal is die rasegte spraak van die volk.

Langenhoven het verskillende literêre invloede ondergaan wat meegewerk het in die ontwikkeling van sy gawes en kunstenaarspersoonlikheid. Die boek wat hy sy lewe lank bewonder en liefgehad het, ook om sy letterkundige skoonheid, is die Bybel. Verder het hy veral voedsel getrek uit die Engelse literatuur en geesteslewe. Die Nederlandse literatuur het hom nooit aangetrek nie. Hier moet ons een uitsondering maak: Multatuli. Hy vertoon 'n sterk geestesverwantskap met hierdie skrywer, vir wie hy 'n groot bewondering gehad het: albei is strydbare idealiste, in die praktyk moeilike mense om mee om te gaan, prikkelbaar en liggeraak; albei is ontevrede met die maatskaplike en politieke en godsdienstige toestande; albei het die onegte, die leuen ontmasker; albei is meesters van die woord, wat kan boei deur pittige spreuk of verrassende wending en verbluffende paradoks en kan styg tot verhewe liriek. Albei het hulle taal en styl verryk uit die Boek der Boeken, altwee

Literêre Invloede.

Multatuli.

het die skryftaal nader gebring aan die lewende volkstaal. Dis dan ook te begrype dat Langenhoven sterk die invloed van die Nederlandse skrywer ondergaan het, sonder dat dit afbreuk gedoen het aan sy oorspronklikheid, want net soos Multatuli maak Langenhoven wat hy in hom opneem, heeltemal tot sy eie geestesbesit wat hy weer op sy eie wyse en met sy eie aksent vertolk.

Langenhoven liefdevoller.

Daar is egter 'n essensiële verskil tussen die twee skrywers. Waar Multatuli hoe langer hoe meer verbitterd geraak het, hoe langer hoe negatiewer geword het, ook in die godsdienstige, sodat hy later die skerpe hekelaar, die koele kastyder is, sonder dat hy veel geloof meer het in sy volk, daar bly Langenhoven altyd die liefdevolle, met 'n tere geloof en 'n warm liefde vir die mensheid en vir sy volk, wat glo dat ,,in die verheerliking en veredeling van die lewe, leg die diens van die kuns."

Langenhoven die humoris.

En agter hierdie kunstenaar met sy sprankelende vernuf, sy rake hekeling, sy erns en sy weemoed, die kunstenaar wat só veelsydig is, dat hy van speurverhale gee tot ontroerde raadgewinge aan die deur godsdienstige twyfel aangevogte student, staan Langenhoven die humoris, wat hom nooit tenvolle uitgeleef het in groot, diep kuns nie, maar wat ons tog altyd aanwesig voel, die kunstenaar wat die betreklike van alles voel, wat versoenend en vergewend glimlag oor al die dwaashede en gebreke van die mensdom, wat ook syne is, die mymeraar oor die nietige en verganklike van die mens, oor die grootse van die skepping van 'n liefdevolle God, die kunstenaar wat ook die kind en die dier liefgehad het, by hulle sy troos soek as die kwellinge van sy medemense sy siel versondig.

Het die liefde van sy volk verwerf.

Al hierdie eienskappe verklaar die groot liefde wat die volk hierdie kunstenaar toedra. Hy is die mees gelese Afrikaanse skrywer; wat meer is: hy het sy volk leer lees. En met regmatige voldoening kon hy kort voor sy dood hierop wys: ,,Hierin lê nog nie 'n bewys van hoë gehalte by die betrokke werk nie. Maar wel lê daarin 'n bewys dat die skrywer nie die hart van sy volk gemis het nie. Om hulle hart te raak, moet hy hulle taal gepraat het soos hulle die taal ken . . . . En die skrywer moenie net gepraat het soos die volk praat nie, maar gedink het soos die volk dink en gevoel het

soos die volk voel. En daarom moes daardie soort spraakgebruik en gedagtegang en gevoelsaard van ver af gekom het en nie bo-op aangepak gewees het nie." Dit is sy adelbrief as volkskunstenaar.

'n Kort bespreking van sy vernaamste werke sal hierdie beeld van die kunstenaar duideliker voor ons laat oprys. Sonder om juis 'n strenge indeling te maak, sal ons sien dat verskillende werke saam gegroepeer kan word.

Ons Weg deur die Wêreld (1914), waarin opgeneem is Langenhoven se eerste publikasie, Stukkies en Brokkies (1911), is later in drie dele uitgegee.[1]) Dit is die stemvurk van sy hele kuns; hierin sien ons hom in die verskeidenheid van sy talent en as didaktikus. Ons kry hier tere mymeringe, geestige spot, klugtige samesprake, pittige spreuke, onderhoudend geskrewe prekies. Ons Weg deur die Wêreld.

Deel 1 bring ons Verhaaltjies en Karaktersketse. Daar is die geestige uitbeelding van die haastige boer wat snags op moet staan om vuur te maak vir 'n siek kindjie en die volgende dag met sinkings en 'n verkoue voor die vuur sit, maar dan „wysheid uit die rooi kole" gee wat die didaktiese wysheid van Langenhoven self is. Daar is die bekoorlike verhaal van „Lammetjie en Wolf", waarin die verdwaalde dogtertjie gered word deur die bandiet—ook hier is die didaktiek baie duidelik. Gevoelig, aan die slot 'n bietjie oorgevoelig, is die skets „Twee Oues van Dae"—reeds hier Langenhoven se liefde vir die hond. Hierdie weemoedige mymeringe laat ons dink aan Jonathan se Waarheid en Droomen, waaraan dit sterk verwant is. Langenhoven is 'n vlotte verteller in die rake taal van die volk. Dit blyk o.a. uit „Die Nuwe-Jaars Offer", met sy liefdevolle weergawe van die outydse feesvier en die mooi uitbeelding van die afkomende rivier in al sy verraderlike kalmte en grootse krag. Geestig is die vader se sarkasme in „'n Brief van sy Ouers aan Jan op die Kollege". Hier kom die sonde-met-die-bure-motief al sterk te voorskyn. „Die Kluisenaar van die Karroo" is tereg genoem „'n botaniese les in aantreklike vorm", terwyl „Meester" 'n nobele en weemoedige hulde is aan die ou Hollandse onderwyser.

---

[1]) By ons bespreking volg ons hierdie uitgawe.

Die Ligte Leekprekies is suiwer didaktiese stukkies, waarin die jonger geslag gewaarsku word teen die moderne modes, en die ou voorvaderlike gewoontes verheerlik word.

Die klugtige Samesprake en 'n Alleenspraak[2]) is uitnemend geskik vir plattelandsdebatsverenigingе en dan ook oor die lengte en breedte van ons land bekend.

Spreuke.

Deel II[1]) bevat Duisend Spreuke. Nos. 1—732 vorm die afdeling Besproke Spreuke, waarby die outeur die aantekening voeg: „Om ook op my ou dag die sware werk van skepping met die maklike van foutvind af te wissel, het ek die 366 spreuke van my ‚Afrikaanse Verjaar(s)dag-boekie' elk van 'n kritiese aanmerking voorsien — uit die mond van die denkbeeldige, wêreldkundige ou Lazarus wat beter bekend is onder die naam van Ou Stoffel Gieljam." In werklikheid skep Langenhoven hiermee die geleentheid om op geestige wyse die betreklike waarheid van sy spreuke aan te toon of om die waarheid van verskillende kante te belig; ook om met mooi humor homself te betrek in die satire. Die skrywer boei ons hier gedurig deur die spel van sy verrassende wendinge en verbluffende paradokse. Naas praktiese lewenswysheid vind ons diepe lewens- en mensekennis. Ons gee hier 'n paar voorbeelde:

„Die verstand van die domste man is nog te diep vir jou om te deurgrond. Temeer as die man nie jyself is nie.

(Ek glo baie aan 'n dom man. 'n Mens weet wat om te verwag en jy kry dit. Soos ek hier.)"

„Daar is mense wat hulle oë so knaend daarbo op die hemel gevestig hou dat hulle nie sien hoe min goed hulle hande hieronder op die aarde doen nie.

(Wat hulle hande doen is om vas te klou aan die aarde om nie op te val hemel-toe nie.)"

Watter ontroerende selfkennis en humor bevat die volgende:

---

[2]) Spesiale Stukke vir Debatsverenigingе en Twee Opstelle, wat die didaktiese ontstaan van hierdie werk so duidelik aantoon, is in die latere uitgawe weggelaat.

[1]) Vir 'n bespreking van die poësie in hierdie bundel, vgl. Hoofst. IV, §4.

„My medemens het my vergewe, en ek hoop my God het my vergewe. Maar ek soek nog altyd na my eie vergiffenis.

(Boet Nelie, ek het hoop vir jou.)"

Nos. 733—1034 vorm die afdeling Onbesproke Spreuke (oorspronklik getitel Naarheid en Waarheid). Hierin maak hy nuwe spreuke, of bestaande spreuke word aangevul, gewysig of ontken:

„Die kortste draai is die omdraai. So kort dat hy swaar is."

„Dis makliker om die gemeente lief te hê as jou buurman, en die hele menslike geslag as jou vrou se familie."

„Een swaeltjie maak geen somer nie. Hy maak nie eers 'n nes nie."

„Daar mag halwe eiers wees wat beter is as leë doppe, maar die halwe eiers wat naar my koers toe gekom het was nog altyd vrot."

As spreukskrywer neem Langenhoven 'n eerste plek in die Dietse letterkunde in en kan hy met eer genoem word naas die Franse spreukskrywers, wat in hierdie genre so uitmunt. Hy het sy volk 'n kosbare skat van wysheid gegee, wat deur die pittige vorm, die geestigheid en die humor altyd sal bly lewe in ons literatuur en in die volksiel.

Die Afrikaanse Jonathan.

„Sy hart is so vol liefde dat daar plek is vir al die ou goedjies wat hy as kind mee maats gemaak het, en al is hy nou 'n bejaarde man (hy seg hy is oud maar ek glo hom nie) dan kom hy nog met my gesels net soos toe hy 'n kind was", sê die ou wa van Boet Nelie. Hiermee is die toon en die stemming van die Fantasie-e weergegee. Langenhoven behou die jong hart wat weemoedig-teer mymer oor die verlede en die dinge wat hom in sy jeug so lief was. Besonder mooi is „Die Ou Wa"—na „Die Wording van 'n Skrywer" besef ons eers tenvolle hoeveel outobiografie daar skuil in hierdie lieflike idille van die verlede met Pappie en Mammie in die wamakerswinkel en op tog. Langenhoven is hier die Afrikaanse Jonathan.

Deel III bevat o.a. sy gloedvolle rede gehou voor die Akademie in Julie 1914: „Afrikaans as voertaal", die welsprekendste pleidooi ooit gelewer vir Afrikaans. Dit toon ons Langenhoven se prosa in die seldsame oomblikke

dat hy styg tot die hoogtes van gepassioneerde liriek. Honderd Prekies gee na aanleiding van pittige spreuke prekies oor die feile en gebreke van die mens en van die samelewing, waarby hy blyk gee van 'n groot mensekennis en selfkennis. Telkens verras hy deur die oorspronklike manier waarop hy praktiese lewenskennis of diep lewenswysheid aan die man bring. Die didaktiek het hier kuns geword. Wat hierdie prekies so tot ons laat spreek, is die mooi optimisme waardeur al sy werk gedra word: Langenhoven glo in die lewe en in die mens, net soos hy glo in 'n liefderyke God. Ook hier, nes in sy spreuke, hinder gesogtheid en woordspeling, 'n sekere effekbejag, ons soms.

Die Opdraende Pad.

Die Opdraende Pad (1923) kan ons, om die didaktiese karakter daarvan, die beste hier behandel. Dis 'n bundel van vyf lesings, waarin die skrywer op onderhoudende wyse sy toehoorders aanspoor om op velerlei gebied die opdraende pad te kies wat lei tot die verowering van geestelike skatte. Van belang is vir ons veral die lesing oor Letterkundige Styl.

Satiries-humoristiese verhale.

Sonde met die Bure, Herrie op die ou Tremspoor en Doppers en Filistyne kan ons as satiries-humoristiese verhale saam behandel. Hierin rig Langenhoven sy satire teen alles en nog wat, veral teen alles wat in stryd is met die voorvaderlike sedes en lewensopvatting. Die satire, hoe raak en geestig ook, is egter nie negatief of liefdeloos nie. Ook hier is Langenhoven die warm-menslike, sy spot en hekeling is gebore uit die onuitroeibare liefde vir die nasionale volkskarakter, die taal en tradisies wat dreig om verstik te raak onder die vreemde invloede. En Langenhoven sluit homself in as hy spot — daardeur verdiep sy kuns tot humor. Die bou en die gees van hierdie werke vertoon groot ooreenkoms met die van die humoriste van die agtiende en negentiende eeu: Sterne, Lamb, Jonathan, Multatuli. Die verhaal is nie hoofsaak nie — dié is gewoonlik los van komposisie en moet slegs dien om die outeur of sy held die geleentheid te gee om sy lewenshouding te openbaar. Die gedurig op die voorgrond tredende persoon van die skrywer vorm eintlik die eenheid van die werk. Vandaar die veelvuldige uitweidinge.

Sonde met die Bure.

In Sonde met die Bure (1921) gee Sagmoedige Neelsie 'n „noukeurige en onverbloemde verslaggie van 'n baie

gelukkige vakansieplan", want: „Die ou wêreld is nou so treurig donker . . . . dat ons nou en dan voel of ons 'n bietjie ontspanning en opwekking nodig het. Om my dan self 'n bietjie op te beur—en as ek dit kan regkry, menige ander arme drommel wat ook altemit teen dieselfde versoeking moet stry om nie maar gedurig miesrabel te voel nie—het ek my ou geheue aan die werk gesit." Hy vertel dan hoe hy, om te ontkom aan Vroutjie se knaende geneul dat hulle ook moet meedoen aan die weelderige modes van hulle bure, „'n afgeleefde tremwa" in die Kaap koop en 'n sirkus-olifant om 'n vakansiereis te onderneem na Meiringspoort. Die dwase en fantastiese van die verhaal is uitstekend volgehou, en onuitputlik is die skrywer se vindingrykheid om telkens nuwe aanleiding te skep tot spot met en satire op almal met wie hy in aanraking kom . . . . en op homself! Want hierdie sonde-met-die-bure-motief is nie slegs grapperigheid nie, dis Langenhoven se humoristiese siening van homself; sy spot met eie gebreke en prikkelbaarheid is sy middel om daaraan te ontkom.

Herrie op die ou Tremspoor

Herrie op die ou Tremspoor (1925) is 'n vervolg op hierdie werk en besit, soos te verwagte is, nie die frisheid van die eerste verhaal nie. Tog word ons ook hier telkens verras deur die geestige spot en die humor. „Dis ekself al die tyd wat myself nie kan veel nie," sê hy met die selfkennis en die eerlikheid van die humoris. 'n Enkele keer maak hy 'n direkte aanklag teen die maatskappy. Die spot is veral gerig teen die akademiese geleerdheid. Neelsie ontvang van die Universiteit van Stellenbosch die versoek om 'n reeks lesings te hou oor 'n aantal onderwerpe. As hy in die stilte van Meiringspoort besig is om daarvoor te studeer, daag Prof. Smith op met die mededeling dat dit 'n vergissing is—die lysie geleerde onderwerpe was die titels van proefskrifte. Neelsie kry egter 'n doktersgraad!

Doppers en Filistyne

Doppers en Filistyne deur Stoffel Gieljam, S.A.P. (Nagesien, gekorriseer en persklaar gemaak deur Sagmoedige Neelsie, N.P. . . . .). Hier is dus nie Sagmoedige Neelsie aan die woord nie (al skemer sy styl hier en daar deur), maar Oom Stoffel, die tipe van die takhaar, wat deur sy vrou gedwing word om die plaaslewe vaarwel te sê en op die dorp te kom woon, waar al die moderne maniere en gewoontes,

waarin hy die denasionalisering so goed aanvoel, sy siel versondig. Uitstekend het Langenhoven hom ingelewe in die karakter van die ruige takhaar. Hoe leef hy sy heimwee na die geïdealiseerde verlede uit in sy beskrywing van die dorp vóór al hierdie verspotte leuenagtige nuwighede die idille kom verstoor het. Watter vlymende hekeling op die Wénderbaails, die Makpaatries, die joernalistiek, die „Mayoral Sunday" en so baie ander mense en dinge. Oom Stoffel glo in die groot politieke versoening en skeer sy baard nou half af — die satire word hier humor deur die vergewende glimlag.

Ontspannings-lektuur.

Langenhoven het ook 'n aantal werke gelewer wat ons die beste kan karakteriseer as ontspanningslektuur. Hoewel hy ook hier gedurig didakties en satiries is, wil hy tog in die eerste plek aangename leesstof ter ontspanning gee.

Loeloeraai.

Loeloeraai (1923). As motto voor hierdie werk plaas die skrywer die woorde van Vader Tyd in „Die Vrou van Suid-Afrika": „Ek het tothiertoe nog maar een weg gesien waardeur nasies en mensies hulle geluk gevind het, en dit was die weg waarop hulle hom self uitgewerk het." Daarom kan Loeloeraai, die Venus-bewoner, wat by Kerneels op besoek is, niks help om die aardse ellende te verminder nie, maar hy neem sy gasheer en sy familie saam op 'n toggie na die maan. Dit gee die skrywer geleentheid om sy lesers 'n bietjie populêre sterrekunde by te bring. Langenhoven se satire en sy styl maak die werk tot 'n aangename verhaal. Hy het waarskynlik motiewe ontleen aan H. G. Wells se First Men in the Moon en het baie te danke aan Jeans se populêre werk oor sterrekunde.

Die Lig van Verre Dae.

Die Lig van Verre Dae (1924) is 'n tipiese awonture-roman, 'n eie boetie van „Johannes van Wyk", met al die spannende awonture en verrassende toevallighede. Alleen die styl is veel beter.

Gæeste op Aarde.

Geeste op Aarde (1924). Hierin kry ons 'n agtal spookstories, wat goed en boeiend vertel is, met hier en daar verdienstelike suggestie van die bonatuurlike. Die spoke wat hierin optree, is egter nie die willekeurige wesens wat hulle meestal in dergelike stories is nie, hulle tree op met 'n doel wat gemotiveer kan word volgens logiese, menslik-etiese motiewe. Deurdat elke verhaal vertel word deur die persoon

wat dit beleef het, bereik Langenhoven 'n groot mate van verskeidenheid. Orals kry ons 'n natuurlike, losse verhaaltrant wat ons in die tipies Afrikaanse sfeer plaas en die verteller tipeer: „My oogmerk was nie geestes-studie nie maar mense-studie."

Die Wandelende Geraamte e.a. Verskynings.

Ook in Die Wandelende Geraamte en ander Verskynings (1931) toon Langenhoven 'n sekere talent in die vertel van spookstories. Hier gaan hy nog verder as in die vorige werk: hy het verhale uitgekies „wat berekend is om die arme belasterde geeste verstandelik te rehabiliteer" — elkeen van hierdie geeste tree op met die doel om 'n onreg te ontmasker of te herstel; as dit bereik is, verdwyn hy vir goed.

Mof en sy Mense.

Mof en sy Mense (1926). Die waarde van hierdie boek lê nie in die sonderlinge awonture en ongemotiveerde dade van die mense wat daarin optree nie, maar in die liefdevolle uitbeelding van die hond, wat 'n „karakter" word met menslike trekke. In hierdie liefde vir die dier sien ons weer duidelik die humoris.

Donker Spore.

Donker Spore (1926) is die eerste speurdersroman in Afrikaans. Nes in sy spookstories strewe Langenhoven ook hier nie na grillerighede nie, maar wil hy die geheim van wie die moordenaar is, oplos langs die weg van skerpe observasie en logiese redenering. Sy speurder is ook geen Sherlock Holmes van bo-menslike vernuf nie, maar 'n gewone mens, wat selfs deur 'n Boeredogter in die komiese situasie geplaas word dat hy probeer om 'n droë koei te melk! Ook in hierdie werk is Langenhoven die egte volkskrywer wat sy verhaal fris en natuurlik vertel, sonder sensasiesug, en dit laat afspeel in 'n suiwer Afrikaanse sfeer met suiwer Afrikaanse tipes.

Die Wagtende Wêreld.

Die Wagtende Wêreld (1928) is 'n fantastiese verhaal van 'n idealistiese student wat ontdek het hoe die atoom opgebreek kan word. Hy verkies liewer om armoede te ly en ander groot opofferinge te maak, selfs die vreeslike folteringe van 'n bende gewetenlose Bolsjewiste te ondergaan as om hierdie vir die mensdom so gevaarlike geheim te openbaar. Op heel originele wyse stel hy dit uiteindelik in die hande van die Volkebond.

Kinderverhale.

Dat die sanger van „Liefdesonsin", die Boet Nelie wat so graag teruglewe in sy kinderjare, ook goeie verhale vir die kleinspan geskrywe het, sal niemand verbaas nie. Hierin ontvlug hy die kommer en die ergernis van sy groot-menslewe en verdiep hom in die reine, sorgelose sfeer van die kind, met sy drome en fantasie. Daardeur sal hulle ook die volwassene bekoor en geld van almal die opdrag van „Die Eensame Hoop" : „Aan Kinders van agt tot agt-en-taggentig vertel uit 'n ou kinderhart."

Die Eensame Hoop.

In Die Eensame Hoop (1922) vertel hy die kinders die vroegste geskiedenis van Suid-Afrika. Mooi is die kinderlike wyse waarop hy Ou Vader Tyd en die lewenslustige noointjie Hoop teenoor mekaar stel.

Brolloks en Bittergal.

In Brolloks en Bittergal (1925) word die jong lesers in die sprokieswêreld ingevoer waar toornaars heers. Mooi is die Afrikaanse sfeer van die Kangogrotte bewaar.

Die Krismiskinders.

Die Krismiskinders (1926) is 'n sprokie waarin die lotgevalle vertel word van drie wonderkinders wat „Vader Krismis" aan 'n kinderlose egpaar in die buurt van die Kangogrotte bring. Hulle is aldrie kunstenaartjies en kry les van bonatuurlike leermeesters. Later moet hulle die wye wêreld in, want „ons leef hier op aarde om ander mense se lewe soet te maak". Uiteindelik voer 'n gedrog soos 'n groot vlermuis hulle diep in die grotte na die Koning van die Donker. Hulle weier om hulle kuns in sy diens te stel en word in „die agterste diepste afgrond, die diepste van die uiterste duisternis" gebring. Daar wag hulle tot ons hulle sal vind — want „met die eerste ligstrale sou hulle ontwaak". Weer het Langenhoven die kindertoon goed getref. Hierdie verhaal munt veral uit deur die plastiek, die suggestiewe van die klank en ritme van sy taal. Tegelykertyd het die skrywer as diepere betekenis sy hoë opvatting van die kunstenaarskap in hierdie kinderlike sprokie gelê.

Aan Stille Waters.

Aan Stille Waters (1930) is 'n bloemlesing deur die skrywer self uit die stukke wat in sy weeklikse rubriek onder hierdie naam in Die Burger verskyn het.

Schoonees het hierdie boek goed gekarakteriseer in sy mooi hoofstuk oor Langenhoven :

„Dit is die dagboek van Langenhoven se siel, waarin hy met openhartige eerlikheid uitstort alles wat daar omgaan in sy gemoed. Van alles en nog wat vind ons daarin; die koel beredeneerde logiese betoog staan langs die mees gewaagde stelling, wat met lugtige spot en skitterende paradokse verdedig word; daar is die hartstogtelike klag van 'n gewonde siel op wie die vloek van die kunstenaarskap rus; maar ook die jubelende juigkreet van die ywerige volksopvoeder, wat hom bewus is van sy heerlike taak; daar word geskryf oor belangrike landsake en uitgewei oor huislike verskilletjies van Vroutjie en Kerneels; oor godsdiens en wetenskap, volstruise en tande, letterkunde en die griep-bakterie, die Taungs-aap en die Tagtiger-ape . . . ."

Schoonees beskou dit ook tereg as 'n voortsetting van Ons Weg deur die Wêreld en wys op die verwantskap met die Ideën van Multatuli, waarin ons dieselfde beweeglikheid, dieselfde sprankelende vernuf, dikwels ook dieselfde ideë en satire vind; Langenhoven is egter mensliker, gemoedeliker — hy het lief!

Van geen een van Langenhoven se werke geld dan ook so sterk die woorde wat hy self gebruik in „Beknopte eie Lewensskets": „My werke is daar; nader as dit aan die wesentlike Langenhoven sal geen biografie ooit kom nie." Ons wys slegs op die ontroerende bieg en selfbeskrywing Brief van die Harlekyn, waarin die skrywer wat erken dat hy moes betaal „die belasting van oorgevoeligheid vir die gawe van diepgevoeligheid", die lot van die kunstenaar as volg beskryf: „Want sodanig is my beroep as skrywer-harlekyn; om in die skouburg op te tree en my gehoor, wat my daarvoor huur, tot trane te beweeg vir denkbeeldige leed en tot skaterlag oor my bespotting van die bitterheid van my eie siel. Altyd maar wissel my taak af tussen twee rolle — harlekyn in die tragedie, treurspeler in die klug." Maar hy het een groot troos: „Ag, arme, eensaamlydende siel! — langs die pad van die menselike geskiedenis, Goddank, staan daar, behalwe die Een Grote, 'n aaneenuitgestrekte reeks van kleinere Golgotha's waar allerlei harlekyne: sieners, dinkers, léraars, hervormers, martelaars, profete, kunstenaars, weten-

Brief van die Harlekyn.

skaplike navorsers, gekruisig is vir die heil van die mensheid. IN HOC SIGNO VINCES — daar is geen ander weg van saligheid nie." En: „Die wêreld word deur gedagtes, gevoelens, ideale geregeer — en daardie regeerders is die kinders van die harlekyne."

Langenhoven is geen groot kunstenaarpersoonlikheid, ook nie groot as kunstenaar nie. Kleinmenslike ydelheid en prikkelbaarheid werk dikwels storend in sy werk — hy bely hierdie swakhede hier ook. Maar sy hele lewe as kunstenaar was beheers deur een heerlike ideaal: om sy volk, en daaronder veral die minder bevoorregtes, die armes van gees, te dien. Nêrens toon hy hom so bewus van sy kunstenaarskap en van sy roeping as hier nie.

Skaduwees van Nasaret.

Skaduwees van Nasaret (1927). Hierdie werkie is opgedra „Aan 'n Jodin". Dit bevat 'n sestal verdigte briewe, waarin 'n Griekse wysgeer, Pilatus, 'n skrifgeleerde, 'n Fariseër, Martha die Reine en Magdalena die Gereinigde die indruk beskrywe wat Jesus op hulle gemaak het. Dan volg 'n brief aan 'n student wat deur godsdienstige twyfel aangegrepe is. Langenhoven bemoedig hom deur te vertel van sy eie twyfel gedurende sy jeug. Daar gaan 'n stille ontroering uit van hierdie eenvoudige redenering waarin die skrywer sy geloof in die God van die Liefde verkondig.

Die Mantel van Elia.

Die Mantel van Elia, die onvoltooide werk waaraan Langenhoven nog besig was toe hy opgeroep is, is deur die Nasionale Pers uitgegee in 'n facsimilé-uitgawe van sy handskrif. Uit hierdie fragment lyk dit of die skrywer 'n Bybelse roman wou gee, 'n historiese roman van die ou soort, met uitvoerige historiese uitweidinge en verklaringe. Daar gaan bekoring en oortuiging uit van die eenvoudige, rustige, suiwere prosa waarin dit geskryf is.

§ 3. Mensbeelding.

Hieronder behandel ons die skrywers wat bewus strewe na uitbeelding van die mens en sy sielelewe. Die meeste van die skrywers wat ons om hulle siening en styl saamgroepeer as realiste, hoort ook hier tuis — die grootste onder hulle, Jochem van Bruggen, is tot nog toe ook die grootste van die mensbeelders.

D. F. MALHERBE.

D. F. MALHERBE.

'n Besonder verdienstelike figuur in die ontwikkelingsgang van ons prosa is Dr. D. F. Malherbe, wat ook digter en dramaturg is.[1]) Algemene karakteristiek.

Malherbe is ons eerste prosaïs wat gestreef het na sielkundige uitbeelding; hy is ook ons eerste romanskrywer met 'n gevoel vir die skoonheid van die woord, die eerste wat besef het dat die taak van die romanskrywer nie slegs is om 'n spannende verhaal vlot en aangenaam te vertel nie, maar dat hy die diepere ontroering wat daarvan uitgaan, moet uitbeeld deur sy styl. Malherbe is nie realis wat die daaglikse werklikheid liefdevol bestudeer en uitbeeld nie, hy gee breë skilderinge van 'n geïdealiseerde werklikheid waarin sy karakters lewe. Sy romans munt nie uit deur sterk bou of karakterskepping nie, hoewel hy dikwels mooi tekening van gemoedstoestande gee. Die motief wat hy telkens uitbeeld is die poësie van die arbeid, terwyl hy ons prosa ook verryk het met skone natuurskildering. As romanskrywer is hy dikwels nog te liries, sy karakters voel nog te dikwels soos Malherbe voel en praat in die taal van Malherbe. Sy prosa is skoon van klank en beeld en ritme, maar ly soms aan oorlading. Eerste strewe na mensbeelding.

Van hom het verskyn: Vergeet Nie (1913), Die Meulenaar (1926), Hans-die-Skipper (1929), Loutervure (1931), Die Hart van Moab (1933).

Vergeet Nie is 'n historiese roman, of, soos die skrywer dit meer beskeie, en tereg, noem: 'n histories-romantiese verhaal. Dis 'n reeks tonele uit die Tweede Vryheidsoorlog, wat toe nog so vars in die geheue gelê het. Eintlik is dit nog 'n ou awontuurroman, met sy skurk en sy held, maar dit verskil tog baie en gunstig van die intrigeromans van De Waal: hier nie die opeenstapeling van spannende romantiese gebeurtenisse, die grillige spel van die alles beheersende toeval nie. Dis 'n verhaal soos daar ongetwyfeld baie afgespeel is in die oorlog, met niks uitermate ontstellend of onwaarskynlik nie. Die geskiedenis van Kommandant Bester is direk gebaseer op die teregstelling van Gideon Scheepers. Vergeet nie.

[1]) Vir lewensbeskrywing, vgl. Hoofst. IV, § 4.

Ook in 'n ander opsig is die werk 'n groot vooruitgang: Malherbe probeer om die sielelewe, altans van sy hoofkarakter, te teken en die dade daaruit te motiveer. Verder is opmerklik dat hier vir die eerste keer 'n romanskrywer streef na uitbeelding deur skoonheid van klank en beeld en ritme. Dis hom nie slegs om sy storie te doen nie, maar om die uitbeelding.

Dit is alles nog onryp en vertoon die onbeholpenheid van 'n probeerslag—'n probeerslag in dubbele sin: die van die outeur en van ons jong prosakuns.

Karaktertekening. Nieteenstaande die strewe na dieper sielkundige motivering het die karakters nog maar tipes gebly, en ook as tipes is hulle nog maar vaag. Hoewel daar in die uitbeelding van die heldin se sielelewe verdienstelike trekke is, bly sy vaag en is sy lank nie in alle opsigte oortuigend nie. Ook as historiese roman behoort „Vergeet Nie" nog tot die oue; dit gee ons nie 'n artistieke uitbeelding van die verlede sodat ons dit self belewe nie. Die outeur moet ons nog telkens aan die verlede herinner deur opsetlike beskrywings. Dit en die gedurige verbreking van die epiek deurdat die skrywer ons sy subjektiewe opmerkinge ten beste gee, verstoor die illusie van die verhaal.

Styl. Reeds in die eerste sin van die boek hoor ons 'n nuwe klank in ons prosa: beeldende gawe en natuurliefde. Hierdeur staan „Vergeet Nie" ver bo alle prosawerk wat daarvóór in Afrikaans verskyn het, behalwe Preller se „Piet Retief". Maar naas hierdie heuglike nuwe sien ons ook nog heelwat van die oue: boekerige, onsuiwere en gebrekkige taal, ongevoelde, afgeslete beeldspraak. Ook dring die skrywer nog te dikwels sy eie natuurstemming aan sy karakters op.

Die Meulenaar. 'n Groot vooruitgang sien ons in Die Meulenaar. Wel kry ons ook hier nog die intrige met die tradisionele skurk en held, wel is ook hier die tipes nog vaag en oppervlakkig geteken; ook is hulle nie in alle opsigte oortuigend nie—dit geld veral van die skurk en die heldin; ook is die taal nog nie vry van onsuiwerhede en die styl nie vry van oordaad nie. Maar ons kry hier 'n pragtige milieutekening, en in die milieu die tragiese figuur van Faans, die geestelik onontwikkelde en laat ontwaakte, wat met patetiese moed en

Faans goed geteken.

hardnekkigheid veg om sy bietjie geluk te verower. Die ontwikkeling van sy sielelewe is aangrypend uitgebeeld.

In die gedig wat aan die roman voorafgaan, sing Malherbe :

> Uit die groen veld van my jeugland,
> uit herinnering se wei,
> kom met groet van awendwinde,
> beelde en stemme kom na my.

Milieutekening. Uit die rykdom van sy jeugherinneringe aan die Bolandse plaaslewe het die kunstenaar geput en ons in prag van ritmiese prosa die natuurskoonheid uitgebeeld, die woonhuis met sy eikebome, die winterreëns wat daaroor ruis, die wind wat die wolke aankrui, wingerdspit en druiwe-oes, die windmaker hotnots met hulle tipiese taal en gebare.

Malherbe het hierdie mooi roman nog nie oortref nie. Hy het hier waarskynlik heilsame invloed ondergaan, sonder om van sy oorspronklikheid in te boet, van die mooi roman van René Bazin, La Terre qui meurt.

Hans-die-Skipper. Hierdie Franse kunswerk is ongetwyfeld van invloed gewees op die ontstaan van sy volgende roman, Hans-die-Skipper. Mooi Prosa. Die pragtige prosa hiervan behoort tot die beste wat ons besit. Die hele boek is een heerlike sang van die see en van die arbeid. Ook as roman besit dit goeie eienskappe. Lenie is nog wel geen individuele karakter nie maar tog veel oortuigender as die heldinne van sy vorige boeke. Ook kry ons 'n goeie uitbeelding van die botsing tussen Johan en Rooi-Koos en tussen Johan en sy vader, en gevoelige tekening van gemoedstoestande en stemminge. Mooi is die patos van Hans se stryd tot sy laaste snik toe om sy ideaal verwesenlik te sien.

Nog te liries. Malherbe het hier egter nie uitgestyg bo sy swakheid as romanskrywer nie : die werk bly nog te liries. Malherbe sing hier sy eie liefde vir die see uit, sy eie verheerliking van die koninklike arbeid, in Meester se lewenswysheid hoor ons die stem van Malherbe self. Die hegte bou, die objektiviteit wat ons in die roman verwag, ontbreek. Verskillende karakters belewe Malherbiaanse stemminge en praat in Malherbe se ontroerde digterlike taal. Hans is dan ook

bietjie te bewus in sy liefde vir die see en vir sy werk. Die onbewuste vergroeidheid met die natuur wat 'n Stijn Streuvels, 'n Zola so groots uitgebeeld het, ontbreek. Ook is die beeldspraak soms nog te oordadig.

Loutervure.

Louter vure, waarin die skrywer die kultuurstryd bepleit, is 'n agteruitgang. Dit maak 'n oppervlakkige indruk en ly aan gebrek aan innerlike eenheid en geestelike diepte. Dit speel nie, soos die twee vorige romans, teen 'n grootse, altyd aanwesige agtergrond nie, maar beurtelings op die plaas en op die dorp. Malherbe wou hier blykbaar meer realistiese milieutekening gee, wat buite sy talent lê. Die gevolg is feitlik 'n afwesigheid van sfeer en milieu. Ook die psigologiese tekening is onbevredigend. Piet Vaalplaas se brandstigting terwille van die assuransiegeld is nie oortuigend gemotiveer nie, net so min as die dominee se liefdestryd en selfoorwinning en sy tweede liefde. Hendrik se bekering is beter geteken, hoewel die afwesigheid van hewige smart by die vreeslike ongeluk nie oortuigend is nie.

Die taal en styl is hier en daar slordig en vertoon Malherbe se ou kwaal, maar telkens styg hy ook weer tot sy krag van suggestiewe beelding.

Die Hart van Moab.

Die hoofmotief van sy jongste werk, die historiese roman Die Hart van Moab, is die hartstogtelike nasieliefde van die Moabiet Azkar, sy haat teen die Hebreeuse aartsvyand en sy liefde vir Ruth, die Moabitiese, wat die God van Israel leer aanbid het. Groots is weer die epiek van die agtergrond: die toebereidsele van die Moabiete tot die stryd, die sensuele feeste, die glorie van die landbou en die oes. Malherbe sing hier weer sy liefde vir die arbeid uit in sonore sang. Mooi is Azkar se nasietrots en wraaklus geteken, sy koorsagtige liefdesverlange, mooi ook menige moment in die sielelewe van Ruth — hier gee die skrywer ons indringende, subtiele uitbeelding van die diepste sielelewe.

Hier ontbreek egter nog dieselfde wat in „Hans-die-Skipper" ontbreek: die eenheid tussen die karakters en die milieu waaruit hulle opgegroei het. Die karakters is nie vergroei met daardie natuur nie, hulle is te bewus, te moderngeraffineerd. Daardeur doen hulle, nieteenstaande mooi uitbeelding van stemminge en ontroeringe, te onwerklik aan. Die milieu waarin hulle lewe en die tydgees bly uiters vaag.

Die pragtige prosa ly baie skade deur die oorlading en gebrek aan selfbeheersing. Wat ons te veel mis, is die direkte, sobere woord. Naas oorlading van beeldspraak doen ook die opsetlike argaïsme in die taalgebruik, onnodige Nederlandismes en Nederlandse woorde afbreuk.

Die simboliek wat die motto (Jes. 66:8) skyn aan te dui, is nie duidelik in die werk self nie.

Die Mens het ontbreek in die letterkunde van die Eerste Beweging; hy ontbreek ook in die eerste prosa van die Tweede Beweging, hoewel hy in ons liriek al vroeg aanwesig is (Oom Gert Vertel, Rachel). Stadigaan maak hy egter ook sy verskyning in ons romankuns. Na Vergeet Nie is J. R. L. VAN BRUGGEN se Japie en ook E. FICHARDT hier van betekenis. Van Bruggen vertolk in sy boek die langsaam bewuswordende behoefte aan iets anders as die tradisionele awontureroman, die roman waarin die storie hoofsaak is. Gevoed met die literatuur van ander volke, het hy reeds tot die besef gekom dat die essensiële van alle kuns is dat die mens in sy dramatiese stryd en botsing, sy diepste sielelewe daarin geopenbaar word, dat die uiterlike lotgevalle wat hy beleef, alleen van betekenis is in sover as hulle betrekking het op sy sielelewe. Daarom probeer hy ons in sy roman die ontwikkelingsgang skets van 'n jong seun se sielelewe. Maar wat Van Bruggen as literêr ontwikkelde man as nodig gevoel het, kon hy nog nie as kunstenaar skep nie. Nieteenstaande die verdienstelike trekke wat hierdie boek bevat, die poging tot indringing in die sielelewe, die strewe na meer realistiese uitbeelding, verdienstelike milieuskildering, bly die boek nog te veel 'n teoretiese proewe van wat 'n roman behoort te wees, moet hy nog te veel sy toevlug neem tot sy kennis van teoretiese sielkunde pleks dat hy deur die intuïsie van die kunstenaar 'n karakter kon skep.

Eerste strewe na uitbeelding van die mens in die roman in Vergeet Nie en in Japie van J. R. L. van Bruggen (1922).

In nog groter mate is dit die geval met Onder die Olyfboom, wat nog al te veel romantiekerighede en psigologiese onmoontlikhede bevat en in 'n onbeholpe stotterende styl geskryf is. Telkens word die gang van die verhaal verbreek deur kwasie-diepsinnige uitweidinge. Die literêrhistoriese waarde van hierdie werk is wel 'n bietjie oorskat. Die belang van Fichardt se roman is o.i. alleen daarin geleë dat die skrywer nie 'n intrigeroman wou skryf nie.

Fichardt: Onder die Olyfboom (1922).

Jochem van Bruggen.

Wat J. R. L. van Bruggen en Fichardt doelbewus nagestreef het, het JOCHEM VAN BRUGGEN ons as beeldende kunstenaar vir die eerste keer gegee. In sommige sketse van Op Veld en Rande, in Die Burgemeester van Slaplaagte, en op sy beste in sy heerlike Ampie leef eindelik die mens in ons prosakuns. Ons behandel hom in die volgende hoofstuk.

Drie Skryfsters.

Duidelik sien ons die nuwe kragte wat in ons prosakuns aan gis was, in die drie werke wat in 1925 'n prys verwerf het in Van Schaik se prysvraag: MARIE LINDE se Onder Bevoorregte Mense bespreek ons onder die realisme. In EVA WALTER se Eensaamheid en MEG ROSS se Oogklappe sien ons die strewe na deurdring tot die sielelewe van die mens in sy verhouding tot sy medemens, tot die diepere sin van die lewe. Ook hier is, nieteenstaande verdienstelike trekkies, die wil beter as die begaafdheid; hoe dilettantisties hierdie werke nog is, blyk as ons Eensaamheid vergelyk met Ina Boudier-Bakker se Armoede, waarin die skryfster so 'n suiwere verbeelding in lewende mensgestaltes gee van haar pessimistiese lewenssiening waaraan die van Eva Walter verwant is — die invloed van die Nederlandse skryfster op die Afrikaanse is onmiskenbaar.

Eensaamheid van Eva Walter.

Armoede van Ina Boudier-Bakker.

Die nuwe kom ook mooi tot uiting in die pretensielose boekie van M. E. ROTHMANN: Onweershoogte e.a. Verhale (1927). Hier het ons geen strewe na grootse kuns nie, maar in meer as een van hierdie beskeie sketse klink tog 'n innig-menslike toon op. Dieselfde geld van Jannie deur Oom Sarel (Dr. P. C. Schoonees) (1926).

Groot produksie maar slegs weinig van letterkundige waarde.

Daar is die laaste jare 'n oorstelpende produksie van werke waarin die skrywer sy lewensaanvoeling wil verbeeld in die skepping van karakters in hulle milieu. Dit is 'n verblydende verskynsel. Die aantal werke wat 'n blywende verryking van ons letterkunde sal blyk, is egter gering, en daar doem onder hierdie groot aantal skrywers slegs enkele kunstenaars van betekenis op. In die meeste van hierdie werke blyk nog 'n duidelike literêre onmag. Ons noem slegs die vernaamste werke, maar ons wil daarby ons oortuiging uitspreek dat die meeste hiervan, al het hulle vandag 'n sekere belang vir ons, en al verskaf hulle op die oomblik nuttige en welkome lektuur,

in die vergeetboek sal raak so gou ons prosa meer ware kunstenaars sal ryk word.

J. F. E. Celliers.

Dis hier miskien die geskikste plek om die sketse van J. F. E. CELLIERS te noem, wat oorspronklik in Die Brandwag verskyn het en later gebundel is in Ons Leesboek (1920) en Ou Gawie e.a. Verhale en Sketse (1924). Dis heel eenvoudige verhale, mymeringe en herinneringe. Bekend om die pragtige ritmies-skilderende prosa is Strandindrukke in die tweede bundel. Ook kom die skrywer van Kuns en Kultuur (1933), wat so die nadruk lê op kuns as maatskaplike verskynsel, hier reeds in verskillende beskouinge te voorskyn.

Groot aantal skryfsters.

Opmerklik, net soos in die Nederlandse letterkunde van die afgelope kwart-eeu, is die groot aantal vroue wat die roman en die kortverhaal beoefen:

Bodemvas (1929) van S. BRUWER het by sy verskyning sterk die aandag getrek; dit bevat goeie tipering, maar die tendens doen groot afbreuk aan die waarde van die werk, terwyl die bou ook heelwat te wense oorlaat.

ANNA DE VILLIERS beskrywe in Sterker as die Noodlot (1930), 'n lywige werk, uit drie boeke bestaande, die lewensgeskiedenis van 'n meisie. Van uitbeelding, van psigologiese deurskouing is hier geen sprake nie. Hier geld, soos in mindere mate van so baie van hierdie skryfsters, die waarheid van Voltaire se woord: die geheim van te verveel is om alles te sê! Sy staan hier waarskynlik onder invloed van De Opstandigen van Jo van Ammers-Küller, wat in Nederland en daarbuite so 'n opgang gemaak het.

Van HELMUTH LUTTIG het verskyn Mirre en Wierook (1931), waarin 'n beeld van die bloei en ondergang van die volstruisboerdery gegee word. Die psigologiese tekening is hier en daar wel verdienstelik, maar die werk ly aan 'n ongeneeslike kwaal van geswolle styl en afgeslete beeldspraak.

'n Simpatieke werk is Op Eie Wieke (1931) van MIMI LOUW-THERON. Sonder enige mooidoenery het sy met 'n fyn opmerkingsgawe, en hier en daar met innigheid, die kinderlewe uitgebeeld; die liefdesmotief en veral die tekening van die skurk is egter minder geslaag.

Ook LULU BREWIS se *Marietjie* (1932) ly onder die onbedwingbare breedsprakigheid van die skryfster en onder haar neiging om haar heldin die spreekbuis van haar eie beskouinge en kennis, veral op kunsgebied, te maak.

Vonke (1931) van SITA is 'n bundeltjie eenvoudige, nie erg belangrike sketse. Die kortverhaal is hier nie daardie moderne kunsvorm waarin die skrywer sy lewenssiening op so subtiel-suggestiewe, gekonsentreerde wyse weergee, soos by ons C. M. van den Heever en Jonker dit leer gebruik het nie. Dit bly, nes by Marie Linde, stories sonder diepere lewensopenbaring. Dit is ook die geval in REGINA NESER se *Biesies in die Wind* (1932); van hierdie skryfster het ook *Kinders van Ismaël* (1932) verskyn, 'n oppervlakkige tendensroman, sielkundig onwaar en geskrewe in 'n onsuiwere taal en styl—die dreigende volksgevaar van die kleurmenging in ons land word hierin behandel. In dieselfde jaar het van haar nog verskyn *Die Verstoteling*, wat ook psigologies onoortuigend is.

Verder noem ons nog *Sketse van Vreugde en Leed* (1931) van GEBBINA DEKKER en *Vlaktes en Sterre* (1932) van ELIZABETH VERMEULEN.

Hy het sy Merk gemaak (1927) van F. POSTMA is 'n didaktiese roman waarin die ontwikkeling en stryd uitgebeeld word van 'n jong man wat in die buiteland studeer en die geloof van sy vadere verloor maar na baie leed weer herwin. Sy historiese roman *Kleopatra* (1929) is nie geslaag nie.

P. DE V. PIENAAR het met sy *Skakels van die Ketting* (1929) heelwat opskudding verwek. Die uitbeelding van die plaaslewe en van die natuur is nie sonder belofte nie, maar naas die soms nie ongeslaagde strewe na psigologiese uitbeelding vind ons valse romantiek en sielkundige onmoontlikhede. Die gedurfde realisme doen aan as te opsetlik.

'n Figuur van betekenis is

C. M. van den Heever.

Hierdie digter en kritikus het op die gebied van die roman en die kortverhaal werk gelewer wat groot verwagtinge van hom laat koester. Hy staan aanvanklik onder invloed van D. F. Malherbe. Van hom het reeds verskyn: *Langs die*

C. M. VAN DEN HEEVER.

Grootpad (1928); Op die Plaas (1927); Droogte (1930); Simson, Kortverhale (1932); Groei (1933).

Sy eerste twee werke is duidelik herkenbaar as jeugwerk. Maar albei vertoon reeds beslis iets oorspronkliks en 'n eie rigting. Vol liefde beeld Van den Heever hierin die plaaslewe en die natuur uit. Hy gee hier blyk van 'n skerp oog vir die werklikheid, vir die dinge van die daaglikse lewe, die tipes van daardie lewe in hulle karakteristieke houding en gebaar en taal. Maar die skrywer is hier nog te liries, dring aan die leser nog te veel sy eie natuurstemminge op, wat nie genoeg die stemminge van sy karakters is nie. Hoewel ons hier en daar verdienstelike tipetekening kry, is hierdie werke sielkundig nog nie deurleef genoeg nie en kry ons romantiekerigheid en, in die eerste werk, gewilde simboliek. Ook in Droogte is die simboliek nog te veel van buite af ingebring. Nieteenstaande pragtige skildering van die deur droogte geteisterde natuur, het die werk nog nie die grootse epos van die droogte geword nie, daardie magtige faktor in die wording van ons volkskarakter. Tog is dit 'n boek vol skoonheid, al lê die skoonheid nog te veel in die onderdele. Die tipes is goed geteken; veral die arme Ou Datie — die uitbeelding van hierdie verskoppeling as die waansin hom aangryp en hy die moord pleeg, toon dat ons nog baie van hierdie kunstenaar kan verwag. Hy kom hier tot skrynende humor. Die styl het in hierdie boek 'n groter objektiwiteit bereik, dis nie meer so hinderlik liries nie. Hierna verskyn 'n bundel kortverhale, Simson. Hierdie verhale is ongelyk van waarde, maar enkele daarvan behoort tot die beste wat ons in hierdie genre besit. Ons wys hier veral op Verbittering en Broedertwis. Op subtiele wyse benader Van den Heever hier die stemming van sy karakters. Die groter artistieke selfbeheersing wat met „Droogte" begin het en veral uitkom in die styl, is hier duidelik. Van den Heever se beste kortverhale bly, net soos die van Jonker, nie meer stories soos by die meeste van ons skrywers nie, dit word diep openbaringe van menslikheid, uitbeelding, vol innerlike gespannenheid, van sy lewensaanvoeling. In sommige van hierdie verhale is die konsepsie wel sterk, maar hulle is nog nie heeltemal deurleef nie, daar kom te opsetlike

Jeugwerk.

Droogte.

Simson.

Van den Heever en die kortverhaal.

en onwesenlike teenstellinge in voor — so b.v. in die titelverhaal.

Groei. Ook Van den Heever se jongste roman, Groei, bevredig nie in alle opsigte nie. Die styl vertoon die heilsame invloed van sy beoefening van die kortverhaal; daar kom hoofstukke van ontroerende menslikheid voor; die milieu-skildering is goed geslaag. Ook is die tipes en karakters goed geteken. Maar in hierdie werk, wat die geestelike groei van die hoofkarakter verdienstelik uitbeeld, kom te veel voor wat met daardie motief weinig te make het en afbreuk doen aan die eenheid van die roman.

Van Melle: Dawid Booysen. 'n Verrassing was die verskyning van J. VAN MELLE se Dawid Booysen (1933), waarin sonder enige mooidoenery of uiterlike romantiek, met treffende soberheid die sielegeskiedenis van 'n mens, met sy gebreke en swakhede, maar ook met sy diepere egtheid en idealisme, uitgebeeld word. Die idealisme het die kunstenaar hier nie verlok tot onegte romantiek nie; hy bly sober en ingetoë, en daardeur bereik hy juis groter sielkundige waarheid. Die skildering van die boerelewe, waaruit Dawid Booysen opgroei, getuig van liefdevolle opmerkingsgawe. Van Melle is nie 'n woordkunstenaar nie, sy taal mis dikwels beeldende krag; tog suggereer dit dikwels in sy eenvoud op treffende wyse die dieper geestelike verband.

§4. Realisme.

Realisme. Die kunstenaar kan die uiterlike werklikheid op twee maniere benader. Hy kan hom met liefdevolle aandag in die uiterlike dinge verdiep, hulle so intiem leer ken, dat hulle as het ware hulle diepere betekenis, hulle geestelike waarheid aan hom prysgee. As hy daardie werklikheid uitbeeld, sal die noukeurige weergawe van wat hy so aandagtig betrag het, op die voorgrond staan, maar dit sal tog altyd deurstraal wees van die diepere sin. So 'n kunstenaar noem ons 'n realis.

Simboliek Die kunstenaar kan egter ook so vervuld wees van sy eie ontroeringe en konsepsies, dat hy die uiterlike wêreld slegs aangryp as middel om sy sielelewe te veropenbaar. Dis nie die dinge self wat hom boei nie, maar hulle waarde as simbool

om sy sielelewe tot uiting te bring. In sy kuns sal dus die uiterlike verskyning van die dinge minder aandag geniet en hulle simboliek op die voorgrond staan. So 'n kunstenaar noem ons 'n simbolis. Ons verwys slegs na Totius.

Dit spreek van self dat in elke kunswerk altwee hierdie elemente aanwesig is: 'n realistiese kunswerk is nie 'n blote weergawe waarin nie 'n diepere lewensgevoel tot uiting kom nie, en die simbolis kan nooit die band met die werklikheid verbreek nie — dan sou hy onverstaanbaar word. Namate een van die eienskappe in sy kuns oorweeg, noem ons 'n kunstenaar 'n realis of 'n simbolis.

Realisme 'n wesenstrek van die Nederlandse kuns.

Vanaf sy vroegste begin is die Nederlandse kuns gekenmerk deur sy sterk realistiese karakter. Dit sou dan ook bevreemdend wees as in ons letterkunde hierdie eienskap nie ook 'n groot rol sou speel nie. Die realisme het 'n belangrike rol gespeel in die wording van ons prosa-kuns, en dit verbaas ons nie dat die eerste bewuste realis in ons letterkunde, Lub, 'n Nederlander was[1]) en dat ons grootste realis, Jochem van Bruggen, van Nederlandse ouers en selfs nog in Nederland gebore is. Dis met die realiste dat die mensbeelding in ons letterkunde opbloei. Opmerklik is ook dat as ons kunstenaars hulle afwend van die onware wêreld van die ou intrigeroman, hulle veral die minder bevoorregte in sy armoede en verwording, maar ook in sy menslikheid uitbeeld. Hulle is hierin die eerste uiting van die volksgewete, wat hulle nog verder wakker skud. Hiermee vervul die kuns 'n groot maatskaplike roeping.

Die mensbeelding bloei op met die realisme.

Humor.

Die realisme, wat veral in die eenvoudige daaglikse werklikheid die menslikheid geopenbaar sien, word dikwels gekenmerk deur humor. Humor is nie, soos so baie nog dink, blote grapperigheid nie, dis 'n lewenshouding. Die humoris sien in die lewe die klein teenstellings raak, maar agter die uiterlike teenstelling, wat lagwekkend lyk, voel hy 'n dieper geestelike teenstelling, dié tussen ideaal en werklikheid, en daarom word sy lag getemper tot 'n glimlag van meegevoel. Die blote feit dat iemand sy kind wil vernoem na

[1]) As ons teruggaan na die Eerste Beweging — die skrywer van Sewe Duiwels, wat in sekere opsig realisties genoem kan word, was ook 'n Hollander.

'n esel, sou ons laat skater, en tog doen ons dit nie as Ampie sy seun na Ou-Jakob vernoem nie, want ons voel agter hierdie koddige hartewens die sielelewe en leed van Ampie, vir wie ons liefhet. Die humoris glimlag met 'n versoende, vergewende glimlag oor al die dwaashede van die mense, oor al die grilligheide en die skynbaar onverklaarbare van hulle lot, want hy voel agter dit alles die betreklike. Humor word gebore uit liefde. Daar is verskillende soorte humor. Die van ,,Oom Gert Vertel'' is smartlik, skrynend, dit bring 'n knop in ons keel; die van Jochem van Bruggen laat ons ook met ontferming bewoë voel, maar dit beantwoord meer aan Jean Paul se definisie: ,,'n lag met 'n traan''.

J. Lub (1868—1926).

Van hierdie Nederlander, wat vanaf 1892 sy kragte gegee het aan die onderwys in ons land, eers as onderwyser, later as skoolinspekteur, het verskyn: **Eenvoudige Mense** (1908); **Donker Johannesburg** (1910—ook in Engels vertaal); **In en om de Goudstad** (1912); **Het Zwarte Gevaar** (1913); en **Oom Frikkie en ander Sketse** (1918).

In hierdie sketse beeld die skrywer die droewige ondergang uit van die Afrikaner in die Goudstad en sy agterbuurte, waarvan hy as skoolinspekteur soveel gesien het. Daar spreek deernis met die lyding van die naaste uit. Lub besit 'n verdienstelike opmerkingsgawe en het goed geluister na die taal van sy tipes. Die sketse is vlot vertel, soms gevoelig, maar die skryning van diepere humor ontbreek. Ook is hy dikwels nie vry van melodramatiek en effekbejag nie. Die taal is nog dikwels 'n mengelmoes van Afrikaans en Nederlands. In die komiese slaag hy gewoonlik goed.

Leon Maré (geb. 1889).

Leon Maré is gebore op Pietersburg, en het na 'n gebrekkige skoolopleiding amptenaar geword. Sy eerste stukke is in Nederlands. Hy was 'n gereelde ondersteuner van **Die Brandwag**, wat hom volgens Jan Celliers „ontdek en aan die werk gesit het". Van hom het verskyn: **Die Nuwejaarsfees op Palmietfontein** (1918); **Ou Malkop** (1919); **Verbygaande Dae**

JOCHEM VAN BRUGGEN.

(1928); Mooi Lemoene (1931); 'n viertal sketse in Nuwe Afrikaanse Kortverhale (onder redaksie van M. L. du Toit, 1932); Hardepad (1933); verder verskillende bundels goeie sketse en verhale vir kinders.

Skilder.

Maré is 'n gebore skilder, met 'n skerp oog vir die uiterlike werklikheid, waarvan hy elke trekkie opmerk en impressionisties weergee. Sy realisme is nie, wat dit by nog te veel van ons skrywers is, slegs 'n stylmiddeltjie, uiterlike verfraaiing nie, dis die wese van sy kuns. Hy skryf uit die drang om weer te gee wat hy gesien het. Ook besit hy 'n warm hart vir sy medemens en 'n gesonde optimisme. Hoewel hy 'n uitstekende verteller kan wees, vertel hy nie in die eerste plek terwille van die storie nie, maar om sy tipes in hulle eienaardighede en menslikheid te teken. Sy Putgrawer het al amper klassiek geword. En hoe beweeg hulle voor ons in hulle tipiese houding en gebaar en spraak, die ou ooms, die jong ruiters op hulle kopspelende perde, die dansende feesvierders, die hotnots en kaffers wat hy in amper elke skets vir ons teken. Hoe aanskoulik en lewendig kan hy ook 'n snelle handeling voor ons laat afspeel — dink slegs aan die oorlogsketse. In sy beste werk is Maré ook nooit sentimenteel nie.

Gebrekkige taal en styl.

Maré is egter baie ongelyk in sy kuns en kan soms juis hinderlik melodramaties en geswolle word. Daarby vertoon hy 'n jammerlike gebrek aan taalgevoel. Sy werk krioel van die grofste anglisismes, van foutiewe sinswendinge en woordgebruik, waardeur dit soms onbeholpe gestamel word. Ook besit Maré geen gevoel vir ritme nie; in sy drang om sy impressionistiese sieninge almal weer te gee, ryg hy hulle aanmekaar, sonder om 'n oor te hê vir die ritme van die skone volsin. Die gevolg is alte dikwels waggelende sinne, wat voortstrompel sonder 'n eie vaste stap. Die skoonheid sit in die onderdele, in die fyn gesiene trekkies waarmee hy ons telkens verras.

Jochem van Bruggen (geb. 1881).

Jochem van Bruggen is in Groede, Nederland, gebore. Hy is die oudste seun van 'n Hollandse onderwyser wat hom in 1892 in Johannesburg gevestig het. Sy opleiding het Jochem o.a. gehad

aan die Pretoriase Gymnasium waar een van die leraars, Nico Hofmeyr, 'n groot invloed op hom uitgeoefen het. In hierdie tyd skryf hy geweldig vaderlandsliewende gedigte oor die Voortrekkers en oor die Jameson-inval in Hoog-Hollands en in die geswolle styl van die deur sy vader bewonderde, retoriese Nederlandse „predikant-digters". As die Engelse oorlog uitbreek, gaan Jochem 'n tydlank op kommando. Na die oorlog moet hy allerlei sleurwerkies onderneem om liggaam en siel aan mekaar te hou — 'n tydlank het hy o.a. 'n tabakwinkeltjie. Ook is hy 'n tydjie onderwyser in 'n C.N.O.-skool. Uiteindelik gaan hy boer op die plaas Steenkoppies, by Krugersdorp, wat nog sy tuiste is.

Nadat hy in 1912 vir sy in Afrikaans omgewerkte Voortrekkersgedigte geen uitgewer kon vind nie, verwerf hy in 1914 'n deur „Die Brandwag" uitgeloofde prys met sy verhaal Die Praatmasjien. In die jare 1915-19 skryf hy die ander sketse wat in 1920 verskyn as Op Veld en Rande. In 1917 publiseer hy Teleurgestel, in 1922 Die Burgemeester van Slaplaagte, in 1924 Ampie, Die Natuurkind, in 1928 Ampie, Die Meisiekind, in 1931 In die Gramadoelas en Booia, in 1932 'n drietal sketse in Nuwe Afrikaanse Kortverhale (geredigeer deur M. L. du Toit), in 1933 Die Sprinkaanbeampte van Sluis en in 1934 Haar Beproewing.

Algemene karakteristiek.

Van Bruggen is een van ons verdienstelikste kunstenaars en 'n uiters belangrike figuur in die ontwikkeling van ons prosakuns. Hy kan in sommige opsigte as die teëvoeter van D. F. Malherbe beskou word. Waar Malherbe in diepste wese simbolis is, wat die uiterlike wêreld sien in die glans van sy eie sielelewe, in die werklikheid sy geestelike waarheid indra, is Van Bruggen die realis, wat vanuit die werklikheid opstyg tot die geestelike waarheid. Daardie eenvoudige werklikheid het hy met oorgegewe liefde bestudeer, aan die alledaagse mense en dinge wat hy so skerp waargeneem en uitgebeeld het, het hy 'n dieper geestelike waarde ontworstel, 'n waarheid wat veral veropenbaar word deur sy fyne, sagte humor wat glimlag oor die koddighede en dwaashede van sy tipes — maar sy glimlag is die glimlag van die liefde, wat verstaan en meeleef. Want van Bruggen is 'n optimis, hy glo in die mense wat hy teken. Deur hierdie realisme en humor het hy die uitbeelder geword van die minder bevoorregtes onder ons volk, die kleinboer, die bywoner, die armblanke. 'n Groot verskeidenheid van karakters, lewensom-

standighede en situasies het hy nie geskep nie — dit is die beperktheid van sy kuns wat saamgaan met die realistiese grondkarakter daarvan. Daarteenoor staan egter dat hy die eerste prosakunstenaar in ons taal is wat lewende mense van vlees en bloed geskep het.

Literêr het Van Bruggen 'n vérstrekkende en heilsame invloed op ons kuns uitgeoefen en oefen hy dit nog uit. Hy het ons kunstenaars geleer om nie na die onwesenlike wêreld van helde en heldinne, soos die ou roman hulle versin het, te gaan nie, maar na die werklike lewe om hulle heen, daar te kyk en te sien en die tot geestelike siening verwerkte werklikheid weer te gee. Die fout wat so baie van die jonger kunstenaars maak, nl. om te meen dat hulle nou ook almal presies dieselfde onderwerp moet behandel as Van Bruggen, is nie hulle leermeester se skuld nie, maar te wyte aan hulle eie gebrek aan oorspronklikheid. Vérstrekkende invloed.

Dis interessant om te sien dat Van Bruggen in sy kuns dieselfde ontwikkelingsgang moes deurmaak wat ons prosakuns deurgemaak het. Hy begin met die historiese roman Teleurgestel, waarin hy sy herinneringe aan die Engelse oorlog verwerk het. Dit kan in sommige opsigte met Vergeet Nie vergelyk word. Daar gaan 'n sekere bekoring uit van die jeugdige frisheid van hierdie eersteling, ook laat dit 'n skrynende besef na van die bittere lyding en onreg. Maar hierdie werk is tog nog 'n troue voortsetter van die tradisie van die ou intrigeroman, al kry ons hier nie so 'n meganiese poppespel soos in De Waal se werk nie. Daar is 'n pikswart skurk, 'n ware duiwel van ongeregtigheid; wel probeer die outeur enigsins om sy algehele verslegting te motiveer, maar hy slaag daar nie in nie. Teenoor hom staan die deugsame heldin, lieftallig, moedig, selfopofferend, en die held wat met gevaar van sy lewe teen die steil krans klim om vir haar die blom te pluk as simbool van sy liefde. Daar is 'n romantiese ou Kaffer wat uit sy dolosse voorspel „dat die streepmuisie Gys se bloed sal knaag." Gedurig verbreek Van Bruggen die epiek van sy verhaal om ons aandag daarop te vestig hoe duiwels sleg Liebenberg is en hoe edel sy heldin. Hy het ook sy styl nog nie gevind nie — naas afgeslete, geswolle beeldspraak gebruik hy verstandelike woordkoppelinge en ingewikkelde sinswendinge, wat soms uiters Teleurgestel. Intrigeroman. Styl.

duister, selde beeldend is; dit is veral die geval in die natuurbeskrywinge. Dis 'n onbeholpe gestamel. Die skrywer is hier nie in sy element nie; hy wil iets doen wat buite sy genie lê. Maar hier en daar kom sy werklike talent reeds voor die dag: as hy klein realistiese trekkies van sy tipes en hulle milieu teken. En die toekomstige ontwikkeling van sy kuns word reeds hier aangedui deur sy skepping van Liepie Stols en Greef. Hier is die realis aan die woord en teken hy lewende mense, wat ons des te beter laat voel hoe vaag en onwerklik die ander tipes is.

Realistiese trekkies.

Later het Van Bruggen hierdie eersteling baie verbeter, veral wat die styl betref.

In Op Veld en Rande kom Van Bruggen se ware talent reeds tot ontplooiing. Hoewel hierdie sketse nog baie onrypheid openbaar, sowel in die bou as in taal en styl, bring hy hier iets nuuts in ons prosa: mensbeelding. Ook in hierdie sketse wend die skrywer hom nog regstreeks tot die leser met moraliserende opmerkinge, Die Beeswagtertjie bevat nog dieselfde vermenging van werklikheid en romantiek as „Teleurgestel", Oom Jannie besit nog nie veel diepte nie — maar wat 'n geestelike opmerkingsgawe reeds hier; in Ouboet sit reeds verdienstelike patos, en in Die Praatmasjien is iets wat skryn. Die beste skets van die bundel is Bywoners, die breër opgesette skildering van die samelewing op Andries Vry se plaas. Geestig word hier 'n hele reeks tipes geteken van die ligtelik ironies, maar tog met liefde, gesiene Oom Andries tot die reeds klassiek geworde „Meeldiaken," Sitman, en sy gesin. Elkeen van hulle het 'n lewende mens geword soos hy voor ons staan in die tipiese van houding, gebaar en spraak. Die volle lig val op die Sitmans. Hier verdiep die geestige waarneming tot humor. Ons lag nie slegs om die onverbeterlike luiaard en klaploper nie, ons verag hom nie — ons voel jammer vir hom en vir sy versukkelde vroutjie. Wat 'n fyn humor tril daar in toneeltjies soos waar die hele Sitman-familie van die vark smul, waar Bettie aan haar drang om te dokter moet gehoorsaam en De Klerk se vrou uit haar floute by bring deur 'n brandende lap onder haar neus te hou, waar Sitman deur De Klerk betrap word dat hy eiers steel, of waar Bettie se

Op Veld en Rande.

Mensbeelding.

Sitman.

Humor.

moederinstink tot openbaring kom in haar botte weiering om haar kinders af te gee.

Ook Die Burgemeester van Slaplaagte bring ons die realisties-humoristiese skildering van 'n gemeenskap van kleinboere. Oom Lood mag verstandelik en maatskaplik 'n paar trappies hoër staan as Liepie Stols en Sitman, hy is geestesfamilie van hulle. Hy, en ook sy vrou, is innig menslik geteken, veral as die groot smart van hulle dogter se verleiding hulle tref. Die kleindogtertjie wat sy hulle skenk, en die verkryging van die lang begeerde kosterskap vertroos hulle weer. Ook hier gee Van Bruggen ons mooi tipe- en milieu-tekening, ook hier ontroer hy ons deur sy humor — dink slegs aan die toneeltjie van Oom Lood en sy vrou die oggend in Levina se kombuis in Johannesburg. Van Bruggen het hom egter te opsetlik ten doel gestel om Levina te teken as een van die baie plaasdogters wat deur die kortsigtigheid van hulle ouers nie die geleentheid kry om hulle uit te lewe nie en later die doellose lewe op die plaas vaarwel sê, om dan in die groot stad die maklike prooi te word van gewetenlose mans. Hierdie strekking, waarop die outeur ons duidelik wys, het afbreuk gedoen aan die eenheid en die suiwerheid van die verhaal. Die Burgemeester van Slaplaagte.

Die tot nog toe behandelde werke is die oefenskool wat Van Bruggen moes deurloop voor hy sy meesterwerk Ampie kon skep. Hierdie grootse skepping is nog nie voltooi nie, dit groei nog langsaam in die kunstenaar se siel. Ons moet Ampie, Die Natuurkind en Ampie, Die Meisiekind nie beskou as afsonderlike romans nie, maar dele van 'n nog onvoltooide geheel, episodes uit die lewensdrama van Ampie. Wat in die vorige werke nog gebrekkig en fragmentaries is, kry in die reeds verskene dele suiwere en vaste vorm. Milieuskildering en tipetekening vloei hier saam tot 'n skone geheel. Ampie.

Die ,,Ampies'' is so algemeen bekend en geliefd, dat dit haas oorbodig lyk om nog lank daarby stil te staan. Ampie, die seun van 'n bandelose vader, wat in sy woeste drif kapabel is om sy eie kind te vermoor, en van 'n simpele, versukkelde moeder, groei op in 'n sfeer van verwording en vergoring. Hy word ons geteken as die produk van erflikheid en milieu. Egter nie met die grenselose pessimisme van die naturalis

nie, maar met die lewensgeloof en liefde van 'n latere geslag. Met groot artistieke meesterskap word hy ons uitgebeeld in die milieu waarin hy opgroei. Steeds is hy op heel natuurlike en onopsetlike wyse die middelpunt van die reeks taferele wat ons hier geskilder word. Nêrens voel ons, soos in sy vorige werk nog dikwels die geval is, dat Van Bruggen opsetlik strewe om 'n sekere tipe of 'n sekere milieu te skets nie. En hoe diep het die kunstenaar hier in die siel van sy skepping gekyk, hoe lewe hy voor ons, die bandelose, verwaarloosde kind, met sy agterlike verstand, sy woeste hartstogtelikheid en onbeteuelbare instinkte wat telkens losbars, sy sluheid wat hom kruiperig maak teenoor sy meerdere en wreed teenoor die swakkere, sy vrees vir die maatskappy, met die dwang van sy onbegrepe wette en konvensies, waarteen hy kort-kort in woeste opstand kom, sy primitiewe bygeloof! Maar Van Bruggen het hierdie seun lief, en hy sien hom ook as 'n mens wat dieselfde ideale en begeertes het as ons. Ook Ampie worstel om sy bietjie lewensgeluk, droom sy ewig-menslike drome van liefde en geluk. Hy bly geen tipe nie, hy word 'n individuele karakter; die outeur beskryf hom nie van buite-af nie, maar laat hom voor ons lewe van binne-uit. Die stylmiddel wat in sy vorige werke in wording te bespeure was, het hier tot volle ontplooiing gekom en Van Bruggen in staat gestel om die mees verborge drange en opwellinge in hierdie seun se siel uit te beeld: hy laat Ampie hardop dink in sy eie taal.

Gedagtepraat.

Hoe uitstekend is ook die omgewing uitgebeeld waarin Ampie lewe: die vervuilde eenkamer-pondokkie van die Nortjés, die huisgesin van die Tys-familie en van Flip Staander, die lewe op Kasper Booysen se plaas. Al die tipes wat hier so realisties-waar geteken word as deel van die milieu, toon ons die verskillende trappe op weg na die armblankedom. Hulle lewe almal vir ons, veral Annekie, in wie die liefde sy tere spel speel; net Oom Kasper en sy vrou is minder geslaagd, is te veel die moraliserende sedemeesters.

En Van Bruggen tree hier, behalwe op 'n paar plekke, nie op met 'n opsetlike tendens nie. Hy beeld hierdie wêreld en mense slegs uit soos hy hulle sien. Daardeur het hy ook die taal en die styl gevind wat nodig was om dit alles uit te

beeld sonder dat die kunstenaar tussen die leser en sy onderwerp gaan staan, die taal en styl wat hoort by die lewensfeer en die tipes.

Liefde.

Ons het reeds daarop gewys dat hierdie boek nie pessimisties is nie. Dit kon ook nie, want dit is gebore uit liefde. Die groot waarheid wat ,,Ampie'' ons bring, maar nie opsetlik soos 'n sedeles leer nie, is dat ons die armblanke moet benader as 'n mens, as iemand ,,van gelyke beweginge'' as ons — eers dan sal ons hom kan verstaan en iets vir hom kan doen. Dis ook uit hierdie liefde dat die humor gebore is, die besef van die teenstelling tussen ideaal en werklikheid, die teenstelling tussen wat die mens moes wees en wat hy werklik is, tussen Ampie soos hy homself droom en soos hy is. Die een oomblik is dit 'n sagte glimlag, die ander oomblik 'n skryning van smart — orals vorm dit die diepe menslikheid van die boek.

Invloede.

In ,,Ampie'' besit ons 'n kunswerk wat ons met ere kan noem naas die kuns van ander lande. Daar moet ook buitelandse invloed in gekonstateer word, soos bv. van die bekende Boefje van Brusse; ook is dit in sommige opsigte verwant aan die sterk verskillende kuns van Querido se Jordaan. Ons het reeds gewys op die naturalistiese trek in die werk wat die armblanke-seun uitbeeld as vrug van erflikheid en milieu. Van Bruggen sal wel nie onder direkte invloed staan van die naturalistiese skrywers van die einde van die vorige eeu nie, maar die nawerking van hulle kuns is duidelik merkbaar, net soos in die moderne Nederlandse roman.

In die Gramadoelas.

Van Bruggen se latere werk bring nie meer iets nuuts nie, ook geen styging in sy kuns nie. Ons hoef dan ook nie lank daarby stil te staan nie. In die Gramadoelas is 'n bundel sketse van ongelyke gehalte. 'n Skets soos ,,Vrouestemreg'' is hom nie waardig nie. In die novelle Org Basson, wat die grootste ruimte in hierdie bundel beslaan, is hy egter weer in sy krag, is hy weer die kunstenaar wat die bywoner so diep in die siel gekyk het, die kleinboer so fyn satiries en tegelykertyd so in sy waaragtige menslikheid, in sy diepe godsdienssin en met so 'n vertederde humor uitbeeld. Dieselfde geld ook van die drie verhale wat hy bygedra het tot die bundel Nuwe Afrikaanse Kortverhale uitgegee deur M. L. du Toit, en van die suiwere

Sketse in Nuwe Afrikaanse Kortverhale.

Die Sprinkaanbeampte van Sluis.

novelle Die Sprinkaanbeampte van Sluis. Opmerklik is die wrange, enigsins siniese toon van die skets Die Laaste Stadium in eersgenoemde werk.

Booia.

Booia bring weer kostelike humor en satire, maar vertoon groot gebreke in bou en psigologiese inlewing. Die aandag is verdeel tussen die klein kaffertjie en Sagrys. Ook voel ons telkens dat die skrywer hom nie heeltemal vereenselwig met Booia nie, maar kort-kort buite sy skepping staan. Die werk het 'n reeks realistiese sketse uit die lewe van deur die dorpsbeskawing verdorwe Kaffers gebly.

Haar Beproewing.

Haar Beproewing is die verhaal van 'n meisie wat haar in haar drang om selfstandig te wees en self haar brood te verdien, deur 'n advertensie om 'n onderwyseres laat mislei en in die eensaamste van die Bosveld te lande kom by 'n heerssugtige, sinnelike boer. Deur haar manhaftige optrede red sy haar uit die gevaar. Deur hierdie boek skemer die stoute konsepsie van 'n uiters verwikkelde, ontaarde karakter, maar Van Bruggen het dit nie uitgebeeld nie en te veel by die storie bly staan. In die styl mis ons deurgaans die beeldende en frisse wat hom anders so kenmerk, die spontane van die karakters se gedagtepraat.

Slotopmerking: eensydigheid.

Daar word die laaste tyd bedenkinge ingebring teen die kuns van Van Bruggen; dit word hom verwyt dat hy eensydig is, slegs die een onderwerp van die minder bevoorregte uitbeeld. Hierdie verwyt moet nie gerig word teen Van Bruggen nie, maar teen die beperktheid van die menslike natuur in die algemeen, en dus ook van die kunstenaar, in die besonder van die realis. En laat die behoefte aan ander kuns wat Van Bruggen ons nie kan gee nie, ons nooit die groot dankbaarheid laat vergeet wat ons hom skuldig is nie: deur sy realisme en mensbeelding het hy 'n vernuwing in ons prosakuns gebring, deur sy liefdevolle siening van die armblanke het hy iets gebring wat ver uitstyg bo die enge grense van die letterkunde, het hy ons volksgewete help wakker skud, die volksiel wysheid gegee wat onmisbaar is by die poginge tot oplossing van ons droewigste probleem.

Marie Linde.

Onder hierdie skuilnaam skryf Mej. Elise Bosman, tot onlangs onderwyseres in Kaapstad. Van haar het verskyn: Onder Bevoorregte Mense (1925); en die vervolg daarop: Bettie Maritz (1930); Dina en Lalie (1927); Die Goue Roos e.a. Verhale (1929); Die Verlore Paradys e.a. Verhale (1932).

Onder Bevoorregte Mense.

Marie Linde se eersteling is ongetwyfeld haar beste werk. In Onder Bevoorregte Mense word die geskiedenis vertel van 'n armblanke-dogter wat diensmeisie word by 'n deftige Kaapse familie. Die tipe — en milieu-tekening is goed geslaag, en die skryfster gee blyk van 'n skerpe opmerkingsgawe. Haar realisme kom ook hierin goed uit (en dis iets nuuts in ons letterkunde!), dat sy Ben, die egoïstiese, slegs sinnelik op Bettie verliefde, teken sonder self enige kritiek op hom uit te bring. Die gevolg is dat die oorgrote meerderheid van die lesers in sy huwelik met die verongelukte Bettie niks anders as 'n daad van edele idealisme sien nie — hulle is mos gewoond dat die kunstenaar vir sy lesers sê of sy karakters goed of sleg is! Die latere ontwikkeling van Bettie is oppervlakkig en onoortuigend geteken: van haar innerlike lewe weet ons niks nie, ons sien haar slegs van 'n onbeholpe diensmeisie ontwikkel in 'n allerliefste poppie. Hoewel die styl vlot en onderhoudend is, mis dit persoonlike aksent en eie siening.

Ander Werke.

Hierdie eienskappe van Marie Linde kom nog duideliker uit in haar ander romans. Sy kan haar karakters en tipes in die daaglikse lewe, in hulle uiterlike dade vlot en lewendig tipeer. Die uitbeelding van hulle sielelewe, van innerlike stryd en botsing gaan bo haar kragte — as sy haar hier aan waag, word sy onoortuigend, onwaar, fantasties.

Daarom is haar twee bundels kortverhale ook teleurstellend. Hulle is gewoonlik wel vlot van vertelling, maar dikwels is die motief oppervlakkig, soms selfs onbeduidend. 'n Enkele keer is die konsepsie sterker, maar dan stel die uitbeelding teleur. Dit bly nog te veel stories, word te min diepere lewensopenbaring. Juis hier mis ons die persoonlike aksent en ritme van die styl wat uit innerlike spanning gebore is.

E. de Roubaix (geb. 1880).

Hierdie skrywer is gebore op Tabaktuin, naby Nieuwoudtville. In sy jeug moes hy skape oppas, later doen hy Matriek, en van 1907 hou hy skool in Namakwaland. Sy sketse en verhale wat in tydskrifte verskyn het, is versamel in Boesmanlandse Sketse en Verhale (1926); Uit Boesmanland (1928); Giel Ool e.a. Verhale uit Boesmanland (1929).

In sy sketse gee De Roubaix ons 'n beeld van Boesmanland en die Boesmanlanders, wat hy so goed ken. Hy teken ons met groot liefde hierdie primitief lewende deel van ons volk, wat in die deur die natuur so skraal bedeelde vlaktes 'n karige bestaan voer. Hy laat ons hulle sien in die tipiese van hulle mentaliteit, hulle maniere en taal. Hoë of suiwere kuns het dit nie geword nie; daar kom nog te dikwels effekbejag en melodramatiek in voor. De Roubaix het die werklikheid nog nie genoeg omgeskep tot waarheid nie. By al die gebreke en onsuiwerhede is dit egter simpatieke kuns, verdienstelik deur die opmerkingsgawe en die tipering, al is die werklike humor skaars.

Abraham H. Jonker (geb. 1905).

Van hierdie jong skrywer, wat verbonde is aan die redaksie van Die Huisgenoot, het verskyn Gebeurtenisse (1931); Die Kanker van die Jare (1932); Die Plaasverdeling (1932); Bande (1933); Die Trekboer (1934).

Sowel Gebeurtenisse, wat verhale bevat uit die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek, as Die Kanker van die Jare, die geskiedenis van 'n moord en die opsporing van die moordenaar, toon Jonker as aangename verteller. Dit bly egter oppervlakkig en styg nie uit bo ontspanningslektuur nie. In Die Plaasverdeling tree hy te voorskyn as ernstige kunstenaar. Hierdie werk is nog gebrekkig van bou, te breedsprakig van vertelling, maar Jonker het sy tipes goed geteken. Antonie Reys, die versukkelde mensie, wat nie opgewasse is teen die verantwoordelike taak om sy eie boerdery te bestuur, teen die sluheid van sy broer en die Jood nie, is oortuigend, met liefde en humor uitgebeeld. Lang-

Die Plaasverdeling. 1932.

saam maar seker kom die noodlot hom oorval terwyl hy nog boer speel en sy hele siel so opgaan in die toedraad van sy plaas, dat hy die vernietigende droogte nouliks merk. En die end is die trekpad! Met hoeveel liefde het die skrywer hom nie ingeleef in die innerlikste verlangens en begeertes van Antonie nie, sy beteuterdheid en magteloosheid teenoor ander, sy gevoel van eiewaarde en trots as hy alleen is. Mooi is die humor van Antonie se verhouding teenoor sy vrou en kinders en van sy skoonsuster se motiewe om haar man nie teë te gaan in sy slue planne om Antonie te uitoorlê nie. Jonker toon hom hier 'n knappe realis en 'n kunstenaar met psigologiese insig.

Die vervolg op hierdie werk, Die Trekboer (1934), stel teleur. Die gebrek aan handeling werk vermoeiend. Die hoofkarakters, Bekka en Antonie, en hulle onderlinge verhouding is nog te min deur die kunstenaar gekonsipieer en uitgebeeld, is te veel verstandelik beskrywe. Daarom mis hulle lewenswarmte. Die skrywer kom ook self te veel op die voorgrond, wil ons gedurig die diepere betekenis van gebeurtenisse en teenstellinge laat voel, wat daardeur gewild aandoen. As gevolg van dit alles laat die styl, wat nie vry is van hinderlike manierismes nie, veel te wense oor.

Die Trekboer. 1934.

Bande bevat 'n sewetal verhale, waarvan die grondtoon die woorde van Goethe is wat die skrywer as motto plaas:

Bande. 1933.

> Ag, al ons lye selfs, sowel as al ons dade
> Die lê ons lewensgang aan bande.

Jonker se realisme het hier gewin aan vergeestelikende krag. Nêrens blyk dit so goed as in die mooi skets Droogte nie, met die versoening van die ontroerende slot. Verder noem ons ook Offervreugde en Soos die Graf. In hierdie sketse het Jonker uit die werklikheid sy lewenswaarheid verwerf. Hy is hier ook een van ons beste skrywers van die kortverhaal.

Lank nie al die skrywers wat ons onder hierdie afdeling behandel, het tot hierdie vergeesteliking van die werklikheid gekom nie. Realisme is op die oomblik die mode, sketse waarin die minder bevoorregte, die armblanke, die kleurling weergegee word. Baie van hierdie sketse, wat veral in ons

Ander realiste: algemene karakteristiek.

„Reportage."

tydskrifte en koerante gretig geplaas word, styg nie uit nie bo wat met 'n Franse woord „reportage" genoem word, die werk van die verslaggewer. Die skrywers meen dat die getroue weergawe van 'n gesprek wat hulle beluister het, van 'n voorval wat hulle beleef het, op sigself reeds kuns is. Ons kan inderdaad bly wees dat daar 'n sterker werklikheidsbesef in ons kuns gekom het, dat ons skrywers nie meer in hulle studeerkamer fantastiese verhale versin en hulle gefantaseerde helde boekerige sinne in die mond lê, wat die ouderwetse skoolmeester se hart sou verheug het, maar soos geen mens ooit praat nie. Maar daarmee lewer hierdie skrywers nog nie kuns nie. In hierdie sketse en verhale, wat so vol is van „tipiese" en „op die lewe betrapte" dinge, ontbreek nog te veel die een noodsaaklike, die herskeppende werking van die kunstenaar wat werklikheid tot waarheid maak.

Hierdie leemte voel ons sterk in die werk van Ds. J. H. Kruger en D. J. Coetzee, wat albei veral didaktiese skrywers is.

Ds. J. H. Kruger.

Van Ds. J. H. KRUGER (geb. 1878) het verskyn: Twee Rampe en Twee Gelukke (1921); Die Koster en sy Vrou (1930); Dawid en Jonathan (1932).

Ds. Kruger vertel nie in hierdie werke nie, hy laat sy tipes dwarsdeur die boek gesels in 'n natuurlike dialoog, wat sekere tiperende eienskappe goed openbaar. Ons vra ons dan ook af of die skrywer nie veel meer sukses sou behaal het as hy dramas in pleks van romans geskrywe het nie. Daardie kunsvorm sou hom ook meer die eis van beperking opgelê het. Want die gawe van selfbeheersing besit die skrywer nie. Hy gee ons honderde bladsye dialoog in die natuurlike, vlotte spreektaal — dis alles baie „tipies", maar verder as die uiterlike tipering kom dit nie, en dit stel die leser se geduld lelik op die proef om dit alles deur te worstel. Nooit word die dialoog die plotselinge openbaring van die diepste wat in 'n mensesiel lewe nie. Bowendien kom Kruger deur sy didaktiek soms tot dinge wat sielkundig onoortuigend of onwaar is.

D. J. Coetzee.

D. J. COETZEE se Armoede en Hartkwaal (1933) is 'n idealistiese werk waarin die skrywer ons leer dat die armblanke se droewige toestand te wyte is aan sy gebrek aan moed, en dat hierdie hartkwaal alleen deur die liefde van

sy mede-Afrikaner genees kan word. Die boek is vlot-realisties geskrywe; die skrywer ken die boer in sy praat en dink en doen. Veral die eerste hoofstuk gee 'n mooi skildering van die hardwerkende boer in sy daaglikse lewe. Maar die realisme mis nog die diepere siening.

Dirk Mostert.

DIRK MOSTERT se sketse in Die Huisgenoot, later uitgegee as Petaljes van Oom Bart (1934), het Oom Bart „omtrent net so bekend (gemaak) as die Eerste Minister". Uit sy ondervindinge as onderwyser teken die skrywer die tipe van die armblanke wat deur simpatie en morele steun weer opgehef kan word. Dis 'n onderhoudende, dikwels vermaaklike boek. Die taal en mentaliteit van 'n sekere tipe van minder bevoorregte word goed weergegee. Op die duur word dit egter wel 'n bietjie eentonig. Hoewel die skrywer ons menigmaal 'n glimlag ontlok deur 'n geestige set, bereik hy nie humor nie. Met al sy simpatie vir Oom Bart staan die skrywer te veel bo en buite hom, en sy skildering neig self effens na die karikaturale. Die dieper skouende realisme van Jochem van Bruggen bereik ook hierdie skrywer nie.

Mikro.

MIKRO, wat in sy Toiings (1934) die lewe van 'n kleurling uitbeeld, gee dieper menslikheid en ontroer hier en daar deur waaragtige humor. Sy kinderlike kleurling-jong, met sy mistieke liefdesverlange en geloof, het veel meer simboliek geword van die ewig-menslike drang wat in ons almal lewe.

§ 5. Die Dierverhaal.

Dat in ons opbloeiende prosakuns, wat wortel in eie, nasionale romantiek, ook die dierverhaal sy plek sou inneem, was te verwagte. Die stories van Wolf en Jakkals het ons kinderlike fantasie opgewek en gevoed. Die romantiek van die snel verdwynende ryk en heerlike dierelewe wat ons voorouers geken het, boei nog die verbeeldingskrag in die nog nie deur die beskawing ingenome streke van ons land en in die tropiese gedeelte van ons kontinent. Hierdie stories en hierdie romantiek leef op in die dierverhaal. Ons kan hierdie

Indeling.

werke die beste verdeel in twee soorte[1]): A. Die waarin die storie hoofsaak is. Ons het hier te doen met verhale wat reeds in die Oud-Indiese literatuur so geliefd was en wat ook in die Europese letterkunde, veral in die Middeleeue, so populêr was. Die mooiste voorbeeld in die Europese letterkunde is wel die beroemde Middel-Nederlandse gedig Van den Vos Reynaerde (13de eeu). Die skrywers hiervan besit 'n skerp opmerkingsgawe, hulle ken die dier in sy karakteristieke eienskappe, gewoontes en uiterlik, maar dit is hulle tog in die eerste plek te doen om die storie, wat eintlik 'n sprokie is: die diere praat en handel en dink soos mense, al bewaar die werklikheidsin van die verteller hom vir dwaashede en bly hy altyd 'n noue verband behou met die dierelewe. B. Die uitbeelding van dier terwille van homself, d.w.s. van die dier gesien as openbaring van skoonheid en . . . . menslikheid. Hierdie kunstenaars vertel nie in die eerste plek 'n storie nie, hulle verdiep hulle liefdevol in daardie deel van die besielde skepping, bespied dit in sy wonders en heerlikheid, wat hulle so lief kry en wat hulle verbeelding so ontroer, dat hulle hul diepste menslikheid daarin uitlewe.

A.

A Dierestories. Von Wielligh.

Hierdie stories, wat gemeengoed is en waarvan Hotnots baasvertellers is, is die eerste deur G. R. von Wielligh oorvertel in sy algemeen bekende Dierestories. In 1907 verskyn hiervan 'n voorlopige bundel, later verskyn vier bundels (1917-1921). Dit behoort tot die beste wat hierdie skrywer gelewer het en het die populariteit wat dit geniet, tenvolle verdien. Von Wielligh stel die ou Hotnot aan die woord as verteller, en hy verstaan uitstekend die kuns om hom op tipiese Hotnot-manier en met die lewendige verbeeldingskrag van sy ras te laat vertel.

Daar is heelwat van sulke versamelinge, grotere en kleinere, uitgegee. Ons noem slegs die belangrikste.

---

[1]) Vertalinge uit Duits (Aschenborn en Bonsels) en Engels (Chadwick) kan hier natuurlik nie bespreek word nie. Wel wys hierdie gretig gelese vertalinge op die geliefdheid van die genre. Vgl. ook Prof. G. P. Lestrade se oorsettinge van Bantoe-verhale in Die Nuwe Brandwag.

In 1910 gee K. L. EN A. O. VAUGHAN Ou Hendrik z'n Stories uit. Die raamwerk is in Nederlands, maar as Ou Hendrik self begin vertel, praat hy Afrikaans en toon hom 'n gesellige verteller. Ander vertellers.

In 1931 verskyn Outa Danster en Aia Martha, navertel deur D. J. SEYMORE. Die skrywer gee hier 'n aantal jag- en dierestories soos deur die Hotnots aan hom vertel.

Van dieselfde jaar is ook J. M. FRIEDENTHAL se Ondank is die wêreld se loon, waarin die jakkalsstories tot 'n eenheid saamgevleg is.

'n Onderhoudende verteller is ook C. J. GROVÉ in Jakkals se Strooptogte (1932).

B. Uitbeelding.

Sangiro.

Onder hierdie skuilnaam, die bynaam wat die Kaffers hom gegee het, skryf A. A. Pienaar. Hy is gebore in die distrik Pretoria en trek op elfjarige leeftyd met sy ouers na Duits-Oos. Na die gevaarlike en avontuurlike reis sterf twee van sy broertjies. Hy groei op temidde van die grootse tropiese natuur by Kilimandjaro. Hier het hy sy intieme kennis van en sy groot liefde vir die wilde dier gekry. Daarna is hy vir sy onderwys terug na die Unie, na Heidelberg en later na Stellenbosch, waar hy gradueer. 'n Tydlank was hy op die redaksie van „Die Burger", maar daarna het die swerflus hom weer aangegryp. Vanuit Duitsland het hy 'n filmekspedisie in Duits-Oos gelei. Ook in die Unie het hy sy rolprente self vertoon. Tans is hy weer in Duitsland. Behalwe sy vertaling van H. A. Aschenborn [1]) se Die Adelaar en ander Afrikaanse Verhale (1925), het van hom verskyn: Uit Oerwoud en Vlakte, Sketse uit die Oos-Afrikaanse Dierewêreld (1921); Op Safari (1925); Diamantkoors (1926), en in Nuwe Afrikaanse Kortverhale (1932), die skets Koors. Sy eerste werk is in Engels en Frans vertaal.

„Vir die een bly die wildernis met al sy gevare en ontberings 'n lewenslange hartstog, 'n gedurige gemis, wat mettertyd in 'n werklike siekte kan ontaard, vir die ander is hy 'n ontspanning, 'n piekniek, wat alleen deur afwisseling sy bekoring behou", sê Sangiro in „Op Safari". Hy behoort Uit Oerwoud en Vlakte.

[1]) Van Aschenborn het in Afrikaans verskyn Uit die Lewe van 'n Gensbok (1921). Dis die voorloper van Sangiro se kuns maar mis sy siening en uitbeeldingsvermoë.

self tot die eerste soort, en hy deel omtrent die ontstaan van sy Uit Oerwoud en Vlakte mee aan Dr. Schoonees: „Die boekie is geskryf in Quarta, Stellenbosch, waar 'n groot verlange na die wildernis van my besit geneem het, sodra ek in 1918 weer teruggekeer het uit Duits-Oos. Ek kan dit nie help nie, maar ek het 'n gedurige heimwee na die wildernis — nou ook weer." Só leer ons Sangiro ook ken uit hierdie werk. Die skrywer beklemtoon in sy voorwoord dat die feitlike inhoud van sy sketse waar is en gebaseer op sy eie waarneminge en ondervindinge. Sy bewoording dwing ons egter 'n glimlag af: „In die volgende diersketse speel die verbeelding geen rol nie." En dit terwyl die waarde van sy sketse juis daarin lê dat Sangiro se groot verbeeldingskrag hom in staat gestel het om die diere, wat hy so intiem ken, nie slegs uiterlik te sien nie, maar deur te dring tot hulle „sielelewe", hulle „persoonlikheid". Sy bewering dat „in elkeen van daardie wilde diere 'n fyn-georganiseerde lewe sit, 'n persoonlikheid in sy soort ruim so interessant as díe van die mens", het hy as beeldende kunstenaar waar gemaak. Die maanhaar en die kraagmannetjie het persoonlikhede geword, hulle heroïese dood is 'n stuk aangrypende tragiek. En ons belewe die angs en die smart, die tevredenheid en die genietinge van die klein leeutjies en die renostertjie saam met hulle. Sangiro beskou die diere hier nie van die standpunt van die jagter nie — as hy jag, is sy wapen die kamera! Hy bespied die dier in sy natuurstaat en sien in hom die draer van 'n koninklike skoonheid, van bevalligheid; hy sien hom ook as 'n wese wat besield is met die ewig-menslike strewe na geluk en selfhandhawing. Daarvoor gebruik die dier sy krag en sy sluheid, en daarom is die lewe in die oerwoud en op die vlakte vir Sangiro vol tragiek en humor, net so bewoë as die lewe in die mensemaatskappy, waar ook die stryd om die bestaan heers.

Literêr gesien is hierdie sketse nie vlekkeloos nie. Sangiro verbreek telkens sy siening deur nugtere mededelinge, veral ook deur te preek of uit te vaar teen lafhartige jagters vir wie die jag slegs 'n grootskeepse moordparty is vanuit 'n veilige skuilplek. Deur sy uitbeelding vereenselwig ons ons so met die dier, dat hierdie prekies heeltemal oorbodig is. Mooi beeld die skrywer ons die diere uit in hulle natuurlike

omgewing — ons leef in die geheimsinnige sfeer van die oerwoud in al sy tropiese weelderigheid, en van die uitgestrekte vlaktes. Sangiro se direkte skilderinge van die natuur is egter minder geslaag; daar is 'n sekere gebrek aan beelding, 'n sekere onmag, wat veral blyk uit die gebrek aan 'n eie beeldende taal: hy maak hier gebruik van weinigseggende, kleurlose woorde en beelde, waardeur sy gawe vir die sonore, deinende volsin nie tot ontwikkeling kom nie. Tereg is opgemerk dat Sangiro 'n veel beter uitbeelder is van die dier in beweging as van die natuur in rus.

Op Safari.

Op Safari is 'n reis- en jagverhaal, waarin Sangiro hom openbaar as 'n geestige, onderhoudende verteller, wat nooit verveel deur langdradigheid of onbeduidendheid of deur hom self op die voorgrond te plaas nie. Hy sorg steeds vir afwisseling en vleg op ongesogte wyse telkens amusante anekdotes in sy verhaal in. Hy is hier die jagter, maar nie die jagter wat slegs skiet om te dood nie — hy is hartstogtelik onder „die bekoring wat die trotseer van gevaar vir die mens van alle eeue gehad het". Hy vereenselwig hom dus nie soos in die vorige werk met die dier nie, en ons kry hier nie die uitbeelding van die dier as individu in wie se „sielelewe" en lotgevalle die skrywer hom verdiep nie. Hier word ons 'n skilderagtige beeld gegee vol kleur en beweging van die groot troppe wild en van die roofdiere in hulle natuurstaat. Telkens maak ons vir 'n oomblik nader kennis met een van hulle. Aan spanning ontbreek dit nie — dink slegs aan die geveg met die leeus en aan die ontmoetings met die „arnosters". Sangiro behoort egter nie tot die spekskieters nie wat so graag te koop loop met stories van hulle bo-menslike moed en behendigheid. Hy maak die dinge nie mooier as hulle is nie, en die gemoedelike spot met homself en die ander lede van die safari is een van die bekoringe van hierdie boek. In sy opsetlike natuurskilderinge vertoon die skrywer nog dieselfde gebreke as in sy vorige werk, maar hy het ons menige pakkende natuurtoneel uitgebeeld — dink slegs aan die tog deur die droë meer — en oor die hele boek hang die sfeer van die Oos-Afrikaanse natuur.

Diamantkoors.

In Diamantkoors gee Sangiro twee sketse uit die lewe op die delwerye. Die skets Diamantkoors is in sommige opsigte nog onryp maar gee belofte dat die kunste-

naar ook die mens in sy sielebotsing sterk sal kan uitbeeld. Twee Fortuinsoekers is 'n geestig vertelde humoristiese skets.

Koers

Tot die beste wat Sangiro geskryf het, behoort die fragment Koors, waarin hy op meesterlike wyse die koorshalusinasies uitbeeld van 'n seuntjie temidde van die grillige Oos-Afrikaanse natuur.

Dis te betreure dat Sangiro al so lank swyg as kunstenaar.

G. C. en S. B. Hobson.

Die werke van hierdie twee broers lewer 'n unieke geval van literêre samewerking in ons letterkunde. S. B. Hobson, geb. in 1888, is skoolinspekteur in Kaapland; sy broer, geb. 1890, het eers in Betsjoeanaland geboer, waar hulle vader 'n plaas het, en is tans verbonde aan die Vrugtebeurs. S.B. omskryf hulle samewerking as volg: „Die inspirasie is 90 persent my broer s'n, die taal en styl is myne. Ek het merendeels oorvertel wat hy aan die hand gegee het." Die opmerklike is verder dat hulle Engelssprekend is maar in Afrikaans skryf, omdat „I find it extremely difficult to get the right atmosphere in English when dealing with our veld and its animals."[1] Die eerste werk van hierdie twee Engelssprekende skrywers is deur die S.A. Akademie bekroon met die Hertzogprys!

Van hulle het verskyn, behalwe enkele nog nie gebundelde sketse in die tydskrifte, Kees van die Kalaharie (1929); Skankwan van die Duine (1930); Op die Voorposte (1932); Buks (1933).

Vergelyking met Sangiro.

Die kuns van die Hobsons is verwant aan die van Sangiro. Dit verskil egter ook baie daarvan en kan nie bestempel word as navolging nie. Hulle streef nie na die grootsheid van skildering wat Sangiro nastreef nie, hulle krag lê meer in die kleine en fyne, en hulle skilderinge herinner meer aan etse, maar munt veral uit deur die suggestie van die atmosfeer. Ook is hulle suiwerder artieste as Sangiro, sowel wat hulle verteltrant betref as in die suiwerheid en beeldende krag van hulle styl. Dis wonderbaarlik watter Afrikaanse taalgevoel hierdie skrywers, wat die Afrikaanse sfeer nie in Engels kon uitbeeld nie, aan die dag lê, hoe gevoelig hulle

[1]) Hierdie mededelinge uit Kritzinger, Plate-atlas by die Afrikaanse Letterkunde, Pretoria, 1931, bl. 73.

juis die gesproke taal in sy fyne nuanses kan aanwend. Hulle boeke is dan ook nie slegs interessante proewe in Afrikaans deur Engelssprekendes nie, dis suiwer nasionale kunswerke waarop die Afrikaanse literatuur trots is.

Kees van die Kalaharie.

Hulle eerste werk, Kees van die Kalaharie, is tot nog toe die hoogtepunt van hulle kuns. Hierin word die hele dierelewe van die Kalahari, met al sy bittere, meedoënlose wreedheid in die stryd om die bestaan, met al sy intieme gesinsliefde en trou, sy sluheid en geestige ratsheid, dramaties uitgebeeld, en dit word vanself simbool van die menslike stryd en liefde en begeertes en tragiek. Die verhaal van Kees, „die grootste en die sterkste bobbejaan in die hele Korannaberg" en van Kloes en Marlyntjie, die rooijakkalse, is ryk aan diep menslikheid! Hoe het die skrywers die diere liefdevol bespied, hoe ken hulle hul „sielelewe"; hoe het die sober getekende liefdespel van die twee rooijakkalse in die grootse, misterieuse Kalahari-nag diep-menslike simboliek geword!

Skankwan van die Duine.

In Skankwan van die Duine gee die skrywers ons 'n mooi kunstenaarsiening van die Boesman. Dat dit egter nie die hoë peil van hulle eerste werk bereik nie, is te begrype: immers die Boesman mis die tere prag van die dier en kan as mens nie boei deur psigiese diepte nie.

Op die Voorposte.

In Op die Voorposte verras die skrywers ons met 'n intrigeroman — nogal 'n historiese roman! Dit speel in die troebele dae waarin die republieke Stellaland en Gosen tot stand gekom het; die held is geïnspireer op die historiese figuur van die berugte perdedief Scottie Smith. Die skrywers gee blyke van groot begaafdheid in hierdie genre: hier is lokale kleur, uitbeelding van die tydgees. Hulle besit ook die gawe om in 'n paar bladsye snel en hewig die gebeurtenisse te laat afspeel in verband met die sielelewe en stemminge van die held. Tog is hierdie werk nog maar 'n belofte en ly dit aan tweeslagtigheid: dit begin as karakter-roman en eindig as al te fantastiese awonture-roman. Die uitbeelding van die plaaslewe vervul ons met bewondering en laat ons weer die outeurs se beheer oor die spreektaal sien.

Buks

Buks is die geskiedenis van 'n ratel aan die oewers van die Limpopo. Dit vertoon weer dieselfde gawes van hulle eerste werk, hoewel dit nie so deurleefd en so fris is nie.

P. J. Schoeman.

Van P. J. SCHOEMAN het in 1933 verskyn Die Swerwer-Jagter. Op boeiende wyse vertel hierdie jong swerwer in Afrika se binnelande ons van sy ondervindinge as jagter, waarby dan ook sy kennis van, sy groot bewondering en liefde vir die dier uitkom. Ook slaag hy daarin om die geheimsinnige van die grootse natuur te vertolk, en dan word hy kunstenaar. Sangiro en die Hobsons mag miskien sy oë geopen het vir die grootse en geheimsinnige en die ontroerende teerheid in hierdie natuur- en dierelewe, die uitbeelding berus op eie belewing, en die siening is sy eie. Daarnaas kry ons sketse waarin hy die kaffer vir ons teken as 'n mens wat óok sy drome van liefde en geluk koester, ook gevoelig is vir smart en pyn. Hy skilder ons tipes wat hy self ontmoet het, hy vertel ons sprokies waaruit die kaffermentaliteit duidelik spreek, hy skilder ons gebeurtenisse „uit die magtige Zoeloe-epos wat mag op 'n vertolker". By dit alles word hy nooit sentimenteel of dweperig nie, wel 'n enkele keer didakties, sodat hy by wyse van nabetragting nog op iets wil wys wat reeds uit sy skets self spreek.[1])

§ 6. Geskiedkundige Prosa.

Nasionale Bewuswording.

Een van die eerste openbaringe van die nasionale bewuswording tydens die Eerste Beweging was die strewe om die volksverlede in sy ware perspektief en onverdraaid voor te stel en op die manier die verderfllike proses teen te gaan wat op die skole die Afrikaanse kind geleer het om hom te skaam vir sy geskiedenis en vir sy volk. Dit het tot uiting gekom in die historiese rubriek in Die Patriot en in Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk, wat onder leiding van Ds. S. J. du Toit die lig gesien het in 1877. Waar hierdie skewe voorstelling van ons geskiedenis, wat bestempel is as 'n „niksbeduidende reeks onbeduidende Kafferonluste", na die Engelse oorlog weer orals verkondig is, waar die skoolgaande jeug die geskiedenis van hulle land en volk moes leer lees deur 'n Engelse bril, om van die pers en tal van historici maar te swyg, is dit wel geen wonder nie dat dit die jonger geslag aangespoor het tot

---

[1]) E. N. Marais se wetenskaplike dierestudies en ander sketse wat ook hier tuishoort is behandel in §1 van hierdie hoofstuk (bl. 130).

ernstige wetenskaplike studie van die so gesmade verlede. Naas die verdienstelike en simpatieke Engelssprekende Theal staan nou Afrikaners op wat as Afrikaners die gebeurtenisse van die verlede ondersoek en interpreteer, trots wys op die grootse daarin, die lewe en dade en strewe van ons helde uitbeeld om as bron van inspirasie te dien vir die nasionaalbewuswordende nageslag.

Slegs enkele werke besit ook kunswaarde.

Dit spreek vanself dat die geskrifte wat hieraan hulle ontstaan te danke het, slegs tendele by die letterkunde tuishoort: die suiwer wetenskaplike werke hoort in die eerste plek en dikwels selfs alleen tuis by die geskiedenis — daar is slegs enkele begenadigde historici wat ook kunstenaar is; in die meer populêr en didakties bedoelde werke sluit die vooropgesette strekking, hoe prysenswaardig dit op sigself ook mag wees, dikwels kuns reeds vantevore uit. Ons het egter al eerder daarop gewys dat literatuurgeskiedenis en kultuurgeskiedenis nie heeltemal geskei kan word nie, en daarom kan ons tal van hierdie werke, hoe gering hulle suiwer letterkundige waarde ook mag wees, nie heeltemal negeer nie, al sou dit onprakties en selfs onregverdig wees om die norme van literêre kuns streng op hulle te gaan toepas.

'n Skrywer wat, ook as historikus, wel deeglik tot die letterkunde gereken moet word, is

Gustav Schoeman Preller.

Hy is op 4 Oktober 1875 gebore op die plaas Klipdrif, distrik Pretoria. Sy grootvader van moederskant was die voortrekker H. Schoeman, wat generaal geword het en selfs waarnemende president van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Sy eerste jare het Preller deurgebring in die Standertonse. In 1891 is die familie terwille van die skoolgaande kinders Pretoria-toe. Gustav werk eers in 'n Boere-winkel, toe op 'n prokureurskantoor en gaan later in die staatsdiens, waar hy dit tot eerste klerk bring op die hoofkantoor van Mynwese. Sy gebrekkige skoolopleiding moes hy ondertussen deur ingespanne privaatstudie aanvul. Ook het hy vir Hollandse en Engelse koerante geskryf. Tydens die Engelse oorlog dien hy by die Staatsartillerie. Kort voor die vrede word hy gevang en na Indië verban. By sy terugkoms word hy redakteur van E. N. Marais se Land en Volk. In 1903 word hy subredakteur van De Volkstem, waarvan hy later hoofredakteur word. In 1924 bedank hy weens veranderde politieke insigte. Hy word toe

redakteur van Ons Vaderland, later Die Vaderland. Die Universiteit van Stellenbosch het hierdie outodidak se wetenskaplike verdienstes erken deur hom die doktorsgraad *honoris causa* toe te ken.

Van hom het verskyn: Laat 't ons toch ernst wezen (1905); Piet Retief (1906); Baanbrekers (1915); Kaptein Hindon (1916); Dagboek van Louis Trigardt (1917); Voortrekkersmense I-IV (1918-1925); Generaal Botha (1920); Oorlogsoormag en ander Sketse en Verhale (1923); Voortrekkerwetgewing. Notule van die Natalse Volksraad 1839-1845 (1924); Historiese Opstelle (1925); Sketse en Opstelle (1928). Saam met Langenhoven het hy in 1919 nog gepubliseer Twee Geskiedkundige Opstelle. Verder het hy nog 'n paar werke vertaal in Afrikaans, hoofsaaklik dramas.

Op die groot rol wat Preller in die taalstryd gespeel het, is reeds gewys. Hierdie begaafde joernalis en besielde propagandis, wat al dadelik die hand aan die ploeg geslaan het deur 'n vertaling te waag van Hamlet se beroemde alleenspraak: „To be or not to be", is ook een van die grondleggers van die Afrikaanse geskiedskrywing, en as geskiedskrywer is hy kunstenaar, kunstenaar deur sy siening van die verlede, sy aanvoeling van die ewig-menslike daarin, kunstenaar deur sy styl. Preller is die eerste Afrikaanse prosaïs wat bewus as stilis geskrywe het. Ons mag beswaar maak teen sekere hinderlike maniërismes in sy styl, wat daardeur dikwels gewronge, duister en ritmeloos word, teen die oorvloedige gebruik van vreemde woorde, teen sinwendinge en konstruksies wat nie in ooreenstemming is met ons taaleie nie en Nederlands aandoen, teen sy individualistiese spelling, uit daardie prosa klink die forse stem van 'n mens, 'n individueel voelende en denkende mens op. En hierdie skrywer verras ons telkens deur sy rake beelde; hy verryk sy uitdrukkingsvermoë deur nuwe, soms gewaagde, stylmiddele en wendinge — dis juis hierin dat hy te individualisties word.

Styl.

Die geskiedskrywer van die Voortrek.

Preller se belangstelling gaan veral uit na die tydperk van die Voortrek, en hy is die erkende outoriteit op hierdie gebied. Deur sy onvermoeide ywer in die opspoor en publi-

kasie van geskrewe en gedrukte bronne, en deur sy vaslegging van die inligtinge wat ooggetuies hom mondeling kon verstrek, het hy 'n groot kennis van en insig in hierdie belangrike en veelbewoë tydperk in ons geskiedenis verwerf, in die persoonlikhede wat daarin 'n rol gespeel het, in die sedes en gewoontes, die ideale en innerlike dryfvere van die Trekkers. Daarom was hy ook die aangewese man om leiding te gee by die opset van die Voortrekkersrolprent.

Sy vernaamste werk is Piet Retief, die breed opgesette lewensgeskiedenis, wat tegelyk ook 'n stuk volksgeskiedenis is. Langsaam het hierdie werk gegroei wat begin is as die publikasie in De Volkstem van 'n aantal belangrike geskiedkundige dokumente. Hierdie biografie is nie alleen vir die historiese wetenskap van groot waarde nie, dis ook 'n literêre kunswerk deur die heldere betoogtrant, die sobere wyse waarop hy sonder enige mooidoenery of effekbejag die aangrypende gebeurtenisse uitbeeld en self tot ons laat spreek. Telkens word ons ontroer deur die dramatiek van hierdie verhaal, wat 'n stuk epiek geword het. Dink slegs aan die hoofstuk „Die Groot Verraad", met sy uitbeelding van die handjievol Boere omsingel deur die in barbaarse dansritme opstuwende Soeloes, en aan die elegie op die vermoorde held. Mooi is ook die slotbeskouing oor Retief en die eerste aanblik van Natal. Preller is hier kunstenaar, sy styl het 'n eie klank, openbaar 'n persoonlikheid. Dit is ook kultuurhistories van belang, want met Johannes van Wijk is dit die eerste prosawerk van die Tweede Beweging. Piet Retief.

In Dagboek van Louis Trigardt, Voortrekkersmense en Voortrekker-wetgewing gee Preller belangrike bronne vir sy „Piet Retief" uit, met kritiese kommentaar en aantekeninge. Dis menslike dokumente wat op eenvoudige wyse weergee wat in die siel van die Trekkers geleef het. Louis Trigardt se dagboek veral is in al sy eenvoudige epiek van die daaglikse moeilikhede en verdrietlikhede, waaragter 'n gedurige besef van gevaar skuil, in die humor, in sy geestig-nugtere kyk op mense en dinge, sy onbewustheid van die heldedaad wat hier verrig is, kuns, volkskuns, en dit besiel Preller in sy inleiding tot nobele prosa. Laat ons tog nie vergeet dat hierdie dagboek in sy krom Hoog-Hollands tot ons letterkunde behoort nie! Dagboek van Louis Trigardt.

Die geskiedenis van die Republiek.

Preller het ook groot kennis van die vroegste en latere geskiedenis van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Dink slegs aan sy deurwrogte studie oor die Makapaan-oorlog en sy mooi stuk oor die vergane Voortrekkersdorp Schoemansdal

Baanbrekers

(Baanbrekers). Ook oor die Engelse oorlog het hy geskrywe. Dink aan sy lewendige verwerking van die inhoud van Kaptein Hindon se Dagboek, waarin stukke kostelike beskrywingskuns voorkom. Veral is ook bekend

Oorlogsoormag.

die bundel Oorlogsoormag en ander Sketse en Verhale. „Die hele oorlog dof al so langsamerhand weg uit ons herinnering, soos 'n ongefikseerde portret in die sonlig; die àltyd-grote daaruit, wat àlmal moet onthou, vergeet ons terwille van die geskiedvorser; die kleine, wat in kleine kring eina-seer gemaak 't, vryf ons uit om 'n kleurlose politiek te behaag — Colenso, Magersfontein, Spioenkop — dit word name, met klompies Engelse en klompies Boere wat skiet en skiet; die gons van die koeëls en die kreun van dié wat seergekry het, die honger en dors en die benoudheid — alles raak weg uit die memorie-leitjie soos die meester se huiswerk toe ons kinders was." En daarom teken hy hierdie verhale op, verhale van heldemoed en onverwoesbare nasievertroue, van smart en lyding. Hier word Preller se gawe as verteller nie belemmer deur die noodsaaklikheid om historiese bronne te siteer nie, hier is alleen die beeldende kunstenaar aan die woord. Wie ken hulle nie, die verhale van die Boere-dogters wat Engelse offisiere uitoorlê, van die vindingryke Boere wat 'n gepantserde waentjie improviseer om die Engelse blokhuise te bombardeer, van die heroïese stryd op Dalmanutha? Onvergeetlik is die skrynende skets Moedersmart. Vol impressionistiese siening en humor is die geestige stukkie Boere op See; en hoe teer is sy herinneringe in Van Dinge wat Verbygaan?

Historiese Opstelle en Sketse en Opstelle is bundels essays wat veral die historikus sal interesseer, maar wat ons hier noem om die pittige styl.

Biografieë.

Verskillende biografieë het die lig gesien. Hierdie werke verskil onderling wat die wetenskaplike en stilistiese waarde betref. Geen een van hulle is egter as kuns bedoel nie, en geen een het ook 'n suiwere kunswerk geword nie. Biografieë wat uit die see van feite en gegewens die gestalte

van die held voor ons laat opdoem as waaragtige mens en tegelyk as die draer van die Idee van sy tyd, fel-menslike skilderinge van die groot figure van die verlede soos 'n Carlyle gegee het, besit ons nog nie—alleen Preller se Piet Retief laat ons die verwagting koester dat ook hierdie uiters moeilike kunssoort by groter verdieping by ons tot sy reg sal kom. Laat ons onthou dat hierdie genre afhanklik is van die stand van die historiese wetenskap. Van die werke wat tot nog toe gelewer is, geld wat Dr. J. D. du Toit skryf in die voorwoord tot die biografie oor sy vader: „Die skrywer wou volstaan met die blote meedeling van feite (soveel moontlik in sitaat); feite wat kan strek om die grondslae van ons volkslewe beter te leer ken." En Dr. N. J. van der Merwe skrywe in die voorwoord tot sy lewe van President Steyn dat hy hom tenvolle daarvan bewus is „dat daar in die voorliggende werk dikwels eenvoudig boustof gelewer word waar die leser miskien 'n gebou sou verwag." Hiermee is al hierdie werke getipeer. Ons hoop dat eendag die groot Siener sal opstaan wat uit hierdie boustowwe die gebou van menslikheid en skoonheid sal optrek. Ons noem die vernaamste werke.

'n Skat van kultuurhistoriese gegewens wat onmisbaar is vir 'n begrip van die Eerste Beweging gee Dr. J. D. du Toit ons in sy Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk (1917). Let op die titel: die skrywer wou ons die feite gee, die weg en werk van sy vader; as hy aan die slot tog probeer om ons die persoonlikheid van hierdie veel omstrede figuur te teken, slaag hy nie. In sy breë skildering van die kultuurhistoriese agtergrond laat hy veral die bronne self spreek.

Van Ds. G. B. A. Gerdener, wat ook 'n bundel gedigte in Nederlands gepubliseer het, Uit Mijn Jonkheid (1911), en belas is met die ondersoek van die kerklike argiewe van die Ned. Geref. Kerk, het verskyn: Sarel Celliers, Die Vader van Dingaansdag (1919). Eersdaags sal sy Ons Kerk in die Trans-Gariep die lig sien.

Ds. J. D. Kestell het in 1911 in Nederlands uitgegee Het Leven van Prof. N. J. Hofmeyr, in 1920 in Afrikaans: Christiaan de Wet, 'n Lewensbeskrywing.

Van DR. N. J. VAN DER MERWE het in 1921 verskyn die breedopgesette Marthinus Theunis Steyn, 'n Lewensbeskrywing.

Van 1925 is oud-minister F. S. MALAN se lewe van Marie Koopmans De Wet, B. B. KEET en GORDON TOMLINSON se Tobie Muller, 'n Inspirasie vir Jong Suid-Afrika, en J. P. LA GRANGE LOMBARD se Paul Kruger, die Volksman.

Van 1933 is DR. S. P. ENGELBRECHT se breed opgesette Thomas François Burgers, 'n Lewenskets.

Behandeling van tydperke uit ons geskiedenis.

Verder noem ons enkele werke wat belangrike tydperke uit ons geskiedenis behandel.

In 1913 verskyn van J. H. MALAN Boer en Barbaar, „die geskiedenis van die Voortrekkers tussen die jare 1835-40 en verder van die kaffernasies met wie hulle in aanraking gekom het." Die tweede druk van 1918 het in omvang byna verdubbel. Taalkundig en stilisties vertoon die werk, wat van toewyding getuig, groot gebreke. In 1929 het hierdie onvermoeide werker gepubliseer sy omvangrike Die Opkoms van 'n Republiek, of Die Geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die Jaar 1863.

Van THOS. BLOK noem ons Grensboere (1918) en Die Adendorff-Trek.

Van Ds. J. D. KESTELL, wat in Nederlands gepubliseer het Uit het Afrikaans Boerenleven (1897), 'n bundel sketse, De Voortrekkers of Het Dagboek van Izak van der Merwe (1898) in samewerking met Nico Hofmeyr, Met de Boerencommando's, Mijn ervaringen als Veldprediker (z.j.), en, in samewerking met D. E. van Velden, De Vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit (1909), het in 1920 verskyn Die Voortrekkers, wat swak van beelding is.

A. J. VAN DER WALT (1926) het begin met 'n tendensroman in Nederlands, Afrikaner wees u zelf (1897). In Noordwaarts (1919) kry ons 'n minder gewenste vermenging van verdigting en waarheid oor die Dorsland-trek. Vastrappers of Volkstiepe (1920) is 'n allegaartjie van didaktiek en onverwerkte historiese stof. Die grootste

deel van die boek word ingeneem deur „Die historie van seker vier Potgietergeslagtes". Die taal en styl laat baie te wense oor.

Die heroïek van die Dorsland-trek het ook ander beskrywers gevind. J. A. COETZEE wy hieraan Dorsland-Trekkers (1924), waarin hy mondelinge mededelinge van trekkers met die resultate van eie ondersoek nugter en onopgesmuk weergee. Meer belletristies verwerk hy dieselfde stof in Die Swerwers (1925) en Die Trekgees (1926), wat van 'n sekere mate van talent getuig en tuishoort onder die vertelkuns. J. G. PRINSLOO en J. G. GAUCHÉ gee in Indie Woeste Weste (1933), „die lydensgeskiedenis van die Dorslandtrekker opgeteken uit die mond van 'n Dorslandtrekker". Ook hier is dit die feite wat ons aangryp; die styl is droog en stug en sonder beeldende krag.

Persoonlike herinneringe.

Onder die persoonlike herinneringe noem ons S. P. E. BOSHOFF se Vaalrivier, die Broederstroom (1916) en Rebellie-Sketse (1918), en SENATOR MUNNIK se onderhoudende Kronieke van Noordelike Transvaal (1920), waarvan die taal en styl wel aanwys dat hulle oorspronklik nie in Afrikaans was nie.

MEV. LENIE BOSHOFF-LIEBENBERG het in Moedersmart en Kinderleed (1921), haar persoonlike herinneringe aan die Konsentrasiekampe op eenvoudige, treffende wyse meegedeel. Hier moet ook die reeds behandelde My herinnerings van ons Taalstryd van J. H. H. de Waal en U Dienswillige Dienaar van Langenhoven genoem word; altwee is van kultuur- en literêr-historiese belang, en dis te hope dat hierdie voorbeeld navolging sal vind.

Satire, didaktiek.

Tenslotte noem ons nog enkele werke wat wel 'n historiese karakter dra maar tog in die eerste plek satiries of didakties is, of grotendeels verdigting.

Die belangrikste figuur is hier ongetwyfeld Ds. W. POSTMA (1874-1921), wat een van die eerste voorstanders van Afrikaans was tydens die Tweede Beweging. Hy het geskrywe onder die skuilnaam Dr. O'Kulis. Sy beste en mees bekende werk is Die Eselskakebeen (1909?), waarin op geestige, soms fel satiriese wyse die dwase onderwystoestande gehekel word wat destyds geheers het en ook tans

nog nie heeltemal tot die verlede behoort nie. Uitstekend is hier die reaksie geteken van die Afrikaanse seuntjie teen die Engelse onderwys wat hom totaal oorbluf. Didakties en meer van kultuurhistoriese belang is Doppers (1918) en Die Boervrou (1918).

HOOFSTUK VI.

DIE DRAMA.

§1. Die Toneel.

DIE TONEEL.

Dr. F. C. L. Bosman gee in sy Drama en Toneel in Suid-Afrika, waarvan die lywige eerste deel verskyn het (1928), 'n uitvoerige oorsig van die geskiedenis van ons toneel, d.w.s. van die beoefening van die kuns van dramatiese opvoering. Hieruit blyk dat die inwoners van Kaapstad, die kosmopolitiese hawe- en garnisoenstad, al gedurende die agtiende eeu kennis gemaak het met toneelopvoeringe deur matrose en soldate. Na die eerste Engelse besetting word die kuns sowel deur die burgery as deur die garnisoen druk beoefen. Naas die Hollandse toneelvereniginge, wat Hollandse, Franse en Duitse stukke opvoer, het die garnisoen Engelse stukke opgevoer en het daar onder die burgery verskillende Engelse geselskappe bestaan. Die Hollandse vereniginge het behalwe oorspronklike en vertaalde stukke wat in Europa in die mode was, ook eie werk gespeel — werk van letterkundige waarde is egter nog nie geskep nie. Die bekendste skrywers van Nederlandse stukke is die Hollands-Portugese Jood Suasso de Lima en die Fransman Charles Etienne Boniface, wat mekaar gedurig in hekeldramas te lyf gaan. Ons het reeds gesien (Hoofst. I, §3) dat Boniface se hekeldrama De Temperantisten (1832) gedeeltes plat-komiese dialoog in Hotnot-Afrikaans bevat wat tot die vroegste oorgelewerde voorbeelde van geskrewe Afrikaans behoort. So ook Laidler en Rex se in gemengde Hotnot-Afrikaans en Engels geskrewe Kaatjie Kekkelbek, or Life among the Hottentots (1844).

Boniface.

Aurora.

In 1866, as die vloedgolf van verengelsing dreig om alles te oorspoel, rig 'n aantal Hollanders die Rederykerskamer Aurora op in Kaapstad met die sinspreuk Onvermoeide vlijt komt alles te boven. Hierdie kamer, waarvan Melt Brink (vgl. Hoofst. II, §11) in 1867 faktor-leier word

en twintig jaar lank 'n groot krag was, het baie opgang gemaak. „Onze Jan", die Presidente Brand, Burgers en Kruger was o.a. erelede. Dr. Besselaar bring 'n mooi hulde aan hierdie toneelvereniging: „In tijden van grote lauwheid heeft Aurora het lampje der taalliefde brandende en omhoog gehouden."

Tweede Beweging.

Met die Tweede Beweging word die toneel dadelik gebruik as propagandamiddel. In Pretoria voer die in 1907 gestigte Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging, onder voorsitterskap van Preller, gereeld Hollandse en Afrikaanse stukke op, terwyl in dieselfde tyd in Kaapland groot sukses behaal word met die stukke van Melt Brink, De Waal en Langenhoven. Ook in die ander provinsies vind plattelandsdebatsverenigings orals byval met toneelopvoeringe.

Nederlandse en Vlaamse kunstenaars.

Reeds in 1908 maak Truus Post en Arbous, Nederlandse artieste, 'n kunsreis deur ons land, en in Pretoria verleen Mevr. Engel-Wilson waardevolle hulp om die toneelkuns op 'n hoër peil te bring. Vanuit Vlaandere het Modest Lauwerijs, die bekende voordragkunstenaar, sedert 1920 reeds drie kunsreise deur ons land gemaak, waarvan ongetwyfeld 'n veredelende invloed op die smaak uitgegaan het. Ook het verskillende Nederlandse toneelspelers Suid-Afrika gedurende die laaste tien jare vir korter of langer tyd besoek: ons noem b.v. Paul de Groot, Louis de Vriendt, Anton Verheyen. Paul de Groot het hom hier selfs blykbaar vir goed gevestig, en ons toneel het heelwat aan hom te danke. Daar het goeie vormende invloed van hom uitgegaan op die jong Afrikaanse spelers. Ons kan vandag dan ook wys op verskillende troepe beroepspelers, waarvan die meeste vir hulle vorming baie verskuldig is aan Paul de Groot. Ons noem b.v. die geselskappe van Paul de Groot self, van André Huguenet, die Hanekoms, Van Zijl, Plaat-Stultjes — laasgenoemde, wat in 1934 oorlede is, was in Europa gevorm.

Paul de Groot.

'n Eie beroepstoneel.

Preller in 1907 oor ons toneel.

In 1907 skryf Preller in sy voorwoord voor Oost se Ou' Daniel: „Ons toneel-publiek is wat 'n uitheemse, konventioneel romanties-retoriese melodrama en 'n derdeklas klugt-spel daarvan gemaak het. Dis nie ons skuld nie maar ons ongeluk. Van buite kan ons g'n verandering verwag nie, dit moet uit ons self kom; en dit sal ook kom: met die bewussijn van 'n eige Afrikaans nasionale beskawing.

Maar, daar is in ons land op hierdie terrein buitendien nog 'n grote oer-Publiek, en dis hoofsaaklik op die steun en uiteindelike waardéring van dié publiek wat ons staat maak."

Peil van ons toneel vandag.

Die invloed van die buitelandse melodrama waarvan Preller praat, werk nog sterk in op ons volk — teenswoordig kom dit tot ons veral in die vorm van die praatfilm. En nieteenstaande die heuglike feit dat ons tans nie slegs afhanklik is van dilettante-voorstellinge nie maar beskik oor geskoolde kragte, kan nie gesê word dat die verandering wat uit ons self moet kom „met die bewustsijn van 'n eige Afrikaanse nasionale beskawing", reeds duidelik merkbaar is nie. Die smaak van die groot publiek is nog van die aard dat die toneelgeselskappe, wat direk afhanklik is van daardie smaak, selde werklike kuns durf bring en gewoonlik na sensasie of 'n goedkoop lageffek strewe.

§2. Die Drama.

Die Drama.

Daar sal ongetwyfeld verband bestaan tussen die peil van ons toneel en die peil van ons dramatiese produksie, hoewel dit natuurlik nie moontlik is om daardie verband nader te bepaal nie.

Wese en else.

Voordat ons die Afrikaanse drama behandel, sal dit nodig wees om 'n oomblik stil te staan by die wese van hierdie kunssoort en by die vereistes wat uit daardie wese voortvloei. Ons siteer hier wat ons elders geskryf het.[1])

„Die drama gee 'n direkte voorstelling van 'n natuurlike handeling wat 'n aantal deur die kunstenaar geskape karakters deurmaak; hierdie handeling is 'n reeks veranderinge wat in die uiterlike en innerlike lewe van die hoofpersone ingryp; dit dra die karakter van 'n botsing wat geleidelik ontwikkel, tot 'n klimaks styg en tot ontknoping kom en daardeur die dieper wese van die mens openbaar, sy verhouding tot sy medemens en tot die magte wat sy lot bestier. In die drama verwag ons dus:

---

[1]) Die Huisgenoot, 23 Jan. 1931. Herdruk in Causerie en Kritiek, Pretoria, 1934, bl. 120 vgg.

(a) Handeling of dramatiese gebeure — d.w.s. 'n reeks veranderinge wat in oorsaaklike verband met mekaar staan en ingryp in die sielelewe. Hierdie handeling is uiterlik, maar het dan psigologiese oorsake en gevolge, of dis innerlik, maar moet hom dan uiterlik openbaar. 'n Sekere mate van uiterlike en innerlike handeling is dus onmisbaar.

(b) Die handeling moet 'n botsing wees en logies ontwikkel tot 'n klimaks. Uit hierdie klimaks of krisis tree die karakters te voorskyn seëvierend of gebroke, maar geopenbaar in hulle diepste menslikheid. Hierdie konflik bring juis die diepste drange en verborge kragte van die mensesiel, wat in die daaglikse sleurlewe sluimerend is, in werking en tot openbaring. Dit gee ons ook die besef dat daar sekere magte is wat die lot van die mens bestier. Die vrug van die drama is dat ons lewensaanvoeling en lewenswysheid verdiep en verryk word.

(c) Dit spreek vanself dat die dramaturg die gawe moet besit om sy karakters en tipes oortuigend, sielkundig waar, te kan teken in hulle eie milieu en hulle hul eie sielelewe moet laat lewe: hy moet nie sy persoonlike gevoelens en emosies aan hulle opdring nie; dan sou hy liriek skep en nie dramatiek nie."

Algemene beskouing oor Afrikaanse drama.

Getoets aan hierdie eise lewer ons dramatiese kuns nog maar weinig op wat werklik as kuns kan beskou word, en hierdie hoofstuk is wel die mins interessante in ons literatuurgeskiedenis. Dit moet ons egter nie verbaas nie: die dramatiese kuns is miskien wel die kuns wat die hoogste eise aan die skepper daarvan stel. Die essensiële eis is dat die kunstenaar sy eie botsinge, die konflikte van sy tyd buite hom kan objektiveer in lewensware gestaltes wat nie slegs liriese projeksies van homself is nie. Die geskiedenis van die drama leer ons dan ook dat hierdie gawe alleen in tye van groot geestelike opbloei te voorskyn tree — dink slegs aan die Griekse treurspel, aan Shakespeare, aan Vondel. Tereg sê Preller in die hierbo genoemde voorwoord: „Want die dramatiese kunst het dít bôkant álle andere kunste, dat dit die nauwste verband hou met die héle volk .... Om te lewe en te help moet dit gebore word spontaan uit die behoefte van die volk aan plastiese voorstelling en weergewing; waar ander dit mag probeer sonder die goedkeuring van die menigte,

daar blijf 'n toneel-werk tot op sekere hoogte altoos onvrugbaar als dit g'n weerklank kan wek in die harte en hoofde van die menigte." Maar kan ons dan ook verwag dat ons jong volkie, waarin nog maar onlangs die saamhorigheidsbesef gebore is, nou al grootste skeppinge kan voortbring in die kunssoort wat by uitstek die verbeeldingsvorm is van die hewigste en diepste belewing van die ewig-menslike? Op dieselfde grond sou ons kan vra of ons nou al 'n toneel kan verwag wat 'n vertolking kan gee van daardie kuns — hier het ons een duidelike aanduiding van die verband tussen drama en toneel waarop ons so juis gesinspeel het.

Die meeste Afrikaanse dramas is dan ook geen dramas in die ware sin van die woord nie, dit is nie veel meer as stories in dramavorm nie. Dit is nog nie die uitbeelding van 'n botsing waarin die held seëvier of ondergaan deur die werking van die kragte wat sy sielelewe beheers nie, dit bly nog intrigespeletjies met 'n uiterlike verwikkeling maar sonder innerlike handeling. Ons word verplaas in 'n wêreld van vlekkelose helde en swart skurke, en die toeval speel nog te veel die beslissende rol by die ontknoping, wat daardeur geen ontknoping meer is nie, om die held te red en die skurk sy geregte straf te besorg. Die dialoog is dikwels nog geswolle en melodramaties; in hierdie opsig val daar die laaste jare 'n besliste vooruitgang te bespeure, maar dan merk ons hier nog dieselfde leemte as in die werk van so baie realistiese prosaskrywers: weergawe van die mens in sy natuurlike spraak en gebare is nodig, maar daarmee alléén word nog geen kuns bereik nie — daarvoor is nodig die herskeppende verbeelding van die kunstenaar, die gawe om die botsing en stryd agter en in daardie tipiese te belewe.

Ons kan in hierdie kort oorsig nie na volledigheid strewe nie, ons sal hier ook geen lys gee van die tallose dramas en toneelstukkies nie. Ons sal ons bepaal tot 'n indeling met vermelding van enkele van die vernaamste werke onder elke groep en tenslotte 'n paar outeurs bespreek.

Dis nie maklik om tot 'n bevredigende indeling te kom nie, omdat daar geen duidelike strominge en lyne te bespeure is om dit op te baseer nie. Die volgende groepering stel ons egter in staat om 'n oorsig te kry van wat daar op die gebied

van die drama gelewer is: historiese dramas, Bybelse dramas, klugte en blyspele, dramas uit die daaglikse lewe.

§ 3. Historiese Dramas.

Dat ons dramaskrywers 'n gretige gebruik sou maak van historiese stof, was te verwagte, veral as ons in aanmerking neem dat die toneel 'n geliefde propagandamiddel was in die taalstryd. Hierdie geskiedkundige dramas het dan ook in die nasionale bewuswording 'n rol gespeel wat nie onderskat moet word nie, al is die suiwer dramatiese waarde van hierdie werke oor die algemeen gering. Ds. DU TOIT het reeds in 1896 'n historiese drama gegee uit die dae van die Groot Trek: Magrita Prinslo, in 1919 opnuut in verwerkte vorm uitgegee deur S. P. E. Boshoff; PROF. A. FRANCKEN se Susanna Reyniers (1908), wat speel in die dae van Jan van Riebeeck, was in sy tyd 'n geliefde speelstuk. Veral die Tweede Vryheidsoorlog, met sy dade van heldemoed en van lae verraad het die stof gelewer. Ons noem hier J. H. H. DE WAAL: Anjelina (1903), Die Spioen en sy Handlangers (in „De Goede Hoop" 1907), JAN CELLIERS: Liefde en Plig (1909), en Heldinne van die Oorlog (1924—die stuk is op versoek geskrywe om opgevoer te word by die onthulling van die Bloemfonteinse Vrouemonument; die heldin is 'n kleindogter van S. J. du Toit se Magrita Prinslo), MEVR. JANSEN se algemeen bekende Afrikaner Harte (1914). LANGENHOVEN se populêre Die Hoop van Suid Afrika (1913) en Die Vrou van Suid-Afrika (1918) is nie soseer dramas nie as sinnebeeldige voorstellinge van ons geskiedenis in reekse mekaar snel opvolgende tonele. SYLVA MOERDYK gee in Paul Kruger (1930) 'n reeks geskiedkundige tonele uit die lewe van die president. SANNI METELERKAMP het geskryf In die dae van Van Riebeek (1933). J. C. B. VAN NIEKERK se Slagoffers (1928) speel in die tyd van W. A. van der Stel maar behandel in die eerste plek die probleem van rassevermenging.

§4. Bybeldramas.

Waar ons oor die algemeen 'n Bybelvaste volk is, is dit begryplik dat die gewyde verhale waarmee ons groot geword het, ook deur ons dramaturge verwerk is. Twee van hierdie werke is van betekenis in die geskiedenis van ons drama, omdat die kunstenaars daarin nie na intrige en romantiese verwikkelinge gestreef het nie, maar ontroer was deur die ewig-menslike in die ou verhale, en daarmee 'n belofte vir die toekoms gegee het. Dis W. J. PIENAAR se Saul (1928), waarin die stryd in Saul se siel egter nog te min die dramatiese konflik is, en JAC. J. MÜLLER: Die Doper, waarin Herodes, die swakkeling, teenoor sy heerssugtige, gewetenlose en siniese vrou geteken word; Herodes se magteloosheid, die vergeefse stryd van die betere in sy siel, wat deur Johannes weer wakker geroep word, teen die felle hoon van Herodias is verdienstelik uitgebeeld. In hierdie werk kom verse voor waarin 'n sterk dramatiese aksent opklink.

Pienaar: Saul en Müller: Die Doper, 'n belofte.

Die Stryd om die Troon (1930) van P. W. BOTHA streef ook nie na uiterlike romantiek nie, maar die sentrale konflik ontbreek heeltemal. Dis die Bybelstof verwerk in 'n aantal los tonele met baie dialoog en weinig innerlike handeling. Die moderne kleredrag en dekors doen hoogs eienaardig aan. Ook Die Verlore Seun van P. W. S. SCHUMANN (1930) is nog nie veel meer as 'n verbeeldingryke uitbreiding van die Bybelverhaal nie, maar die verlore seun in sy opstand teen sy kleinlike omgewing is goed getipeer, en die tydgees is verdienstelik uitgebeeld.

§5. Klugte en Blyspele.

Die klug is 'n grap in dramatiese vorm, waarin sekere tipes in hulle menslike gebreke vermaaklik en geestig geteken word. Die blyspel is nie alleen breër van opset en ingewikkelder van bou nie, dit het ook 'n dieper betekenis: dit beeld ook 'n botsing uit, en deur daardie botsing, wat tot 'n gelukkige ontknoping kom, word die mens ontmasker in sy dwaasheid en swakheid — die blyspeldigter is ook veral die sedegisper, wat sy tydgenote laggende die waarheid sê.

Wese van klug en blyspel.

Ons moet egter nie meen dat sy kuns geen lewenserns of -diepte openbaar nie. Hy beskou die lewe en die mensheid alleen van 'n ander gesigspunt as die skrywer van die treurspel, hy het 'n ander lewensaanvoeling: waar die tragikus veral getref word deur die tragiese van die lewensstryd, daar sien die blyspelskrywer daarin geopenbaar die ewig-menslike dwaasheid en gebreke, waaroor hy versoenend glimlag of wat hy, sonder om hom self uit te sluit, want hy is humoris, skerp hekel.

By ons die blyspel nog nie wesensverskillend van die klug nie.

Die populêre opvatting dat die blyspel slegs 'n grapperige stukkie is, kom duidelik tot uiting in ons drama. Die meeste van ons blyspele mis hierdie diepere lewensgevoel, is eintlik slegs breër uitgewerkte klugte, sodat daar geen wesensverskil is tussen die twee nie; ons sal hulle saam behandel.

Soos in elke letterkunde was die klug en blyspel van die begin af een van die geliefdste genres, en vandag is dit nog die geval. Tydens die Eerste Beweging het MELT BRINK sy grapperige stukkies geskrywe in 'n tussenvorm tussen Afrikaans en Nederlands, en hy het tot ver in die Tweede Beweging aan die groot massa afleiding en vermaak verskaf, waardeur hy belangrike kultuurwerk verrig het (vgl. oor hom verder Hoofst. II, §11). Die eerste suiwer Afrikaanse stuk wat opgevoer en gedruk is, is D. P. DU TOIT se klug Die Bedriegers (1893). Gedurende die eerste jare na die oorlog bevat De Goede Hoop tal van sulke stukkies. Hier noem ons ook LANGENHOVEN: Die Water Zaak of Engelsch versus Hollandsch (±1905), later verwerk tot Die Wêreld die Draai en nog later tot Die Laaste van die Takhare; Die Famielie Saak (1906), Die Onmoontlike Tweeling (1920), van DE WAAL noem ons hier: Die dobbelspelletjie (1933) en Die Jonge Skrywer (1931), waarin die afbrekende kritici gehekel word. Van H. v. D. M. SCHOLTZ: Nuwe Lewe (1931). Van MARIE LINDE die twee eenbedrywe: Terwyl daar Basaar gehou word, en Malkop Lettie in Drie Toneelstukkies (1932), van SITA: Sy Les en Die Stiefma (1932), en so is daar nog heelwat, te veel om hier op te noem. Knap van bou maar ook nog sonder dieper lewensopenbaring is E. A. SCHLENGEMANN: Die Drie van der Walts (1932).

§6. Dramas uit die daaglikse lewe.

In 1922 skryf Jan Celliers nog 'n apologetiese inleiding voor sy Reg bo Reg, omdat hierdie drama nie 'n geskiedkundige onderwerp behandel nie. Hy verdedig die keuse van sy stof as volg: „Dog om te bereik wat die kuns behoort te bereik, en elders bereik het, moet ons 'n breër standpunt inneem, en meer die mens op sigself as onderwerp neem — die mens, sy karakter, hartstogte, gevoelens; en die verwikkelinge, stryd, grappige en droewige verhoudinge, wat daardeur ontstaan, omdat mens soveel van mens verskil." Tereg voeg hy daaraan toe dat sy drama nie die eerste voorbeeld van hierdie strewe is nie. Celliers in 1922 oor die stof vir die drama.

Een van ons eerste dramas gedurende die Tweede Beweging het reeds getrag om die treurspel uit te beeld van die bodemvaste Boer wat gevaar loop om deur die gewetenlose intriges van sy mede-Afrikaner, in diens van vreemde kapitaal, die erwe van sy vadere, sy grond, en daarmee sy laaste anker in die lewe, te verloor: H. Oost se Ou' Daniel (1906). Hoewel die botsing hier nog nie goed volgehou is nie en die oplossing van buite af kom, is hier tog al 'n werklik dramatiese motief uit die volkslewe aangegryp. Daar is 'n verdienstelike strewe na realistiese uitbeelding en 'n sekere mate van patos, hoewel die werkie ook nie vry is van ekkefbejag nie. 'n Groot vooruitgang val daar na hierdie drama nog nie te bespeur nie. Wel is dit 'n verblydende teken dat die skrywers hulle wend tot die werklike lewe rondom hulle, maar die behandeling van hierdie stof bly oor die algemeen ook maar romantiekerig, en die toeval speel 'n groot rol by die oplossing. In Reg bo Reg was Celliers ongetwyfeld op die regte pad; hy gee ons van die langsaam ontluikende liefde van die hoofpersone 'n sielkundig-ware uitbeelding, waarin ons die skrywer van Martjie herken, en die hoofmotief is ook werklik 'n botsing, maar die oplossing laat ons onbevredigd. In baie van hierdie dramas uit die daaglikse lewe is die intrige net so romanties en alles-oorheersend as in die historiese dramas. So is E. N. Marais: Die Swart Verraad (1933) 'n blote intrigestuk, waarvan die sensasionele slot die Sherlock Holmes onder die toeskouers voor 'n moeilike geval plaas. Oost: Ou' Daniel. Celliers: Reg bo Reg bevat reeds 'n botsing.

Allerlei motiewe word behandel.

Die Boerelewe:

D. F. MALHERBE: Koringboere (1921), Mense van Groenkloof (1926), Op die Trekpad (1931), Meester (1927)—laasgenoemde drama besit iets skrynends.

Die Liefde, die Huwelikslewe en die Huislike Lewe:

FAGAN se Lenie het 'n onverdiende roem verwerf; sy karakterdrama Op Sand gebou (1932) is ook vol opsetlike teenstellings. Die Ouderling e.a. Toneelstukke (1934) toon vooruitgang. Wel is die titelstuk nie oortuigend nie en bevat dit geen werklike botsing nie, maar Ousus beeld skrynende lewensleed uit, en die twee eenbedrywe Ruwe Erts en Rooibruin Blare is vlot en natuurlik van handeling en dialoog.

MARIE LINDE: Die Ongelyke Worsteling (1929); van haar is ook die onoortuigende „misterie" Beatriks Ursula in Drie Toneelspele (1932). A. J. BRUWER se romantiese drama Sy Meesterstuk (1930); SCHLENGEMANN: In die Gewoel (1933).

Die Armblanke-probleem:

Hoewel dit in die grond 'n liefdesintrige is, behandel LANGENHOVEN die motief van die verarming van ons volk in Petronella, 'n tragedie van verarming (1931). P. G. S. SCHUMANN beeld in Hantie kom Huis-toe (1933) die armblanke uit in al sy verwording, maar die mistiekerige oplossing is baie onbevredigend. Hier noem ons ook FAGAN: Ruwe Erts en D. J. COETZEE: Agterstevoorboerdery (1932).

Die probleem van Rassevermenging:

J. C. B. VAN NIEKERK: Van Riet van Rietfontein (1930).

Nog verskillende ander probleme word behandel, soos bv. die lot van die buite-egtelik gebore kind, die onwettige drankhandel, maar die kunswaarde van hierdie werke is so gering, dat die vermelding van titels hier nie geregverdig is nie.

§7. Verafrikaansing van buitelandse dramas en dramatiseringe van romans.

Verafrikaansing van buitelandse dramas.

Om te voorsien in die behoefte aan speelbare dramas en ook grotendeels by wyse van oefening in die moeilike tegniek van hierdie kunssoort, het verskillende skrywers buitelandse dramas verafrikaans, nie bloot vertaal nie, maar omgewerk tot 'n stuk wat speel in Afrikaanse milieu. Ons noem enkele van die bes geslaagde:

G. S. PRELLER: Piet s'n Tante, na die Engelse Charlie's Aunt van Thomas Brandon (1908). Erasmus se Erfgename na die Franse Les Héritiers de Rabourdin van E. Zola (1914).

GROSSKOPF: Die Koerantskrywers na Die Joernalisten van G. Freytag (1919).

D. F. MALHERBE: Die Skoonseun van Mnr. Poirier, na die Frans van A. en J. Sandeau.

Dramatiseringe van romans.

Ook is verskillende romans verwerk tot dramas: O. Burgers het E. N. Marais se Die Wegraak van Sannie vir die toneel verwerk, L. Maré Mooi Annie en, in Die Jong Dupree, Reitz se bekende gedig.

De Waal het self sy Oupa en sy Kleindogters gedramatiseer, netsoos Joch. van Bruggen sy Ampie en Die Burgemeester van Slaplaagte en Malherbe sy Hans die Skipper.

§ 8. Leipoldt en Grosskopf.

By hierdie twee kunstenaars moet ons langer stilstaan om die suiwer dramatiese in hulle kuns.

Leipoldt. Monoloë.

Reeds in die monoloë Oom Gert Vertel en Vrede-Aand in sy eerste bundel het LEIPOLDT blyk gegee dat hy die essensiële gawe van die dramaturg besit om eie smart te objektiveer in lewende karakters. Daardeur is Oom Gert die eerste waaragtige mens in ons letterkunde. Pragtig is die ou Boer uitgebeeld in sy konflik, sy stryd om sy verhaal te vertel sonder om sy ontroering te verraai — hy praat ook in die taal en die beeldspraak van die boer. Net so goed volgehou is die karakter van die verbitterde Afrikaner wat, onder die invloed van die drank, met hese spotstem aanspoor om mee te juig oor die vrede, daarop te drink die bottel soetwyn wat bitter smaak soos asyn; hoe staan hy hier geteken met sy deur smart verwronge gesig waarop die spotlag vertrek tot 'n gryns van ondraaglike lyding. Maar as hy dan dink aan die vrou en aan alles wat sy deurgemaak het, dat dit nou alles verby is, is hy versoend met die vrede en drink hy vir die laaste keer op háár.

Ook in sy derde bundel, Uit Drie Wêrelddele gee Leipoldt blyk van sy dramatiese talent in die alleenspraak Van Noot se Laaste Aand, waarin hy die ou legende van die goewerneur Van der Noot se dood as straf vir die tirannieke teregstelling van 'n aantal opstandelinge, gebruik as motief. Hy werk dit om tot die botsing tussen die liefde en die wraaklus in die siel van 'n Javaanse vrou wat 'n verlate minnares van die goewerneur is en die moeder van sy seun wat hy laat ophang. In hierdie monoloog kom fel dramatiese momente voor, maar die eintlike botsing het hy nog nie uitgebeeld nie.

Die Heks, ons eerste werklike drama.

Met Die Heks (1923) het Leipoldt sy eerste drama gegee en tegelyk ook die eerste werklike drama in ons letterkunde. Hy beeld ons hierin uit die Kardinaal D'Orilla, wat om sy ywer in die vervolging van die hekse die naam van „Die Hamer van die Hekse" gekry het, maar in werklikheid juis nie geskik is vir hierdie meedoënlose werk nie. Juis as ons die stryd besef wat daar hierdeur in sy siel moet woed, moet hy twee hekse veroordeel, wat, na hy ontdek, sy vroeëre

geliefde en sy dogter is. As hy hulle herken, val hy in 'n floute wat duur tot die vlamme hulle omring. Met groot soberheid maar hewig is hierdie werking van die Noodlot, wat hom meedoënloos snel voltrek, uitgebeeld. Die kunstenaar besit die gawe om met sobere middele die dinge meer te suggereer as uitvoerig te beskryf. Die tonele waar die Kardinaal vir die eerste keer 'n vermoede van die vreeslike waarheid begin te kry, waar hy die hekse in die holle van die nag besoek en probeer om die verdwaasde ou vrou tot die werklikheid terug te roep en waar hy tot die besef kom dat die teregstelling onherroeplik plaasgevind het, is uitstekend geslaag, sonder enige effekbejag. Ook die byfigure is goed geteken. Die drama laat egter nog 'n enigsins sketsmatige indruk na — wat ons graag uitgebeeld sou gesien het, is hoe die Kardinaal sy tweestryd volstry het; nou word die ontknoping beslis deur 'n ander mag, sy liggaamlike swakte — dit is nie onwaar nie, want die swakte vloei juis voort uit sy sielebotsing, maar dit maak tog dat die nog dramatieser stryd wat die Kardinaal sou moet gestry het voor die ontknoping, uitgeskakel word. Opmerklik en tiperend van hierdie kosmopoliet, is dat die kunstenaar hier nie uit die nasionale geskiedenis of lewe put nie.

Die onewewigtigheid wat ons in Leipoldt se poësie opgemerk het, blyk ook duidelik uit sy dramatiese werk, wat baie ongelyk van waarde is. 'n Vergissing (1927) is 'n onbeduidende klug. Afgode (1931) bevat geen werklike dramatiese botsing nie, maar wel die opsetlike teenstelling tussen 'n onmenslike skurk en 'n ongelooflik verdraagsame vrou; hóe die heldin tot haar offer kom, word ons nie uitgebeeld nie. Die geheel is baie onoortuigend, en 'n paar knap toneeltjies kan die stuk nie red nie. Ook Die Kwaksalwer (1931) beeld geen werklike konflik uit nie, wel 'n probleem, wat Leipoldt egter nie so deurleef het dat hy dit kon omskep tot lewende gestaltes nie. Die satire op die oujongnooiens het met die hoofmotief niks te doen nie. Enkele tipes, veral die Jood, is knap en simpatiek geteken. In Onrus (1931) gee die skrywer ons 'n spookstorie van dieselfde soort as Langenhoven so graag vertel het — die gees van die oorledene is nie somaar 'n redelose, op willekeurige wyse sy vroeëre medemense vreesaanjagende spook nie, maar

Afgode.

Die Kwaksalwer.

Onrus.

hy laat sy aanwesigheid voel om te protesteer teen die krans wat sy huigelagtige swaer, wat besig is om hom te besteel, op sy doodkis gesit het. Die dief word dan ook in sy vrees ontmasker. Ook hier weer die swart skurk. Die handeling en dialoog is vlot.

Die Laaste Aand.

Die ondeurleefde en onegte van hierdie dramas word ons nog duideliker as ons Die Laaste Aand (1930) lees. In hierdie drama het Leipoldt sy monoloog Van Noot se Laaste Aand breër en sterker uitgewerk. Die botsing kom nou tot sy reg en beheers die hele werk. Subtiel daarmee verweef is die Oosterse geloof in die bo-natuurlike. Martha, wat deur Gysbreg van Noot op smadelike wyse verlaat word na 'n jaar van liefdesgeluk, sweer ewig wraak — sy sien daardie wraak in baie konkrete vorm: Gysbreg sal sy eie seun, wat sy onder haar hart dra, na die skavot stuur. As sy, die blinde ou ontong-vrou wat op die markpleinhoek mandjies vleg, dertig jaar later die wraak volvoer het en Gysbreg sy eie seun, deur haar tot opstand aangestook teen sy vader se tirannie, laat ophang het, dan is die stryd tussen haar liefde en haar haat beslis, dan val die kris uit haar hand, en in plaas van hom te dood, streel sy sy hare en sal sy bid vir hom by Allah. Nou sal hulle in liefde verenig wees, haar ontroue minnaar, wat vir haar gebly het „my Gysbreg", hulle seun, wat vir haar altyd was „my seun en syne", en sy self. Pragtig is die verwikkeldheid van hierdie Oosterse karakter geteken in haar primêre drange en hartstogtelikheid, vir wie liefde en haat soms dieselfde is. Uit die hewige verse klink 'n fel dramatiese aksent op.

Grosskopf.

Saam met Leipoldt is Grosskopf die grondlêer van ons drama. As vooroefening het hy eers die knappe verwerking van Freytag Die Journalisten tot Die Koerantskrywers gegee (1919). Daarna 'n Esau, 'n Bosveld-drama (1920), waarin hy net soos Oost sy stof put uit die volkslewe. Die gegewe is intens dramaties: die ou Boer wat in botsing kom met die onbegrepe en vir hom onredelike wette van die nuwe maatskappy wat hy help moontlik maak het maar waarin hy hom nie tuis voel nie. Jammer genoeg het Grosskopf daar nie in geslaag om die sielestryd van hierdie karakter uit te beeld nie, maar ons 'n stuk gegee vol romantiekerigheid en toevallighede. Hy gee hier reeds blyke

'n Esau.

J. F. W. GROSSKOPF.

van 'n skerp opmerkingsgawe. Hierdie realisme kom duidelik uit in die beste van sy Drie Een-Bedrywe (1926), In die Wagkamer, 'n Noodlotstuk, wat in sy verwerking tot die eerste Afrikaanse klankfilm so 'n bekendheid verwerf het. Met 'n fyn realisme en humor het Grosskopf hier die tipes geteken, die kinders van die plaas wat in die wagkamer van 'n Randse stasie bymekaar gebring word. Hier is dit nie die loutere toeval wat die spel beheers nie, maar die Noodlot — hierdie wagkamer is maar simbolies van die wêreld as speeltoneel. Ook die sprokie Die Peswolk bevat veel verdiensteliks, terwyl Die Spookhuis vry is van die lawwigheid en goedkoop grapperigheid wat die meeste klugte in Afrikaans kenmerk.

Drie Een-Bedrywe.

Met Die Laaste Aand is Grosskopf se As die Tuig Skawe (1926) die beste wat ons dramatiese kuns opgelewer het. Ook hier behandel hy weer 'n motief uit die eenvoudige lewe, maar hy skep dit om tot 'n fyn-realistiese en fyn-psigologiese spel en openbaar hierin die twee eienskappe wat so kenmerkend is van die Dietse kuns. Die huweliksleed van die hoofpersone, hulle verwydering en langsame toenadering, word met sielkundige insig geteken. Die skielike dood van Gert, wat aan hierdie hoop so 'n onverwagte einde maak, is nie die ingrype van die op sensasiesug beluste outeur nie, dis die werking van die onverbiddelike Noodlot wat voortvloei uit Krissie se sielkundige toestand. Alleen Fred, 'n tipiese ouderwetse skurk, is heeltemal misplaas in die drama. Dat hierdie werk, met sy skrynende lewensmart, nie meer sukses gehad het op die planke nie, is die skerpste kritiek op die toestand waarin ons toneel nog verkeer.

As die Tuig Skawe.

Hoofstuk VII.

DIE LETTERKUNDIGE KRITIEK.

'n Oorsig van ons literatuur sou nie volledig wees sonder 'n paar opmerkinge oor ons literêre kritiek nie.

Dat daar tydens die Eerste Beweging beswaarlik sprake van kritiek kon wees, hoef wel geen betoog nie. Ook gedurende die eerste jare van die Tweede Beweging was dit begryplikerwyse die geval: die paar geskrifte in Afrikaans was so welkom, en so nodig, dat 'n strenge kritiek nouliks moontlik of wenslik was. Hoofsaak was om die werke onder die aandag te bring, om die volk tot lees en geniet aan te spoor. Tog moet ons temidde van die kritieklose aankondiginge van hierdie jare wys op die werk van Preller. Hoewel hy hom slegs selde op suiwer letterkundige gebied beweeg het, is Preller tog 'n figuur van belang in die geskiedenis van ons literêre kritiek. Tereg sê Dr. Schoonees van sy beskouing *Eerstelinge—'n Persoonlike appresiasie van I. H. H. de Waal s'n Roman, Joh. van Wyk* in *De Volkstem* van 18 Aug. 1906 vgg.: „Dit open die literêre kritiek van die Twede Beweging op waardige wyse." Nieteenstaande sy besef van die kultuurhistoriese waarde van hierdie eersteling gee hy skerp objektiewe kritiek daarop.[1]) Die outodidak wat in „Laat 't ons toch Ernst wezen" blyk gegee het van sulke goeie insigte in die wese van taal, toon hier weer verrassend goeie insigte in die letterkunde en is in sy bewuste opvattinge oor woordkuns sy tydgenote ver vooruit. As ons dit vandag lees, voel ons jammer dat Preller met sy aanleg hom nie meer aan die kritiek gewy het nie. Sy *Inleiding tot Jan Celliers* in *Die Vlakte e.a. Gedigte* (1908) het al klassiek geword. Ook hier bewonder ons naas die moderne insigte in literatuur en kuns, die breë swaai van sy prosa, die beeldende en die suggestiewe daarvan.

Preller.

---

1) Vgl. die sitate hieruit, hierbo, bl. 126.

Later kom PROF. KAMP ons oë open met sy kunssinnige, breed gemotiveerde en goed gestileerde essays en kritieke. Prof. Kamp

By die verdere opbloei en ontwikkeling van ons letterkunde kon 'n gesonde kritiek natuurlik nie uitbly nie. Dat die pioniers op hierdie gebied nie 'n besonder dankbare taak gehad het nie, is begryplik. Terwille van 'n gesonde letterkundige smaak en insig en om die regte perspektief te herstel, moes hulle die volk, wat eindelik gretig begin lees het, dierbare illusies ontneem en duidelik maak dat die werk van so vereerde skrywers letterkundig allesbehalwe onberispelik was, soms selfs glad geen kuns nie — en dit in 'n land waar nog nooit van te vore letterkundige kritiek uitgeoefen was nie. Die groei en bloei van die kritiek is afhanklik van die bloei van die kuns, en waar ons letterkunde nog maar in sy prille jeug was, kan ons ook nog geen rype kritiek verwag nie. Nie alleen het die kritici uit reaksie teen die onoordeelkundige ophemeling te ver gegaan nie, maar die kritiek was dikwels nog te skoolmeesteragtig, te veel die pedante aanlê van vaste norme wat van buite af meganies op die kunswerk toegepas is. Elke kunswerk moet beoordeel word volgens norme wat voortvloei uit sy eie diepste wese. Moeilikhede en karakter van eerste kritiek.

Die laaste jare val daar egter 'n verdieping in ons kritiek te bespeure — die ernstige studie van die beste kuns van ander volke sal hier baie toe bygedra het. Die besef kom nou op dat 'n kunswerk 'n lewende organisme is met 'n eie siel, waarmee die kritikus hom in kontak moet stel, 'n eie stem, wat hy moet beluister. Hierdie verdieping in ons kritiek sal ons letterkunde ten goede kom. Verdieping.

Dis nie moontlik om hier 'n uitvoerige oorsig te gee nie. Ons kan alleen 'n paar name noem,

DR. E. C. PIENAAR het met sy Utrechtse proefskrif Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (1919 — dit het in 1931 reeds 'n vierde, bygewerkte uitgawe beleef) baie gedoen om 'n beter insig in en waardering van ons digkuns te bring. E. C. Pienaar.

Hiernaas moet ons noem DR. P. C. SCHOONEES se Amsterdamse proefskrif Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging (1922 — tweede druk 1926) — hierdie skrywer moes harde waarhede sê, het hulle soms ook te hard en met te min piëteit gesê, maar hy het baie bygedra tot die verkryging van P. C. Schoonees.

'n juistere perspektief. Sy werk het heelwat opskudding verwek en polemiek uitgelok. In die tweede druk is Schoonees veel minder skerp en negatief en gee hy 'n meer sintetiese kyk op ons prosa in sy ontwikkeling.

Ander kritici.

Verder moet ons 'n aantal jongeres noem, wat gereeld letterkundige beskouinge en kritieke gee in ons tydskrifte en in die literêre rubriek van die dagblaaie: F. E. J. MALHERBE, wat gepromoveer het op sy mooi studie Humor in die Algemeen en sy Uiting in die Afrikaanse Letterkunde (1924); C. M. VAN DEN HEEVER, wat die doktorstitel behaal het met 'n indringende studie Die Digter Totius, Sy betekenis vir die Afrikaanse Letterkunde (1932); M. S. B. KRITZINGER, wat in sy populêre causerieë veral opvoedingswerk doen in breë kring — van hom het drie bundels studies en kritieke verskyn: Oor Skrywers en Boeke (1931), Letterkundige Kragte (1932), en Studies en Kritieke (1935). Van G. DEKKER het verskyn Causerie en Kritiek (1934).

BIBLIOGRAFIE.

Dit lê nie binne die bestek van hierdie werk om uitvoerige bibliografiese gegewens te verstrek oor afsonderlike skrywers en werke nie. Ons gee hier 'n lys van werke wat elke skoolbiblioteek moet besit sodat hulle gedurig geraadpleeg kan word:

Schoonees en Van Bruggen: Inleiding tot die Studie van Letterkunde. 2e dr. Pretoria, 1929.

Dr. M. S. B. Kritzinger: Plate-atlas by die Afrikaanse Letterkunde. Pretoria, 1931.

Dr. G. Besselaar: Zuid-Afrika in de Letterkunde. Amsterdam-Pretoria, 1914.

Dr. F. C. L. Bosman: Drama en Toneel in Suid-Afrika. Deel I: 1652-1855. Kaapstad, 1928.

J. D. du Toit: Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk. Paarl, 1917.

Geskidenis fan di Afrikaanse Taalbeweging. Uit publike en Prifate Bronne. Bewerk deur 'n Lid fan di Genootskap fan Regte Afrikaners. Herdruk in 1909. Paarl. (Die skrywer is Ds. S. J. du Toit.)

Dr. L. van Niekerk: De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijn Letterkundige Voortbrengselen. Amsterdam, 1916.

G. R. von Wielligh: Eerste Skrywers. Tweede en verbeterde uitgawe. Pretoria, 1922.

Dr. S. J. du Toit: Suid-Afrikaanse Volkspoësie. Amsterdam, 1924.

Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875-1925). Uitgegee deur die Afrikaanse Studentebond, 1926.

G. S. Nienaber: Die Afrikaanse Beweging. Deel I. Geskiedkundige Oorsig. Pretoria, 1931.

G. S. Nienaber: Honderd Jaar Hollands in Natal. Pretoria. 1933.

Dr. E. C. Pienaar: Taal en Poësie van die Twede Afrikaanse Taalbeweging. Vierde vermeerderde druk. Kaapstad, 1931.

Dr. P. C. Schoonees: Die Prosa van die Twede Afrikaanse Beweging. 2e druk. Pretoria, 1927.

Dr. F. E. J. Malherbe: Humor in die Algemeen en sy Uiting in die Afrikaanse Letterkunde. 2e druk. Amsterdam, 1932.

C. M. van den Heever: Die Digter Totius. Sy Betekenis vir die Afrikaanse Letterkunde. Pretoria, 1932.

Bloemlesinge:

Bot-Kritzinger: Letterkundige Leesboek.

D. F. Malherbe: Afrikaanse Letterkunde. 'n Bloemlesing.